

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



2

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

Junie/June 2024

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan – Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (*vervolg*)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: L (Linda) Brink – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer (waarnemend/acting)

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2024 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2024 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R400,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 64 Nommer 2, Junie 2024 / Volume 64 Number 2, June 2024

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1)

CHRIS JONES

Die nadelige uitwerking van bevolkingsgroei op die volhoubaarheid van die planeet en van die mensdom self: Wat kan daaraan gedoen word? / *The detrimental effects of population growth on the sustainability of the planet and the human race itself: What can be done?* 147

BENDA HOFMEYR

Nie die einde van die wêreld nie: Eskatologie en tyd in Levinas / *Not the end of the world: Eschatology and time in Levinas* 165

GRIZELDA DU PLESSIS EN KOBUS MENTZ

Die voorbereiding van departementshoofde in sekondêre skole vir hulle taak as effektiewe onderrigleiers / *Preparing heads of department in secondary schools for their role as effective educational leaders* 178

JEVONN CLOETE, MAYLENE BASSON EN ERNA LAMPEN

Riglyne vir die gebruik van konteksryke wiskundetake as uitgangspunt vir wiskundeonderrig aan leerders wat verstandelik erg gestremd is / *Guidelines for the use of context-rich mathematics tasks as fundamental approach to teaching mathematics to learners with severe intellectual disabilities* 198

JANNIE ROSSOUW

Die ora se eerste 20 jaar / *The ora's first 20 years* 219

SUNÉ LAMBRECHTS, HANNELIE YATES EN MANITZA KOTZÉ

Geloofshulpbronne wat kinders kan help floreer as hulle ouers hul werk verloor / *Faith-based resources that can help children to thrive in their daily lives following their parents' job loss* 240

HERMI PELSER EN NERINA BOSMAN

Die taallandskap van die vrou in *rooi rose* (1948–2020) / *The linguistic landscape of women in rooi rose (1948–2020)* 257

ANNIE BURGER

Verstaanbaar en bruikbaar, maar ook aangenaam? 'n Evaluering van verbruikers se ervaring met gewonetaalgniekie / *Understandable and useful, but also enjoyable? An evaluation of consumers' experience with plain language techniques* 281

BORIS GORELIK

Leo Tolstoi en Afrikaners: Hulle sieninge van mekaar / *Leo Tolstoy and Afrikaners: Their views of each other* 315

NAVORSINGSARTIKELS EN MENINGSTUKKE (2): AKTUEEL

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteursnota 334

THEO DU PLESSIS

Kommentaar op Becker-Ferreira & Van Eck se artikel, “Die ‘ander’: Lukaanse Jesus en Lévinas” in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(4):737-755 336

CHARL-PIERRE NAUDÉ

Mening oor die debat wetenskap en God 344

JOHAN DREYER EN KOBUS VAN DER WALT

Kommentaar op Spangenberg, I. 2023. Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 63(4).
doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11 354

HENK STOKER

(On)bevooroordeelde benaderings tot die bevindings van wetenskaplike ondersoek:
'n Reaksie op die geloof-wetenskap-diskoers / *(Un)biased approaches to the results of scientific research: A reaction to the faith-science discourse* 357

TAALRUBRIEK

TOM McLACHLAN

Weer 'n slag die AWS (2) 376

VOORSKRIFTE / GUIDELINES 379

Die nadelige uitwerking van bevolkingsgroei op die volhoubaarheid van die planeet en van die mensdom self: Wat kan daaraan gedoen word?

The detrimental effects of population growth on the sustainability of the planet and the human race itself: What can be done?

All our environmental problems become easier to solve with fewer people, and harder – and ultimately impossible – to solve with ever more people.¹

David Attenborough

CHRIS JONES

Fakulteit Teologie

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: chrisjones@sun.ac.za



Chris Jones

CHRIS JONES was byna 20 jaar lank 'n gemeente-predikant in Ceres voordat hy en sy gesin aan die begin van 2008 Stellenbosch toe verhuis het om die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch op die been te bring. Hy staan tans aan die hoof van hierdie Eenheid en is medeprofessor in die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie. Hy is die skrywer van verskeie boeke, hoofstukke in boeke en artikels – akademies en populêr – en is betrokke by verskeie gemeenskapsontwikkelingsprojekte. Hy is ook 'n NRF-gegradeerde navorser.

CHRIS JONES was a church minister in Ceres for almost 20 years before moving to Stellenbosch with his family at the beginning of 2008 to establish the Unit for Moral Leadership in the Faculty of Theology at the Stellenbosch University. He currently heads this Unit and is Associate Professor in the Department of Systematic Theology and Ecclesiology. He is the author of several books, chapters in books and articles – both academic and popular – and is involved in various community development projects. He is also an NRF-rated researcher.

¹ Population Matters: Every Choice Counts (2023).

Datums:

Ontvang: 2024-02-09

Goedgekeur: 2024-04-25

Gepubliseer: Junie 2024

ABSTRACT***The detrimental effects of population growth on the sustainability of the planet and the human race itself: What can be done?***

The number of people on Earth and human activities are currently taking on frightening proportions with far-reaching consequences for our planet, its biodiversity and ultimately the human race itself. Ten thousand years ago, humans represented 1% of the total biomass of all land vertebrates. The rest was made up by wild animals. Currently, humans, livestock and pets make up 99% of terrestrial vertebrate biomass, while wild animals represent only 1%.

It took millennia for the human population to reach the 1 billion mark and that only by 1890. By 1960, however, the world population had grown to 3 billion. Today there are 8 billion people living on our planet. According to Population Matters, the world population will be approximately 10,4 billion by the end of this century, despite the gradual decline in the growth rate in some countries. There is only a 23% chance that the total population growth rate will tail off before 2100. The population of the 47 least developed countries is likely to triple between 2017 and 2100 to around 3 billion.

There are currently 62 million people in South Africa. About 67,9% of our population (in 2021) live in urban areas. The South African population grew by 0,87% in 2023. The fertility rate is 2,30 (2023). It is estimated that by 2050 75,5 million people will be living in South Africa, with 8 out of every 10 people living in urban areas, which would significantly increase the pressure on infrastructure.

The Global Footprint Network states that humans currently use the resources of 1,75 Earths. If the situation does not improve, by 2050 we would need the equivalent of three Earths to survive. More than 4 billion people will have little or no water by 2050, and South Africa even now has been classified as a “water-stressed” country. Medical science is continually contributing to more babies surviving their entry into the world and to our living increasingly longer. Life expectancy has risen from 46 years in 1950 to 73,2 years in 2023. By 2050 it will be 77 years.

What can be done? Empowerment of women is important. Population growth can be curbed to a reasonable extent by giving more girls access to education. This certainly does not mean that girls or women alone should be held responsible for the current population growth, but much more will have to be done about sex education, women’s rights will have to be actively promoted and there will have to be better provision and use of contraceptives. Obviously, these issues should be approached and handled with due caution. In this regard, countries such as Thailand and South Korea have, in the recent past, proved that good education may result in lower birth rates. In Africa, women with no education have an average of 5,4 children; women who completed high school an average of 2,7 children and women with tertiary education an average of 2.2. In Nigeria, every year of school attendance by girls cuts the birth rate by a tenth.

In addition, intensified efforts to reform economies and societies should be considered. For the sake of the survival of the human species and the sustainability of the Earth, ecological and economic justice and the empowerment of women have to be encouraged. The Millennium Project – a global participatory think tank that was founded in 1996 under the auspices of the American Council for the United Nations University, but which became independent in 2009 and has since grown into a global network of institutions and individuals – aims to improve humankind’s prospects for a better future. It recommends, among other things, the following:

- *Support a policy aimed at improving the survival of children, responsible family planning and educational opportunities for (especially) girls.*

- *Improve methods that will ensure skills and employment opportunities for young people, as well as care and services for the elderly.*
- *Implement the UN's urban agenda.*
- *Create enough smart cities where citizens with urban intelligence can help in eco-smart ways with the necessary improvements in the city.*
- *Increase training in resilience, and improve disaster prediction and management.*
- *Provide guidance for people about urban ecology.*
- *Intensify research and development in saltwater agriculture (halophytes or salt plants) on coastlines to produce food for humans and animals, biofuel and pulp for the paper industry, and to absorb carbon dioxide (CO₂). This will ease the pressure on freshwater agriculture.*
- *Improve agricultural and irrigation management.*
- *Invest in precision agriculture and aquaculture.*
- *Reduce food losses from the "farm to the mouth" (one third or 1,3 billion tons of agricultural production is wasted in this way every year).*
- *Establish seaweed to restore wild fish populations along coastlines. The World Bank estimates that 90% of marine life is completely depleted.*
- *Expand the production of insects for animal feed and human diets (insects have a low environmental impact, and 2 billion people already supplement their diet with insects today).*
- *Encourage vegetarianism.*

Although there are more ways to address these important global challenges, responsible family planning remains one of the most important. This is an extremely sensitive issue for many people (especially in Africa), but if it is not promoted in a humane, informed and responsible way, the sustainability of life on our planet will increasingly come under tremendous pressure in various respects.

KEYWORDS: agriculture and food production; contraception; contraceptives; ecology; economy; eco-smart cities; empowerment of women; energy; family planning; life expectancy; migration; population growth; raw materials; sustainability; The Millennium project; water; youth

TREFWOORDE: bemagtiging van vroue; bevolkingsgroei; ekologie; ekonomie; ekostimstede; energie; gesinsbeplanning; grondstowwe; jeug; landbou en voedselproduksie; lewensverwagting; migrasie; die Millennium-projek; volhoubaarheid; voorbehoeding; voorbehoedmiddels; water

OPSOMMING

Die aantal mense op aarde en hulle/ons aktiwiteite neem tans skrikwekkende afmetings aan met wydlopende gevolge vir ons planeet, biodiversiteit en uiteindelik onself. Die moderne mens het sy teenwoordigheid op die aarde en die benutting van hulpbronne baie lank as sy onaantasbare reg gesien. Die huidige uitwerking van byvoorbeeld bevolkingsgroei en besoedeling versteur die aarde se natuurlike ritme in so 'n mate dat ons nou nie meer op 'n kitsoplossing kan hoop nie. Die mens se getalle neem teen so 'n tempo toe dat dit nie net nadelig vir die planeet is nie, maar ook vir die mensdom self.

Wat kan gedoen word? Bemagtiging van vroue speel 'n belangrike rol. Dit beteken beslis nie dat meisies en vroue alleen vir die huidige bevolkingsgroei verantwoordelik gehou moet

word nie. Die bevolkingsgroeï kan egter in 'n redelike mate vertraag word deur veral meer meisies toegang tot onderwys en opleiding te gee – asook hul lewensomstandighede te verbeter. Ook sal daar heelwat meer aan seksovoeding gedoen moet word, vroueregte sal daadwerklik bevorder moet word en daar sal beter voorsiening en gebruik van voorbehoedmiddels moet wees. Uiteraard moet hierdie kwessies met die nodige omsigtigheid benader en hanteer word. In hierdie verband kan onder andere Thailand en Suid-Korea genoem word wat in die onlangse verlede bewys het dat goeie onderwys geboortesyfers laat daal. In Afrika het vroue wat geen onderwys ontvang nie, gemiddeld 5,4 kinders; vroue wat hoërskool voltooi het gemiddeld 2,7 kinders en vroue wat tersiêre studie deurloop het, gemiddeld 2,2 kinders. In Nigerië sny elke jaar wat meisies skool bywoon, die geboortesyfer met 'n tiende.

Hiermee saam sal daar ook verskerpte pogings moet wees om ekonomiese en samelewings te hervorm. Ter wille van die mens se voortbestaan en die volhoubaarheid van lewe op aarde moet ekologiese en ekonomiese geregtigheid, en die bemagtiging van vroue aangemoedig word.

Inleidende oorsig²

In die eerste deel van hierdie artikel word daar op bevolkingsgroeï gefokus, hoe ernstig dit werklik is, en wat moontlik daaraan gedoen kan word. In die tweede deel word stilgestaan by die moontlike hervorming van ekonomiese en samelewings om daardeur die bevolkingsgroeï in balans met die beskikbare natuurlike hulpbronne te (probeer) bring.

Ter aanvang moet dit duidelik gestel word dat hierdie artikel grootliks berus op skattings en projeksies. Dit is dus eerder ordegrottes as eksakte syfers wat weergegee word. Ons weet dat langtermynprojeksies veral rakende bevolkingsgroeï problematies kan wees, want die groeï van bevolkings berus op die gedrag van mense wat soms redelik vinnig kan verander. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Suid-Afrika se wit bevolking wat in die sestigerjare van die vorige eeu vinnig verstedelik het en vroue wat tot die arbeidsmark toetree het, met gevolglike (vinnige) daling in die geboortekoers (in die tagtigerjare selfs tot onder die vervangingsvlak).

Maar goed, die aantal mense op aarde en hulle/ons aktiwiteite neem tans skrikwekkende afmetings aan met wydlopende gevolge vir ons planeet, sy biodiversiteit en uiteindelik onself. Tienduisend jaar gelede het die mens 1% van die totale biomassa van alle landwerweldiere verteenwoordig. Die res was wilde diere. Tans maak die mens, sy vee en sy troeteldiere 99% van die landwerweldiere se biomassa uit, terwyl die wilde diere slegs 1% verteenwoordig (Endangered Wildlife Trust).

In 'n soortgelyke berekening wys 'n senior navorser van die Universiteit van Oxford, Hannah Ritchie (2021), daarop dat die biomassa van soogdiere in die natuur met 85% afgeneem het sedert die mens op die toneel verskyn het. Die afname is nie net die gevolg van jagtogte nie, maar veral ook te wyte aan die vernietiging van natuurlike habitate weens die vestiging van landboubedrywighede om in die behoeftes van 'n groeiende menslike wêreldbevolking te voorsien.

“Hierdie drastiese afname in natuurlike biodiversiteit is uiters ongesond en veroorsaak dat 'n wye reeks ekologiese sisteme vir die mens ontoeganklik word, of heeltemal ineenstort” (Van den Heever & Jones, 2017). Ons aktiwiteite het gevolglik die biodiversiteit van die

² Dele van die inleiding kom uit 'n artikel wat op Netwerk24 verskyn het en geskryf is deur die outeur van hierdie artikel en die Karoo-paleontoloog van Stellenbosch, Jurie van den Heever (2017).

planeet onherroeplik verander. En 'n uitgestorwe spesie verrys nie soos 'n feniks uit die as nie. Dit kan miljoene jare duur voordat plaasvervangers die nis vul.

Hoekom hieroor bekommerd wees, wel wetende dat die talle agtergrond- en ... massa-uitsterwings in die oerverlede die aarde se biodiversiteit in elk geval drasties en permanent verander het? Dit was egter voor ons tyd en kan deurgaans aan 'n verskeidenheid natuurlike oorsake toegeskryf word. Alle lewe is nie uitgewis nie en met tyd het 'n gesonde biodiversiteit, al is dit met ander spelers, ... weer tot stand gekom. Ons weet ook dat ons voorsate in die verre verlede maar dun gesaai was en dus nie by magte was om hulle wil op die natuur af te dwing nie. Die moderne mens met sy groot, ontwikkelde brein het egter sy teenwoordigheid op die aarde en die uitbuiting van hulpbronne baie lank as sy onaantasbare reg gesien. (*ibid.*, 2017)

Ons huidige invloed as gevolg van “byvoorbeeld bevolkingsgroei en besoedeling versteur die aarde se natuurlike ritme tot so 'n mate dat ons nou nie meer kan hoop op 'n kitsoplossing nie. Ons getalle neem teen so 'n tempo toe dat ons nie net nadelig vir die planeet is nie, maar ook vir onself” (*ibid.*, 2017).

In 'n eerlike poging “... om die mensdom te voed, verslaaf ons onself ten opsigte van die vestiging van monokulture in die landbou. Ons wy ongekende tyd en energie aan die voortbestaan van 'n beperkte groep plante en diere” (*ibid.*, 2017).

Hieronder resorteer die graankosse en vee wat ons eet. “Ons verseker hulle voortbestaan ten koste van ander organismes wat uitgeroei word om 'n geskikte teelaarde” vir hulle “te skep waar hulle voortdurend op groot skaal versorg en beskerm word” (*ibid.*, 2017).

“Loopbane en die tegnologie van internasionale konglomerate word aan hulle welstand en veredeling gewy”, met inbegrip van middels om hulle gesond en plaagvry te hou “sodat heilsame voedsel op die tafel kan beland” (*ibid.*, 2017).

Daarbenewens dra die mediese wetenskap voortdurend daartoe by dat al hoe meer babas hulle toetred tot die wêreld oorleef en dat mense al hoe langer leef (European Commission, 2022; United Nations Department of Economic and Social Affairs, World Family Planning, 2022). Al hierdie voordele versnel egter die bevolkingsgroei. Die mens is die enigste organisme wat kan:

nadink oor wat ons rol in die natuur behoort te wees, asook die nadelige uitwerking wat ons huidige getalle op die planeet en die mensdom self het. Dit is ook nie 'n uitgemaakte saak dat ons, soos sommige beweer, iewers in die toekoms op 'n verwoeste aarde in kunsmatige kolonies of miskien elders in die kosmos sal kan voortbestaan nie. (Van den Heever & Jones, 2017)

Hoe ernstig is die situasie werklik?

Dit het millennia geneem vir die menslike bevolking om, teen 1890, 1 miljard te bereik, maar teen 1960 het die wêreldbevolking al tot 3 miljard gegroei. In 2022 was daar reeds 8 miljard mense op ons planeet (World Population Prospects, 2022: Summary of Results). Ongeveer elke 12 tot 15 jaar word nog 'n miljard bygevoeg (Population Matters, Every Choice Counts, 2023).

Volgens die Verenigde Nasies (VN) word daar wêreldwyd elke dag 385 000 babas gebore – dus sowat 140 miljoen per jaar. Dit sal tussen 2027 en 2100 na alle waarskynlikheid afneem tot 356 000 per dag, maar die wêreldbevolking sal teen die einde van hierdie eeu ongeveer 10,4 miljard wees (Population Matters, Every Choice Counts, 2023), ondanks die geleidelike

afname in bevolkingsaanwas in sommige lande. As ons gemiddeld ’n “... halwe kind minder ...” per gesin kan hê (Population Matters, Every Choice Counts, 2023), sal daar teen 2050 een miljard minder mense wees as wat voorspel word, en 3,5 miljard minder teen die einde van hierdie eeu (dit wil sê minder mense as wat daar vandag is).

Die kans dat die totale wêreldbevolking egter voor 2100 sal ophou groei, is net 23%. Die 47 mins ontwikkelde lande se bevolking sal tussen 2017 en 2100 na alle waarskynlikheid verdriedubbel tot ongeveer 3 miljard (Van den Heever & Jones, 2017). Tog het ’n studie wat in *The Lancet* (Vollset *et al.*, 2023) verskyn het, aangevoer dat die wêreldbevolking in 2064 ’n hoogtepunt van 9,73 miljard mense sal bereik, en dat dit daarna tot 8,79 miljard in 2100 sal afneem as gevolg van die geboorteaanwas wat vinniger sal daal as wat verwag is. Daar was reeds ’n afname van 3,31% in 1990 tot 2,4% in 2023. Die projeksie is dat dit verder sal daal tot 2,1% teen 2050 (World Population Review, 2024). Die bevolkings van 61 lande sal teen 2050 minder wees as wat dit vandag is (World Population Prospects, 2022: Summary of Results).

In hierdie verband is die huidige daling in aanwas in ontwikkelde lande van Wes-Europa, Japan en die wit bevolking in die Verenigde State van Amerika reeds baie opvallend, omdat geboortekoerse onder die vervangingsvlak van gemiddeld 2,1 kinders per vrou plaasvind. In ’n land soos Italië is daar meer sterftes as geboortes.³

Landbou en voedselproduksie

Om teen 2050 almal in die wêreld te kan voed – ’n geskatte 9,7 miljard mense – sal voedselproduksie met 70% moet styg en in ontwikkelende lande sal dit moet verdubbel (volgens die Food and Agriculture Organization van die VN, soos aangehaal in *The Millennium Project: Global Challenge 3*, 2023b). Landbou-afval lei tot ernstige besoedeling van die wêreld se riviere en tot dooie sones in al die oseane. Landbou speel ’n belangrike rol in waterbesoedeling en is verantwoordelik vir groot hoeveelhede landbouchemikalieë, organiese materiaal, sediment en soute wat in riviere beland (Mateo-Sagasta, Zadeh & Turrall, 2017:2).

Ongeveer 40% van landbougrond is vanweë ontbossing, besoedeling, erosie en die styging in seevlakke gedegradeer en dit kan tot 50% teen 2050 toeneem. Dit raak die helfte van die mensdom direk en bedreig ongeveer die helfte van die wêreldwye BBP (\$44 duisend miljard) (United Nations Convention to Combat Desertification, 2022). Die Global Footprint Network (<https://www.footprintnetwork.org/>) voer aan dat die mens tans die hulpbronne van 1,75 Aardes gebruik. As die situasie nie verbeter nie, sal ons in 2050 die ekwivalent van drie Aardes benodig om te kan voortbestaan.

Volgens die toekomsnavorser Philip Spies is daar vandag wêreldwyd:

gemiddeld 0,19 hektaar bewerkbare landbougrond per persoon beskikbaar, teenoor 0,45 hektaar per persoon [ongeveer] veertig jaar gelede – die gevolge van wêreldbevolkingsgroei. ... Vir Suid-Afrika is die ooreenstemmende syfers 0,21 hektaar bewerkbare landbougrond vandag teenoor 0,75 [ongeveer] veertig jaar gelede. (Spies, 2019:128,129)

Volgens Spies sal daar oor twintig jaar in Suid-Afrika “... na verwagting net 0,15 hektaar bewerkbare landbougrond per persoon beskikbaar wees, mits stedelike groei nie te veel goeie landbougrond insluk nie” (2019:129).

³ Sien: Denham, *The Spectator* (2024).

Water

Meer as 4 miljard mense sal teen 2050 min of geen water hê nie. Meer spesifiek wat Suid-Afrika betref, word ons reeds deur die Falkema-waterspanningsindikator as 'n "wateroor-spanne" land geklassifiseer:

Volgens hierdie indikator raak 'n streek wateroorspanne wanneer die jaarlikse beskikbare vars water onder die vlak van 1 700 kubieke meter per mens daal. Met die land se geprojekeerde bevolkingsgroei sal Suid-Afrika se beskikbare vars water in minder as vyf-en-twintig jaar tot 750 kubieke meter per persoon per jaar daal, wat 'n daverende oproep tot beter waterhuishouding behoort te wees. (Spies, 2019:131-132)

Volgens die Millenniumprojek (2023a) gebruik landbou 'n derde van alle grond en een derde daarvan word vir veeweiding gebruik. Sowat 70% van die water vir menslike gebruik word vir landbou gebruik. Die meeste van daardie water word gebruik om voer vir diere te kweek en die diere word weer deur die mens geëet. Die grondwater daal op alle vastelande. Ongeveer 60% van die mensdom kry hul water uit riviere waarvan die gebiede/streke van oorsprong deur twee of meer lande beheer word (The Millennium Project, 2023b). Die vraag na water sal toeneem namate lande met laer inkomste industrialiseer en teen 2050 nog sowat 2 miljard mense tot die totale wêreldbevolking gevoeg word. As 'n mens die "middelman" (diere) uitsny en suiwer vleis direk uit genetiese materiaal produseer (Rubio *et al.*, 2020), sal CO₂-vrystellings verminder, soos ook die behoefte aan water, energie en grond. As soutwater/seewater-landbou langs die woestynkuslyne van die wêreld ontwikkel word, word koolstof uit die lug onttrek, varswateraanvraag en probleme verbonde aan reënval (of die gebrek daaraan) verminder, en kan (onder meer) alge geproduseer word vir biobrandstof en voermateriaal vir die kweek van vleis sonder diere en soesji sonder vis (Seafood-lovers, 2024).

Energie

As huidige tendense in energieverbruik voortduur (The Millennium Project, 2023c), sal die VN se volhoubareontwikkelingsdoelwitte (VOD's; in Engels SDG's) en Parys-doelwitte nie bereik word nie. Gevolglik poog organisasies soos die Internasionale Energieagentskap (IEA), maniere waarop dit moontlik sou kon wees om, wat CO₂-vrystellings betref, teen 2050 'n netto zero te bereik (IEA, 2021a). Son- en windenergie is nou kostemededingend vergeleke met steenkool (veral wanneer die koste-eksternaliteite in ag geneem word) en 'n verskeidenheid van elektrisiteitsoordragetegnologieë word op groot skaal vervaardig om hernubare energie se vermoë te verbeter om basisladingelektrisiteit te verskaf. Alhoewel hernubare energie na verwagting teen 2026 95% (IEA, 2021b) van nuwe kragopwekking wêreldwyd sal uitmaak, was dit slegs 28% van die globale kapasiteit in 2021. Volgens die Organisation for Economic Co-operation and Development (The Millennium Project, 2023c), behels byna 70% van beplande toevoegings tot die kragkapasiteit in G20-lande hernubare bronne, vergeleke met 22% vir steenkool. China gaan voort as die wêreldleier in hernubare kragopwekking. Intussen het meer as 90% van die wêreldbevolking toegang tot elektrisiteit, wat 770 miljoen (IEA, 2023) mense sonder toegang laat, teenoor 1,2 miljard in 2010. Om elektrisiteit aan almal te voorsien, insluitende 'n bykomende 1,8 miljard mense teen 2050 en gelyktydige ekonomiese groei, sal die kapasiteit tussen 2020 en 2050 met 70% (Statista, 2023b) vergroot moet word.

Die toekoms van olie is ook ter sake, gesien die voortdurende vooruitgang op die gebied van elektriese selfbestuur- en inprohibiedmotors asook motors wat op waterstof of aardgas

loop. Verkope van elektriese motors was in 2020 wel slegs 4,6% van die totale motorverkope, maar die verkope daarvan het gegroei terwyl die totale motorverkope tydens die Covid 19-pandemie met 16% gedaal het (IEA, Global EV Outlook, 2021). Energiemaatskappye wend ernstige pogings aan om teen 2050 genoeg veilige energie te voorsien vir 'n bykomende 2,54 miljard mense (0,94 miljard wat nie nou toegang het nie, plus 1,6 miljard as gevolg van toekomstige bevolkingsgroei (Ritchie *et al.*, 2024). Die beweging ten gunste van 100% hernubare energie is vinnig besig om oor die wêreld heen te ontstaan en te groei (The Global 100% Renewable Energy Platform, 2024).

Lewensverwagting

Die gemiddelde lewensverwagting van mense by geboorte het toegeneem van 46 jaar in 1950 tot 67 jaar in 2010 en 73,2 jaar in 2023 (daar was 'n tydelike daling as gevolg van die Covid-pandemie) en sal teen 2050 na verwagting 77 jaar wees (United Nations Department of Economic and Social Affairs, 2019). Die bevolking ouer as 65 (United Nations Department of Economic and Social Affairs, 2020) sal na verwagting van 10% in 2022 tot ongeveer 16%, of 1,5 miljard mense, teen 2050 groei. Daar word geprojekteer dat 426 miljoen mense teen 2050 ouer as 80 jaar sal wees.

Die sterftesyfer onder kinders jonger as vyf het afgeneem van 1 uit 11 in 1990 tot 1 uit 27 in 2021 (United Nations International Children's Fund – UNICEF, 2023). Dalende vrugbaarheidsyfers en toenemend langer lewensduur sal aftreepplanne in die toekoms wesenlik verander. Weens die voortdurend dalende vrugbaarheidsyfers en sonder groot veranderinge in lewensduurtegnologie sal 61 lande teen 2050 minder mense hê as vandag (United Nations Department of Economic and Social Affairs, World Population Prospects, Summary of Results, 2022).

Migrasie

Migrasie van mense het meer as ooit tevore toegeneem. In 2015 het 244 miljoen mense, of 3,3 persent van die wêreldbevolking, buite hul land van herkoms gewoon. Die meeste migrante steek grense oor op soek na beter ekonomiese en maatskaplike geleenthede (United Nations Population Fund – UNFPA, 2015). Die Sentrum vir Strategiese en Internasionale Studies voorspel dat mense van Moslem-oorsprong teen 2050 reeds 25% van Frankryk en 33% van Duitsland se bevolking sal uitmaak. Oos- na Wes-Europese migrasie sal na verwagting voortduur, asook migrasie van landelike na stedelike gebiede, en van Noord-Afrika en die Midde-Ooste na Suid-Europa; hierdie migrasie sal na verwagting toeneem, solank armoede, burgeroorloë en maatskaplike en gesondheidsprobleme voortduur (The Millennium Project, 2023b).

Suid-Afrika se situasie

In Suid-Afrika (SA) is daar tans meer as 62 miljoen mense – 10,3 miljoen meer as 11 jaar gelede. Daar was 'n jaarlikse bevolkingsgroei van 1,8% in die 11 jaar van 2011 tot 2022 (Horne, 2023). Ongeveer 67,9% van ons bevolking (2021) woon in stedelike omgewings. Die huidige gemiddelde ouderdom van Suid-Afrikanners is ongeveer 27 jaar.

Die vrugbaarheidsyfer is 2,30 (geboortes by vroue) (Macrotrends, South African Fertility Rate, 1950-2024). Teen 2050 kan daar 'n geskatte 75,5 miljoen mense in Suid-Afrika wees

(Statistics Times, 2021) en 8 uit elke 10 persone sal dan in stedelike gebiede woon (Parliamentary Monitoring Group, s.j.) met 'n gepaardgaande verlies aan oop grond in stedelike gebiede en druk op die infrastruktuur (soos watervoorsiening, sanitasie, mediese dienste, skool- en tersiêre opleiding).

Met bogenoemde in gedagte, is dit te verstane dat daar wêreldwyd toenemend behoefte aan beter gesinsbeplanning is.

Gesinsbeplanning – 'n wêreldperspektief

Van getroude vroue van vrugbare ouderdom in Afrika gebruik slegs 28,5% voorbehoedmiddels, vergeleke met die wêreldgemiddeld van 77% (United Nations Department of Economic and Social Affairs: World Family Planning, 2022). In Ethiopië, waar die gebruik van moderne voorbehoeding 28,1% is (Zelege & Zemedu, 2023), is die vrugbaarheidsyfer in sy hoofstad Addis Abeba nou onder die vervangingsvlak. Ghana (International Planned Parenthood Federation – IPPF, 2022) verskaf gratis voorbehoedmiddels, insluitende implantings, intraüteriene toestelle (IUT's; Eng. IUDs) en insputings. In Libië en Tunisië het die gemiddelde ouderdom van vroue se eerste huwelik oor die afgelope 30 jaar van ongeveer 20 tot 29 toegeneem; die gemiddelde aantal kinders het in dieselfde tydperk met meer as die helfte verminder. Ongeveer 1 miljoen kinders jonger as vyf in Burkina Faso, Mali en Niger is moontlik gedurende 2023 weggegooi (UNICEF, 2023). As meer vroue voorbehoeding toepas en minder kinders sal hê, sal daar ook heel moontlik minder weggooi kinders wees.

Die saak van bevolkingsaanwas word nie hier geopper in 'n poging om op paternalistiese wyse vir mense voor te skryf wat hulle mag en nie mag doen nie. Dit behels eerder 'n besorgdheid oor die aarde en die inagneming van wat vroue vir hul eie lewens begeer én wat hulle toekom.

Wat kan hieraan gedoen word?

Toenemende bevolkingsgroei kan “tot 'n redelike mate hok geslaan word deur veral meer meisies toegang tot onderwys en onderrig te gee – asook deur hul/mense se lewensomstandighede en lewenstandaard te verbeter”. Ook sal daar “... heelwat meer gedoen moet word rakende seksopvoeding; vroueregte sal daadwerklik bevorder moet word, en daar sal beter voorsiening en gebruik van voorbehoeding moet wees” (Van den Heever & Jones, 2017).

“As alle meisies die geleentheid het om 12 jaar se onderwys te ontvang, sal kindertroues met 64% afneem” (*ibid.*, 2017). Daar is tans ongeveer 129 miljoen meisies wêreldwyd wat nie op skool is nie en van wie die grootste persentasie tussen 15 en 17 jaar oud is (*ibid.*, 2017). Indien meisies goeie onderwys kry, het Thailand en Suid-Korea in die onlangse verlede bewys, daal geboortesyfers (*ibid.*, 2017). In Afrika het vroue wat geen onderwys ontvang het nie, gemiddeld 5,4 kinders; vroue wat hoërskool voltooi het, gemiddeld 2,7 en vroue wat tersiêre studie ondergaan het, gemiddeld 2,2 (*ibid.*, 2017; Pradhan, 2015). “In Nigerië sny elke jaar van skoolbywoning die geboortesyfer met 'n tiende” (Van den Heever & Jones, 2017). Wêreldwyd woon 'n kwart van alle meisies (World Bank, 2023) nie hoërskool by nie, en is een uit elke vyf meisies (UNFPA, 2023) getroud of in 'n informele verhouding (“union”) voor die ouderdom van 18.

Dit is bekend dat vroeë huwelike feitlik sonder uitsondering tot groot families lei. Binne sterk patriargale gemeenskappe word die vrou se keuse oor hoeveel kinders sy wil hê, ook ernstig beperk. Diskriminasie teen vroue kom wêreldwyd egter steeds voor. Kinder- en vroeë

huwelike, gedwonge huwelike, geslagsgebaseerde geweld en die feit dat meisies nie altyd deelname aan onderwys en vroue aan werksgeleenthede het nie, kom wyd voor. Dit beperk vroue se geleenthede om ekonomies onafhanklik te funksioneer of gesagsposisies in die samelewing te bereik (Van den Heever & Jones, 2017).

Ter wille van die mens se voortbestaan en die volhoubaarheid van die aarde, moet geregtigheid ten opsigte van die ekologie en ekonomie, genderygelykheid en die bemagtiging van vroue aangemoedig word. Dit impliseer die geleentheid tot volle deelname aan goeie onderwys vir alle meisies; dat vroue gelyke kanse in persoonlike en familiebesluite, veral rakende swangerskap, gegun sal word; en dat kinderhuwelike wat vroue dikwels verhoed om 'n eie beroep te volg, ontmoedig sal word. Bemagtigde vroue verkies in die meeste gevalle om kleiner families te hê (Van den Heever & Jones, 2017).

Die Guttmacher-Instituut beweer dat 214 miljoen vroue (Guttmacher Institute, 2017; Van den Heever & Jones, 2017) 'n behoefte het aan die gebruik van moderne voorbehoedmiddels, maar dat hierdie behoefte (om verskeie redes) nie realiseer nie en dat ongewenste swangerskappe die gevolg is (tot 40% van alle swangerskappe).

Ons weet dat armoede en ongelykheid bydra tot, maar ook verhoog word deur, groot families. Ongeveer 1 miljard mense in die wêreld leef in ekstreme armoede. Sulke mense het gewoonlik baie kinders omdat geglo word die kinders kan eendag na hulle ouers omsien. Dit vererger egter in die meeste gevalle armoede. Mislukte en kwesbare state het normaalweg ook 'n hoë geboortekoers. (Van den Heever & Jones, 2017)

Voorgestelde hervorming van ekonomiese en samelewings: Enkele belangrike scenario's/tendense

Die toenemende druk op die planeet vanweë verstedeliking en internasionale migrasie is 'n tendens wat deur onder andere die hoë bevolkingsgroeikoers en die beskikbare natuurlike hulpbronne (of gebrek daaraan) gedryf word. Die ongelyke voordele en implementering van gesondheidsorg, die verskille in benadering tot gesinsbeplanning, en die verwoesting wat deur oorlog, siektes en hongersnood teweeggebring word, het sommige lande met proporsioneel verouderende bevolkings en ander met te veel kinders en jongmense in verhouding tot werkers en afgetredenes gelaat (The Millennium Project, 2023b).

Gegewe hierdie tendense kan daar verwag word dat pogings om ekonomiese en samelewings te hervorm, sal verskerp. Enersyds sal die fokus (waarskynlik) wees op innovasie en groei in arbeidsproduktiwiteit om die groeiende persentasie bejaardes te ondersteun (byvoorbeeld in die grootste deel van Europa en lande in die voormalige Sowjetunie). Andersyds sal dit die uitdagings aanpak wat met die opleiding en onderrig van die jeug gepaardgaan. Terselfdertyd moet die frustrasie, woede en onrus onder die jeug in arm lande getemper word omdat daar waarskynlik nie aan hul verwagtinge rakende werkskepping en 'n beter lewe voldoen sal kan word nie (byvoorbeeld die grootste deel van Afrika en 'n groot deel van Latyns-Amerika).

Verbruik van grondstowwe

Die verbruik van grondstowwe neem voortdurend toe. Die lidlande van die VN se voetspoor rakende die verbruik van grondstowwe (United Nations SDG-12, 2019) het van 43 miljard metrieke ton in 1990 tot 92 miljard in 2017 gestyg en na verwagting sal dit teen 2060 tot 190 miljard toeneem. Terwyl China besig is om die wêreldleier te word in die totale verbruik van

sekere kommoditeite (steenkool, koper, ens.), bly die VSA die leier ten opsigte van die verbruik van die meeste hulpbronne *per capita*. Die Environmental Performance Index (EPI, 2022) plaas Denemarke eerste, bedoelende dat hulle die minste verbruik van hulpbronne in die wêreld het. Amerika is 43ste en China 160ste. Die mens het reeds meer as 70% van die aarde se grondoppervlakte weselik verander, wat ongeëwenaarde omgewingsagteruitgang veroorsaak het en aansienlik tot aardverwarming bygedra het (United Nations Convention to Combat Desertification [UNCCD], 2022).

Jeug

Daar is tans 1,8 miljard mense tussen die ouderdom 10 tot 24 op aarde. Dit is die meeste jongmense wat nog ooit tegelykertyd op ons planeet geleef het. Van hierdie jongmense woon 90% in ontwikkelende lande, waar hulle meestal die grootste deel van die bevolking uitmaak (Tempelhoff, 2018).

Ekoslimstede

Ekoslimstede word oor die wêreld heen al hoe belangriker. Sulke stede is gebaseer op 'n ekovriendelike benadering wat ten doel het om die lewensgehalte van inwoners te verbeter. Weens 'n toename in ekonomiese groei is dit noodsaaklik dat ons stede in die toekoms deur slim beplanning nie net ekovriendelik is nie, maar ook volhoubaar.

Die wêreld skep egter nog nie genoegsaam ekoslimstede nie en bring ook nie die nodige veranderinge aan ouer stede aan ten einde toekomstige grootskaalse rampe te verhoed wat die infrastruktuur vir water, energie, afvalverwerking, vervoer, behuising, voedsel en veiligheid kan tref nie. Stedelike bevolkings sal teen 2050 amper verdubbel, wat die druk op hierdie infrastruktuur sal verhoog, veral in stede van ontwikkelende lande. Bykans die totale wêreldbevolkingsgroei sal in hierdie lande voorkom (The Millennium Project, 2023b).

AI connected to IoT and sensor networks will be needed to provide real-time information for continual land use management and urban repair, improvement, and public participation. Early examples are Songdo in South Korea, Masdar City in Abu Dhabi, Neom in Saudi Arabia, and Toyota's Woven City in Japan. (The Millennium Project, 2023b)

Indië het reeds 'n plan opgestel om al sy groot stede om te skakel na slimstede, en China het reeds loodsprojekte vir 290 slimstede van stapel gestuur (Atha *et al.*, 2020). Soos reeds genoem, migreer mense meer as ooit tevore oor die wêreld heen. Toekomstige migrasie uit streke met 'n lae inkomste en lae indiensneming van die jeug na ouer wordende gemeenskappe met 'n hoë inkomste lyk onvermydelik.

As die wetenskap daarin sou slaag om (ouer) mense langer gesond te hou en betekenisvol te laat leef, kan seniors in die toekoms 'n ekonomiese bate, eerder as 'n las, vir die samelewing word. Menslike “breinprojekte”, vordering in kunsmatige intelligensie en ander soortgelyke innovasies sal waarskynlik op die lang duur verstandelike agteruitgang by ouer mense voorkom en selfs hulle intelligensie verhoog. Mense sal verby die huidige “pensioenleeftyd” vorder en sal waarskynlik heelwat verskillende vorme van werk skep. Dit sal die ekonomiese las op jonger geslagte verminder en 'n interessanter lewe vir bejaardes moontlik maak (sien Longevity International, Global Longevity Ecosystem, 2022).

Ondervoeding is besig om globaal af te neem – van 19% van die wêreldbevolking ongeveer 25 jaar gelede tot 10,6% in 2015 (The Millennium Project, 2023b) – maar dié proses is te

stadig om voldoende steun vir die ontwikkeling van arm gemeenskappe te bied. Nogtans is sterftes onder kinders jonger as vyf jaar in hierdie tyd gehalveer. Ongeveer een miljard mense lewe vandag in hongersnood. Minstens 39 miljoen kinders onder vyf, insluitende 10 miljoen in Afrika, is vandag oorgewig of vetsugtig as gevolg van wanvoeding (World Health Organisation, 2022).

Dit gaan 'n groot tegnologiese uitdaging wees om teen 2050 voedsel te voorsien aan nog 2 miljard mense, en daarby ook aan die miljard mense wat vandag ondervoed is. Tensy die tegnologie van landbou- en voedselproduksie bowendien drasties verander, kan toenemend intensiewe praktyke vir voedselvoorsiening die natuur verwoes (The Millennium Project, 2023b).

Stappe om hierdie globale uitdaging(s) die hoof te bied

Die Millennium-projek is 'n internasionale dinkskrum wat in 1996 onder die vaandel van die American Council for the United Nations University gestig is; dit het in 2009 onafhanklik geword en tot 'n wêreldwye netwerk van instellings en individue gegroei. Die doel van hierdie projek is om die mens se vooruitsigte op 'n beter toekoms te realiseer. Hulle wil gevolglik veral toekomsgerigte denke stimuleer en verbeter en dit dan so wyd as moontlik beskikbaar maak via die verskillende mediaplatforms. Hulle hoop om hiermee wysheid, insigte en kennis te akkumuleer, en netwerke en sisteme te vestig wat daarop gemik is om vandag sodanige besluite te neem dat die toekoms vir almal (en alles) beter sal wees. Hulle beveel die volgende aan:⁴

- Ondersteun 'n beleid om die oorlewing van kinders, verantwoordelike gesinsbeplanning en onderwysgeleenthede vir (veral) dogters te verbeter.
- Verbeter metodes wat vaardighede en werksgeleenthede vir jongmense en die versorging van en dienste aan bejaardes kan verseker.
- Implementeer die VN se stedelike agenda (<http://habitat3.org/the-new-urban-agenda/>).
- Skep (betyds) genoeg slimstede waar burgers met stedelike intelligensie en op ekoslim wyse kan help met die nodige verbeterings in die stad.
- Verhoog opleiding in veerkrachtigheid, verbeter bestuur en verbeter die voorspelling van rampe.
- Verskaf voorligting aan mense oor stedelike ekologie.
- Verskerp navorsing en ontwikkeling in soutwaterlandbou (halofiete of soutplante) aan kuslyne om voedsel vir mense en diere, biobrandstof en pulp vir die papierbedryf te produseer, sowel as om koolstofdiksied (CO₂) op te neem. Dit sal die druk op varswaterlandbou verlig.
- Verbeter landbou- en besproeiingsbestuur.
- Belê in (akkurate) presisielandbou en -akwakultuur.
- Verminder voedselverliese tussen “die plaas en die mond” (een derde van of 1,3 miljard ton landbouproduksie word elke jaar so vermors).
- Vestig seewiere om wilde vispopulasies langs kuslyne te herstel. Interessante halwe: Die Wêreldbank skat dat 90% van die mariene seelewe volledig uitgeput is.

⁴ Hierdie aanbevelings moet beskou word binne die konteks van hoe bevolkingsgroei – soos dit tans daar uitsien – in balans met beskikbare natuurlike hulpbronne gebring kan word.

- Brei die produksie van insekte vir dierevoer en menslike diëte uit (insekte het ’n lae omgewingsimpak, en 2 miljard mense vul vandag reeds hul voedingspatroon met insekte aan).
- Moedig vegetarisme⁵ aan.
- Bou drywende stede vir see-, wind- en sonenergie asook visplase.
- Versnel navorsing en ontwikkeling vir veilige nanotegnologie om materiaalgebruik per eenheid van uitset te verminder maar kwaliteit verhoog word.
- Optimaliseer pensioenstelsels.
- Moedig jongmense aan om “deposito’s” ten opsigte van hul gesondheid te begin maak.
- Eksperimenteer met seeopstalle⁶ (“seasteading”) vir innovasie in voedsel, energie, medisyne, en sosiale strukture met aansienlike politieke outonomie.
- Moedig openbare vervoer, die gebruik van fietse en loopbare openbare ruimtes aan (vir meer inligting sien: The Millennium Project, 2023b).

Alhoewel daar nóg maniere genoem kan word om hierdie belangrike globale uitdagings aan te pak, bly verantwoordelike gesinsbeplanning een van die belangrikstes. Almal weet dit is ’n uiters sensitiewe kwessie vir baie mense (veral in Afrika), maar as dit nie op ’n menswaardige, ingeligte en verantwoordelike wyse gedoen gaan word nie, gaan die volhoubaarheid van lewe op ons planeet in verskeie opsigte toenemend onder geweldige druk kom.

In hierdie opsig is dit noodsaaklik om daarop te wys dat, alhoewel bogenoemde voorstelle na lineêre oplossings mag lyk, effektiewe nadenke hieroor nie buiteom ’n sistemiese ontwerp kan geskied nie. Daar moet dus oor bogenoemde voorstelle as wisselwerkende elemente binne groter ekosisteme gedink word. Die rede hiervoor is dat volhoubaarheid ’n komplekse sistemiese uitdaging is. Dit ontstaan uit interaksies tussen die elemente binne en tussen komplekse globale ekosisteme en komplekse menslike sisteme. Daar is ’n behoefte aan ’n sisteembenadering tot omgewingsbestuur deur die sistemiese obstruksies wat in die pad van ’n volhoubare toekoms staan, te verwyder. Hierdie obstruksies word uiteraard die beste deur menslike ontwikkeling verwyder. Ontwikkeling behels die ontwerp van volhoubare sisteme. Gevolglik kan mens redeneer dat een van die vernaamste struikelblokke in die weg van ’n volhoubare toekoms swak menslike ontwikkeling is – dit wil sê swak algemene bevoegdheids en ’n ontoereikende wil by mense om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verbetering van die algemene toestande wat hulle lewensgehalte beïnvloed. Volgens Spies (2024) is hul lokus van beheer buite hulself, normaalweg ingenestel in regerings en instellings. ’n Geïsoleerde, bekrompe lewe, gevestigde belange in die *status quo*, swak bewussyn van dinge buite eie belang, ’n gebrek aan sisteemdenke en ’n uitbuitende industriële kultuur wat welvaartgroeï as sy enigste belang dryf, is kognitiewe, strukturele gedragsbelemmerings vir menslike ontwikkeling en gevolglik vir volhoubaarheid, veral van die omgewing (Spies, 2024).

Die prosesse van menslike ontwikkeling sluit in die verandering van die wêreldbeskouing van mense deur hul algemene kennis, insig en begrip van sistemiese kwessies te verbeter, en die instel van nuwe prosedures vir die kommunikasie van omgewingskwessies – veral nuwe,

⁵ Francois Durand (2022) waarsku egter in hierdie verband: “Dit is ’n wanpersepsie dat ’n vegetariese dieet minder skade aan die ekologie doen as een wat vleis bevat. Gewasverbouing het ’n veel groter uitwerking op die natuur as wat natuurlike vleisproduksie het. Die grootste negatiewe uitwerking wat vleisproduksie op die natuur het, is metaangas, hoë watergebruik en die verbouing van graan wat as voer gebruik word.”

⁶ Vir meer hieroor: <https://en.wikipedia.org/wiki/Seasteading>

ontdekkende leerprosesse en 'n herontwerp van skool- en universiteitskurrikulums om sisteemdenke en omgewingstudies te bevorder. Die doelwit moet wees om weg te beweeg van reël- en strafgebaseerde omgewingsbeheerstelsels na kultuurgebaseerde stelsels wat sosiale leer en voortdurende aanpassing en vernuwing in die lig van veranderende toestande bevorder. Omgewingsbewustes behoort vooruitskouende profete, opvoeders en veranderingsagente te word wat volhard in hul pogings om die kognitiewe en emosionele obstruksies by mense af te breek: om hulle te help om ontluikende omgewingskwessies te herken en om hulle te lei om die korrekte regstellende stappe te doen voordat dit te laat is (Spies, 2024).

Slotopmerkings

Baie mense, volgens Spies, “kan 'n voordeel vir 'n land wees wat markgroei betref, indien hulle ekonomies aktief is en geld het om te spandeer” (2019:122). Ongelukkig is 31,9% van Suid-Afrikaners werkloos (Trading Economics, 2023).

Sedert 2023 leef ongeveer 18,2 miljoen mense in Suid-Afrika in uiterste armoede, gemeet aan die armoededrempel wat tans op 1,90 Amerikaanse dollar per dag staan. Dit beteken dat 162 859 meer mense tot armoede gedryf is vergeleke met 2022. Boonop word voorspel dat die aantal mense in die komende jare sal toeneem. Teen 2030 sal meer as 19,1 miljoen Suid-Afrikaners op 'n maksimum van 1,90 Amerikaanse dollar per dag moet lewe (Statista, 2023(a)).

Verder kom die hoogste bevolkingsgroei vandag in Afrika suid van die Sahara voor. Die rede hiervoor is dat armer lande, met die steun van ryker lande, oor beter tegnologie beskik wat lewensverwagting verhoog, maar dié steun ontwikkel nie die verskillende ekonomieë dienooreenkomstig nie (Spies, 2019:124). Dit is 'n “probleem wat deur ontwikkelingsekonome beskryf word as 'n wanbalans tussen mensdienstige tegnologie en ekonomiedienstige tegnologie” (Spies, 2019:124).

In Suid-Afrika plat die getalle van die meer welvarende mense af, terwyl die getalle onder die armes vinnig groei. Dit word gevolglik bydraende faktore wat Suid-Afrika se oorspronklike ongelykhede in welvaart net verder verhoog (Spies, 2019:124) en gewoonlik tot verdere armoede en werkloosheid lei. Baie (arm) mense migreer hoopvol na stedelike gebiede om byvoorbeeld werk te kry, meestal sonder sukses, maar hoër druk op beskikbare infrastruktuur (waarvoor daar dikwels nie betaal word nie) en op die omgewing gaan daarmee gepaard.

Die mens, vanweë byvoorbeeld bevolkingsgroei en besoedeling, veral ook in Suid-Afrika, versteur die aarde se natuurlike ritme in so 'n mate dat ons nou nie meer op kitsoplossings kan hoop nie. Ons getalle neem teen so 'n tempo toe dat ons nie net nadelig vir die omgewing is nie, maar ook vir onself. 'n Ineenstorting⁷ van die omgewing, die uitwissing van spesies en natuurlike ekosisteme geskied reeds op groot skaal. Drastiese veranderinge, veral gedragsveranderinge deur die mens, het dringend noodsaaklik geword, nie net op makrovlak nie, maar veral ook op mikrovlak.

Ten einde bogenoemde uitdaging(s) die hoof te bied, het ons transnasionale, transinstitusionele, interdisciplinêre studie en samewerking nodig, asook sisteemdenke (byvoorbeeld samewerkende optrede tussen regerings, internasionale organisasies, korporatiewe maatskappye, universiteite, NRO's en kreatiewe individue). Dié wat dit alleen wil aanpak, gaan waarskynlik onsuksesvol wees.

⁷ Vir meer inligting sien Adam Welz (2023) se boek *The end of Eden: Wild nature in the age of climate breakdown*.

Die groot uitdaging, soos reeds genoem, bly om mense te ontwikkel. Dit beteken dat mense se bevoegdhede en begeertes/strewes ontwikkel en verbeter moet word sodat hulle hul eie behoeftes, maar ook ander s'n, beter kan ontleed, dien en bevorder. Om omgewingsvolhoubaarheid oral te verseker, vereis 'n ontwikkelde mensdom wat die bevoegdhede en vermoëns het om die ekosisteem-mens-koppelvlak op 'n volhoubare wyse te bestuur. Sonder om daarop in te gaan, bevorder drie sleutelbegrippe van die kompleksiteitsteorie⁸ 'n meer holistiese (eerder as 'n reduksionistiese) benadering tot omgewingsbestuur. Dié drie begrippe is ontluiking, nielineriteit (vanaf interaktiewe oorsaaklike lusse) en selforganisasie. Menslike gedrag, volgens Spies, is 'n patologiese obstruksie vir 'n volhoubare menslike toekoms – ook in Suid-Afrika. Gevestigde belange, 'n gebrek aan omgewingsbewustheid en 'n uitbuitende industriële kultuur speel sleutelrolle in hierdie verband. Dit is dus belangrik dat omgewingsveranderingsbestuur aandag gee aan die kulturele dimensie van vernuwing. Hiervoor word 'n kulturele revolusie vereis wat die reduksionistiese industriële kultuur sal vervang deur 'n holistiese kultuur wat omgewingsbewustheid en die kollektiewe gewete binne gemeenskappe bevorder, en wat die tasbare en nietasbare dimensies van menslike gedrag erken en gebruik. Die prosesse wat kulturele vernuwing sal meebring, behels die verandering van die wêreldbeskouing van mense deur hul algemene kennis, insig en begrip van veral sistemiese kwessies te verbeter, asook die gebruik van nuwe wyses waarop omgewingskwessies gekommunikeer word. Die doelwit moet wees om te beweeg na kultuurgebaseerde sisteme wat sosiale leer en voortdurende aanpassing en vernuwing bevorder in die lig van 'n voortdurend veranderende wêreldorde (Spies, 2024).

BIBLIOGRAFIE

- Atha, K, Callahan, J, Chen, J, Drun, J, Green, K, Lafferty, B, McReynolds, J, Mulvenon, J, Rosen, B & Walz, E. 2020. China's Smart Cities Development, Research Report Prepared on Behalf of the U.S.-China Economic and Security Review Commission.
- Cilliers, P. 1998. *Complexity and postmodernism*. London: Routledge.
- Denham, A. 2024. What do falling birth rates mean for the future of the planet? *The Spectator*: <https://www.spectator.co.uk/writer/annabel-denham/> [2024-04-12].
- Durand, F. 2022. Insekte en voedselsekerheid in Suid-Afrika in die lig van klimaatsverandering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 62(4): Desember 2022 doi.10.17159/2224-7912/2022/v62n4a1.
- Endangered Wildlife Trust.: Protecting forever, together. s.a. <https://ewt.org.za/> [2023-12-17].
- Environmental Performance Index (EPI) Results. 2022: <https://epi.yale.edu/epi-results/2022/component/epi> [2023-12-19].
- European Commission. 2022. Global population is growing, 2022. https://knowledge4policy.ec.europa.eu/foresight/global-population-growing_en#:~:text=Population%20growth%20up%20to%20today&text=Since%20then%2C%20the%20global%20population,in%202022%20from%207%20billion [2024-01-05].
- Education Monitoring Report Team, UNESCO Institute for Statistics. 2016. Leaving no one behind: How far on the way to universal primary and secondary education? <https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000245238> [2023-12-10].
- Food and Agriculture Organization of the United Nations, UN. Report: Pandemic year marked by spike in world hunger, 2021. <https://www.fao.org/newsroom/detail/UN-report-Pandemic-year-marked-by-spike-in-world-hunger/en> [2023-12-10].
- Global Footprint Network: Advancing the Science of Sustainability. FAQs. <https://www.footprintnetwork.org/faq/#nfba-source> [2023-12-15].

⁸ Cilliers, P. 1998. *Complexity and postmodernism*, London: Routledge: 2-5.

- Guttmacher Institute. 2017. Adding it up: Investing in contraception and maternal health, 2017. <https://www.guttmacher.org/fact-sheet/adding-it-up-contraception-mnh-2017> [2023-12-12].
- Horne, W. 2023. Sensusverslag: SA kry in 11 jaar 10 miljoen by. Netwerk24, 10 Oktober 2023. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/ekonomie/sensus-2022-bevolking-se-groeiakoers-laai-rekords-spat-20231010-2> [2023-11-14].
- International Energy Agency. 2023. *SDG7: Data and Projections*. IEA, Paris <https://www.iea.org/reports/sdg7-data-and-projections>, License: CC BY 4.0 [2024-01-05].
- International Energy Agency. 2021a. *Net zero by 2050*. IEA, Paris. <https://www.iea.org/reports/net-zero-by-2050>, License: CC BY 4.0.
- International Energy Agency. 2021b. *Renewables 2021: Executive Summary*. IEA, Paris. <https://www.iea.org/reports/renewables-2021/executive-summary> [2023-01-04].
- International Energy Agency Global EV Outlook. 2021c. <https://www.iea.org/reports/global-ev-outlook-2021> [2024-01-04].
- International Planned Parenthood Federation. (IPPF) s.a. Ghana offers free long-term contraception in a ‘game changer’ for women’s reproductive health rights: Ghana’s National Health Insurance Program expands to include free long-term contraception from 1 January 2022. <https://www.ippf.org/blogs/ghana-offers-free-long-term-contraception-game-changer-womens-reproductive-health-rights#:~:text=In%20a%20major%20win%20for,contraception%20from%201%20January%202022> [2024-01-08].
- James, J & Leclercq Balde, AI. 2023. Nearly one million children under 5 in central Sahel facing severe wasting in 2023 – UNICEF. <https://www.unicef.org/wca/press-releases/nearly-one-million-children-under-5-central-sahel-facing-severe-wasting-2023-unicef#:~:text=DAKAR%2C%207%20April%202023%20%E2%80%93%20An,new%20data%20gathered%20by%20UNICEF> [2024-01-09].
- Jones, C. 2020. Minder mense, meer hoop. Netwerk24: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/minder-mense-meer-hoop-20200219> [2023-09-12].
- Longevity International, Global Longevity Ecosystem. 2023. <https://www.longevity.international/global-longevity-ecosystem> [2023-12-13].
- Macrotrends. 2010-2024. <https://www.macrotrends.net/countries/topic-overview> [2023-12-18].
- Macrotrends: 2010-2024. South African Population Growth Rate 1950-2024. <https://www.macrotrends.net/countries/ZAF/south-africa/population-growth-rate#:~:text=The%20current%20population%20of%20South,a%200.84%25%20increase%20from%202021> [2024-01-11].
- Macrotrends. 2010-2024. South African Fertility Rate 1950-2024. <https://www.macrotrends.net/countries/ZAF/south-africa/fertility-rate#:~:text=The%20current%20fertility%20rate%20for,a%200.89%25%20decline%20from%202021> [2024-01-11].
- Mateo-Sagasta, J, Zadeh, SM & Turrall, H. 2017. Water pollution from agriculture: A global review. Executive summary. Rome: Food and Agricultural Organization of the United Nations.
- Parliamentary Monitoring Group (PMG). s.a. Urbanisation. <https://pmg.org.za/page/Urbanisation> [2024-01-11].
- Population Matters. Every Choice Counts, 2023. <https://populationmatters.org/> [2023-12-08].
- Pradhan, E. 2015. Female education and childbearing: A closer look at the data. [https://blogs.worldbank.org/health/female-education-and-childbearing-closer-look-data#:~:text=Female%20education%20has%20a%20greater,Africa%20\(see%20figure%20below\)](https://blogs.worldbank.org/health/female-education-and-childbearing-closer-look-data#:~:text=Female%20education%20has%20a%20greater,Africa%20(see%20figure%20below)) [2023-12-07]
- Ritchie, H. 2021. Wild mammals have declined by 85% since the rise of humans, but there is a possible future where they will flourish. Our World in Data: <https://ourworldindata.org/wild-mammal-decline> [2023-12-08].
- Ritchie, H, Rosado, P & Roser, M. 2019. “Access to Energy”. Our World in Data: <https://ourworldindata.org/energy-access> [2024-02-09].
- Rubio, NR, Xiang, N & Kaplan, DL. 2020. Plant-based and cell-based approaches to meat production. *Nature Communications* 11, 6276 (2020). <https://doi.org/10.1038/s41467-020-20061-y>.
- Seafood-lovers, 2024: <https://www.wildtypefoods.com/seafood-lovers> [2024-01-05].
- Wikipedia. 2024. Seasteading: <https://en.wikipedia.org/wiki/Seasteading> [2024-01-09].
- Spies, P. 2019. *Afskeid van 'n volk: Op soek na 'n toekoms*. Gansbaai: Naledi.
- Spies, P. 2024. Persoonlike kommunikasie.

- Statista. 2023a. Number of people living in extreme poverty in South Africa 2016-2030. <https://www.statista.com/statistics/1263290/number-of-people-living-in-extreme-poverty-in-south-africa/#:~:text=As%20of%202023%2C%20around%2018.2,increase%20in%20the%20coming%20years> [2024-01-05].
- Statista. 2023b. Projected electricity generation worldwide in 2022 with a forecast to 2050 by energy source. <https://www.statista.com/statistics/238610/projected-world-electricity-generation-by-energy-source/#:~:text=It%20is%20projected%20that%20electricity,percent%20of%20electric%20power%20produced> [2024-01-04].
- Statistics Times. 2021. Population of South Africa. <https://statisticstimes.com/demographics/country/south-africa-population.php> [2024-01-11].
- The Global 100% Renewable Energy Platform – Making 100% The New Normal (global100re.org). s.a. <https://www.global100re.org/> [2024-01-05].
- Tempelhoff, E. 2018. Aarde kreun onder mense, mense, mense ... *Netwerk24*, 12 Julie 2018. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/aarde-kreun-onder-mense-mense-mense-20180711> [2023-09-18].
- The Millennium Project. 2023a. – Global Challenge 2: How can everyone have sufficient clean water without conflict? <https://www.millennium-project.org/challenge-2/> [2024-01-04].
- The Millennium Project. 2023b. Global Challenge 3: How can population and resources be brought into balance? <https://www.millennium-project.org/challenge-3/> [2023-12-10].
- The Millennium Project. 2023c. Global Challenge 13: How can growing energy demands be met safely and efficiently? <https://www.millennium-project.org/challenge-13/> [2024-01-04].
- The New Urban Agenda. 2016. <https://habitat3.org/the-new-urban-agenda/> [2023-12-15].
- The World Bank Group. 2024. School enrolment, secondary, female (% gross). <https://data.worldbank.org/indicator/SE.SEC.ENRR.FE> [2023-12-12].
- Trading Economics. 2024. South Africa Unemployment Rate: <https://tradingeconomics.com/south-africa/unemployment-rate> [2024-01-11].
- United Nations International Children's Emergency Fund (UNICEF). 2023. Nearly one million children under 5 in the central Sahel facing severe wasting in 2023: <https://www.unicef.org/wca/press-releases/nearly-one-million-children-under-5-central-sahel-facing-severe-wasting-2023-unicef#:~:text=DAKAR%2C%207%20April%202023%20%E2%80%93%20An,new%20data%20gathered%20by%20UNICEF> [2024-01-08].
- United Nations Convention to Combat Desertification. 2022. Chronic land degradation: UN offers stark warnings and practical remedies in Global Land Outlook 2. <https://www.unccd.int/news-stories/press-releases/chronic-land-degradation-un-offers-stark-warnings-and-practical> [2024-01-04].
- United Nations Department of Economic and Social Affairs, World Population Prospects. 2022. Summary of Results. chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://www.un.org/development/desa/pd/sites/www.un.org.development.desa.pd/files/wpp2022_summary_of_results.pdf [2024-01-05].
- United Nations Department of Economic and Social Affairs, World Family Planning. 2022. Meeting the changing needs for family planning: Contraceptive use by age and method. chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://www.un.org/development/desa/pd/sites/www.un.org.development.desa.pd/files/files/documents/2023/Feb/undesa_pd_2022_world-family-planning.pdf [2024-01-08].
- United Nations Department of Economic and Social Affairs, World Population Ageing. 2020. Highlights. chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://www.un.org/development/desa/pd/sites/www.un.org.development.desa.pd/files/undesa_pd-2020_world_population_ageing_highlights.pdf [2024-01-06].
- United Nations Department of Economic and Social Affairs. 2019. Growing at a slower pace, world population is expected to reach 9.7 billion in 2050 and could peak at nearly 11 billion around 2100. <https://www.un.org/development/desa/en/news/population/world-population-prospects-2019.html#:~:text=Life%20expectancy%20at%20birth%20for,between%20countries%2C%20large%20gaps%20remain> [2023-12-12].
- United Nations Department of Economic and Social Affairs. 2024. Sustainable Development Goal 12: Ensure sustainable consumption and production patterns. <https://unstats.un.org/sdgs/report/2019/goal-12/> [2023-12-19].

- United Nations Population Fund. 2023. Child Marriage. <https://www.unfpa.org/child-marriage>[2023-12-12].
- United Nations Population Fund. 2023. Migration. <https://www.unfpa.org/migration#readmore-expand>[2024-01-07].
- United Nations Food and Agriculture Organization. 2024. UN Report: Pandemic year marked by spike in world hunger. <https://www.fao.org/newsroom/detail/UN-report-Pandemic-year-marked-by-spike-in-world-hunger/en> [2023-12-14].
- United Nations. 2019. Growing at a slower pace, world population is expected to reach 9.7 billion in 2050 and could peak at nearly 11 billion around 2100. UN Report. <https://www.un.org/sustainabledevelopment/blog/2019/06/growing-at-a-slower-pace-world-population-is-expected-to-reach-9-7-billion-in-2050-and-could-peak-at-nearly-11-billion-around-2100-un-report/>[2023-12-11].
- United Nations Department of Economic and Social Affairs, Population Division. 2022. World Population Prospects 2022. <https://population.un.org/wpp/> [2023-12-09].
- United Nations, Population Division, 2023. World Population Prospects 2022: Summary of Results. chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://www.un.org/development/desa/pd/sites/www.un.org.development.desa.pd/files/wpp2022_summary_of_results.pdf [2023-12-11].
- United Nations Population Division. 2022. World Population Prospects 2022: <https://www.un.org/development/desa/pd/content/World-Population-Prospects-2022> [2024-01-07].
- Van den Heever, J & Jones, C. 2017. Ter wille van ons oorlewing. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/ter-wille-van-ons-oorlewing-20170823> [2023-09-12].
- Vankar, P. 2023. Worldwide contraceptive prevalence as of 2019, by region. *Statista*. <https://www.statista.com/statistics/978911/global-contraceptive-prevalence-by-region/> [2023-12-11].
- Vollset, SE, Goren, E, Yuan, C-W, Cao, J, Smith, AE, Hsiao, T, *et al.* 2020. Fertility, mortality, migration, and population scenarios for 195 countries and territories from 2017 to 2100: A forecasting analysis for the Global Burden of Disease Study. *The Lancet*. Doi:[https://doi.org/10.1016/SO140-6736\(20\)30677-2](https://doi.org/10.1016/SO140-6736(20)30677-2).
- Welz, A. 2023. *The end of Eden: Wild nature in the age of climate breakdown*. London & New York: Bloomsbury Publishing.
- World Health Organization. 2022. World Obesity Day 2022 – Accelerating action to stop obesity. <https://www.who.int/news/item/04-03-2022-world-obesity-day-2022-accelerating-action-to-stop-obesity#:~:text=WHO%20estimates%20that%20by%202025,predictable%20and%20preventable%20health%20crisis> [2023-12-09].
- World Population Review. 2024. Total Fertility Rate.: <https://worldpopulationreview.com/country-rankings/total-fertility-rate> [2024-01-06].
- Zelege, GT & Zemedu TG. 2023. Modern contraception utilization and associated factors among all women aged 15-49 in Ethiopia: Evidence from the 2019 Ethiopian Mini Demographic and Health Survey. *BMC Womens Health*, 2023 Feb 9;23(1):51. doi: 10.1186/s12905-023-02203-8. PMID: 36755250; PMCID: PMC9909933.

Nie die einde van die wêreld nie: Eskatologie en tyd in Levinas

Not the end of the world: Eschatology and time in Levinas

BENDA HOFMEYR

Departement Filosofie

Universiteit van Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: benda.hofmeyr@up.ac.za



Benda Hofmeyr

BENDA HOFMEYR is professor in die Departement Filosofie aan die Universiteit van Pretoria. Sy het in Nederland gewoon en gewerk terwyl sy haar doktorsale studies en nadoktorsale navorsing voltooi het. Sy handhaaf steeds sterk samewerkingsbande met die Radboud Universiteit in Nijmegen, waar sy haar doktorsgraad in Filosofie oor die werk van Foucault en Levinas verwerf het. Haar navorsingsbelangstellings val binne die breë omvang van kontemporêre kontinentale filosofie (veral denkers wat in Heidegger se voetspore volg met 'n klem op poststrukturealisme en fenomenologie), en haar werk getuig van 'n volgehoue fassinatie met die onontwarbare verstrengeling van die etiese met die politieke. Haar denke word geïnformeer deur die grensvlakke tussen Europese en nie-Westerse (veral postkoloniale Afrika) filosofie, en die moontlikheid van dialoog oor hierdie oënskynlik uiteenlopende maar fundamenteel verweefde denktradisies. Vir meer inligting oor haar navorsing en publikasies, besoek gerus www.bendahofmeyr.com

BENDA HOFMEYR is Professor in the Department of Philosophy at the University of Pretoria. She lived and worked in the Netherlands while completing her doctoral studies and postdoctoral research. She still maintains strong collaborative ties with the Radboud University Nijmegen where she obtained her doctoral degree in Philosophy on the work of Foucault and Levinas. Her research interests fall within the broad ambit of contemporary Continental philosophy (especially thinkers following in the wake of Heidegger with emphasis on post-structuralism and phenomenology) with an enduring fascination for the inextricable entanglement of the ethical and the political. Her thought is informed by the interfaces between European and non-Western (especially post-colonial African philosophy) and the possibility of a dialogue across these apparently divergent yet fundamentally intertwined traditions of thought. For more information about her research and publications, visit www.bendahofmeyr.com

Datums:

Ontvang: 2024-02-11

Goedgekeur: 2024-05-01

Gepubliseer: Junie 2024

ABSTRACT***Not the end of the world: Eschatology and time in Levinas***

Levinas mainly deals with the notion of eschatology in the preface of Totalité et infini (1961). There it appears in the context of his agreement with an entire tradition of philosophers claiming that the very nature of being is one of violence and war, which becomes manifest in the pervasive waging of political battles and wars. He further contends that a conception of morality based on the “pure subjectivism of the I” is powerless to shield humankind against such violence. The alternative he offers to such an impotent morality is an ethics of alterity. Eschatology is Levinas’s answer to how such an ethics of alterity would be capable of insulating humankind against calculative reason and the pressures of politics and war. To understand how eschatology succeeds in doing so and how Levinas fills in the notion, I argue that it should be understood within the context of his conceptualisation of time.

Levinas offers novel analyses of the forms and the work of time. Time, in Levinas, is the very inner structure of an existent’s movement of existing – I refer in this regard to the inherent chronological inconsistency of the human condition. In Levinas’s ethical metaphysics this inherent chronological inconsistency is theorised as the other (autre) within the self, an affective infection that dates back to a past that has never been present – it hails from the diachronic time of the Other – and is opened to the future, “to the newness of the unknown”. While this past is impossible to grasp, it nevertheless concerns me. I cannot remain unaffected in relation to it; it has left a trace. This alterity within the self becomes manifest as an inherent Desire for time, time that can only be given by the other person, which for Levinas is the Other (l’Autrui). This means that the singular time of my being is not yet time, does not yet have time, but the singular I bears an inherent Desire for time within. This Desire for time, then, emanates from the inherent chronological inconsistency which typifies the existent being “out of sync” with itself, a diastasis or a “standing apart from itself”. To be sure, this Desire is not a need to be filled, but as Desire, it is essentially insatiable. This Desire conquers the ecstatic time of need and satisfaction and the inevitable return to the self, the collapse back upon oneself that follows when needs are satiated, and the return of the unbearable heaviness of being that it signals. The early Levinas (De l’évasion, 1935) was looking for an escape from this irremediable Being. Only four decades later in Autrement qu’être ou au-delà de l’essence (1974) will Levinas come to fully plot out “a new path out of being,” a temporal path that he started to chart in Le temps et l’autre (1948), which forges a fundamental link between time and ethics. The time that the future brings is not merely the recurrence of the present instant or its continuation, but the possibility of another instant or a new beginning. How can an existent in the instant recommence otherwise? The coming of the future announces another original instant that cannot be approached but that comes; that cannot be assumed, since it appears as an epiphany. The existent is able to welcome the absolutely strangeness of the epiphany of the future because of the inherent susceptibility to fraternity and sociality, which is made possible by time. This, however, is not time that the existent has like a possession but a capacity to welcome time that springs from an existential chronological inconsistency – a being temporally out of joint. To further specify, this “capacity” is not a power that the individual instant is endowed with. Quite to the contrary, faced with the radical strangeness of the future, with the alterity of the face of the Other, the existent is reduced to a “radical passivity.” Passivity is the radix or root of ethical agency. The capacity that time gives, is the capacity for generosity, the power to be able to give of the riches accumulated. This is not to turn away from one’s egotistical selfish life once and for all, but a being turned to be able to welcome the Other without being obliterated in the face of an absolute Mystery.

The instant as an interruption announces the possibility of a new beginning, which is not the effacement of the past, but the pardon that purifies the past and the injustices committed. Pardon consists in a retroactive action that inverts the natural temporal order of things and implies the “reversibility of time”. Now the past instant has not passed but can be lived again, differently.

In Levinas we find a non-teleological conception of time. Truth, Levinas contends, requires both an infinite time and a completed time conceived as “messianic time”. Messianic time, more precisely, may be conceived as the “extreme vigilance of the messianic consciousness”, since it is only such vigilant consciousness that can protect us against the revenge of evil – which infinite time cannot do. This notion of “messianic consciousness” is encapsulated in Levinas’s conceptualisation of eschatology, which is the infinity beyond totality or beyond history, without denying history. The eschatological is not realised at the end of time but rather in each instant in which our responsibility vis-à-vis the Other is realised. If this responsibility exempts us from the jurisdiction of history and the future, salvation is not to be found at the end of history but remains at each moment possible.

*When Levinas speaks of eschatology in *Totalité et Infini* he does not refer to a doctrine but to a vision: “the eschatological vision” that consummates moral experience. It is not a spiritual relationship; it leads to action. To see (envision) is already to act. This action is evoked in feeling responsible in the face of the future one hopes for others. The future one hopes for others – a better future – is the eschatological vision realised in the eruption of the present as a purified past.*

KEYWORDS: Levinas; ethical metaphysics; ethics; Self; Other; alterity; ethical responsibility; eschatology; time; diachrony; trace; ipseity; illeity

TREFWOORDE: Levinas; etiese metafisika; etiek; Self; Ander; alteriteit, etiese verantwoordelikheid; eskatologie; tyd; diachronie; spoor; ipseïteit; illeïteit

OPSOMMING

In hierdie essay word die plek van eskatologie in Levinas se tydsbegrip krities onder die loep geneem. Daar word aangevoer dat Levinas se nadruklike aandrag in *Totalité et infini* (1961), naamlik dat eskatologie etiese verantwoordelikheid fasiliteer, nie onafhanklik van sy konseptualisering van tyd verstaan kan word nie. Eskatologie in Levinas is nie die leer van die laaste dinge nie, maar die verklaring wat Levinas bied vir hoe ’n etiek van alteriteit daartoe in staat is om die mensdom teen die geweld van berekende rede en die druk van politiek en oorlog te beskerm. Hoe eskatologie presies hierin slaag, word uiteengesit aan die hand van Levinas se oorspronklike analyses van die vorms en werk van tyd.

1. Eskatologie in Levinas

Die begrip eskatologie in die filosofiese werk van Levinas het nouliks noemenswaardige aandag onder sy kommentators en gespreksgenote geniet. ’n Opvallende uitsondering is natuurlik “Violence et métaphysique” (1967), waarin Derrida Levinas se gebruik van die begrip noukeurig ondersoek (Derrida, 1978:79-153). Derrida se essay sal egter nie deel vorm van my fokus hier nie, aangesien Robert Bernasconi reeds oortuigend sommige van die besorgdhede wat met Derrida se essay verband hou, ontmasker het. Bernasconi (1998:4) beweer dat hierdie besorgdhede deels voorspruit uit die onvermoë van sommige van Derrida

se lesers om sy interpretasie-strategieë te herken. My fokus sal eerder daarop wees om die plek van eskatologie in Levinas se konseptualisering van tyd te bepaal, wat lig werp op die feit dat vir Levinas eskatologie nie eenvoudig verstaan kan word as die leer van die laaste dinge nie. Alhoewel eskatologie 'n prominente plek in die voorwoord tot *Totalité et infini* (TI) (1961) inneem, kom dit nouliks aan bod in die res van die boek. Toe Levinas in 1984 deur Richard Kearney gepols is oor die begrip, wou dit voorkom asof Levinas dit verwerp, aangesien hy ernstige voorbehoud uitspreek deur die gevare wat voortspruit uit die implikasie dat “daar dalk 'n finaliteit, 'n einde aan die historiese verhouding van verskil tussen die mens en die absolute Ander” (Kearney, 1984:66) mag wees, uit te lig. Soos ons egter sal sien, is Levinas se verwysing hier na “'n finaliteit” en “'n einde” (*fin*) uiters misleidend gegewe die betekenis wat hy aan eskatologie in die voorwoord tot *TI* toeken. 'n Nadere ondersoek na die konteks waarin Levinas eskatologie bekendstel, kan help om lig te werp op die redes waarom hy hom tot hierdie begrip aan die begin van *TI* wend.

Hierdie konteks is een waar hy “die ondergeskiktheid van morele oorwegings aan brute politiek” (Bernasconi, 1998:3) aanspreek. Levinas voer aan dat moraliteit – 'n konsep van moraliteit gebaseer op die “suiwer subjektivisme van die ek” (*TI*:25) magtelos is om die mensdom te beskerm teen die geweld van oorlog. Hierdie geweld, beweer hy, is nie beperk tot oorlog nie, maar kom ook voor in tye van vrede, aangesien vredestryd dikwels slegs die nastrewing van oorlog op 'n ander manier as regstreekse aanval is. Soos Foucault (2004: 15) beweer deur Clauzewitz se stelling¹ om te keer, is “politiek die voortsetting van oorlog deur ander middele” (Foucault, 2004:15). Sodoende word die opskorting van moraliteit uitgebrei verby oorlog na politiek in die algemeen. Dit strek selfs verder as politiek, aangesien, soos hy uitwys, “die Syn sigself as oorlog aan filosofiese denke openbaar” (*TI*:21). Die geweld wat hy assosieer met die wesensaard van die Syn verstaan as oorlog, bestaan nie slegs daarin om “mense te verwond en te vernietig nie, maar in die onderbreking van hulle kontinuïteit; die geweld dwing hulle om rolle te vervul waarin hulle hulself nie meer herken nie, om nie alleen hulle verpligtinge nie, maar hulle eie substansie te verraai [want] hulle word daartoe gedwing om handeling uit te voer wat elke moontlikheid tot aksie sal vernietig” (*TI*: 21, my klem). As die ontologiese toestand van die bestaan, is hierdie geweld allesomvattend; daar is geen ontkoming daaraan nie. Volgens Levinas is hierdie beeld van die Syn vasgelê in die konsep van totaliteit – die totaliteit wat figureer in die titel van sy eerste magnum opus, wat hy met oneindigheid wil “aanvul”. Dit is belangrik om te beklemtoon dat die titel vertaal kan word as *Totaliteit* en [nie of] *die Oneindigheid* nie, wat gelees kan word in die Derrideaanse sin van “beide/en”, aangesien totaliteit 'n onontkombare ontologiese toestand van die Syn is. Dit neem ons terug na Levinas se 1935 boek, *De l'évasion*, waarin hy sy soektog om 'n weg uit die Syn te vind, begin, 'n weg wat hy eers in 1974 met *Autrement qu'être ou au-delà de l'essence* (*AE*) volledig kon naspour.

In *TI* bied Levinas 'n alternatief vir 'n opvatting van moraliteit gebaseer op die “suiwer subjektivisme van die ek”, wat ons 'n etiek van die Ander kan noem. So 'n etiek van alteriteit tree te voorskyn binne die sfeer van oneindigheid wat in die verhouding van dieselfde (*l'même*) met die ander (*l'autre*), ontstaan. Hierdie verhouding bly egter nie op die vlak van die ander in die algemeen (*l'autre*) nie, maar gaan die verhouding tussen die self en die persoonlike ander, die jy (*l'autrui*) vooraf. Die verhouding tussen dieselfde en die ander wat oneindigheid voortbring, is ook die domein van die partikuliere en die persoonlike, “wat onoortrefbaar is,

¹ “War is a mere continuation of policy by other means ...” (Clausewitz, 1982:xxiv).

[hoe dit] as 't ware die einste veld magnetiseer waarin die produksie van oneindigheid plaasvind" (TI, 26). So 'n alternatiewe opvatting van moraliteit, beweer hy, kan nie regstreeks deur die behoefte om oorloë of politieke stryde te voer, uitgedaag word nie. "Moraliteit sal politiek in die geskiedenis teëstaan en sal verder as die funksies van omsigtigheid gegaan het[...] om sigself onvoorwaardelik en universeel te verkondig wanneer die eskatologie van messiaanse vrede sigself op die ontologie van oorlog superponeer" (TI: 22). Opmerklik is Levinas se gebruik van die toekomstige voltooid tyd ("sal verder gegaan het") wat dui op 'n voorspelling, maar ook 'n terugblik op iets wat reeds voltrek is. Dis 'n profesie maar ook 'n openbaring van die onafwendbaarheid van iets wat oënskynlik sal en inderdaad ook wél gebeur het. Eskatologie is dus Levinas se antwoord op die vraag rakende hoe 'n etiek van die Ander daarin slaag om die berekende rede en die druk van politiek en oorlog te weerstaan. Wat Levinas hier bedoel, is in stryd met enige algemene begrip van eskatologie as die leerstelling of wetenskap van die laaste dinge sowel as die Joods-Christelike leer van 'n eskatologie van messiaanse vrede met sy geloof in 'n finaliteit van goddelike vrede. Soos ek sal aantoon, is dit onmoontlik om ten volle te verstaan wat Levinas bedoel met die bewering dat eskatologie etiese verantwoordelikheid handhaaf onafhanklik van sy konseptualisering van tyd.

2. Levinas se konseptualisering van tyd

Levinas se werk bevat geheel en al nuwe analyses van die vorms van tyd – van die hede, die verlede en die toekoms – maar ook 'n nuwe opvatting van die werk van tyd. Wat hierdie nuwe benadering aan die orde stel, is wat ek die inherente chronologiese teenstrydigheid noem wat die menslike bestaan struktureer – 'n te laat wees vir die verlede, 'n te vroeg wees vir die toekoms, en uit pas met die hede. "Tyd", soos Lingis verduidelik, "is die innerlike struktuur van subjektiwiteit, dit wil sê die beweging van ek-sistering" (Lingis in *EE*: 11).² Teenwoordigheid en die hede word deur 'n daad van self-posisionering bewerkstellig waardeur 'n wese identiteit toe-eien. 'n Wese, 'n eksistent (*Seiendes, l'étant, or l'existant*) tree te voorskyn of "substantiveer" uit die onpersoonlike Syn (anonieme bestaan) deur 'n "hipostase" (*EE*: 19). Soos Heidegger maak Levinas hier 'n konseptuele onderskeid tussen dit wat bestaan aan die een kant en bestaan in die algemeen aan die ander kant. Terwyl Heidegger egter van 'n besinning oor syndes (*Dasein*) uitgegaan het om sodoende die wesensaard van die Syn (*das Sein*) te ontdek, beskryf Levinas die weg na waarheid – en die weg na tyd – as 'n beweging vanaf "essensie" of "eksistensie" na "eksistente" (*EE*: 19). Die werkwoord "om te bestaan" word slegs verstaanbaar in sy partisipium, die eksistent, dit wat bestaan. Syn is dus die feit dat mens is, maar ook die feit dat *daar is*. 'n Eksistent, wese of synde kan nie van eksistensie of Syn geïsoleer word nie. Dit is. Tog is daar 'n *oomblik*, aldus Levinas, waartydens 'n synde, 'n substantief, in die suiwer werkwoord van Syn, in *Syn in die algemeen*, te voorskyn kom (*EE*: 17-18). In *Le temps et l'autre* (*TA*) (1948) verduidelik Levinas dat alhoewel 'n hipostase 'n hede daarstel, dit nog nie tyd in die bestaan invoer nie. Hierdie ontologiese gebeurtenis gee aan 'n Ek 'n teenwoordigheid, maar nie 'n tydsduur binne 'n lineêre reeks van voortduring nie. Hierdie hede is fundamenteel vlugtig – as dit sou voortduur, sou dit impliseer dat die eksistent sy bestaan ontvang het van iets wat dit voorafgegaan het, maar dit is iets wat uit sigself kom. Die essensiële vorm van begin is dus kortstondigheid (*TA*: 53). Die selfgeposisioneerde eksistent is soos 'n puls van bestaan, los van enige oordrag van die verlede

² *EE* is die afkorting wat deurgaans gebruik word vir Levinas se 1947-boek, *De l'existence à l'existant*.

en nog sonder enige vooruitsig op 'n toekoms. As sodanig is die eksistent gekluister in sigself, onherroeplik vasgevang in die absolute swaartekrag van sy/haar wese. Dit is die vorm van 'n oomblik.

2.1 *Van die huidige oomblik na oneindige tyd en voltooide tyd*

Hoe ontsnap die huidige oomblik van die ondraaglike swaarheid van die Syn?

Soos ons gesien het, is die huidige oomblik vir Levinas nie bloot 'n opeenvolging van die vorige oomblik nie, maar 'n onderbreking. In meer ekstreme terme gestel: tyd is 'n ervaring van afsterwe en herlewing: “Tyd is onderbroke; een oomblik kom nie uit 'n ander voort sonder onderbreking nie, deur 'n ekstase. In voortsetting ontmoet die oomblik sy dood en herleef” (TI: 284). Die oomblik implodeer as't ware onder sy eksistensiële gewig. Levinas voer aan dat die moontlikheid van herlewing in tyd geleë is, in die gawe van 'n toekoms en daarmee saam tydsduur wat die verhouding van die ek met die Ander veronderstel, en vrugbaarheid oor die onderbrokenheid heen wat tyd uitmaak. Levinas beskou vrugbaarheid as 'n “oorwinning oor die dood” (TA: 91). Hierdie oorwinning is nie 'n kwessie van mag nie. As dit nie 'n kwessie van mag is nie, “hoe kan die ego wat ek is, myself in 'n jy bly, sonder om nietemin die ego te wees wat ek in my hede is – dit wil sê, 'n ego wat onvermydelik terugkeer na sigself? Hoe kan die ego anders vir sigself word?” (TA: 91). Levinas se antwoord in TA, waardeur hy alteriteit en kontinuïteit teoretiseer, is vaderskap (wat ook moederskap insluit), dit wil sê, vrugbaarheid. Ek staan egter in 'n singuliere verhouding tot my kind, anders as my verhouding tot ander Andere. Vir Levinas veronderstel vaderskap 'n paradoksale verhouding: 'n verhouding met 'n vreemdeling wat gelyktydig 'n absolute Ander *en* ekself is (TA: 91). My kind is 'n ego, maar nie 'n alter ego nie. Vaderskap, volgens Levinas, is nie simpatie waardeur ek myself in my kind se plek plaas nie. Ek *is* my kind, nie deur simpatie nie, maar deur my wese. Vir Levinas open eros en die ouerskap wat dit moontlik maak 'n perspektief op die toekoms. In plaas daarvan om gekluister te bly in die oomblik wat deur hipostase bewerkstellig is, word vryheid bewerkstellig deur die gawe van tyd wat teweeggebring word deur middel van voortplanting (TA: 91).

In TI stel Levinas dat die misterie van tyd na die “sielkundige feit van die *felix culpa*” verwys: “Die feit en die regverdiging van tyd lê in die hervatting wat dit moontlik maak, in die herlewing, via vrugbaarheid, van al die ander moontlikhede wat opgeoffer is in die hede” (TI: 284). Levinas gaan voort deur 'n eeueoue vraag te stel: “Waarom is die ander kant, die hiernamaals, geskei van hierdie kant hier onder? Waarom is boosheid, evolusie, drama en skeiding nodig op die weg na die goeie?” (TI: 284). Levinas gee nie 'n direkte antwoord op hierdie vraag nie, maar lokaliseer eerder verlossing in jeugdigheid. Vir hom is die logika van “die veroneindiging [*infinition*] van tyd”, dit wil sê, tyd se struktuur van oneindige bestaan deur die jeugdige herlewing van onderbroke oomblikke, te vinde in die moontlikheid van oordeel en geregtigheid wat dit bring, en daarmee die vergiffenis van ongeregtighede in die verlede. Met jeug kom die moontlikheid van hernuwing, omdat dit tyd bied vir oordeel as die moontlikheidsvoorwaarde vir die waarheid. Dit bied die geleentheid vir regverdiging ten spyte van die mislukking van goedheid in die hede. Oneindige tyd is dus noodsaaklik om die “partikularisme van die verontskuldiging” in “doeltreffende goedheid” te omskep (TI: 284). Vergiffenis is nie die uitwissing van die verlede nie, maar eerder die suiwering van die verlede sodat 'n nuwe begin moontlik word. Levinas skryf dat die paradoks van vergiffenis gevind kan word in sy terugwerkende aksie, wat die natuurlike orde van dinge omkeer en die “omkeerbaarheid van tyd” (TI: 283) impliseer. Die kwytgeskelde verlede is nie die vergete

verlede nie; die begenadigde wese is nie 'n onskuldige wese nie, maar een wie se vorige oortredings in die vorm van 'n gesuiwerde hede bewaar bly. Aan die een kant, keer hierdie suiwering die orde van tyd om, en behandel die verlede oomblik asof dit nie verby is nie, sodat dit weer geleef kan word. Aan die ander kant, is hierdie bewaring van die verlede oomblik 'n transformasie wat die subjek toelaat om dieselfde verlede anders te leef. Daarom is die kwytskelding 'n daad van herskepping, sodat 'n nuwe toekoms vrylik kan begin. Tyd is dus nie bloot die herhaling van dieselfde nie. Wat 'n gesuiwerde verlede moontlik maak, is 'n toekoms wat absoluut anders kan wees as wat op grond van die verlede verwag kan word (Chehayed, 2019:390). Dit dui op 'n nie-teleologiese opvatting van tyd.

Binne hierdie konteks beweer Levinas dat waarheid 'n oneindige tyd benodig, maar hy voer in dieselfde asem aan dat daar ook 'n voltooide tyd nodig is, wat nie die dood is nie, maar "messiaanse tyd" (*TI*:85). Terwyl die oneindige tyd van vrugbaarheid die moontlikheid van vergiffenis en geregtigheid bied, verseker dit ons nie teen die terugkeer van die bose nie. Dit word slegs verwesenlik in die triomf van messiaanse tyd. Levinas vra: "Is hierdie oneindigheid [messiaanse tyd] 'n nuwe struktuur van tyd of die uiterste waaksaamheid van die messiaanse bewussyn?" (*TI*: 285). Hier beëindig Levinas die bespreking skielik en kom bloot tot die gevolgtrekking dat hierdie probleem die perke van die boek oorskry. As lesers is ons in die versoeking om hierdie onbeantwoorde vraag as retories te interpreteer en dus 'n aanduiding van sy redenasie oor die saak is, wat teen die intuïsie indruis: deur die begrip van messiaanse tyd herbevestig hy 'n nieteleologiese konsep van tyd. Hier, op die laaste bladsy voor die "Gevolgtrekkings"-afdeling van *TI*, word die sirkel van Levinas se redenasie voltrek en begin ons insig kry in die rede waarom hy eskatologie in die voorwoord bekendstel.

2.2 Eskatologiese tyd

Levinas se konseptualisering van tyd doen die aanvoorkom vir sy denke oor eskatologie. As tyd diskontinuitet is, in staat tot vergifnis, en as tyd 'n vernuwing moontlik maak waarin die verlede as onheuglik gedefinieer word, die toekoms as openheid vir die onkenbare, en die huidige oomblik as 'n nuwe begin, het ons 'n konseptualisering van tyd wat die weg baan vir Levinas om oor eskatologie na te dink. Vir Levinas, soos ons nou weet, is eskatologie nie 'n leer wat die oriëntasie van die geskiedenis aandui nie. Dit is nie die laaste oordeel nie, maar "die oordeel van al die oomblikke in die tyd wanneer die lewendes geoordeel word" (*TI*: 23).

Ons kan aflei dat vir Levinas boosheid, ewolusie, drama en skeiding die toestande is wat totaliteit tipeer, terwyl die moontlikheid om goedheid te realiseer in oneindigheid gesetel is (*TI*: 284). Totaliteit is dus nie die ware of absolute maatstaf van die Syn nie (*TI*: 22). 'n Ander konsep, die konsep van oneindigheid, wat netso primordiaal soos totaliteit is, is nodig om die "transendensie ten opsigte van totaliteit" uit te druk – 'n begrip wat "nie omvat kan word binne totaliteit nie" (*TI*: 23). Nogtans is oneindigheid nie die teleologiese einde van totaliteit nie. Hy hou vol dat eskatologie 'n verhouding met die Syn anderkant of buite die totaliteit of buite die geskiedenis instel wat nietemin nie buite die verlede en die hede is nie (*TI*: 22-23). Hierdie "buite", dring Levinas aan, moet nie op 'n suiwer negatiewe wyse verstaan word nie: "Dit word weerspieël binne die totaliteit en die geskiedenis, binne ervaring" (Bernasconi, 1998:6). Eskatologie as "buite" die geskiedenis dui op die positiewe aksie wat wesens van die jurisdiksie van die geskiedenis en die toekoms onthef, en hulle oproep om hulle volle verantwoordelikheid in die oomblik, in ervaring, op te neem (*TI*: 23). In dié sin word eskatologie aanwesig gestel binne die geskiedenis as die ontwrigtende huidige oomblik. Dit vernuwe elke oomblik

deur die volle betekenis daarvan op daardie presiese oomblik te herstel: “Dit is nie die laaste oordeel wat beslissend is nie, maar die oordeel van al die oomblikke in tyd, wanneer die lewendes geoordeel word” (TI: 23). As sodanig is eskatologie die domein van oneindigheid, omdat dit “’n verhouding met ’n *surplus buite die totaliteit* is” (TI: 22).

Om “buite” totaliteit te wees, beteken dus nie om die geskiedenis te ontken nie, maar om verantwoordelik te wees teenoor die Ander. Aangesien die geskiedenis op sigself ’n eindelose siklus van geweld is, vorm eskatologiese tyd ’n oordeel oor die geweld van die geskiedenis. Volgens Levinas is hierdie oordeel ten slotte eie aan God, die Absolute Ander, en word dit elke oomblik gevel. Belangrik is die feit dat Levinas se beroep op God nie altyd ’n teofaniese betekenis het nie, soos Chehayed uitwys. Meestal dui sodanige beroep op hoe ek aan die ander persoon verbonde is (Chehayed, 2019: 391). “Verlossing staan nie as ’n einde van die geskiedenis nie, of dien nie as die gevolgtrekking daarvan nie. Dit bly op elke oomblik moontlik” (DL: 84). In die oomblik van oordeel word subjektiwiteit verhef en word die grense van sy/haar wese oorskry. “Die oordeel van God wat my oordeel bevestig my terselfdertyd. Maar dit bevestig my juis in my minderwaardigheid” (TI: 246). As “God” hier na my wesentlike verbondenheid aan die Ander verwys, en “Sy oordeel” na die aanklag waarmee ek gekonfronteer word in die Gelaat van die behoeftige Ander, is ek “minderwaardig” in die sin dat ek tot dusver tekortgeskiet het. Ek word eger “bevestig” as ’n wese wat nog elke oomblik daartoe in staat is om die etiese verantwoordelikheid op te neem. Hierdie onderbreking van tyd is goedheid: “Goedheid bestaan daarin om ’n posisie in die Syn in te neem waar die Ander meer tel as ekself” (TI: 247). Dus, soos Chehayed (2019:391) dit stel, “is eskatologie nie ’n kwessie van wag vir ’n beter toekoms nie; dit is eerder ’n kwessie van verantwoordelikheid wat hoofsaaklik die huidige tyd betref”. Eskatologie is nie buite of verby tyd nie, maar in tyd, “omdat tyd vanuit Levinas se perspektief as diskontinuiteit beskou word, sodat ’n radikale nuutheid altyd die ketting van die homogeniteit van totaliteit kan verbreek” (Chehayed, 2019: 391).

2.3 *Diachroniese tyd of die tyd van die spoor*

In *AE* verdiep Levinas sy opvatting van tyd. Hy voer aan dat die etiese verpligting wat die Ander op my plaas ’n affektiewe ontroering is wat in my opwel vanuit ’n verlede wat nooit teenwoordig was nie, uit die diachroniese tyd van die Ander. As ons diachronie probeer verstaan in die konteks van sy vroeëre bewerings oor tyd, dui dit nie op ’n rasonele oplegging van ’n verantwoordelikheid nie, maar op ’n affektiewe aantasting deur die Ander uit ’n onheuglike verlede wat nooit teenwoordig was nie, of nooit teenwoordig was in die rasonele bewussyn van die eksistent nie. In ’n verlede wat herroeping ontduik, is die Ek affektief aangetas deur ’n kwesbaarheid wat die Ek sensitiseer vir die oproep van die Ander. Hierdie nie-rasonele bewuswording of ontroering maak die opneem van verantwoordelikheid teenoor die Ander moontlik, dit wil sê, die onderbreking van tyd in goedheid en die ontsluiting van die toekoms wat nie bloot die voortsetting van die hede in die toekoms is nie, maar ’n radikale afwyking van die hede, ’n nuwe begin. Dit is hierdie diachroniese tyd wat ’n noodsaaklike moontlikheidsvoorwaarde vir etiese handeling is, want etiese handeling is ’n optrede wat in die eerste instansie die Ander tot voordeel strek, voor of selfs ten koste van die self. Ons is dus, volgens Levinas se konseptualisering van tyd, voor ons tyd, ’n tyd wat nie herroep of aanwesig kan wees nie, maar ons is juis deur-tyd – dia-chronies – vatbaar vir die etiese oproep van die Ander. Vir Levinas is tyd dus van uiterste etiese belang.

Daar kan lig gewerp word op die etiese beduidenis van tyd deur te oorweeg net hoe presies diachroniese tyd etiese handeling moontlik maak, veral aangesien diachroniese tyd self

onmoontlik is om te begryp. Dit is onmoontlik omdat die oomblik van aanvang daarvan in 'n onheuglike verlede geleë is, terwyl dit terselfdertyd “ontsluit” is “vir die nuutheid van die onbekende” (Chehayed, 2019: 388). Die diachroniese tyd van etiese filosofie staan teenoor die tyd van sinchronie, dit wil sê, die tyd van ontologie, wat volgens Levinas verantwoordelik is vir die gewelddadige herleiding van andersheid tot eendersheid. Diachroniese tyd, aan die ander kant, ontwrig of stuit hierdie ander-verskralende neiging van die self deur “die niesamevalling tussen die self en die Ek” aan die lig te bring (*ibid.*). Levinas konseptualiseer dus tyd deur middel van “die andersheid wat onherleibaar is tot dieselfde”. Terwyl Levinas meestal hierdie idee van diachroniese tyd in *AE* ontwikkel, is dit alreeds in sy vroeëre werk aanwesig. Die doel van *TA*, volgens Levinas, is om aan te toon dat “tyd nie die prestasie van 'n geïsoleerde en eensame subjek is nie, maar dat dit die verhouding van die subjek met die Ander is” (*TA*: 39).

In navolging van Husserl beklemtoon Levinas die plek van verskil binne eendersheid. Hy doen 'n beroep op Husserl se fenomenologiese konsepte, “protensie” en “retensie” wat verband hou met die temporale struktuur van die bewussyn. Hierdie konsepte verklaar hoe die bewussyn tyd verstaan en ervaar. Protensie verwys na die antiserperende of vorentoe-reikende aspek van die bewussyn – 'n gerigtheid op wat kom deur die projeksie van verwagtinge of intensies. Retensie, aan die ander kant, verwys na die behoudende aspek van die bewussyn wat vashou aan dit wat net verby is. Dis die manier waarop die onmiddellike verlede behoue bly in die teenswoordige oomblik, en as sodanig beïnvloed dit ook ons persepsie van die hede. Husserl snoer tyd, sensoriese impressie en die bewussyn saam, en dit is in hierdie weselik temporale ketting waar verskil of andersheid in eendersheid figureer. Levinas verduidelik dit as volg: daar is bewussyn insoverre die sensoriese impressie van sigself afwyk sonder om te verskil. Die ander binne identiteit maak die samevalling van die self met sigself, 'n samevalling wat versmorend is, ongedaan. Die self is dus nie met sigself gesinchroniseer nie – gelyktydig “net verby” *en* “op die punt om nog te kom”. Dit impliseer 'n wysiging van die self sonder dat die self verander (*AE*, 32).

Tog wyk Levinas van Husserl af met die besef dat in laasgenoemde se denke “die tydstruktuur van sensoriese ontvanklikheid [*sensibility*] 'n tyd is van wat herwin kan word” (*AE*: 33). Husserl se bewering dat die nie-intensionaliteit van die oerretensie nie 'n verlies van bewussyn is nie “sluit die onherleibare diachronie ... agter die *vertoon* van die Syn uit” (*AE*: 34) wat *AE* juis aan die lig wil bring.

In “Diachronie en representasie”, 'n afsonderlike essay gepubliseer in *TA*, voer Levinas aan dat “die *vir-die-Ander* in die nadering van die gelaat – 'n *vir-die-ander* wat ouer as *bewussyn van ...* is - [...] gaan die intensionaliteit van die ego-subjek in sy/haar in-die-wêreld-wees vooraf, wat aan die self 'n gesintetiseerde en gesinchroniseerde wêreld gee” (*TA*: 106). 'n Bewustheid van 'n mens se inherente verantwoordelikheid vir die Ander, jou *vir-die-Ander*-wees, is dus nie 'n vorm van kennis nie, aangesien die sinchroniese wêreld van kennis altyd 'n redusering van alteriteit of andersheid tot dieselfde is. Die diachroniese tyd van *vir-die-Ander*-wees, volgens Levinas, is “'n ‘verhouding’ vanaf die ego na die ander” wat “asimmetries is, sonder noematiese korrelasie van enige tematiserbare teenwoordigheid” (*TA*: 108). Hierdie “verlede wat my aangaan” ten spyte van die feit dat dit “buite alle herinnering, re-tensie, voorstelling, of verwysing na 'n herroepte hede is”, is hoe Levinas die “dia-chronie van 'n verlede wat sigself nie tot re-presentasie ontleen nie” teoretiseer en wat ten grondslag lê aan die konkreetheid van die tyd wat die tyd van my verantwoordelikheid vir die Ander is (*TA*: 111-112).

Levinas beskou tyd as diskontinuiteit, waarin tyd hoofsaaklik deur *spore* bepaal word. Vir Levinas, soos Chehayed (2019:388) dit stel, lei die idee van die spoor 'n verlede in wat nie 'n blote "gewysigde hede kan wees wat deur tensies of herinneringe herwin kan word nie" (*ibid.*). Volgens Levinas, is "[n] spoor die invoeging van ruimte in tyd, die punt waar die wêreld neig na 'n verlede en 'n tyd" (*BPW*: 62).³ Anders as Husserl se voorgestelde verlede kan die verlede waarna die spoor verwys nouliks herwin word. Volgens Levinas, "om te wees as die *nalating van 'n spoor* is om verby te gaan, om te vertrek, om jouself vry te spreek" (*ibid.*). Die spoor dui op 'n radikale onheuglike verlede wat nie geken kan word nie, wat andersheid fundamenteel onherleibaar tot my voorstelling of representasie maak. Dit is onherleibaar omdat "Hy en derde persoon op een of ander manier buite die onderskeid tussen wesens en entiteite val. Slegs 'n wese wat die wêreld transendeer kan 'n spoor agterlaat. 'n Spoor is 'n teenwoordigheid van dit wat eintlik nooit daar was nie, van wat altyd verby is" (*BPW*: 63). Soos ons sal sien, dui hierdie verwysing na "Hy" wat die derde persoon is op die etiese betekenis van Levinas se konseptualisering van tyd.

Vir Levinas dui alteriteit op "'n afwyking en 'n verlede wat geen herinnering as 'n hede kan laat herleef nie" (*BPW*: 72). Hierdie andersheid van alteriteit is hoofsaaklik 'n ervaring van diachronie, wat daarop dui dat die Ander nooit teenwoordig is nie, behalwe deur die interval wat die sinchronisasie tussen die self en die Ander onderbreek, die onderbreking wat die Ander anders maak. Die begrip van die spoor kondig die self se radikale passiwiteit teenoor die Ander aan (Chehayed, 2019: 389). Dit beteken dat die verlede nie iets is wat herleef kan word nie, maar die openheid teenoor die Oneindige: "[Die] onheuglike verlede is nie 'n ekstrapolasie van menslike duur nie, maar die oorspronklike anterioriteit of die oorspronklike uiteindelikheid (*ultimacy*) van God in verhouding tot 'n wêreld" (*EN*: 57-58).

Hierdie prioritisering van die onheuglike verlede in Levinas is terselfdertyd 'n besorgdheid vir die toekoms: dit is om "te mik vir 'n tyd buite die horison van my tyd. Dit werk in 'n eskatologie sonder hoop vir jouself, 'n eskatologie van bevryding van my eie tyd" (*TdeA*: 610).⁴ Dit wat volgens Levinas nie onthou kan word nie, is miskien ook die ewigheid. Die betekenisvolheid van die ewigheid is nie vreemd aan die verlede nie: "Die ewigheid is die onomkeerbaarheid van tyd, die bron en toevlug van die verlede" (*TdeA*: 615-616). 'n Spoor is nie 'n regstreekse aanduiding soos 'n teken nie, want dit dui anderkant of verby die Syn (*TdeA*: 616). Hierdie "verby die Syn" waartoe die gelaat as spoor ons verplig, behoort tot die orde van die persoonlike. "*Verby die Syn is 'n derde persoon*, wat nie deur die self gedefinieer kan word nie, deur ipseïteit" (*ibid.*). Die ipseïteit van die Ek word dan oortref deur die *illeïteit* van die derde persoon – 'n ander Ander wat altyd teenwoordig is saam met of langs die gelaat. Die belang van die teenstelling tussen ipseïteit (van die Latyn *ipse* wat "self" beteken) en illeïteit (van die Latyn *ille* wat "hy" beteken) kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit is die sleutel tot die ontsnapping van die Syn, wat die hipostase – die metafisiese gebeure waardeur 'n synde of eksistent sigself van die onpersoonlike Syn (*il y a* of "daar is") onderskei – nie kon bewerkstellig nie. Slegs 'n synde, wat 'n oomblik is maar nog nie tyd nie, kan die Syn ontvlug – en die ondraaglike swaarheid van sy/haar wese – deur middel van die geskenk van tyd in sosialiteit. Sosialiteit verwys na die ontmoeting met die Ander, en die derde persoon wat altyd alreeds die verskyning van die Gelaat vergesel.

Waarom die noodsaak van die oënskynlik onmoontlike ontsnapping deur 'n synde van sy/haar synsaard? Wat behoue bly in die synsaard van die synde selfs na hipostase is die

³ *BPW* verwys na Levinas se *Basic Philosophical Writings*.

⁴ *TdeA* verwys na Levinas se *La Trace de L'Autre*.

onpersoonlikheid van die *il y a* (“daar is”) – die feit dat selfs wanneer daar niks is nie, volhard die “daar is” as ’n “dreunende stilte”, wat Levinas die “uitgeslote middel” noem. Die “uitgeslote middel” is nie niks nie, maar ook nie die Syn nie (*EI*: 48).⁵ Anderkant die gewig van die totaliteit van syndes en die Syn is die sosiale wat nie ’n ontsnapping van eensaamheid is nie, maar eerder ’n ontsnapping van die Syn (*EI*: 58-59). Die doeltreffendheid van die eties-sosiale verhouding is die voortdurende versteuring van die selfgelykheid van myself en die vestiging van ’n illeïteit in die self, wat verstaan kan word as die instelling van ’n soort derdepersoonsposisie wat saamval met die Ek. Die tyd van die illeïteit inherent aan die etiese verhouding behoort tot die onheuglike verlede wat die tyd van die toekoms ontsluit, aangesien dit tebewekoming van ’n spontane ipseïteit waarborg. Anders gestel, wat deur die geskenk van tyd van ’n Hy (of Sy) moontlik gemaak word, is die beweging van ’n Ek na ’n Jy in verhouding tot ’n U (die heilige Ander). Wat die selfgelykheid van die Ek ontwig, is die derde persoon in my aangesien Hy (of Sy) die tirannie van die ego in sy/haar selfvoldane afsondering aankla.

Die oomblik waartydens ek met die broosheid van die gelaat van die Ander gekonfronteer word, behoort dus tot ’n tyd van ’n onheuglike verlede. Hierdie oomblik is die tyd van die morele gebod:

My naaste slaan my voordat ek getref word, asof ek gehoor het voordat hy gepraat het. Hierdie anachronisme getuig van ’n tyd [*temporality*] wat verskil van een wat bewussyn skandeer. Dit dekonstrueer die herstelbare tyd van die geskiedenis en geheue waarin representasie voortgaan. [...] In nabyheid word ’n gebod gehoor asof dit uit ’n onheuglike verlede kom wat nooit teenwoordig was nie, en nie in vryheid begin nie. (*AE*: 88).

Hier teoretiseer Levinas wat ek die chronologiese teenstrydigheid van die menslike toestand genoem het as die inherente menslike kapasiteit vir etiese handeling, wat tog nie ’n mag is nie, maar ’n bemagtiging deur die fundamentele ontmagtiging van die egoïstiese ek deur die Ander. In *AE* lê hierdie verantwoordelikheid die self se radikale toerekeningsvatbaarheid bloot: “’n Gelaat is ’n spoor van sigself oorgelewer aan my verantwoordelikheid, maar waaraan ek tekort skiet. Dit is asof ek verantwoordelik was vir sy/[haar] sterflikheid, en skuldig omdat ek oorleef het” (*AE*: 91). Dit is die “anachronistiese onmiddellikheid” van die gelaat wat die naïewe spontaneïteit van die ego in vraag stel (*ibid.*). In ’n sekere sin is die spoor *buite* tyd en tog “verenig dit alle tye” (*BPW*: 63).

’n Spoor as spoor lei nie eenvoudig na die verlede nie, maar is die *oorgang* na ’n verlede wat meer afgeleë is as enige verlede en enige toekoms wat steeds in my tyd gesetel is – die verlede van die ander waarin ewigheid vorm aanneem, ’n absolute verlede wat alle tye verenig.

3. Samevattende gevolgtrekking: Levinas oor ons eksistensiële teenstrydigheid

Ons het gesien dat Levinas hoofsaaklik in die voorwoord van *TI* die begrip van eskatologie onder die loep neem. Daar kom dit voor in die konteks van sy instemming met ’n hele tradisie van filosofiese denke wat beweer dat die aard van die Syn een van geweld en oorlog is wat manifesteer in die deurlopendheid van politieke strydvoering en oorlog. Hy beweer verder dat ’n konsep van moraliteit gebaseer op die “suiwere subjektiwisme van die Ek” magtelos is om die mensdom teen sulke geweld te beskerm. Die alternatief wat hy bied vir so ’n magtelose moraliteit is ’n etiek van alteriteit. Eskatologie is Levinas se antwoord op hoe so ’n etiek van alteriteit daartoe in staat sou wees om die mens te beskerm teen berekende rede en die druk

⁵ *EI* verwys na *Ethics and Infinity. Conversations with Philippe Nemo*.

van politiek en oorlog. Om te verstaan hoe eskatologie daarin slaag om dit te doen en hoe Levinas die begrip invul, het ek aangevoer dat dit binne die konteks van sy konseptualisering van tyd verstaan moet word.

Levinas bied oorspronklike analises van die vorms en die werk van tyd. Tyd, in Levinas, is die innerlike struktuur van 'n eksistent se beweging van bestaan – dit wat ek beskryf het as die inherente chronologiese teenstrydigheid van die menslike bestaan. In Levinas se etiese metafisika word hierdie inherente chronologiese teenstrydigheid geteoretiseer as die ander (*autre*) binne-in die self, 'n affektiewe ontroering wat terugdateer na 'n verlede wat nooit teenwoordig was nie en wat afkomstig is uit die diachroniese tyd van die Ander. Terselfdertyd is dit oop vir die toekoms, “vir die nuutheid van die onbekende”. Terwyl dit onmoontlik is om hierdie verlede te begryp, betrek dit my nogtans. Dit laat my nie onaangeraak nie; dit het 'n *spoor* nagelaat. Hierdie alteriteit binne-in die self manifesteer as 'n inherente Verlange na tyd, tyd wat slegs deur die ander persoon (*l'Autrui*) gegee kan word. Dit beteken dat die singuliere tyd van my bestaan nog nie tyd is nie, nog nie tyd het nie, maar die singuliere Ek het 'n inherente Verlange na tyd. Hierdie begeerte na tyd spruit dus voort uit die inherente chronologiese teenstrydigheid wat die eksistent “uit pas” met sigself maak, 'n diastase of 'n “los van sigself staan”. Hierdie Verlange na tyd is nie 'n behoefte wat gevul kan word nie, want verlange is wesenlik onbevredigbaar. Hierdie Verlange oorwin die ekstatische tyd van behoefte en bevrediging en die onvermydelike terugkeer na die self, die ineenstorting terug op sigself wat volg op die bevrediging van behoeftes, en die terugkeer van die ondraaglike swaarheid van die bestaan waartoe dit lei. Die vroeë Levinas (*De l'evasion* (1935)) was op soek na 'n uitweg uit hierdie onherstelbare Syn. Eers vier dekades later in *AE* (1974) slaag Levinas ten volle daarin om “'n nuwe weg uit die Syn” te baan, 'n temporale weg wat hy aanvanklik in *TA* (1947) begin uitwerk het en wat 'n fundamentele band tussen tyd en etiek smee. Die tyd wat die toekoms bring, is nie bloot die herhaling van die huidige oomblik of die voortsetting daarvan nie, maar die moontlikheid van nog 'n oomblik, van 'n nuwe begin. Hoe kan die eksistent in die oomblik anders begin? Die koms van die toekoms kondig 'n ander oorspronklike oomblik aan wat nie genader kan word nie, maar wat kom; wat nie veronderstel kan word nie, want dit verskyn as 'n openbaring. Die eksistent is in staat om die absolute vreemdheid van die openbaring van die toekoms te verwelkom as gevolg van die inherente vatbaarheid vir broederskap (of susterskap) en sosialiteit wat moontlik gemaak word deur tyd. Dit is eger nie tyd wat die eksistent het soos 'n besitting nie, maar 'n vermoë om tyd te verwelkom wat voortspruit uit 'n eksistensiële chronologiese teenstrydigheid – 'n bestaan wat temporeel uit pas is. Om verder te spesifiseer, hierdie “vermoë” is nie 'n mag waaroor die individuele oomblik beskik nie. Intendeel, gekonfronteer met die radikale vreemdheid van die toekoms waarop die alteriteit van die gelaat van die Ander dui, word die eksistent gereduseer tot 'n “radikale passiwiteit”. Passiwiteit is die *radix* of wortel van etiese agentskap. Die vermoë wat tyd gee, is die vermoë om ruimhartig en mededeelsaam te wees. Dis is nie om vir eens en vir altyd weg te draai van 'n mens se eiewillige selfsugtige lewe nie, maar 'n wending wat dit moontlik maak om die Ander te verwelkom sonder om vernietig te word in die aangesig van 'n Absolute Misterie.

Die oomblik as 'n onderbreking kondig die moontlikheid van 'n nuwe begin aan, wat nie die uitwissing van die verlede is nie, maar die vergiffenis wat die verlede en die ongeregthede wat gepleeg is, suiwer. Vergiffenis bestaan uit 'n terugwerkende aksie wat die natuurlike verloop van dinge omkeer wat die “omkeerbaarheid van tyd” impliseer. Nou is die verlede oomblik nie verby nie, maar kan weer – anders – geleef word.

In Levinas vind ons 'n nieteleologiese opvatting van tyd. Hy voer aan dat waarheid beide 'n oneindige tyd en 'n voltooid tyd vereis wat hy "messiaanse tyd" noem. Meer presies kan messiaanse tyd beskou word as die "uiterste waaksaamheid van die messiaanse bewussyn" aangesien dit slegs sodanige waaksame bewussyn is wat ons kan beskerm teen die wraak van die bose – wat oneindige tyd nie kan doen nie. Hierdie idee van 'n "messiaanse bewussyn" word saamgevat in Levinas se konseptualisering van eskatologie wat oneindigheid buite totaliteit of buite die geskiedenis is sonder om die geskiedenis te ontken. Die eskatologiese word nie aan die einde van tyd gerealiseer nie, maar eerder in elke oomblik waarin ons ons verantwoordelikheid teenoor die Ander nakom. As hierdie verantwoordelikheid ons vrystel van die jurisdiksie van die geskiedenis en van die toekoms, is verlossing nie aan die einde van die geskiedenis te vinde nie, maar bly dit op elke oomblik moontlik.

Wanneer Levinas in *TI* van eskatologie praat, verwys hy nie na 'n leerstelling nie, maar na 'n visie: "die eskatologiese visie" wat morele ervaring volbring. (*TI*:23) Dit is nie 'n spirituele verhouding nie; dit lei tot aksie. Om te sien (visualiseer) is om alreeds tot aksie oor te gaan. Hierdie handeling word teweeggebring deur die verantwoordelikeheidsin jeens die toekoms waarvoor 'n mens hoop vir ander. Die toekoms waarvoor 'n mens hoop vir ander – 'n beter toekoms – is die eskatologiese visie wat in die ontketening van die hede as 'n gesuiwerde verlede verwesenlik word.

BIBLIOGRAFIE

- Bernasconi, R. 1998. Different Styles of Eschatology: Derrida's Take on Levinas' Political Messianism. *Research in Phenomenology*, 28:3-19.
- Chehayed, N. 2019. Nietzsche and Levinas on Time. *Continental Philosophical Review*, 52(4):381-395.
- Clausewitz, C. 1982. *On War*. Harmondsworth: Penguin.
- Derrida, J. 1967. Violence and Metaphysics. In Derrida, J. 1978. *Writing and Difference*, translated by Alan Bass. Chicago: The University of Chicago Press, pp. 79-153.
- Foucault, M. 2004. *Society Must be Defended. Lectures at the Collège de France, 1975-76*, translated by David Macey. London: Penguin Books.
- Kearney, R. 1984. *Dialogues with Contemporary Continental Thinkers* Manchester: Manchester University Press.
- Levinas, E. 1963. The Trace of the Other, translated by Alphonso Lingis. *Tijdschrift voor Philosophie*, 25(3):605-623.
- Levinas, E. 1978. *Existence and Existents*, translated by Alphonso Lingis. The Hague: Martinus Nijhoff.
- Levinas, E. 1979. *Totality and Infinity. An Essay on Exteriority*, translated by Alphonso Lingis. The Hague: Martinus Nijhoff.
- Levinas, E. 1985. *Ethics and Infinity. Conversations with Philippe Nemo*, translated by Richard A. Cohen. Pittsburgh: Duquesne University Press.
- Levinas, E. 1987. *Time and the Other*, translated by Richard Cohen. Pittsburgh: Duquesne University Press.
- Levinas, E. 1991. *Otherwise Than Being and Beyond Essence*, translated by Alphonso Lingis. Dordrecht/Boston/London: Kluwer Academic Publishers.
- Levinas, E. 1996. *Basic Philosophical Writings*, edited by Robert Bernasconi, Simon Critchley & Adriaan Peperzak. Bloomington: Indiana University Press.
- Levinas, E. 1997. *Difficult Freedom. Essays on Judaism*, translated by Seán Hand Baltimore: The Johns Hopkins University Press.
- Levinas, E. 1998. *Entre Nous. On Thinking-of-the-Other*, translated by Michael B. Smith & Barbara Harshav. New York: Columbia University Press.
- Levinas, E. 2003. *On Escape*, translated by Bettina Bergo. Stanford: Stanford University Press.

Die voorbereiding van departementshoofde in sekondêre skole vir hulle taak as effektiewe onder- rigleiers

Preparing heads of department in secondary schools for their role as effective educational leaders

GRIZELDA DU PLESSIS

Primêre Skool Naudeville Vrystaat
Welkom, Suid-Afrika
E-pos: grizelda.duplessis1@gmail.com



Grizelda du Plessis



Kobus Mentz

KOBUS MENTZ

Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit
Edulead Navorsingsentiteit
Potchefstroom Kampus, Suid-Afrika
E-pos: Kobus.Mentz@nwu.ac.za

GRIZELDA DU PLESSIS is 'n Afrikaans-onderwyseres by die Primêre Skool Naudeville. Nadat sy in 2013 haar BEd-studie in Intermediêre en Seniorfase aan die Noordwes-Universiteit voltooi het, het sy voltyds voortgegaan met 'n BEdHons in Onderwysbestuur, -reg en -stelsels voordat sy in 2017 'n onderwysaanstelling aanvaar het. Sy was bevoorreg om in 2020 haar meestersgraad in Onderwysbestuur onder die leiding van prof. Kobus Mentz met lof te slaag.

GRIZELDA DU PLESSIS is an Afrikaans teacher at Naudeville Primary School. After completing her BEd studies in Intermediate and Senior Phase at North-West University in 2013, she continued full-time with a BEdHons in Education Management, Law and Systems before accepting a teaching position in 2017. She was privileged to pass her master's degree in Education Management with distinction under the guidance of Prof. Kobus Mentz in 2020.

KOBUS MENTZ was tot 31 Mei 2023 professor in Onderwysbestuursleierskap en direkteur van die Skool vir Professionele Studies in Onderwys in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit. Sy voorgraadse en meestersgraad-studies het hy aan die Universiteit Pretoria en die Rand Afrikaanse Universiteit voltooi, en sy PhD in 1991 aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO). Hy was vir 'n aantal jare Wiskunde-onderwyser aan twee hoërskole voordat hy in 1985 by die destydse PU vir CHO aangestel is. Sy navorsingsfokus is die skool as organisasie en die voorbereiding van skoolhoofde. Hy het al

KOBUS MENTZ was professor of Education Management Leadership and director of the School of Professional Studies in Education in the faculty of Education at the North-West University until 31 May 2023. He completed his undergraduate and master's studies at the University of Pretoria and the Rand Afrikaans University, and in 1991 he obtained his PhD at the then Potchefstroom University for Christian Higher Education (PU for CHE). He was a Mathematics teacher at two secondary schools for a few years before he was appointed at the PU for CHE. His research focus is the school as organisation and the preparation of school princi-

Datums:

Ontvang: 2022-07-18

Goedgekeur: 2023-01-22

Gepubliseer: Junie 2024

meer as dertig artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer en talle nagraadse studente begelei. Kobus is op 1 Junie 2023 aangestel as rektor van Aros in Pretoria.

pals. He has published more than thirty articles in accredited journals and has acted as supervisor for a number of students. Kobus was appointed Rector of Aros, Pretoria in June 2023.

ABSTRACT

Preparing heads of department in secondary schools for their role as effective educational leaders

It is human nature to see the world as imperfect, because people strive towards improving existing and designing new systems. The education system is one such system which is regarded as being a challenge in South Africa, since it affects the quality of education received by every young South African. The serious nature of dysfunctionality could be attributed to the lack of competent leadership in schools. Learners' education and examination results are being impaired by inadequate teaching, dysfunctional school management, inefficient procedures and poor resources, which foster low educational standards.

Leadership practices make a significant contribution to the desired outcomes of a school. Department heads are responsible for educational leadership; however, as they rarely receive leadership training, it is impossible for them to acquire the knowledge and skills to prepare them for their task as educational leaders. There is a dire need for educational leaders who could run a school professionally. The principal and staff should be professional leaders and managers capable of establishing a culture of learning and effectiveness.

The purpose of this study was to establish if department heads have the required knowledge and skills to prepare them for their leadership and management role in a secondary school, how they see their competence in this regard, to identify the gaps regarding their preparation as effective educational leaders, and to submit proposals for improving the preparation of department heads for their leadership role.

The research methodology was based on quantitative research strategies whereby the research question could accordingly be answered by means of a once-off cross-sectional survey obtained from a random cluster sampling of secondary schools in a district with approximately 70 schools in the Free State province. Self-designed questionnaires, which had to be completed by all the department heads at the schools, were used. A total of 186 department heads participated in the investigation. Ethical approval to conduct the research was obtained from the North-West University.

Descriptive statistics and exploratory factor analysis were used to identify latent variables. Cronbach's alpha coefficient was used to determine the reliability of the variables involved. Hierarchical linear models were used to determine relationships among variables. The results showed that the heads of department view training and development as important, but they also indicated that they did not receive management training before their appointment in their position.

Finally, suggestions are provided for improving the preparation of department heads.

KEYWORDS: Leadership, management, educational leadership, preparation, department heads (middle-level managers), training, development, learner performance, effectiveness

TREFWOORDE: Leierskap, bestuur, onderrigleierskap, voorbereiding, departementshoofde (middelvlakbestuurders), opleiding, ontwikkeling, leerderprestasie, effektiwiteit

OPSOMMING

Alle bestaande stelsels, waaronder onderwysstelsels, verander voortdurend. Die onderwysstelsel is een van die stelsels in Suid-Afrika wat as 'n uitdaging gesien word, omdat dit die gehalte van onderrig beïnvloed. Die ernstige aard van disfunksionaliteit kan toegeskryf word aan die gebrek aan bevoegde leierskap in skole. Leerders se opvoeding en eksamenuitslae word benadeel deur swak onderrig, disfunksionele skoolbestuur, ondoeltreffende prosedures en swak hulpbronne, wat lae onderwysstandaarde tot gevolg het.

Leierskapspraktyke lewer 'n groot bydrae tot die gewenste uitkomst van 'n skool. Departementshoofde is verantwoordelik vir onderrigleierskap, maar aangesien hulle selde leierskapsopleiding ontvang, is dit vir hulle onmoontlik om kennis en vaardighede op te doen om hulle voor te berei vir hulle taak as onderrigleiers. Daar is 'n ernstige behoefte aan onderrigleiers wat 'n skool professioneel kan bestuur. Die skoolhoof en personeel moet professionele leiers en bestuurders wees, sodat 'n kultuur van leer en effektiwiteit geskep kan word.

Die doel van hierdie ondersoek was om te bepaal of departementshoofde oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die leierskap- en bestuursrol in 'n sekondêre skool te vervul, hoe departementshoofde hulle bevoegdheid in hierdie verband sien, wat die leemtes ten opsigte van die voorbereiding van departementshoofde vir hulle taak/rol as effektiewe onderrigleiers is, en om voorstelle ter verbetering van die voorbereiding van departementshoofde vir hul leierskapsrol te maak.

Die navorsingsmetodologie is gebaseer op kwantitatiewe navorsingstrategieë waarvolgens die navorsingsvraag beantwoord kon word deur middel van 'n eenmalige dwarsdeursnitopname wat verkry is met behulp van ewekansige trossteekproefneming by sekondêre skole in 'n distrik in die Vrystaat. Daar is gebruik gemaak van selfontwerpte vraelyste wat deur al die departementshoofde van die betrokke skole voltooi moes word. 'n Totaal van 186 departementshoofde het aan die ondersoek deelgeneem. Etiese goedkeuring om die studie te onderneem is van die Noordwes-Universiteit verkry.

Beskrywende statistiek (frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings) en eksploratiewe faktorontleding is gebruik om onderliggende latente veranderlikes te identifiseer. Cronbach se alfa-koëffisiënt is gebruik om die betroubaarheid van betrokke veranderlikes te bepaal. Hiërgargiese lineêre modelle is gebruik om verbande met biografiese en demografiese veranderlikes te bepaal. In hierdie studie is bevind dat daar 'n duidelike verband tussen onderrig en leierskap is en dat die meeste van die departementshoofde kwaliteitonderrig belangrik ag en as 'n prioriteit in hul departemente sien. Die departementshoofde in hierdie studie is ook van mening dat die leiding van skoolbestuurspanne die kwaliteit van onderrig in die departement beïnvloed. Departementshoofde vir wie onderrig, leierskap en leerderprestasie belangrik is, heg ook hoë waarde aan opleiding en voorbereiding.

In hierdie studie is ook bevind dat departementshoofde oor die algemeen nie bestuursopleiding ontvang het voor hul aanstelling in dié posisie nie. Sommige van die departementshoofde kon staatmaak op die kennis wat hulle opgedoen het tydens hul kollege- of universiteitsopleiding, wat hulle voorberei het vir hulle taak. 'n Klein aantal van die departementshoofde was oortuig dat hul voordiensopleiding nie van waarde was nie en dat hulle nie voorbereid was vir hul rol as beginnerdepartementshoofde nie.

Inleiding

Ten einde onderwys as 'n doeltreffende instrument vir verandering te verseker, is dit volgens Steyn en Wolhuter (2008:2) van kardinale belang om die struktuur en funksionering van die onderwysstelsel as instrument van gehalteonderrig te beskou. Verskillende rolspelers is vir

gehalteonderrig in skole verantwoordelik. Volgens Terblanche (2012:19) kan onderwys nie van die burokratiese struktuur losgemaak word nie, en moet onderwysleiers, skoolhoofde en departementshoofde hulle potensiaal binne hierdie raamwerk ontwikkel. Die leierskapsrol van die departementshoof in die skool is besonder belangrik. Die navorsing waarop hierdie artikel gebaseer is, het op die voorbereiding van departementshoofde vir hulle taak as effektiewe onderrigleiers in sekondêre skole gefokus. Die navorsing het ten doel gehad om die belangrike rol van voorbereiding en onderrigleierskap van die departementshoof ten einde onderrig en leer meer effektief te maak, te onderstreep.

Agtergrond

Volgens Lombard (2013:1) is dit in die menslike aard om die wêreld as onvolmaak te sien, aangesien mense daarna streef om bestaande stelsels te verbeter en nuwe stelsels te ontwerp. Die onderwysstelsel is een van die stelsels in Suid-Afrika wat as 'n uitdaging gesien word, en dit beïnvloed elke jong Suid-Afrikaner se ontvangs van gehalteonderrig.

Spaull (2013:1) maak dit duidelik dat effektiewe onderwys 'n ernstige probleem is omdat die onderwysstelsel in Suid-Afrika ondoeltreffend is en leerders dus onderpresteer. Taylor (2011:3) benadruk hierdie probleem deur te sê dat die endemiese disfunksie van skole in die land hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die swak werkvermoë van die staatsdiens, onderwysers en skoolhoofde asook amptenare wat nie die vaardigheid het om hulle werk na behore te verrig nie. Enslin en Pendlebury (1998:261) stel die vraag: “as onderwys nie kan verander nie, watter kans het ons om enige iets anders te verander?” Mense se verwagtinge vir groter indiensneembaarheid, demokratiese burgerskap en 'n beter lewe word grotendeels deur die gehalte van onderwys bepaal. Dit is dus duidelik dat daar groot kommer bestaan oor onderwys in Suid-Afrika omdat uitmuntende onderrig van kardinale belang is vir verandering en sukses.

Probleemstelling

Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) (2013:238) benadruk die feit dat daar ernstige krisisse met betrekking tot interne beheer is wat nog nie voldoende die hoof gebied word nie, waaronder leierskap, bestuur en beheer in skole. Volgens die nasionale evaluering- en ontwikkelingseenheid (NEEDU, 2013) kan die ernstige aard van disfunksionaliteit steeds toegeskryf word aan 'n gebrek aan bevoegde leierskap in skole. Die genoemde krisisse benadeel leerders, hulle opvoeding en eksamenuitslae as gevolg van swak onderrig, disfunksionele skoolbestuur, ondoeltreffende prosedures en swak hulpbronne, wat voorts ook lae onderwysstandaarde tot gevolg het.

Leierskapspraktyke lewer 'n groot bydrae tot die gewenste uitkomst van die skool. Van der Westhuizen (2011a:147) verdeel onderwysleiers in verskillende vlakke, naamlik die topbestuur (d.w.s. die skoolhoof en adjunkhoof), middelbestuur (d.w.s. departementshoofde) en operasionele bestuur (d.w.s. vakhooft en onderwysers). Die skoolhoof as onderrigleier is dus primêr verantwoordelik vir die professionele bestuur en beheer van die skool onder die gesag van die provinsiale departementshoof en het die belangrike verantwoordelikheid om as mentor van die onderrigleiers in sy of haar skool op te tree (Neumerski, 2012:335).

Effektiewe onderrigleierskap berus op komplekse verhoudinge tussen die skoolhoof en ander belanghebbendes. Volgens Inegbedion, Sunday, Asaley, Lawal & Adebajji (2020:2) kan komplekse verhoudinge beïnvloed word deur diversiteit, met verskille wat dikwels aanwesig is in rasse, geslag, etnisiteit, sowel as sosio-ekonomiese, geografiese en akademiese/professionele agtergronde.

Writer (2013) beklemtoon dat hierdie gesagspiramide en verhoudinge wat die onderwysstelsel verenig, in groot gevaar verkeer en dat daar 'n behoefte aan onderrigleiers is om 'n skool professioneel te kan bestuur. Dit is duidelik dat daar groot verwagtinge is rakende onderrigleierskap in skole waar departementshoofde as middelvlakbestuurders deel is van hierdie bestuurstruktuur. Die fokus van hierdie navorsing is dan ook op hierdie belangrike middelvlak, naamlik departementshoofde.

Departementshoofde is belangrike middelvlakbestuurders in skole en hulle waarde is daarin geleë dat hulle 'n groot invloed het op leerderprestasie, professionele bevoegdheid en motivering in skole (Ghavifekr & Ibrahim, 2014:55). Volgens Terblanche (2012:31) het departementshoofde as middelvlakbestuurders die potensiaal om suksesvol te wees, maar hulle het meestal aanvanklik nie die vaardighede nie en dikwels verstaan hulle ook nie hulle rol en verantwoordelikheid nie.

Die leierskapsrol van die departementshoof in die skool is besonder belangrik. Die verskraling van die rol van die departementshoof weens 'n gebrek aan opleiding kan bydra tot spesifieke bestuurs- en leierskapsprobleme en vakinhoudelike onbevoegdheid (De Beer, 2011:72). Dit wil egter voorkom asof departementshoofde nie bevoeg genoeg is wat betref leierskap, bestuur of vakgerigtheid vir hulle rol as middelvlakbestuurders nie, en hulle word, volgens Ghavifekr en Ibrahim (2014:55), nie ondersteun nie omdat daar nie voldoende op die ontwikkeling en opleiding van hierdie leiers gefokus word nie.

Volgens Ghavifekr en Ibrahim (2014:55) is departementshoofde ook verantwoordelik vir onderrigleierskap, maar ontvang hulle selde die nodige opleiding en is dit vir hulle moeilik of selfs onmoontlik om die nodige kennis en vaardighede op te doen wat hulle vir hulle taak as onderrigleiers voorberei. Onderrigleierskap vereis hoë vlakke van kennis en vaardigheid waarvoor skoolhoofde en ander leiers nie noodwendig voorberei is nie. Dit is nodig dat hierdie leiers se professionele ontwikkeling versigtig geëvalueer word (Southworth, 2002:88) omdat departementshoofde 'n groot bydrae lewer tot effektiewe onderrig en ontwikkeling van professionele bevoegdheid in skole (Ghavifekr & Ibrahim, 2014:49).

In die lig van die bostaande uiteensetting is daar deur die navorsing waaroor hier verslag gedoen word, gepoog om 'n antwoord op die onderstaande vraag te kry:

Hoe kan departementshoofde in sekondêre skole voorberei word vir hulle taak as effektiewe onderrigleiers?

Die volgende subvrae word gestel:

- Watter voorbereiding word tans aan departementshoofde gebied?
- Wat is departementshoofde se persepsie van die konsep “onderrigleierskap” in sekondêre skole?
- Wat is departementshoofde se persepsie van die konsep “voorbereiding” vir onderrigleierskap in die onderwyskonteks?
- Watter leemtes is daar in die voorbereiding van departementshoofde in sekondêre skole vir hulle taak om effektiewe onderrigleiers te wees, soos blyk uit hul persepsie van bogenoemde aspekte?

Die volgende afdeling neem die konseptuele raamwerk asook die aspek van voorbereiding vir onderrigleierskap in oënskou.

Konseptuele raamwerk

In hierdie afdeling word die konseptuele raamwerk van die navorsing sowel as die verband tussen onderrigleierskap en voorbereiding vir onderrigleierskap bespreek.

Volgens The General Teaching Council (GTC) van Skotland (2012:4) behels onderrig-leierskap die ontwikkeling van 'n visie ten opsigte van beter leeruitkomst. Leierskap gee dus rigting aan die werk van die personeel in 'n spesifieke skool. Volgens Terblanche (2012:30) kan leierskap ook beskou word as 'n aanduiding van doelstellings en verwagtinge binne 'n bepaalde opset. Van Wyk, Ogiana en Mampane (2016:61) beskou die skoolopset as 'n gemeenskap van mense wat op 'n spesifieke wyse gestruktureer word ten einde kollektiewe doelwitte na te streef en te bereik. Smith en Riley (2012:57) beskou onderrigleierskap as 'n strategiese proses wat ontwikkeling en kommunikasie rakende die visie en doelwitte van die skool sowel as 'n plan vir die nodige implementering, monitering en oorsig van onderrigleierskap bevorder.

Die aard van onderrigleierskap

Onderrigleierskap, as element van onderwysbestuur, het met verloop van tyd uitgebrei en wêreldwyd 'n essensiële deel geraak van onderwysnavorsing, -beleid en -praktyk (Hallinger & Wang, 2015:15). Onderrigleierskap as 'n maatskaplike aktiwiteit (Bogotch & Shields, 2016:1252) word sedertdien as 'n gevestigde begrip beskou wat leierskap en leer met mekaar verbind (Bush & Glover, 2014:556).

Leierskap bepaal die uitkomst van 'n skool (Southworth, 2002:78), en word deur die bydrae van ander persone, gebeure en organisasiefaktore, soos toewyding, onderrigpraktyke en skoolkultuur, moontlik gemaak. Positiewe onderrigleierskap het volgens Robinson (2010:2) uiteenlopende gevolge wat onder meer deelname van onderwysers, asook die bevordering van leer en ontwikkeling, doelwitte en verwagtinge, beplanning, koördinerende, evaluering en onderrig van die kurrikulum, strategiese hulpbronne en 'n ondersteunende omgewing insluit.

Webber, Mentz, Scott, Okoko en Scott (2014:502) is van mening dat positiewe onderrigleierskap aangeleer en onderrig kan word. Dit impliseer onder meer die fasilitering van onderrig en leer as die hoofdoel van onderrigleierskap. Volgens May (2012) verwys positiewe leierskap na die aanstelling van verantwoordelike persone wat leierskapspligte moet uitvoer. Onderrigleierskap is dus 'n bestuursfunksie (Gülcan, 2012:627) met bepaalde aktiwiteite, en het veral betrekking op die skoolhoof of bestuurder van 'n skool wat take enersyds persoonlik uitvoer of andersyds na personelede deleger ten einde die akademiese prestasie van leerders te verseker.

Hallinger en Wang (2015:38) beskryf onderrig en leierskap as praktykgebaseer, terwyl Swan (2004:1) dit as dinamiese kurrikulumlewering, gebaseer op verskeie strategieë soos refleksie, assessering en evaluering vir optimale leer, definieer.

Die term “onderrigleierskap” hou egter bepaalde uitdagings in vanweë onvoldoende empiriese bewyse van onderrigleierskap en die uitwerking daarvan op akademiese prestasies (Prytula, Noonan & Hellsten, 2013:3).

Onderrigleierskap vervul 'n groter rol as om bloot 'n element in die breër proses van skoolwerkzaamhede te wees (Van der Bijl & Prinsloo, 2016:26). Dit is eerder die sleutel tot suksesvolle onderwys waarvoor onderrigleiers, spesifiek departementshoofde, verantwoordelik is.

Die departementshoof se onderrigleierskapsrol in sekondêre skole

Departementshoofde speel 'n belangrike rol in die funksionering van departemente in sekondêre skole (Vanblaere & Devos, 2018:85). Hulle beklee 'n spesifieke leierskapsposisie en is verant-

woordelik vir sekondêre onderwys, wat lei tot professionele en tersiêre onderwys. Hierdie rol hou verband met organisatoriese en operasionele bestuur, strategie en beplanning asook die opbou van waardes wat belangrik is vir die leiding van mense, spanne en gemeenskappe (Sullivan, 2013:50).

Die departementshoof se rol in die skool is om betrokke te wees by klaskameronderrig, om verantwoordelikheid te aanvaar vir effektiewe funksionering van die departement, en om toepaslike buitekurrikulêre aktiwiteite te organiseer ten einde te verseker dat die vak, leerarea of fase en die onderwys van leerders op 'n behoorlike wyse bevorder word (DBO, 2016:36).

Alhoewel departementshoofde as middelvlakbestuurders nie deel van die senior bestuur van die skool is nie, is hulle volgens Rajoo (2012:22) verantwoordelik vir toesighouding oor en ontwikkeling van hulle kollegas, waar hulle gesien word as vakleiers, middelvlakbestuurders en kurrikulumkoördineerders (Smith, Mestry & Bambie, 2013:163). Volgens Gülcan (2012:628) word die departementshoof as 'n instrukteur met die kennis en vaardighede van 'n onderwyser wat 'n kardinale rol in die onderrig- en leerproses van die skool speel, beskou. Bush en Glover (2014:224) sluit kurrikulumkoördinasie, wat op meriete, uitnemendheid, ervaringe en harde werk fokus, daarby in.

Volgens Manaseh (2016:45) vereis hierdie rol dat departementshoofde aktief betrokke moet wees omdat hulle personeel beïnvloed. Rajoo (2012:20) is van mening dat departementshoofde die grootste direkte invloed het op onderrig en leer aangesien hulle in beheer is van die onderwysers wat op hulle beurt verantwoordelik is vir die implementering van die kurrikulum. Volgens Ghavifekr en Ibrahim (2014:46) word departementshoofde as 'n bron van ondersteuning vir die onderrig- en leerproses gesien. Dit sluit onderrigontwikkeling en vakkennis in, met die klem op onderrigleierskap (Rajoo, 2012:23).

Onderrigleierskap is 'n belangrike aspek om onderrigpraktyke, professionele bevoegdhede en motivering van onderwysers te verbeter (Ghavifekr & Ibrahim, 2014:46). In die middelvlakbestuur van die skool kom prominente verhoudings tussen onderwysers se verwagtinge en die toesighoudende rol van departementshoofde tot stand. Vir verbetering moet die departementshoof verantwoordelikheid aanvaar vir verskeie planmatige organisatoriese take in die departement, wat die uitdeel van pligte asook die uitoefening van gesag en verantwoordelikheid insluit en die verhouding tussen betrokkenes bepaal ten einde die gewenste doelwitte te bereik (Smith *et al.*, 2013:164). Om hierdie gewenste doelwitte te bereik, moet die departementshoof in sy of haar onderrigrol verantwoordelikheid aanvaar vir die onderstaande take (Ghavifekr & Ibrahim, 2014:47):

- bespreking van onderrigkwessies;
- waarneming van klaskameronderrig;
- die verskaf van terugvoer;
- ondersteuning van outonomie en beskerming van onderrigtyd;
- monitering van vordering deur die voorsiening en ondersteuning van die betrokkenes; en
- die gebruik van leeruitkomst vir programverbetering.

Hieruit kan afgelei word dat die effektiewe funksionering van die departement die primêre verantwoordelikheid van die departementshoof bly en dat hy of sy as middelvlakbestuurder direk aanspreeklik gehou kan word vir alle handeling, doelwitte en standaarde in die betrokke departement. Departementshoofde is dus verantwoordelik vir die onderwysers in hulle onderskeie departemente.

Llopis (2015:2) beklemtoon dat die leiding van departementshoofde prakties moet wees, omdat hulle as middelvlakbestuurders ander persone vir die toekoms voorberei. As leier moet die departementshoof dus voorbereid wees op die onverwagte, en hy of sy moet op ontwikkeling wat 'n verskil kan maak, ingestel wees. Llopis (2015:2) is verder van mening dat ontwikkeling sonder deeglike voorbereiding onmoontlik is.

Die aard van voorbereiding vir die onderrigleierskapsrol

Die vlak van vaardighede, kennis en ongelykhede wat betref onderrigleierskap kan toegeskryf word aan leierskapsvoorbereiding (Brazer & Bauer, 2013:4). Onderrigleierskap vereis baie kennis en vaardigheid, wat die rede is waarom skoolhoofde en ander leiers dikwels nie op leierskap voorbereid is nie. Daar bestaan ook kommer oor opleidingsprogramme wat veronderstel is om onderrigleiers voor te berei te midde van toenemende druk om hulle vir leerdereffektiewiteit toe te rus (Brazer & Bauer, 2013:2). Alhoewel daar, volgens Van Rooyen (2012:150), geen kriteria vir effektiewe onderrig bestaan nie, stel leierskapsvoorbereiding kandidate wel in staat om effektiewe onderrig te bereik (Brazer & Bauer, 2013:2).

Onsekerheid en 'n gebrek aan opleiding is redes waarom persone nie deeglik daarop voorberei is om 'n bepaalde rol te vervul nie. Doeltreffende voorbereiding is slegs geslaagd met inagneming van 'n spesifieke rol, die opdoen van toepaslike kennis, en die aanleer van sekere vaardighede (Brazer & Bauer, 2013:2).

Opleiding (voordiensopleiding en indiensopleiding)

Voordiensopleiding verwys na opleiding voor die aanvang van 'n werker (in hierdie geval 'n onderwyser) se loopbaan (Jumani, Rahman, Akhter, Chisthi & Ajmal, 2011:151). Dit kan as voorbereiding beskou word wat op professionele groei en die verbetering van eie prestasie ingestel is. Indiensopleiding, aan die ander kant, is bykomende opleiding vir werkers wat alreeds in 'n beroep werksaam is (Ibrahim, 2015:187). Jumani *et al.* (2011:152) beskou indiensopleiding as 'n voortdurende proses vir onderwysers aangesien baie van hulle nie ophou leer ná die verwerwing van 'n graad nie, maar steeds met opleiding voortgaan om professionele groei te bevorder en beter kwalifikasies te verwerf.

Opleiding is een van die belangrikste aspekte wat nodig is vir onderwysers aangesien opleiding (hetsy voor- of indiens-) onderwysers in staat stel om voorbereid te wees vir hulle werk of profesie.

Professionele ontwikkeling

Effektiewe, doelgerigte en innoverende onderrigleiers handhaaf 'n ontwikkelende, leergeoriënteerde kultuur wat die professionalisme van personeellede verbeter (Bruggencate *et al.*, 2012:721). Om professionele onderrigleiers te wees, moet die behoeftes, moontlikhede en verpligtinge van leierskap besef word (Van der Westhuizen, 2011a:192). Dit is ook belangrik dat toekomstige onderrigleiers besef dat professionele leer nie die voltooiing van 'n eenvoudige program is nie, maar eerder die voortdurende ontwikkeling van norme en ervaringe. Sodanige ontwikkeling verseker professionele groei wat, volgens Terblanche (2012:33), 'n beslissende faktor vir die onderwysprofesie en die verbetering van onderwys is.

In die volgende afdeling word die empiriese ondersoek wat op grond van bogenoemde konseptuele raamwerk gedoen is, bespreek.

Empiriese ondersoek

Doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel of departementshoofde oor die nodige kennis en vaardighede beskik vir die leierskaps- en bestuursrol in 'n sekondêre skool, hoe departementshoofde hulle kennis en bevoegdheid in hierdie verband sien, wat die leemtes in die voorbereiding van departementshoofde as effektiewe onderrigleiers is, en om voorstelle ter verbetering van hul voorbereiding aan die hand te doen.

Navorsingsontwerp en -metode

Tydens hierdie navorsing is kwantitatiewe navorsingstrategieë vanuit 'n positivistiese navorsingsparadigma gevolg. Hierdie navorsingsontwerp het sig daartoe geleen om die leemtes en werklike behoefte aan voorbereiding van departementshoofde in sekondêre skole volgens 'n nie-eksperimentele ontwerp beter te verstaan. Met hierdie ondersoek of ontwerp het die navorsers gepoog om 'n dubbelperspektief-ontleding aan te bied deur 'n selfontwerpte vraelys waarin die navorsers nie net die stem en perspektief van enkele deelnemers verkry het nie, maar ook steekproefneming van die spesifieke populasie kon benut.

Populasie en steekproef

Die navorsers het gepoog om die navorsingsvraag te beantwoord deur middel van 'n eenmalige dwarsnitsname van sekondêre skole in een distrik in die Vrystaat met minstens 200 leerders. Die departementshoofde van die 70 skole in hierdie distrik is met behulp van ewekansige trosssteekproefneming geselekteer. 'n Totaal van 186 departementshoofde het uiteindelik aan die ondersoek deelgeneem.

Data-insameling

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorsers gebruik gemaak van 'n selfontwerpte vraelys wat aan die hand van die literatuur opgestel is. Die vraelys is sodanig gestruktureer en saamgestel dat dit die navorsingsvrae weerspieël het. Die gestruktureerde vraelys het uit drie verskillende afdelings bestaan. In afdeling A is onder andere biografiese en demografiese inligting versamel; afdeling B het op die rol van die departementshoof en sy of haar onderrigleierskap, take en funksies gefokus; en afdeling C was 'n oop vraag waarin die departementshoof enige saak kon vermeld rakende sy of haar voorbereiding as departementshoof. 11 Faktore is geïdentifiseer wat beskryf word in Tabel 1.

Om die nodige inligting in te samel, is 'n vierpunt-Likertskaal vir die vraelys gebruik, naamlik 1 tot 4, waar 1 = glad nie saamstem nie, 2 = in 'n mindere mate saamstem, 3 = in 'n meerdere mate saamstem en 4 = baie gereeld saamstem.

Data-analise

Ná die insameling van die vraelyste by sekondêre skole in die Vrystaat het die navorsers die vraelyste na die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit geneem om die data in te lees, en verskillende statistiese tegnieke is aangewend om die data te ontleed.

Beskrywende statistiek (frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings) met betrekking tot die biografiese en demografiese faktore sowel as die individuele items is bepaal. 'n Bevestigde faktorontleding is op die data uitgevoer om die geldigheid van die vraelys te bepaal. Verder is t-toetse, ANOVAs, Spearman se rangordekorrelasies en effekgroottes gebruik.

Die t-toets is gebruik om die gemiddeld van twee biografiese groepe (manlik en vroulik) te toets om te bepaal of daar betekenisvolle verskille is. Ander biografiese veranderlikes, soos ras, is ook gebruik om vas te stel of die gemiddeldes betekenisvol verskil. Verder is die gemiddeldes van twee demografiese groepe (openbare skole en onafhanklike skole) ook bekom om te bepaal of daar statistiese verskille na vore kom.

Spearman se rangordekorrelasies-toets is gebruik om die verband tussen die faktore en die ordinale biografiese veranderlikes te bepaal. Ordinale data van ouderdom, hoogste onderrigkwalifikasie, jare ervaring as departementshoof, en die aantal onderwysers in die spesifieke departement is gebruik. Die korrelasies wissel van -1.0 tot +1.0. Waar daar geen korrelasie tussen veranderlikes is nie, word 0.00 aangedui. Verder is die ANOVA-toets gedoen om te bepaal of groepe verskillende gemiddeldes toon, en effekgroottes is gebruik om die kliniese betekenisvolheid van verskille te meet. Effekgroottes is volgens 'n skaal van 'n klein effek = 0.2 (die groepe verskil nie werklik nie), 'n mediumgrootte effek = 0.5 (die groepe verskil sigbaar) of 'n groot effek = 0.8 (die groepe verskil in praktyk) gemeet.

Etiese beginsels

Etiese toestemming is van die Noordwes-Universiteit se Etiekomitee en die bepaalde skoordistrik verkry. Die departementshoofde as deelnemers is ingelig oor die aard van die navorsing en die data wat ingesamel sou word. Deelname aan die navorsingstudie was vrywillig, en departementshoofde kon op enige stadium van die navorsingsproses onttrek sonder om redes te verskaf. Die data wat ingewin is, is vertroulik hanteer. Hierdie etiese beginsels wat tydens die navorsingsproses gevolg is, het ook die geldigheid van die navorsing ondersteun.

Bevindinge

Invloed van ordinale biografiese gegewens op onderrigfaktore

In hierdie afdeling word die verband tussen die ordinale biografiese veranderlikes van die departementshoofde teenoor onderrigfaktore aangetoon en bespreek. Ouderdom, hoogste onderrigkwalifikasie, jare ervaring as departementshoof en die aantal onderwysers in die spesifieke departement is gebruik om die Spearman-rangordekorrelasies te bepaal.

Tabel 1 toon die korrelasies tussen die subskale van vier faktore uit vraag 3 en sewe faktore uit vraag 4 (die departementshoof, onderrigleierskap, take en funksies) waar dit by die biografiese gegewens van departementshoofde gevoeg is. Die meerderheid korrelasies was statisties nie betekenisvol nie, maar daar was enkele korrelasies wat statisties betekenisvol was.

Korrelasie tussen die faktore onderrig en leierskap, ouderdom en jare ervaring as departementshoof

'n Positiewe korrelasie bestaan tussen onderrig en leierskap en ouderdom (0.202**) en ook 'n positiewe korrelasie met jare ervaring (0.205**), wat betekenisvol is op die 0.01-vlak. Onderrig en leierskap hou verband met die ouderdom en jare ervaring van die departementshoof. Hieruit kan afgelei word dat, hoe ouer en meer ervare die departementshoof, hoe meer betrokke is sy of haar onderrig en leierskap.

TABEL 1: Resultate van Spearman se rangordekorrelasie vir faktore en die biografiese gegewens van die departementshoofde

Faktore	Ouderdom onderrig- kwalifikasie	Hoogste as departe- mentshoof	Jare ervaring onderwysers in departe- ment	Aantal
Onderrig en leierskap	.202*	-0.071	.205**	0.013
Druk	0.087	0.051	-0.053	0.054
Samewerking	0.100	-0.121	0.040	-0.013
Bestuur en leerder- prestasie	0.130	-0.057	0.041	0.064
Ondersteuning en hulp- verlening	0.106	-0.080	0.143	0.054
Opleiding en voorbe- reiding	-0.002	-0.002	0.051	0.098
Visie en beleidsaspekte	.204**	-0.114	0.028	-0.043
Selfbemagtiging	-0.090	-0.016	-0.019	.198*
Effektiwiteit en georga- niseerdheid	0.135	-.154*	0.110	0.020
Vaardighede	0.058	-0.072	0.064	0.001
Vakkundigheid en kennis	0.068	-0.042	.155*	0.097

* die korrelasie is betekenisvol op die 0.05-vlak (2-kantig)

** die korrelasie is betekenisvol op die 0.01-vlak (2-kantig)

$r = 0.1$ klein; $r = 0.3$ medium; $r = 0.5$ groot praktiese betekenisvolheid

Korrelasie tussen die faktore, visie en beleidsaspekte en ouderdom van die departementshoof

'n Positiewe korrelasie bestaan tussen visie en beleidsaspekte en die ouderdom van die departementshoofde, met 'n korrelasie van 0.204** ($p < 0.01$), wat statisties betekenisvol is en daarop dui dat die ouderdom van departementshoofde 'n invloed kan hê op hulle siening van die visie en beleidsaspekte van onderwys.

Korrelasie tussen selfbemagtiging en aantal onderwysers in 'n departement

'n Klein korrelasie (0.198*, $p < 0.05$) bestaan tussen selfbemagtiging en die aantal onderwysers in die departement. Hierdie korrelasie is betekenisvol op die 0.05-vlak en dui daarop dat die aantal onderwysers in 'n departement 'n invloed het op ander kollegas en op selfbemagtiging. Hoe meer onderwysers daar is, hoe meer ondersteuning en blootstelling is beskikbaar vir selfbemagtiging.

Korrelasie tussen effektiwiteit en georganiseerdheid teenoor die departementshoof se hoogste onderrigkwalifikasie

'n Klein negatiewe korrelasie (-.154*) bestaan tussen die effektiwiteit en georganiseerdheid van die departementshoof en sy of haar hoogste onderrigkwalifikasie. Die negatiewe korrelasie kan as betekenisvol beskou word ($p < 0.05$). Hieruit kan afgelei word dat departementshoofde met hoër kwalifikasies minder betrokke is by effektiwiteit en georganiseerdheid.

Korrelasie tussen departementshoof se vakkundigheid en kennis teenoor jare ervaring

'n Klein positiewe korrelasie van 0.155* bestaan tussen jare ervaring, vakkundigheid en kennis van die departementshoof, wat betekenisvol is ($p < 0.05$). Dit blyk dus dat hoe meer ervaring die departementshoof het, des te hoër is sy of haar vakkundigheid en kennis.

TABEL 2: Resultate van die onafhanklike t-toets vir onderrigfaktore en die geslag van departementshoofde

Faktore	Vraag 1.2	N	Gemiddeld	Standaard-afwyking	p-waarde	Effek-grootte
Onderrig en leierskap	V	99	3.34	0.448	0.388	0.12
	M	83	3.40	0.389		
Druk	V	99	2.62	0.604	0.315	0.14
	M	83	2.71	0.661		
Samewerking	V	99	3.34	0.442	0.460	0.11
	M	82	3.39	0.455		
Bestuur en leerderprestasie	V	99	3.35	0.415	0.862	0.03
	M	83	3.36	0.401		
Ondersteuning en hulpverlening	V	99	3.03	0.444	0.625	0.07
	M	83	3.06	0.514		
Opleiding en voorbereiding	V	99	2.75	0.536	0.111	0.24
	M	83	2.88	0.552		
Visie en beleids-aspekte	V	99	3.44	0.392	0.443	0.11
	M	83	3.40	0.403		
Selfbemagtiging	V	99	3.27	0.478	0.643	0.07
	M	83	3.30	0.427		
Effektiwiteit en georganiseerdheid	V	99	3.17	0.550	0.924	0.01
	M	83	3.17	0.463		
Vaardighede	V	99	3.29	0.406	0.844	0.03
	M	83	3.30	0.423		
Vakkundigheid en kennis	V	99	2.96	0.544	0.193	0.19
	M	83	3.06	0.506		

V = Vroulik; M = Manlik

Invloed van die nominale biografiese gegewens en die faktore

In die onderstaande tabelle word daar gefokus op die nominale gegewens van die faktore soos verkry uit die vraelys wat deur die departementshoofde voltooi is.

Tabel 2 toon dat daar nie 'n statisties betekenisvolle verskil tussen mans en vrouens rakende hulle siening van die verskillende faktore is nie. Die effekgroottes wissel van 0.01 tot 0.24, wat almal klein is en in die praktyk nie betekenisvol is nie.

Tabel 3 toon dat daar geen statisties betekenisvolle verskille ($p < 0.05$) tussen openbare en onafhanklike skole is nie.

TABEL 3: Resultate van die onafhanklike t-toets vir openbare skole en onafhanklike skole van departementshoofde

Faktore	Vraag 1.4	N	Gemiddeld	Standaard-afwyking	p-waarde	Effek-grootte
Onderrig en leierskap	O	167	3.38	0.401	0.487	0.19
	ON	15	3.26	0.615		
Druk	O	167	2.64	0.638	0.356	0.24
	ON	15	2.80	0.604		
Samewerking	O	167	3.37	0.445	0.464	0.21
	ON	14	3.27	0.446		
Bestuur en leerderprestasie	O	167	3.36	0.413	0.739	0.08
	ON	15	3.32	0.366		
Ondersteuning en hulpverlening	O	167	3.05	0.475	0.742	0.09
	ON	15	3.00	0.552		
Opleiding en voorbereiding	O	167	2.82	0.553	0.289	0.23
	ON	15	2.69	0.425		
Visie en beleids-aspekte	O	167	3.41	0.399	0.349	0.25
	ON	15	3.52	0.388		
Selfbemagtiging	O	167	3.28	0.459	0.717	0.09
	ON	15	3.32	0.427		
Effektiwiteit en georganiseerdheid	O	167	3.20	0.457	0.194	0.36
	ON	15	2.88	0.894		
Vaardighede	O	167	3.29	0.407	0.680	0.11
	ON	15	3.35	0.484		
Vakkundigheid en kennis	O	167	3.02	0.518	0.525	0.17
	ON	15	2.91	0.627		

O = Openbare skole; ON = Onafhanklike skole

Die verband tussen die rol van die departementshoof, onderrigleierskap, take en funksies

In Tabel 4 word die faktore van vraag 3 en 4 van die vraelys met mekaar gekorreleer. Vraag 3 van die vraelys het gehandel oor die rol van die departementshoof en vraag 4 oor onderrigleierskap, take en funksies. Soos vroeër aangetoon, het vier faktore rakende die rol

TABEL 4: Korrelasies tussen die twee groepe faktore rakende die rol van die departementshoof en onderrigleierskap

Faktore		Onderrig en leierskap	Druk	Samewerking	Bestuur en leerderprestasie
Ondersteuning en hulpverlening	Korrelasie-koëffisiënt	.688*	-0.003	.567**	.543**
	p-waarde	0.000	0.972	0.000	0.000
	N	186	186	185	186
Opleiding en voorbereiding	Korrelasie-koëffisiënt	.555**	0.046	.374**	.470**
	p-waarde	0.000	0.530	0.000	0.000
	N	186	186	185	186
Visie en beleidsaspekte	Korrelasie-koëffisiënt	.680**	0.050	.648**	.5
	p-waarde	0.000	0.502	0.000	0.000
	N	185	185	184	185
Selfbemagtiging	Korrelasie-koëffisiënt	.282**	0.117	.204**	.335**
	p-waarde	0.000	0.112	0.005	0.000
	N	186	186	185	186
Effektiwiteit en georganiseerdheid	Korrelasie-koëffisiënt	.732**	0.078	.631**	.473**
	p-waarde	0.000	0.293	0.000	0.000
	N	186	186	185	186
Vaardighede	Korrelasie-koëffisiënt	.739**	0.066	.602**	.511**
	p-waarde	0.000	0.369	0.000	0.000
	N	186	186	185	186
Vakkundigheid en kennis	Korrelasie-koëffisiënt	.624**	.147*	.485**	.439**
	p-waarde	0.000	0.018	0.000	0.000
	N	185	185	184	185

* die korrelasie is betekenisvol op die 0.05-vlak (2-kantig)

** die korrelasie is betekenisvol op die 0.01-vlak (2-kantig)

$r = 0.1$ klein; $r = 0.3$ medium; $r = 0.5$ groot praktiese betekenisvolheid

van die departementshoof na vore gekom en sewe faktore rakende onderrigleierskap, take en funksies.

Tabel 4 gee die korrelasies ten opsigte van die vier faktore van vraag 3 en die sewe faktore van vraag 4 weer.

Hoë korrelasies (betekenisvol op die 0.05-vlak) is vir die onderstaande verkry:

Korrelasie tussen onderrig en leierskap, en ondersteuning en hulpverlening

Die hoë korrelasie (0.688) dui aan dat departementshoofde vir wie onderrig en leierskap belangrik is, ook hoë waarde heg aan ondersteuning en hulpverlening.

Korrelasie tussen ondersteuning en hulpverlening, en samewerking

Die hoë korrelasie (0.567) dui aan dat departementshoofde vir wie ondersteuning en hulpverlening belangrik is, ook hoë waarde heg aan samewerking.

Korrelasie tussen bestuur en leerderprestasie, en ondersteuning en hulpverlening

Die hoë korrelasie (0.543) dui aan dat departementshoofde vir wie bestuur en leerderprestasie belangrik is, ook hoë waarde heg aan ondersteuning en hulpverlening.

Korrelasie tussen onderrig en leierskap, en opleiding en voorbereiding

Die hoë korrelasie (0.555) dui aan dat departementshoofde vir wie onderrig en leierskap belangrik is, ook hoë waarde heg aan opleiding en voorbereiding.

Departementshoofde heg hoë waarde aan ondersteuning, hulpverlening, samewerking, opleiding en voorbereiding.

Korrelasie tussen opleiding en voorbereiding, en samewerking

Hierdie korrelasie (0.374) dui aan dat departementshoofde vir wie opleiding en voorbereiding belangrik is, ook hoë waarde heg aan samewerking.

Korrelasie tussen bestuur en leerderprestasie, en opleiding en voorbereiding

Die korrelasie (0.470) dui aan dat departementshoofde vir wie bestuur en leerderprestasie belangrik is, ook hoë waarde heg aan opleiding en voorbereiding.

Korrelasie tussen visie en beleidsaspekte, en onderrig en leierskap

Die hoë korrelasie (0.680) dui aan dat departementshoofde vir wie visie en beleidsaspekte belangrik is, ook hoë waarde heg aan onderrig en leierskap.

Korrelasie tussen visie en beleidsaspekte, en samewerking

Die hoë korrelasie (0.648) dui aan dat departementshoofde vir wie visie en beleidsaspekte belangrik is, ook hoë waarde heg aan samewerking.

Korrelasie tussen selfbemagtiging, en onderrig en leierskap

Die korrelasie (0.282) dui aan dat departementshoofde vir wie selfbemagtiging belangrik is, ook hoë waarde heg aan onderrig en leierskap.

Korrelasie tussen selfbemagtiging en samewerking

Die korrelasie (0.204) dui aan dat departementshoofde vir wie selfbemagtiging belangrik is, ook hoë waarde heg aan samewerking.

Korrelasie tussen bestuur en leerderprestasie, en selfbemagtiging

Die korrelasie (0.335) dui aan dat departementshoofde vir wie bestuur en leerderprestasie belangrik is, ook hoë waarde heg aan selfbemagtiging.

Korrelasie tussen effektiwiteit en georganiseerdheid, en onderrig en leierskap

Die hoë korrelasie (0.732) dui aan dat departementshoofde vir wie effektiwiteit en georganiseerdheid belangrik is, ook hoë waarde heg aan onderrig en leierskap.

Korrelasie tussen effektiwiteit en georganiseerdheid, en samewerking

Die hoë korrelasie (0.631) dui aan dat departementshoofde vir wie effektiwiteit en georganiseerdheid belangrik is, ook hoë waarde heg aan samewerking.

Korrelasie tussen effektiwiteit en georganiseerdheid, en bestuur en leerderprestasie

Die korrelasie (0.473) dui aan dat departementshoofde vir wie effektiwiteit en georganiseerdheid belangrik is, ook hoë waarde heg aan bestuur en leerderprestasie.

Korrelasie tussen vaardighede, en onderrig en leierskap

Die hoë korrelasie (0.739) dui aan dat departementshoofde vir wie vaardighede belangrik is, ook hoë waarde heg aan onderrig en leierskap.

Korrelasie tussen vaardighede en samewerking

Die hoë korrelasie (0.602) dui aan dat departementshoofde vir wie vaardighede belangrik is, ook hoë waarde heg aan samewerking.

Korrelasie tussen vaardighede, en bestuur en leerderprestasie

Die hoe korrelasie (0.511) dui aan dat departementshoofde vir wie vaardighede belangrik is, ook hoë waarde heg aan bestuur en leerderprestasie.

Korrelasie tussen vakkundigheid en kennis, en onderrig en leierskap

Die hoë korrelasie (0.624) dui aan dat departementshoofde vir wie vakkundigheid en kennis belangrik is, ook hoë waarde heg aan onderrig en leierskap.

Korrelasie tussen vakkundigheid en kennis, en samewerking

Die korrelasie (0.485) dui aan dat departementshoofde vir wie vakkundigheid en kennis belangrik is, ook hoë waarde heg aan samewerking.

Korrelasie tussen vakkundigheid en kennis, en bestuur en leerderprestasie

Die korrelasie (0.439) dui aan dat departementshoofde vir wie vakkundigheid en kennis belangrik is, ook hoë waarde heg aan bestuur en leerderprestasie.

Oor die algemeen korreleer al die faktore positief, maar druk as faktor beïnvloed nie die ander faktore nie.

Bespreking van bevindinge

Daar bestaan 'n duidelike verband tussen voorbereiding, opleiding en ontwikkeling (vergelyk Tabel 4) wat die betrokkenes in staat stel om sekere vooruitsigte te hê, veranderinge te maak, probleme op te los en uitdagings te aanvaar. Onderrigleierskap is 'n noodsaaklike element in bestuur, wat daarop fokus om volwasseneleer en die onderrigproses te fasiliteer (vergelyk Tabel 4). Onderrigleierskap is weer belangrik om onderrigpraktyke, professionele bevoegdhede en die motivering van onderwysers te verbeter. Onderrigleierskap berei onderwysers voor om hulle met behulp van wedersydse ondersteuning en die nodige ervaring bekwaam te maak.

Oor die algemeen korreleer al die faktore positief, maar druk as faktor beïnvloed nie die ander faktore nie. Dit kan impliseer dat as druk op departementshoofde geplaas word, hulle nie noodwendig beter sal presteer met betrekking tot die ander aspekte naamlik ondersteuning en hulpverlening, opleiding en voorbereiding, visie en beleidsaspekte, selfbemagtiging, vaardighede asook vakkundigheid en kennis nie.

Vervolgens word daar gefokus op enkele bevindinge rakende die kwantitatiewe resultate. Alhoewel daar ook oop vrae in die vraelys was, fokus hierdie artikel slegs op die empiriese ondersoek.

Daar was geen statisties betekenisvolle verskil tussen die deelnemende mans en vroue ten opsigte van hulle siening van die verskillende onderrigfaktore nie. Meer as die helfte van die departementshoofde het oor 'n minimum van vier jaar ervaring as departementshoof beskik. Daar was onsekerheid en 'n gebrek aan opleiding by departementshoofde. Hulle het gemeen dat hulle oor die nodige kennis en vaardighede beskik om alle onderrigleierskapstake en -funksies in hulle departemente te vervul, maar het nie bestuursopleiding ontvang met betrekking tot spesifieke onderrigleierskap, kennis en -vaardighede wat nodig is om effektiewe onderwysers te ondersteun nie. Voorafgaande dui daarop dat die voorbereiding van departementshoofde om hulle pligte uit te voer, feitlik afwesig is. Die kardinale rol van voorbereiding word dus genegeer deur sowel onderwysdepartemente as werkgewers as bestuurders in skole.

In hierdie studie is bevind dat die deelnemende departementshoofde oor die algemeen nie bestuursopleiding ontvang het voor hulle aanstelling in dié posisie nie. Sommige van die departementshoofde kon staatmaak op die kennis wat hulle opgedoen het tydens hulle kollege- of universiteitsopleiding. 'n Klein aantal van die departementshoofde het gevoel dat hulle voordiensopleiding nie van waarde was nie en dat hulle nie voorbereid was op hulle rol as beginnerdepartementshoofde nie. Dit het tot gevolg gehad dat departementshoofde soms onvoorbereid was op nuwe verwickelinge. Departementshoofde maak staat op indiensopleiding, en deelnemers het aangedui dat daar 'n behoefte bestaan aan meer opleiding- en ontwikkelingsprogramme in skole.

Daar is ook bevind dat die departementshoofde hulle rol as middelvvlakbestuurders besef. Dié besef is nodig vir hulpverlening en die verskillende ondersteunende onderrigleierskapsrolle in die skool en departement. Departementshoofde het dit duidelik gestel dat dit nie hulle taak is om die personeel in hulle departemente op te lei nie, maar wel om hulle te ondersteun sodat die onderwysers voorbereid kon wees vir hulle onderrigtaak om effektiewe onderwysers te wees. Die onderwysers is 'n kritieke deel van die onderrigleierskapslegkaart aangesien hulle verantwoordelik is vir dit wat geleer word en hoe dit geleer word.

Gevolgtrekking en samevatting

Die doel van die navorsing waarop hierdie artikel gebaseer is, is om te bepaal watter leemtes daar in die voorbereiding van departementshoofde by sekondêre skole bestaan om effektiewe onderrigleiers te wees, sodat voorstelle ter verbetering van die voorbereiding van departementshoofde vir hul leierskapsrol gemaak kan word.

Hierdie studie het bevind dat departementshoofde nie voldoende voorberei word vir hulle taak nie alhoewel hulle 'n groot behoefte daaraan het.

Die navorsers is van mening dat goeie voorbereiding die kern van effektiewe onderwys is, aangesien dit onderrigleiers in staat stel om die plaaslike agtergrond waar te neem, om die golwe van verandering te verstaan, om die aard van onderwysersweerstand te verander en om die potensiaal van onderwysers te verbeter. Skoolhoofde en departementshoofde as onderrigleiers het die verantwoordelikheid om te verseker dat onderwysers hulle deeglik vir die onderrigtaak voorberei. Hierin speel die departementshoof 'n kardinale rol. Die belangrike voorwaarde is dat hulle effektief en gefokus opgelei word.

BIBLIOGRAFIE

- Bipath, K. 2012. People in action. In Heystek, Nieman & Van Rooyen (eds). *People in leadership in education*. Johannesburg: Heinemann.
- Bogotch, I & Shields, CM. (eds). 2016. *International handbook of educational leadership and social (in)justice*. New York, NY: Springer International Handbooks of Education.
- Botha, RJ. 2002. Outcomes-based education and educational reform in South Africa. *International Journal of Leadership in Education*, 5(4):361-371.
- Brazer, SD & Bauer, SC. 2012. Preparing instructional leaders: A model. *Educational Administration Quarterly*, 49(4):645-684.
- Bruggencate, GT, Luyten, H, Scheerens, J & Slegers, P. 2012. Modelling the influence of school leaders on student achievement: How can school leaders make a difference? *Educational Administration Quarterly*, 48(4):699-732.
- Bush, T. 2007. Educational leadership and management: Theory, policy, and practice. *South African Journal of Education*, 27(3):391-406.
- Bush, T & Glover, D. 2014. School leadership and management in South Africa: Findings from a systematic literature review. *International Journal of Educational Management*, 30(2):211-231.
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2013. *Annual report: 2013/14*. Pretoria.
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2015a. *Action Plan 2019: Towards the realisation of schooling 2030*. Pretoria.
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2015b. *South Africa Yearbook 2015/16*. Pretoria.
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2016. *Personnel Administrative Measures (PAM)*. Pretoria.
- De Beer, ZL. 2011. Ervarings van departementshoofde as onderrigleiers in parallelmedium-laerskole. Ongepubliseerde MEd-tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Enslin, P & Pendlebury, S. 1998. Transforming education in South Africa? *Cambridge Journal of Education*, 28(3):261-267.
- Gardner, JW. 2013. The nature of leadership. In Fullan (ed.). *Educational leadership*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Ghavifekr, S & Ibrahim, MS. 2014. Head of departments: Instructional supervisory role and teacher perceptions. *Asian Journal of Social Sciences and Management Studies*, 1(2):45-56.
- Gülcan, MG. 2012. Research on instructional leadership competencies at school principals. *Education*, 132(3):625-635.
- Hall, D, Gunter, HM & Bragg, J. 2011. The discursive performance of leadership in schools. *Management in Education*, 25(1):32-36.
- Hallinger, P & Wang, WC. 2015. *Assessing instructional leadership with the principal instructional management rating scale*. New York, etc: Springer International.

- Ibrahim, AI. 2015. In-service staff training programme for effective science teaching. *American Journal of Educational Research*, 3(2):185-190.
- Jahangir, SF, Saheen, N & Kazmi, SF. 2012. In service training: A contributory factor influencing teachers' performance. *International Journal of Academic Research in Progressive Education and Development*, 1(1):31-38.
- Jenkins, B. 2009. What it takes to be an instructional leader. *Principal*:34-37.
- Jumani, NB, Rahman, F, Akhter, Y, Chisthi, SH & Ajmal, M. 2011. Relationship between training of teachers and effectiveness teaching. *International Journal of Business and Social Science*, 2(4):150-160.
- Kessler, V. 2010. Leadership and power. *Koers*, 75(3):527-550.
- Knapp, MS, Simangele, ST, Mkhwanazi, ST & Portin, BS. 2012. School-based instructional leadership in demanding environments: New changelings, new practices. In Barnett, Shoho & Cypress (eds). *The changing nature of instructional leadership in the 21st century*. Charlotte, NC: Information Age.
- Knudsen, HJ, Hadzibegovic-bubanja, E, Nielsen, S, Petkova, E & Nikolovska, M. 2013. *School-based in-service teacher training in Montenegro: A handbook for policy makers and practitioners*. Luxembourg: Publications Office of the European Union. doi:10.2816/18871.
- Labuschagne, FJ & Eksteen, LC. 2011. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. 9de uitg. Pietermaritzburg: Interpak Books.
- Llopis, G. 2015. *Preparation for effective leadership begins with 5 simple rules*. Forbes, <http://www.forbes.com/sites/glennllopis/2014/09/09/preparation-for-effective-leadership-begins-with-5-simple-rules/> [14 Oktober 2015].
- Lombard, K. 2013. Outcomes-based assessment for South Africa: A brief overview. In Meyer, Lombard, Warnich & Wolhuter (eds). *Outcomes-based assessment for South African teachers*. Pretoria: Van Schaik.
- Manaseh, AM. 2016. Instructional leadership: The role of heads of schools in managing the instructional programme. *International Journal of Educational Leadership and Management*, 4(1):30-47.
- May, R. 2012. *Principles of instructional leadership*. Business Dictionary, <http://www.businessdictionary.com/article/671/principles-of-instructional-leadership/> [13 Junie 2015].
- Morrison, AB. 2015. Handbook of Mindfulness and Self-Regulation. Mindfulness, attention, and working memory. New York: Springer. <https://miami.pure.elsevier.com/en/publications/mindfulness-attention-and-working-memory> [15 September 2016].
- Mosoge, J. 2012. Talent development. In Heystek, Nieman & Van Rooyen (eds). *People in leadership in education*. Johannesburg: Heinemann.
- Naicker, I. & Somdut, S. 2014. New kids on the block: Novice teachers and teacher leadership. *International Journal of Educational Sciences*, 7(3):569-578.
- Nash, R & Hwang, K. 2012. *Collaborative schools leadership: Practical strategies for principals*. New York, NY: Rowman & Littlefield.
- NEEDU (National Education Evaluation and Development Unit). 2013. *National report 2012: Summary*. <http://www.education.gov.za/NEEDU/tabid?860/Default.aspx> [19 April 2015].
- Neumerski, MC. 2012. Rethinking instructional leadership, a review: What do we know about principal, teacher, and coach instructional leadership, and where should we go from here? *Education Administration Quarterly*, 49(2):310-347.
- Niemann, R. 2012. Contemporary South African people leadership issues and development. In Heystek, Nieman & Van Rooyen (eds). *People in leadership in education*. Johannesburg: Heinemann.
- Patnoudes, E. 2015. What should come first? Training or professional development? *EdTech*, <https://edtechmagazine.com/k12/article/2015/03/what-should-come-first-training-or-professional-development> [18 April 2016].
- Pounder, DG. 2011. Leader preparation special issue: Implications for policy, practice and research. *Education Administration Quarterly*, 47(1):258-267.
- Prytula, M, Noonan, B & Hellsten, L. 2013. Toward instructional leadership: Principals' perceptions of large-scale assessment in schools. *Canadian Journal of Educational Administration and Policy*, (140):1-30.
- Rajoo, M. 2012. An investigation into the role of the head of department (HoD) as an instructional leader in the leadership and management of the teaching & learning of Accounting in two secondary schools in one district in Gauteng. Ongepubliseerde MEd-tesis. Witwatersrand: Universiteit van die Witwatersrand.

- Rigby, JG. 2013. Three logics of instructional leadership. *Educational Administration Quarterly*, XX(X):1-35.
- Robinson, VMJ. 2010. From instructional leadership to leadership capabilities: Empirical findings and methodological challenges. *Leadership and Policy in Schools*, 9(1):1-26.
- Schäfer, D. 2015. Western Cape Education Department (WCED) to expand competency based assessments for the appointment of deputy principals and heads of department. *Politicsweb*, <https://www.politicsweb.co.za/opinion/wced-to-roll-out-further-competency-assessments-d> [15 Mei 2015].
- Smith, C, Mestry, R & Bambie, A. 2013. Roleplayers and perceptions of departments instructional leadership role in secondary schools. *Education as Change*, 1(7):163-174.
- Smith, L & Riley, D. 2012. School leadership in times of crisis. *School Leadership & Management*, 32(1):57-71.
- Southworth, G. 2002. Instructional leadership in schools: Reflections and empirical evidence. *School Leadership and Management*, 22(1):73-91.
- Spaull, N. 2013. *South Africa's education crisis: The quality of education in South Africa 1994–2011*. Report commissioned by CDE.
- Writer, R. 2013. A crisis of teacher authority in schools. <http://www.stabroeknews.com/2013/opinion/editorial/03/26/a-crisis-of-teacher-authority-in-schools/> [8 April 2015].
- Steyn, HJ & Wolluter, CC. 2008. The education system and probable societal trends of the twenty-first century. In Steyn & Wolluter (eds). *Education systems and the challenges of the 21st century*. Noordbrug: Keurkopie.
- Sullivan, P. 2013. School leadership development framework for the Gauteng Department of Education. Johannesburg: *For the Matthew Goniwe school of leadership and governance*.
- Swan, V. 2004. *Instructional leadership is the way forward – NAPD*. Winifred Lucas, <http://www.esha.org/Documents/Instructional%20Leadership%20in%20the%20Classroom.pdf>. [12 Mei 2016].
- Taylor, N. 2011. *A five-year plan for South African schooling: A report commissioned by the National Planning Commission*. Johannesburg: Jet Education Services.
- Terblanche, M. 2012. Die deelnemende leierskapstyl van die departementshoof as komponent. Ongepubliseerde MEd-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- The General Teaching Council for Scotland. 2012. *Standards for Leadership and Management: supporting leadership and management development*. Edinburgh: GTC Scotland.
- Vanblaere, B & Devos, G. 2018. The role of departmental leadership for professional learning communities. *Educational Administration Quarterly*, 54(1):85-114.
- Van der Bijl, A & Kruger, OAG. 2016. Managing and leading the pedagogic-instructional programme. In Van Deventer (ed.). *Educator's guide to school management-leadership skills*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Westhuizen, PC. 2011a. Educational management tasks. In Van der Westhuizen (ed.). *Effective educational management*. Pretoria: Clyson Printers.
- Van der Westhuizen, PC. 2011b. The development of scientific management through and some developments in the fields of educational management. In Van der Westhuizen (ed.). *Effective educational management*. Pretoria: Clyson Printers.
- Van Deventer, I. 2016a. Developing excellence in schools: Management-leadership discourses in education. In Van Deventer (ed.). *Educator's guide to school management-leadership skills*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Deventer, I. 2016b. Education management-leadership tasks in schools. In Van Deventer (ed.). *Educator's guide to school management-leadership skills*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rooyen, JW. 2012. Assessing talent. In Heystek, Nieman & Van Rooyen (eds). *People in leadership in education*. Johannesburg: Heinemann.
- Van Wyk, A, Ogiana, CT & Mampane, S. 2016. Manage and lead the organisational climate and culture. In Van Deventer (ed.). *An educator's guide to school management-leadership skills*. Pretoria: Van Schaik.
- Wagner, T & Kegan, R. 2013. Conclusion: Bringing the outward and inward focus together. In Fullan (ed.). *Educational leadership*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Webber, CF, Mentz, K, Scott, S, Okoko, JM & Scott, D. 2014. Principal preparation in Kenya, South Africa, and Canada. *Journal of Organisational Change Management*, 27(3):499-519.

Riglyne vir die gebruik van konteksryke wiskundetake as uitgangspunt vir wiskundeonderrig aan leerders wat verstandelik erg gestremd is

Guidelines for the use of context-rich mathematics tasks as fundamental approach to teaching mathematics to learners with severe intellectual disabilities

JEVONN CLOETE, MAYLENE BASSON EN ERNA LAMPEN

Departement Kurrikulumstudie
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch, Suid-Afrika
E-posse: jevonncloete@gmail.com;
maylene.basson@westerncape.gov.za;
ernalampen@sun.ac.za



Jevonn Cloete



Maylene Basson



Erna Lampen

JEVONN CLOETE is 'n jong onderwyser en adjunkhoof betrokke by die Rusthof Spesiale Skool in die Strand wat voorsiening maak vir leerders met spesiale onderwysbehoefes (erge intellektuele gestremdheid en outisme). Sy kwalifikasies sluit onder andere 'n BEd (Algemene Onderwys: Wiskunde – *cum laude*), BEd Honneurs (Leerondersteuning – *cum laude*) en 'n MEd (Kurrikulumstudie) in. Sy navorsingsfokus is probleemgesentreerde- en konteksgedrewe wiskundeleer vir leerders met erge intellektuele gestremdheid. Hy is ook 'n fasiliteerder vir professionele ontwikkeling van opvoeders

JEVONN CLOETE is a young teacher and deputy principal involved with the Rusthof Special School in Strand, which provides education for learners with special educational needs (severe intellectual disability and autism). His qualifications include the degrees BEd (General Education: Mathematics – *cum laude*), BEd Honours (Learning Support – *cum laude*) and an MEd (Curriculum Studies). His research focus is problem-centred and context-driven mathematics learning for learners with severe intellectual disabilities. He is also a facilitator for professional development of teachers at the Cape Teaching

Datums:

Ontvang: 2023-09-26

Goedgekeur: 2024-03-05

Gepubliseer: Junie 2024

<p>by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) in die afdeling Inklusiewe Onderwys. Verder is hy ook die Wes-Kaapse Provinsiale Opleier van die Gedifferensieerde Kurrikulum (KABV) vir leerders met erge intellektuele gestremtheid in Wiskunde. Hy is in 2021 aangewys as die nasionale beste onderwyser in die kategorie Spesiale Onderwys tydens die Departement van Basiese Onderwys se nasionale onderwystoekennings.</p>	<p>and Leadership Institute (CTLI) in the Inclusive Education component. Furthermore, he is also the Western Cape provincial trainer of the Differentiated Curriculum (DCAPS) for learners with severe intellectual disabilities in Mathematics. In 2021, he was awarded the national best teacher in the category Special Needs Education during the Department of Basic Education's National Teaching Awards.</p>
<p>MAYLENE BASSON is 'n leerondersteuningsadviseur by die Wes-Kaap Onderwysdepartement asook 'n navorsingsgenoot aan die Universiteit Stellenbosch. Haar loopbaan in spesiale onderwys strek oor meer as 40 jaar, dus dit is haar passie om leerders wat leerhindernisse ervaar, te ondersteun. Sy behaal haar MEd. en PhD in Kurrikulumstudie onder leiding van Professor Michael le Cordeur. Haar navorsingsfokus is die bevordering van woordeskat en leesbegrip by nie-moedertaalsprekers. Sy het verskeie artikels in vaktydskrifte gepubliseer en referate by kongresse oor die onderwerpe gelewer.</p>	<p>MAYLENE BASSON is a learning support advisor at the Western Cape Education Department as well as a research fellow at Stellenbosch University. Being part of special needs education for more than 40 years, it is her passion to support learners who experience learning barriers. She obtained her MEd and PhD in Curriculum Studies under guidance of Professor Michael le Cordeur. Her research focus is the development of vocabulary and reading comprehension of non-mother-tongue speakers. She has published several articles in peer reviewed journals and delivered papers on these topics.</p>
<p>ERNA LAMPEN se belangstelling in Wiskunde-onderwys het begin tydens haar werk as voorskoolse Montessori onderwyser, toe dit duidelik geword het dat kennis nie deur apparaat oorgedra kan word of deur onderwysmetodiek verseker kan word nie, maar dat kind- en leerderdenke 'n komplekse aktiwiteit is, en dat wiskunde-onderdig die komplekse aard van denke moet erken en akkommodeer. Met 'n Wiskunde honneursgraad as agtergrond en onderrigonderwysing van voorskool-, hoërskool- en volwassene wiskunde-onderwys, het sy haar verdiep in die ontwikkeling van wiskundige denke – die vermoë om struktuur te soek en te ontwikkel. As wiskunde-onderdigdosent by Wits en tans by Stellenbosch Universiteit, beywer sy haar om onderwysstudente uit die groef van prosedureleer te help en 'n onderriggesprek te leer wat leerderdenke bevorder. Sy word gereeld deur onderwysdepartemente genader as raadgewer en vir professionele ontwikkeling van wiskunde-onderwysers. Sy is mede-outeur van die Sasol Inzalo handboekreeks wat in die publieke domein gepubliseer is en 'n sterk konseptuele ontwikkelingslyn het.</p>	<p>ERNA LAMPEN'S interest in Mathematics education began during her work as a preschool Montessori teacher, when it became clear that knowledge cannot be transferred by apparatus or ensured by teaching methodology, but that learner thinking is a complex activity, and that teaching mathematics must recognize and accommodate the complex nature of thinking. With a Mathematics honours degree as background, and teaching experience of pre-school, high school and adult mathematics education, she immersed herself in the development of mathematical thinking – the ability to look for and develop structure. As a Mathematics Education lecturer at Wits and currently at Stellenbosch University, she strives to help teaching students out of the rut of procedural learning and learn a teaching conversation that promotes learner thinking. She is regularly approached by education departments as a consultant and for professional development of mathematics teachers. She is co-author of the Sasol Inzalo textbook series that has been published in the public domain, and has a strong conceptual line of development.</p>

ABSTRACT***Guidelines for the use of context-rich mathematics tasks as fundamental approach to teaching mathematics to learners with severe intellectual disabilities***

The political and social environments in which learners with disabilities live often cause more limitation on the individual abilities of these learners than the disability itself (Capri et al., 2018:2). Likewise, mathematical thinking for learners who are severely mentally disabled is often limited to concretisation or memorisation, which tends to undermine mathematical number sense. This study was undertaken against the background of a lack of methodological guidelines for the teaching of mathematics in the new adapted curriculum for learners who are severely intellectually disabled. Context-rich mathematics tasks for the development of mathematical thinking in learners who are severely intellectually disabled were used during the study.

A qualitative research approach was followed in which empirical data were generated through three action research cycles. Data were collected through in-depth discussions, field notes, a literature review and learner work. Vygotsky's (1978:6) sociocultural theory was used as a theoretical framework because it highlights the importance of social interactions and mediated learning. The Reality, Abstraction, Mathematics and Reflection (RAMR) framework of Cooper and Carter (2016:177) is used as a didactic framework for a practical approach to mathematics education in the study.

According to the data from in-depth discussions with five educators, learners with intellectual disability are perceived to have limited number sense knowledge. These educators also indicated that their choice of learning tasks only included number facts, arithmetic fluency, memorisation, and teaching with concrete apparatus. Data from the in-depth discussions with two mathematics subject advisors working in special education pointed out educators' limited didactical knowledge for teaching mathematics to learners who are severely intellectually disabled. Based on these data, a teaching intervention was designed and implemented for six months. The purpose was to investigate the effect on participation and learning of changing the researcher's practice to focus on mathematical reasoning in context rich tasks. The lived experiences of the ten learners who were involved in the teaching intervention were included as a background to mathematics problems to design context-rich tasks. The guidelines from the research entail that real-life contexts in which mathematical problem types are embedded are conducive to learning experiences that are rich in discussion for learners who are severely intellectually disabled. Such an approach has the potential to make mathematics more meaningful to learners who are severely intellectually disabled, improve their mastery of contexts, and develop critical thinking. Findings from the action research process can be adapted to similar mathematics teaching practices.

KEYWORDS: mathematics education, guidelines, severe intellectual disability, context-rich tasks, action research, sociocultural theory, special education, RAMR teaching framework, number sense

TREFWOORDE: wiskundeonderrig, riglyne, verstandelik erg gestremd, konteksryke take, aksienavorsing, sosiokulturele teorie, spesiale onderwys, RAWR-onderrigraamwerk, getalbegrip

OPSOMMING

Die politiese en sosiale omgewings waarin leerders met gestremdhede leef, veroorsaak dikwels meer beperking van die individuele vermoëns van dié leerders as die gestremdheid self (Capri *et al.*, 2018:2). Eweneens word wiskundige denke vir leerders wat verstandelik erg gestremd is dikwels tot konkretisering en memorisering beperk, wat neig om begrip te ondermyn. Hierdie studie is onderneem teen die agtergrond van 'n tekort aan metodologiese riglyne vir die onderrig van wiskunde in die nuwe aangepaste kurrikulum vir leerders wat verstandelik erg gestremd is. Konteksryke wiskundetake ter ontwikkeling van wiskundige denke by leerders wat verstandelik erg gestremd is, is tydens die studie gebruik.

'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is gevolg waarin empiriese data gegenereer is deur middel van drie aksienavorsingsiklusse. Data is deur semi-gestruktureerde fokusgroep-onderhoude, veldnotas, 'n literatuuroorsig en leerderwerk ingesamel. Die literatuuroorsig is onderneem om 'n onderrig- en teoretiese raamwerk vir die studie te skep. Vygotsky (1978:6) se sosiokulturele teorie is as teoretiese raamwerk gebruik omdat dit die belangrikheid van sosiale interaksies en bemiddelde leer uitlig. Die Realiteit, Abstraksie, Wiskunde en Refleksie (RAWR)-onderrigraamwerk van Cooper en Carter (2016:177) word as didaktiese raamwerk vir 'n praktiese aanslag tot wiskundeonderrig in die studie aangewend.

Volgens die data van die fokusgroeponderhoud met vyf opvoeders, beskik leerders met intellektuele gestremdheid oor beperkte getalbegripkennis. Dié opvoeders het ook aangedui dat hul keuse van leertake slegs getalfeite, rekenvlotheid, memorisering en onderrig met konkrete apparaat insluit. Data uit die fokusgroeponderhoud met twee wiskundespesialiste wat in spesiale onderwys werksaam is, het opvoeders in die navorsingskool se beperkte didaktiese kennis vir wiskundeonderrig aan leerders wat verstandelik erg gestremd is, uitgewys. Gebaseer op hierdie data is 'n onderrigingreep ontwerp en vir ses maande geïmplementeer. Die tien leerders wat by die onderrigingreep betrek is, se geleefde ervaringe is as agtergrond by wiskunde probleme ingesluit om konteksryke take te ontwerp. Die riglyne wat uit die navorsing spruit, het tot gevolg dat lewensegte kontekste waarin wiskundige probleemtypes ingebed is, nuttig gebruik kan word in gespreksryke leerervarings vir leerders wat verstandelik erg gestremd is. Só 'n benadering het die potensiaal om wiskunde vir leerders wat verstandelik erg gestremd is meer betekenisvol te maak, hulle beheersing van kontekste te verbeter, en kritiese denke te ontwikkel. Bevindinge uit die aksienavorsingsproses kan aangepas word vir soortgelyke wiskundeonderrigpraktyke.

1. Inleiding

Die aangepaste Kurrikulum- en Assessering Beleidsverklaring (KABV) vir leerders wat verstandelik erg gestremd is (VEG-leerders¹), is in 2018 in spesiale skole vir VEG-leerders bekendgestel. Hierdie kurrikulum plaas klem op die aanleer van praktiese vaardighede en in mindere mate op teoretiese inhoud. Daar is hoë, maar realistiese verwagtinge in die kurrikulum dat leerders met ernstige intellektuele gestremdheid daarna moet streef om funksioneel onafhanklik te wees (Departement van Basiese Onderwys (DvBO), 2017:5). Wat kurrikulering betref, is die oorkoepelende doel en fokus van onderrig vir VEG-leerders die ontwikkeling

¹ Voorts sal die afkorting “VEG-leerders” in plaas van “leerders wat verstandelik erg gestremd is” gebruik word. Alhoewel die afkorting die woorde “verstandelik erg gestremde leerders” in hierdie volgorde weergee, is dit geensins die bedoeling om die gestremdheid van die leerders voorrang in volgorde te gee nie – die leerder staan te alle tye as *persoon* eerste.

van begrippe en vaardighede wat nodig is om doeltreffend in werksinkels, beskutte arbeidsmarkomgewings, tuis en in hul gemeenskappe te funksioneer. Oorhoofs vereis die KABV vir VEG-leerders dat 80% van die leer en onderrig 'n praktiese aanslag moet hê terwyl slegs 20% teoreties moet wees (DvBO, 2017:13). Daarmee saam word die leer- en onderrig-trajek in alle vakke van VEG-leerders in spesiale skole volgens hulle ontwikkelingsvlak uiteengesit en beplan, in teenstelling met leerders in hoofstroomonderrig wat volgens hul chronologiese ouderdomme van graad tot graad vorder. Tabel 1 bied 'n vergelyking tussen kurrikulumaspekte van hoofstroomonderrig en onderrig aan VEG-leerders.

TABEL 1: 'n Vergelyking tussen die KABV en die KABV vir VEG-leerders (DvBO, 2017:6)

KABV vir hoofstroomleerders	KABV vir VEG-leerders
Grade R – 12	Grade R – 5, maar die chronologiese ouderdom van die leerders verskil van die ouderdomme van die KABV
Leerder chronologiese ouderdomme Graad R: 6 jaar Graad 1: 7 Graad 9: 15 (einde van Basiese Onderrig) Graad 12: 18 (einde van Voortgesette Onderrig)	Leerder chronologiese ouderdomme: <ul style="list-style-type: none"> • Graad R: 5, 6 & 7 jaar • Graad 1: 8 & 9 • Graad 2: 10 & 11 • Graad 3: 12 & 13 • Graad 4: 14 & 15 • Graad 5: 16, 17 & 18 (Einde van basiese onderrig)
Maak voorsiening vir 13 jaar van onderrig	Maak voorsiening vir 14 jaar van onderrig
Teoriegefokusde kurrikulum (toepassing word as hoë denkvaardigheid beskou en het 'n kleiner as 50% gewig in assesserings)	Slegs 20% teorie met 'n 80% praktiese fokus op vaardigheidsverwerwing
Grade is nie onderverdeel nie (graad-gefokusde leer)	Elke graad is onderverdeel in 2 of 3 jaar met differensiasie (“graad-gewisselde” (<i>straddled</i> ²) leer)
Elke graad word in een kalenderjaar voltooi	Grade R en 5 word versprei oor 3 kalenderjare van opvoeding, terwyl grade 1 – 4 elk twee jaar neem
Leerders mag by 'n tegniese kollege inskryf met suksesvolle voltooiing van Basiese Onderrig (graad 9) of voortgesette onderrig aanpak.	Leerders met voldoende vaardigheid betree die tegniese beroepsfase wanneer hulle 15 jaar oud word.

² *Straddled learning* verwys na 'n vorm van kurrikulumdifferensiasie waar leerders graad-gewisselde leer ontvang deur werk van 'n ander graad as die graad waarin hulle is, te doen (Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuningsbeleid (DvBO, 2014).

Die KABV vir VEG-leerders het dus ten doel om leerders van lewensegte, doelgerigte leerervaringe te voorsien sodat die kennis na afloop van hul skoolloopbaan bruikbaar kan wees in beskutte arbeidsmarkomgewings en in onafhanklike huislike werksituasies (Departement van Basiese Onderwys, 2017:5). Dit geld ook vir wiskundeonderrig.

2. Probleemstelling

Volgens Boaler en Lamar (2019, geen bladsynommer) bestaan daar in die VSA baie probleme rondom wiskundeonderrig aan VEG-leerders, veral met die tradisionele prosedurebenadering tot leer wat memorisering bo begrip stel, en die gebrek aan lewensegte, praktiese aanknopingspunte. Selfs in die internasionale literatuur ontbreek spesifieke riglyne vir die gepaste onderrig van wiskunde aan VEG-leerders.

Ter plaatse vereis die Departement van Basiese Onderwys dat alle leerders (ook VEG-leerders) deur onderrig toegerus word om “krities ingestel [te] wees op die inskakeling van wiskundige verhoudings in sosiale, kulturele en ekonomiese omstandighede” (DvBO, 2002:28-29). Ten spyte van hierdie voorskrif vir wiskundeonderrig, is die KABV vir VEG-leerders nie ’n bron van praktiese strategieë vir wiskundeonderrig wat memorisering en onderrig met konkrete apparaat van wiskunde teëwerk, en toepassing, begrip en kritiese denke bevorder nie.

Die probleem wat deur hierdie navorsing aangespreek is, is die gebrek aan praktiese riglyne vir die onderrig van wiskunde aan VEG-leerders wat begrip, toepassing en kritiese denke ontwikkel. Aksienavorsing is aangewend sodat teoreties gegronde onderriginsette in beplande siklusse ontleed en verder verbeter kon word met die doel om riglyne aan te bied. Vervolgens word die aard van verstandelik erge gestremdheid *konseptueel begrond, sodat wiskundeonderriguitdagings duidelike konteks gegee kan word.*

3. Konseptuele begroning van die studie

Vygotsky (1978:7) se sosiokulturele teorie postuleer dat menslike begrip deur kulturele hulpmiddels, dinge sowel as mense, in die persoon se omgewing bemiddel word. Die hulpmiddels staan dus eerste en maak leer moontlik. Vir leerders met intellektuele gestremdheid word begrip ook deur kulturele hulpmiddels en interaksie met mense bemiddel. Soms veroorsaak houdings en sosiale interaksie van gemeenskappe dat hierdie leerders se toegang tot gepaste sosiale kennis benadeel word. Die ongeduld van die samelewing teenoor VEG-leerders se verstadigde kommunikasie beperk byvoorbeeld dikwels geleentheid waartydens hulle ’n saak stel – die ander neem gewoon oor.

Vygotsky (1986:190-194) het kognitiewe ontwikkeling binne ’n kultureel-historiese raamwerk sien ontvou. Hy is van mening dat kognisie op verskillende maniere (en tot verskillende vlakke) sou ontwikkel, afhangende van die invloed wat kultuur daarop het. Volgens Vygotsky (1986:190-194) ontwikkel wetenskaplike kennis uit alledaagse (spontane) kennis, terwyl spontane kennis die gevolg is van praktiese omgaan met kultuur. Leerders is derhalwe afhanklik van interaksie met ouers of mense in hulle onmiddellike omgewing om ryk spontane konsepte te ontwikkel.

Die ontwikkeling van wetenskaplike kennis is ’n proses van sistematiese samewerking tussen leerder en opvoeder waartydens laasgenoemde as bemiddelaar optree (Vygotsky, 1986:187). Die onderwyser as bemiddelaar se rol is om leerders te betrek in ’n leersone waar die leerder uitgedaag word. Leerders moet ervaar dat hulle nie met hulle huidige kennis en op

hulle eie die uitdaging te bowe kan kom nie, maar wel met behulp van die bemiddelaar se weldeurdagte toetrede (Vygotsky, 1986:187). Leerontwikkeling behels dus dat die leerder algaande onafhanklik raak van die toetrede van 'n bemiddelaar soos wat verworwe kennis vorige uitdaginge na roetinetake verander.

Volgens Kozulin, Gindis, Ageyev en Miller (2003:200-204) was Vygotsky se pleidooi dat skole en gemeenskappe se negatiewe houdings teenoor persone met gestremdhede moes verander. Soms veroorsaak houdings en sosiale interaksies van gemeenskappe dat hierdie leerders se toegang tot gepaste sosiale kennis benadeel word. Die ongeduld van die samelewing teenoor VEG-leerders se verstadigde kommunikasie beperk byvoorbeeld dikwels geleenthede waartydens hulle 'n saak stel – die ander neem gewoon oor. Met die oog op onderwys, beklemtoon Gindis (2003:200-201) Vygotsky se benadering van positiewe differensiasie waar VEG-leerders se potensiaal aangepas en hulle sterkpunte, in plaas van swakhede, tydens onderrig en leer betrek word.

Ten spyte van Vygotsky se invloed op navorsing oor hoofstroom wiskundeonderrig, is daar bykans geen navorsing oor onderrig aan VEG-leerders met 'n sosio-kulturele uitgangspunt nie. Lambert en Tan (2019:21) se sistematiese oorsig van internasionale navorsing (in Engels) oor die onderrig en leer van wiskunde, dui aan dat uit 2 744 studies wat tussen 2013 en 2017 uitgevoer is, slegs 16% oor wiskunde handel. Hierdie artikels het hoofsaaklik in joernale oor spesiale onderrig of sielkunde verskyn. Verder handel slegs 4% van artikels wat in Wetenskap-Tegnologie-Ingenieurswese-en-Wiskunde (STEM)-onderrigjoernale verskyn het oor spesiale onderrig. Slegs 30 uit die 2 744 artikels spreek intellektuele gestremdhede aan, hoofsaaklik uit 'n mediese of behavioristiese oogpunt, en is kwantitatief van aard. Hierdie tipe navorsing beskou gestremdheid as 'n toestand van die individu en ontken die rol van sosiale en kulturele interaksie en akkommodasie wat Vygotsky bepleit. Verder berig hierdie soort navorsing oorwegend oor tekortkominge van leerders (soos ondergemiddelde IK-tellings) en onderwysers, eerder as oor ingrepe, intervensies of voorstelle om teorie te ontwikkel. Gevolglik is daar min inligting oor wat in wiskundeklaskamers van VEG-leerders plaasvind.

Die konseptuele uitgangspunt vir die aksienavorsing in die studie is sosio-konstruktivisties (Kim, 2014:1) en soos volg geoperasionaliseer: om as bemiddelaar 'n onderrigpraktik te vestig en na te vors waar leerders se kognitiewe sterkpunte as uitgangspunt vir leer gebruik word; om leerders se lewensegte kontekste as bron van wiskundetake te ontgin; en om toepaslike eise aan VEG-leerders te stel om kennis krities toe te pas binne steeds uitbreidende lewenskontekste. Die uitgangspunt vereis dat die onderwyser-navorsers diep begrip van VEG-leerders en hulle leefwêreld moet nastreef en uitgebreid aan hulle onderwysleefwêreld moet meedoen.

4. Literatuur oor wiskundeonderrig aan VEG-leerders

4.1 Die ontwikkelingsprofiel van leerders met erge intellektuele gestremdheid

Uit 'n mediese en sielkundige oogpunt is leerders wat verstandelik erg gestremd is se intelligensiekwosiënt (IK) laer as 70 wanneer hulle deur gestandaardiseerde individuele intelligensietoetse geassesseer word. VEG-leerders, soos die leerders wat aan hierdie studie deelgeneem het, behaal oor die algemeen tussen 20 en 34 IK-punte (Adnams & Johns, 2016:5) in vergelyking met die wêreldnorm van 100. VEG-leerders ontwikkel stadiger, ondervind probleme met redenering, flinkheid met die herroep van inligting, en met aanpassing in nuwe situasies. Die American Psychological Association (APA) (2020, geen bladsynommers nie)

spesifiseer dat verstandelik erge gestremdeheid gekenmerk word deur beduidende ondergemiddelde intellektuele funksionering met verwante beperkings in twee areas: intellektuele funksionering (leer, probleemoplossing en oordeel) asook aanpasbare funksionering (alledaagse aktiwiteite soos kommunikasie). Vanuit 'n sosiokognitiewe benadering moet hierdie beperkings op vaardighede in ag geneem word, en die vermoëns wat hulle wel het geïdentifiseer, gerespekteer en ontwikkel word.

Wiskundige ontwikkeling geskied in komplekse interaksie met taal- en kommunikasie-ontwikkeling. Taalontwikkeling geskied tipies teen 'n baie stadige tempo – VEG-leerders gee voorkeur aan aksie en visuele kommunikasie eerder as die gebruik van taal en simbole (Uys, 2016:504). Die gevolg daarvan is dat alternatiewe kommunikasiemetodes en hulpmiddele (soos handgebare en prente) ingespan moet word om die leerders doeltreffend by onderrigkommunikasie te betrek. VEG-leerders mag ook moeilikheid met sosiale interaksie tydens onderrig ervaar – dit omvat beperkte gesprekvoering, egosentrisiteit, beperkte sosiale oordeel, onvanpaste gedrag, emosionele onstabiliteit en beperkte besluitnemingsvermoë (Uys, 2016:504).

Terwyl baie min navorsing beskikbaar is oor kritiese denke van spesifiek VEG-leerders, dui Sallmani en Rushidi-Rexhepi (2019:87) aan dat kritiese denke in die literatuur as hoër-orde denke beskou word en dat dit moeiliker deur leerders met leerstruikelblokke aangeleer word, omdat dit nie in spesiale onderwys geprioritiseer of ontwikkel word nie. Die uitgangspunt van hierdie studie is dat VEG-leerders (wiskundige) kritiese denke ontwikkel wanneer hulle die verbande tussen geleefde kontekste sien wat die oordrag van 'n reeds aangeleerde wiskundekonsep regverdig; getalle en hoeveelhede vergelyk en ontleed om na 'n volgende vlak van getalbegrip te vorder (bv. aantal of getalle opbreek); mekaar se wiskundewerk volgens sinvolheid in die konteks, of korrektheid beoordeel.

4.2 *Wiskundeonderrig*


Teen die agtergrond van omvattende veranderinge in hoofstroom-wiskundeonderrig wat sedert die 1980's plaasvind om begrip, probleemoplossing en wiskundige denke te bevorder, berig Boyd en Bargerhuff (2009:58):

Although mathematics education is student-centred and focuses on construction of knowledge based on students' background knowledge for typical students, it turns out to be an emphasis on procedural skills based on specific and measurable objectives for students with special needs.

Navorsing deur Nutchey, Grant en English (2016:495); asook Root, Cox, Saunders en Gilley (2018:442) wys dat lewensegte kontekste gebruik kan word om getalbegrip en probleemoplossing by leerders met spesiale onderwysbehoefte te ontwikkel. Verder wys navorsing deur Göransson, Hellblom-Thibblin en Axdorph (2016:5) dat leerders se bydraes tot wiskundige idees en inhoud van kardinale belang is in wiskundeonderrig aan VEG-leerders. Daar is egter geen Suid-Afrikaanse navorsing oor lewensegte kontekste ter ondersteuning van wiskundeonderrig vir VEG-leerders nie. In teenstelling met die insluiting van probleme om getalbegrip te ondersteun, skep die KABV vir hoofstroomskole sowel as die KABV vir VEG-leerders die indruk dat konteks eers ná die leerproses as toepassing van getalkennis ter sprake kom. Die enigste praktiese wiskundige vaardighede waarvoor uitgebrei word as uitkoms van leer in die KABV vir VEG-leerders is vir leerders om hul eie begroting in terme van inkomste en uitgawes te bestuur, om wiskundige vaardighede in die werksplek te gebruik en toe te pas, en om nume-

riese data toepaslik te gebruik (DvBO, 2017:4). Hierdie toepassings van wiskunde is uiteraard op 'n hoë vlak, maar daar word geen verdere riglyne verskaf vir opvoeders oor hoe om 'n leerloop te skep wat verseker dat VEG-leerders hulle getalkennis prakties kan toepas nie.


Verdere ondersoek na vroeë wiskundeonderrig waar konteks en probleemoplossing sentraal staan, het gelei tot die probleemgesentreerde benadering soos nagevors deur Murray, Olivier en Human (1998:170). Die kontekste waarna daar verwys word, is egter nie gespesifiseer as lewensge nie, maar eerder as realisties en verbeeldbaar. Murray *et al.* (1998:169) se benadering tot vroeë wiskundige ontwikkeling dui op 'n sosiokonstruktivistiese proses. Hulle redeneer dat getalbegrip en rekenplanne (bewerkings) ontwikkel wanneer leerders oor sinvolle realistiese probleme nadink en met klasmaats en die onderwyser gesels. Die gesprek ondersteun leerders om getalle op logiese maniere te ontleed en krities na te dink oor rekenplanne en resultate. Getalbegrip is meer omvattend as abstrakte telvaardigheid en sluit ook die volgende in: begrip van die grootte en waarde van hoeveelhede, en die sin van getalsimbole; die vermoë om verwantskappe tussen getalle te vestig en die vermoë om getalprobleme sinvol op te los en te oordeel of antwoorde sin maak. Wanneer leerders probleme oplos, kan hulle op toenemende vlakke van getalbegrip werk (Murray & Oliver, 1989:5). Figuur 1 illustreer vlakke van getalbegrip en rekenplanne wat VEG-leerders in hierdie studie gebruik het.



Figuur 1: Voorbeelde van vlakke van getalbegrip en rekenplanne.

Die keuse van probleme in Murray *et al.* (1998) se probleemgesentreerde benadering berus op die struktuur van die wiskundige bewerkings en nie eerstens op die konteks waarin die probleem gestel is nie. Die uitgangspunt van hierdie studie is dat veral VEG-leerders se onderrig in lewensegte en bekende kontekste geanker behoort te wees – sowel met die oog op begrip van die leerproses as op toepassing van kennis in hulle leefwêreld.

Die Realiteit, Abstraksie, Wiskunde en Refleksie (RAWR)-raamwerk (Cooper & Carter, 2016:177) beskryf 'n onderrigverloop vir 'n praktiese aanslag tot wiskundeonderrig wat in kontekste geanker bly. Die RAWR-onderrigraamwerk skep 'n pedagogiese vloei vanaf indompeling in realiteit, na abstraksie, wiskundige voorstelling, en nadenke (refleksie), soos voorgestel in Figuur 2.



Figuur 2: Grafiese voorstelling van die RAWR-onderrigraamwerk (Aangepas uit Cooper & Carter, 2016:4)

Die RAWR-raamwerk begin en eindig met die lewensegte realiteit van die leerder. Die aanvang van die wiskundige idee is iets wat die leerder interesseer wat deur 'n kinestetiese aktiwiteit (soos rolspel) uitgebeeld kan word. In die abstraksiefase word verbande gelê tussen die konkrete en kontekstuele voorstellings van die wiskundige en abstrakte voorstellings soos bewerkings, simbole, getalle en wiskundige taal. Tydens die wiskundefase word leerders gelei en ondersteun om die kennis uit die abstraksiefase te gebruik om verbande tussen verwante wiskundige idees te lê en bewerkingsvaardighede te ontwikkel. Nuutverworwe wiskundige kennis word in die laaste fase terug na die leerder se lewensegte realiteit gereflekteer, maar hou ook moontlikhede in om die wiskundekennis te verdiep (bv. om te beseft dat “hoeveel meer” deur optelling of aftrekking bepaal kan word). Elke fase van die onderrigraamwerk bou op die vorige fase om op so 'n wyse konseptuele begrip te bekragtig, en wanneer een fase nie optimaal ontwikkel is nie en nie vordering gemaak het nie, kan daar na 'n vorige fase teruggekeer word om vordering te bewerkstellig (Cooper & Carter, 2016:177). Die aanpassing van die raamwerk vir hierdie studie behels om uitbreiding deur probleemoplossing as die oorkoepelende doel te stel. Die rol van sosiale interaksie, veral deur gesprek met klasmaats en die onderwyser, word in elke fase ingesluit in die beplanning en uitvoer van onderrig.

5. Navorsingsontwerp

Die eerste outeur³ werk as opvoeder in 'n spesiale skool waar leerders 'n hoë vlak van ondersteuning benodig vanweë erge intellektuele gestremdheid. Die doel van die studie was om sy eie praktyk as navorser te bestudeer met die oog op riglyne vir wiskundeonderrig aan VEG-leerders. Vanuit 'n sosiaalkonstruktivistiese benadering is die rol van die navorseronderwyser dié van bemiddelaar van leer (Vygotsky, 1978:131). Die sosiale konteks van die navorser as onderwyserkollega word erken deur die insluiting van kollegas wat wiskunde doseer by die navorsingskool, asook die vakadviseurs met wie die navorser gereeld professionele kontak gehad het tydens die eerste fase van die navorsing.

Die volgende oorkoepelende vraag het die navorsing gerig: *Watter riglyne vir onderwysers kan ontwikkel word uit 'n wiskundeonderrigpraktyk wat die ontwikkeling van wiskundige begrip van VEG-leerders vanuit lewensegte kontekste aanpak?* Aksienavorsing (Rossouw, 2009:1) is as navorsingsontwerp gekies aangesien dit 'n proses verskaf waardeur onderwysers hulle onderrigpraktyke reflektief kan verbeter. Drie subvrae is gestel wat elkeen in 'n siklus van die aksienavorsing aangespreek is. Tabel 2 dui die drie aksienavorsingsiklusse aan volgens drie subnavorsingsvrae.

TABEL 2: Aksienavorsingsiklusse met gepaardgaande navorsingsvrae

	Siklus 1	Siklus 2	Siklus 3
Sub-navorsingsvraag	Wat is onderwysers en vakadviseurs se siening van wiskundeonderrig aan VEG-leerders?	Wat is die leerders se siening van wiskunde in hul leefwêreld?	Watter riglyne vloei uit 'n onderrigpraktyk wat daarop gerig is om wiskundige begrip, toepassing en kritiese denke te ontwikkel?

In elke siklus is daar sistematies te werk gegaan om die probleem te identifiseer, om te beplan en aksie te neem om die probleem op te los, en te reflekteer om die volgende siklus te ontwikkel (Lewin, 1946:35).

5.1 Siklus 1: Onderwysers en vakadviseurs se beskouing en ervaring van wiskundeonderrig aan VEG-leerders

Die doel van siklus een was om die aard van wiskundeonderrig aan VEG-leerders in die kurrikulum van spesiale skole te identifiseer. Twee wiskundevakadviseurs wat kurrikulummonitering by spesiale skole vir VEG-leerders doen, en vyf wiskundeopvoeders by die navorsingskool, is op grond van hulle gewilligheid en ondervinding in wiskundeonderrig in spesiale onderwys genader. Die vakspecialiste is die skakel tussen skole en die onderwysdepartement.

³ Die ander twee outeurs is medestudieleiers van die MEd-studie waaruit hierdie artikel vloei.

Die navorser het losweg ses vrae oor suksesse en uitdagings van kurrikulumimplementering geformuleer, maar tydens die indieptegesprek toegelaat dat die vakadviseurs vrylik ander kwessies te berde bring. Daar is onder andere gefokus op hulle siening van kurrikulêre ruimte vir probleemgesentreerde leer vir VEG-leerders, en opvoeders se gebruik van konteksgedrewe wiskundetake in wiskundeonderrig. Daarna is ’n indieptegesprek met elk van die vyf wiskundeopvoeders gevoer. Die opvoeders is almal ervare (15 jaar spesiale onderwyservaring onder hulle) en toegewyd aan die welsyn van die leerders. Die onderwysers het uitgebrei oor hulle siening van die leerders, die kurrikulum en hulle eie praktyke. Alle gesprekke is met die toestemming van die deelnemers op band opgeneem.

Die navorser het die onderhoude getranskribeer en deur kwalitatiewe inhoudsontleding geanaliseer. Kwalitatiewe inhoudsanalise is gebruik om die groot hoeveelheid teks uit die onderhoude op ’n sistematiese wyse op te som. Die onderhoude is herhaaldelik deurgelees, gekodeer en dan in kategorieë en temas gegroepeer (Erlingsson & Brysiewics, 2017:94). Die kodes is krities met twee studieleiers (die medeouteurs) bespreek totdat ’n ooreenkoms bereik is.

Uit die data van die opvoedergesprekke het die volgende temas na vore gekom: a) noodsaaklikheid van lewensegte kontekste om wiskunde vir leerders “toeganklik te maak” (Onderwyser 1, siklus 1-gesprek) en leerders se “verwysingsraamwerke [te] versterk” (Onderwyser 3, siklus 1-gesprek); b) onvoldoende kurrikulêre onderrigstrategieë vir getalbegrip-onderrig; c) beperkte getalbegripkennis van leerders; d) onderwysers se lae verwagtinge van leerders se getalbegripvermoëns.

Die gesprekke met die wiskundevakadviseurs het die volgende temas aan die lig gebring: a) konteksgedrewe onderrig as gepaste onderrigbenadering om “leerders die geleentheid te gee om konsepte wat in die klas aangeleer word, te veralgemeen en dan na hul gemeenskappe oor te dra” (wiskundevakadviseur 1, siklus 1-gesprek), en b) opvoeders se gebrekkige kennis van praktiese getalbegrip-onderrig met die gebruik van kontekste tydens kurrikulumimplementering. Dit blyk dus dat die onderwysers en die wiskundevakadviseurs dieselfde benadering tot wiskundeonderrig nastreef – ’n benadering wat uiteraard duidelik in die KABV vir VEG-leerders beskryf word, naamlik dat onderrig met ’n praktiese aanslag aangebied moet word en toegepas kan word in die leerders se wyer leefwêreld (DvBO, 2017:27). Die opvoeders en wiskundevakadviseurs se benaderings verskil egter wanneer die onderrigpraktyk ter sprake kom: Die opvoeders ondervind ’n gebrek aan kurrikulumriglyne, en hulle bewustheid van die swak getalbegrip van die leerders lei tot lae verwagtinge oor VEG-leerders se vermoëns. Die wiskundevakadviseurs het nie standpunte gedeel oor leerders se vermoëns nie, maar verwys na onderwysers se gebrekkige kennis om getalbegrip prakties te onderrig. Dit is dus duidelik dat die raakpunt tussen die twee groepe die problematiek van die implementering van kurrikulum behels. Aangesien die implementering van die kurrikulum direkte invloed het op die beleving van wiskundeonderrig van die leerders, het die tweede navorsingsiklus die leerders betrek.

5.2 Siklus 2: VEG-leerders se onderrig- en lewensegte ervarings en sienings van wiskunde

In siklus twee is gefokus op VEG-leerders se siening oor wiskunde in hulle leefwêreld. Tien leerders (in graad 3 op die aangepaste KABV-vlak en 12 jaar oud) en hulle ouers is genader om die leerders as deelnemers by hierdie siklus te betrek. Navorsing met VEG-leerders vereis maatreëls om hulle eties te beskerm. Benewens die onderneming om die leerders nie te

identifiseer in verslae oor die navorsing nie, is daar ook met sorg aandag aan die emosionele beskerming van die leerders gegee. Deurgaans is die trant van interaksie eenders gehou – anders as waaraan die leerders gewoon was in die navorsing se klas. Wanneer leerders nie aan gesprekke wou deelneem nie, is hulle toegelaat om op hulle eie te werk; wanneer hulle nie hulle werk in bespreking wou deel nie, is hulle toegelaat om die werk terug te hou, maar nie uit die bespreking geban nie. Wanneer leerders meer aangebied het as wat vereis is, is dit met komplimente aanvaar en ingesluit by gesprekke. Tydens die onderriggreep is foto's van leerders geneem, met hulle toestemming, maar sodat slegs hulle hande en hulle werk sigbaar is. Etiese klaring is verkry van Stellenbosch Universiteit se navorsingsetiëtkomitee, klaringsnommer 11189.

Data-insameling in hierdie siklus het met 'n uitgebreide diep en ondersoekende gesprek met die groep van tien leerders begin. Die gesprek is op 'n informele geselstrant gevoer in die klaskamer waarmee die leerders bekend is. Die navorsing het losweg ses aspekte van wiskundebeleving gelys om die gesprek te fasiliteer: Hou jy van wiskunde?; Wat is vir jou lekker in wiskunde?; Wat is nie vir jou lekker in wiskunde nie?; Waar doen jy wiskunde buite die klas?; Hoe gebruik jy wiskunde by die huis? Tydens die gesprek is die leerders aangemoedig om ander aspekte aan te spreek wat vir hulle belangrik is.

Die onderhoude is weereens getranskribeer en deur kwalitatiewe inhoudsontleding geanaliseer (Erlingsson & Brysiewicz, 2017:94). Tekeninge wat gemaak is in stede van verbale antwoorde, is tydens analise individueel met die leerders bespreek om die akkuraatheid van die analise te bevestig. Vir die doel van hierdie artikel fokus die ontleding van die data op die identifisering van kontekste waarin leerders aan wiskunde dink en wat hulle daaglikse belewenisse van wiskunde is.

Die leerdergesprek het ervarings van wiskunde na vore gebring wat bekende kontekste soos inkopies, albasterspeel, groente-en-vrugtestalletjies (straatverkope), kos, domino's- en snoekerbord-speel as deel van leerders se daaglikse geleefde ervarings betrek het. Die feit dat leerders spontaan hierdie kontekste as wiskundekontekste kon aanbied, is duidelike motivering vir konteksryke wiskundeonderrig, omdat dit geleentheid skep om akademiese vaardighede deur middel van praktiesresoneerbare ervarings te verwerf (Browder, Spooner, Lo, Saunders, Root, Davis & Brosh, 2018:224).

Voorbeelde van die wiskunde wat leerders in kontekste aangebied het, was onder andere:

- Die bepaling van die verskil tussen twee hoeveelhede (om kleingeld te bereken of te verifieer)
- Tel om hoeveelhede te verifieer (is daar genoeg?)
- Om die grootte van groepe te bepaal in verdelingsituasies (hoeveel appels per sakkie?)
- Om die aantal groepe in verdeling- of vermenigvuldigingsituasies te bepaal (hoeveel sakkies appels uit een boks appels)
- Die vergelyking van afstand en tyd (spoed) (hoe lank of hoe kort dit neem om met die bus of *taxi* tot by 'n bestemming te ry)
- Om groeperings korrek in verband met gebruik te sien (twee persone het twee stelle eetgerei nodig en 'n bakkie het een stel van vier bande nodig)

Die kontekste wat tydens die gesprek met die leerders uitgelig is, is aangewend om wiskundetake vir die onderriggreep in die volgende siklus te beplan.

5.3 *Siklus 3: Onderriggreep om riglyne te ontwikkel vir wiskundeonderrig aan VEG-leerders*

Die navorsing tydens die ingreep het ten doel gehad om praktiese riglyne te ontwikkel vir die onderrig van wiskunde aan VEG-leerders wat in lewensegte kontekste begrond is, wat getalbegrip ontwikkel sowel as toepassing en kritiese denke oor aannames, rekenplanne en resultate. Leerders se geleefde ervarings, sterkpunte en sosiale interaksie is as belangrike elemente uit Vygotsky (1978) se sosiokulturele teorie by die onderriggreep betrek. Die onderrig is beplan volgens die verloop van die RAWR-onderrigraamwerk (Cooper & Carter, 2016:177) en die inhoud is afgebaken tot basiese getalbegrip en die bewerkings optel, aftrek, vermenigvuldig en deel. Lewensegte kontekste wat in siklus twee deur die leerders voorgestel is, is gebruik en uitgebrei om leergeleenthede en materiaal te ontwikkel.

'n Spesifieke aanpassing aan die RAWR-raamwerk is geïmplementeer, naamlik om nie net realiteit te betrek nie, maar om probleme te stel in die gekose realiteit, sodat die leergeleenthede probleemgesentreerd gehou is. Volgens Le Roux, Olivier en Murray (2004:88) gee probleme die leerders iets om oor te dink, eerder as om voorbeelde na te volg en bied dit geleentheid vir die ontwikkeling van kritiese denke. Dit is ook belangrik dat VEG-leerders probleemoplossing as 'n instrument van leer kan gebruik om wiskunde na ander omgewings-kontekste oor te dra.

Die onderriggreep het 'n totaal van 18 lesse oor 'n tydperk van ses maande behels. Lesse het twee keer per week in die wiskundeperiode plaasgevind en het tussen 40 en 60 minute geduur. Al tien leerders in die navorsing se klas het die onderriggreep voltooi. Hierdie werkswyse het die navorsing die geleentheid gegee om aanvullende veldnotas te maak en deurlopend oor die leerders se werkswyse, bewerkingsmetodes en kommunikasie na te dink. Dit het ook geleentheid gegee om nuwe probleme vir opvolgende lesse te ontwikkel.

Kwalitatiewe data is ingesamel deur veldnotas, skriftelike leerderwerk en leerdertekeninge, asook deur foto's van klassituasies en leerderinteraksies. Die leerders se skryf- en tekenwerk het hul bewerkingsmetodes, rowwe beplanning en antwoorde op probleemstelle ingesluit.

Onderrigbesluite is op grond van praktykgerigte vrae oor vier teoretiese aspekte geanaliseer: die wiskundige probleem tipe, die konteks, die onderrigstrategie en die gekose getalgebied. Die RAWR-onderrigraamwerk is gebruik om stelselmatig na te dink oor leerders se wiskundige denke in elke stadium van die onderrigverloop met die gebruik van kontekste en probleme. Tabel 3 gee 'n kriptiese oorsig oor die wyse waarop die bogenoemde aspekte gebruik is om die ontleding van die onderrigbesluite te doen:

6. **Navorsingsbevindinge en bespreking**

Vervolgens word die studie se bevindinge bespreek en riglyne vir die praktyk aangedui, na aanleiding van die aspekte in Tabel 3.

(a) Onderrigbesluite oor konteks en probleem tipe

Probleem tipes wat die bewerkings optel, aftrek, vermenigvuldig en deel realiseer is deur die onderwyser oorweeg aan die hand van konteks en in die klas is gesamentlike konteksrealisering as onderrigstrategie ontwikkel. Dié strategie verwys na die wyse waarop konteks uitgebrei word, deur leerders deel te maak van die probleemstelling, in gesprek wat deur die onderwyser gefasiliteer word. Ondersteunende vrae tydens só 'n gesprek het die leerders gehelp om die konteks beter te verstaan en hulself in te leef as deel van 'n werklike of 'n verbeelde ervaring

TABEL 3: Praktykgerigte vrae op grond van die teoretiese aspekte en RAWR-onderrig-raamwerk

Aspekte	RAWR-verloop	Vrae vir data-ontleding:
(a) Konteks en probleem tipe	Realiteit en Wiskunde	Op watter wyse is daar op die keuse van probleemtipes besluit? Is daar verbande tussen probleemtipes? Wat was vir leerders moeiliker of makliker om te doen? Hoekom? Was daar verbande in kontekste of tussen verskeie kontekste? Was daar 'n verskil tussen die leerderreaksie op een konteks en wanneer meer as een konteks oor verskeie probleemstelle gebruik is? Is die konteks nuut vir elke probleemstel of word die probleme se kontekste die vorige dag al ingelei?
(b) Wiskundige konsepte en getalgebied	Abstraksie en Wiskunde	Wat is die verband tussen leerders se uitbreiding van wiskundige denke in kontekste, en die ontwikkeling van leerders se getalbegrip?
(c) Onderrigstrategie	Realiteit, Abstraksie, Wiskunde, Realiteit	Is alles verbaal aan die leerders voorgehou of is sommige inligting geskryf? Het leerders rolspeel gebruik om van die probleme uit te beeld? Is konkrete materiale altyd gegee of soms wegge- neem? Hoe het die gebruik van konkrete materiaal abstraksie en wiskunde beïnvloed? Hoe het ondersteunende en begeleidende vraag- stelling aan leerders met probleemoplossing deur die RAWK-siklus gehelp? Kon leerders vorige kennis in nuwe probleme toepas?

wat die wiskunde begrypbaar gemaak het. Sosiale stories wat ryk aan die leerders se sosiale interaksies is, was gewild as kontekste vir wiskundige woordprobleme. Dié geleefde ervaringe van die leerders het die volgende kontekste ingesluit: uitstappies na winkels (insluitende publieke vervoer), inkopies, albaster-speel, straatverkope (vrugte- en groentestalletjies), domino's, snoekerbord en kos. In 'n onderrigpraktik met VEG-leerders moet sosiale stories dus só gekies en ontwikkel word dat dit stories is waarmee leerders kan identifiseer (en hulself as akteurs kan sien en hulle sterkpunte ten toon stel), stories wat naby en deel van leerders se lewensegte ervarings is, en stories wat wiskunde bruikbaar maak in hierdie leerders se wêreld.

Die onderrigstrategie van gesamentlike konteksrealisering was dus 'n didaktiese besluit wat geneem is as 'n manier om die wiskunde-ervarings in die onderriggreep so ná as moontlik aan leerders se geleefde ervarings te bring en dan die wiskunde daarop te bou.

Riglyn 1: Gesamentlike konteksrealisering: Wanneer bekende, praktiese kontekste uit die leefwêreld van VEG-leerders gebruik word as beginpunt vir leer, behoort leerders aktief betrek te word by die stel van die wiskundige probleme wat uit die konteks ontwikkel kan word. Sosiale stories is gewilde kontekste vir probleme.

(b) Onderrigbesluite oor wiskundige konsepte en getalgebied

Hierdie besluite het in twee kategorieë geval, naamlik besluite wat horisontale toepassing van 'n wiskundekonsep in kontekste bevorder, en besluite wat vertikale abstraksie van wiskunde bevorder.

Drijver (2003:2) definieer horisontale abstraksie van wiskunde soos volg: “horizontal mathematization concerns organizing, translating, and transforming realistic problems into mathematical terms, in short, mathematizing reality”. Tydens die eerste paar lesse van die onderringreep was dit duidelik dat leerders nie baie ver sonder die geleefde kontekste met die wiskunde probleme kon vorder nie. Dit was dus nodig om hulle geleefde kontekste deurlopend tydens wiskundeonderrig te gebruik en om die vrae wat gerealiseer is telkens weer in die situasie in te bed. Nogtans kon leerders geredelik kontekste wissel deur byvoorbeeld die denke wat hulle in 'n probleem oor “hoeveel meer albasters...” gebruik het toe te pas in 'n opvolgende les waarin die probleem gehandel het oor “hoeveel meer appels...”. Die mate waartoe leerders dieselfde wiskundige struktuur uit verskillende kontekste kon abstraher het afgehang daarvan of die terugverwysing na die konteksstrukture binne bereik was. Dus is abstraksie oor kontekste (horisontaal) meer geredelik as abstraksie van die wiskunde (vertikaal) gedoen.

Volgens Drijvers (2003:22) behels vertikale abstraksie van wiskunde

... in short, mathematizing the mathematical activities and developing a framework of mathematical relations... horizontal and vertical mathematization should complement each other. ...the horizontal aspect does not necessarily precede the vertical component. As a consequence, mathematization can follow different routes.

Vertikale wiskundige abstraksie is te vinde in meer gesofistikeerde rekenplanne om getalle in groter getalgebiede en op hoër vlakke van getalbegrip te beheers. Dit is byvoorbeeld te sien wanneer 'n leerder wat tevore alle voorwerpe fisies moes hanteer of konkreet moes uitbeeld om alles een-vir-een te tel, oorgaan na gebruik van wiskundesimbole om hoeveelhede aan te dui, en dan aan te tel of terug te tel. Vertikale wiskundige abstraksie was ook duidelik uit die tekening van leerders wat algaande minder irrelevante detail gegee het, en hulle verbale verduidelikings wat al hoe meer wiskundige woorde ingesluit het.

Die resultate het getoon dat die volgende wiskundeprobleemtipes vir leerders makliker was om in konteksprobleme te begryp: aftrek (verandering) gelyke verdeling, gelyke groepering, optel (verandering), en herhaalde optel. Wanneer leerders met hierdie probleemtipes gewerk het, kon hulle geredelik die bewerkings na ander kontekste uitbrei, maar ook algaande met toenemende gemak in groter getalgebiede werk. Dit maak sin om bekende wiskunde in nuwe kontekste in probleme in te bed, aangesien dit help met vaslegging van die wiskunde wat geleer is. Die gevoel van sukses wat die leerders getoon het as hulle 'n probleem in 'n nuwe konteks meer geredelik as tevore kon oplos, dui ook op die emosionele waarde van vaslegging. Hieruit volg die volgende twee praktiese riglyne:

Riglyn 2: Bekende wiskunde in nuwe kontekste voor nuwe wiskunde in bekende kontekste: Varieer die kontekste waarin probleme gerealiseer word met die oog op vaslegging en belewenis van sukses.

Wanneer die konteks vir alle leerders ewe bekend was, of dit iets was wat hulle graag en gereeld doen (soos snoekerbord-speel), kon die getalgebied verhoog en probleemtipies hanteer word wat tradisioneel teruggehou is. In die konteks van snoekerbord was deling 'n natuurlike probleem tipe en kon bewerkings met relatief groot getalle, soos 20 gedeel deur 2, dadelik hanteer word. Deling as probleem tipe word tradisioneel eers onderrig nadat optel, aftrek en vermenigvuldiging hanteer is. Bekende kontekste maak onbekende probleemtipies dus intuïtief hanteerbaar, sodat die getalgebied vinnig vergroot kan word. In gevalle waar die konteks vir sommige leerders onbekend was, moes daar eers aandag gegee word aan die begroning van 'n probleem tipe in die konteks, en met kleiner getalle gewerk word. Hieruit volg die volgende riglyn.

Riglyn 3: Probleem tipe kom voor getalgebied: Bepaal die gemak waarmee leerders probleemtipies in kontekste begryp, voordat die getalgebied verhoog word.

Benewens die onderrigstrategieë wat bepaal is deur aspekte van wiskundeonderrig en leer, dui die data op 'n ander kategorie van onderrigbesluite, naamlik pedagogiese besluite om die verloop van 'n les na aanleiding van die gekose RAWR-raamwerk te fasiliteer. Die pedagogiese besluite word vervolgens bespreek.

(c) Pedagogiese besluite om die RAWR-proses te fasiliteer

Tydens die gesamentlike konteksrealisering was dit meer effektief om verbale inligting oor te dra en rolspeel toe te pas, as om die probleem te laat lees. Die verbale inligting is soms ondersteun deur visuele voorstellings (prente) tydens die gesprek voor te hou, en deur leerders te vra om getalle neer te pen, of om situasies te teken. Leerders met beter lees- en skryfvaardighede is aangemoedig om te skryf, en hulle het die probleemstelling ook geskrewe ontvang. Die gebruik van konkrete realistiese hulpmiddels (soos regte albasters wanneer die probleem oor albasters handel) het dikwels leerders se aandag van die wiskunde probleem afgelei en hulle tot spel gebring. Tydens die wiskundefase was dit dus belangrik om die leerders se aandag telkens terug te bring na die vraag en die rekenplanne wat hulle bedink het. Die volgende riglyne is hieruit ontwikkel:

Riglyn 4: Verbale konteksrealisering eerder as lees: Verbale konteksrealisering saam met die leerders maak dit moontlik vir VEG-leerders om meer effektief deel te neem aan die realisering van die probleem. Ondersteun verbale realisering deur visuele voorstellings en deur leerders te vra om getalle neer te skryf met of sonder tekening wat die verbande kontekstualiseer.

Riglyn 5: Wees versigtig met die gebruik van realistiese konkrete hulpmiddels: Nadat konteksrealisering deur rolspeel met konkrete voorwerpe gedoen is, behoort die voorwerpe vervang te word met leerders se eie uitbeeldings deur prente en getalle.

Tydens die refleksiefase wat die RAWR-siklus voltooi, word leerders gelei om die nuwe wiskundekennis terug aan hulle geleefde kontekste te koppel en verwantskappe tussen wiskundekennis en omgewingskennis te maak. Tydens die onderrigingreep was deurlopende

refleksie tydens al die RAWR-fases 'n intuitiewe didaktiese besluit. Terwyl die leerders deurlopend met die konteks as begin, verloop en einde gewerk het, toon die data dat die onderwyser gedurig vroeë gevra het wat kritiese denke ontlok het oor aannames vanuit die volgende:

- Konteks: “Hoe dink jy sal hulle genoeg borde kan dra?”
- Rekenplanne: “Dink jy hulle kry ewe veel as jy dit so doen?”
- Resultate in nuwe omstandighede: “Wat as daar nou nog 'n leerder bykom?”

Refleksie oor die verloop van die hele onderriggreep het dit duidelik gemaak dat 'n ondersteunende klaskamerkultuur van kommunikasie onontbeerlik is. Hierdie beginsel is reeds deur Le Roux, Olivier en Murray (2004:88) as noodsaaklik aangedui vir probleemgesentreerde onderrig, maar dit word nie tot dieselfde mate in die RAWR-raamwerk uitgelig nie.

Riglyn 6: Skep geleentheid vir refleksie in elke fase van die lesverloop: Deurlopende refleksie help leerders om krities te besin oor hulle aannames oor konteks, rekenplanne en resultate.

Dit is belangrik dat die klaskamerkultuur die emosionele aard van skaam en terughoudende leerders akkommodeer en hulle leerproses beskerm. Dit kan nodig wees om leerders aan te spreek wat ander oorheers of intimideer weens die feit dat hulle makliker hulle denke verwoord.

VEG-leerders kan dikwels nie die tipe hulp wat hulle nodig het, verwoord nie. Standaard voorafbeplande ondersteuning en vroeë loop dus gevaar om individuele behoeftes te mis, tensy die opvoeder na die leerders luister en hulle lyftaal en aksies waarneem sodat ondersteunende vroeë aan hulle gestel kan word om vervolgens beter wedersydse gesprek te fasiliteer. Luistervaardighede is 'n noodsaaklike bron van ondersteuning aan VEG-leerders en 'n ingesteldheid om aandagtig na mekaar te luister, moet ook onder leerders gevestig word.

Die riglyne wat nou volg, is afgestem op die sosiale interaksie in die wiskundeklas.

Riglyn 7: Skep 'n klaskamerkultuur van kommunikasie: Doelgerigte gesprek oor wiskunde en kontekste moet deurlopend op so 'n wyse gefasiliteer word dat leerders nie mekaar oorheers of intimideer nie. Opvoeders moet tyd neem om te luister en noulettend aandag te skenk aan leerders se aksies en lyftaal om verbalisering te ondersteun.

Volgens Murray *et al.* (1998:170) is gesprek tydens probleemoplossing 'n voorvereiste vir leerderbetrokkenheid in hoofstroomonderrig. Dit geld dan soveel te meer vir VEG-leerders. Die onderriggreep het egter die belangrikheid van lewensegte taalgebruik vir wiskundekommunikasie na vore gebring. Dit beteken dat kommunikasie die gemeenskapstaal van VEG-leerders moet gebruik om wiskunde meer toeganklik te maak, eerder as om dadelik standaard en konvensionele wiskundetaal te gebruik. Die lewensegte taalgebruik van VEG-leerders sal nie net wiskundetaal meer toeganklik maak nie, maar sal ook leerders se verbeelding van kontekste verryk, juis omdat hul gemeenskapstaal gebruik word. Die volgende riglyn word gestel.

Riglyn 8: Informele gemeenskapstaal kom voor formele standaard wiskundetaal: Verwoord probleemstellings en wiskundekonsepte eers in gemeenskapstaal en voer standaardterminologie in wanneer die konsepte meer bekend is.

Om aandagtig na die woorde van die leerders te luister (diep luister) is ook belangrik om 'n mens se eie aannames oor wat die redes vir leerders se redevoering is, sonder vooroordeel vas

te stel. Dit is maklik om aan te neem dat leerders se aandag afgelei is deur die konteks, wanneer hulle om die waarheid te sê moontlik krities dink aan hoe konteks hulle berekeninge kan beïnvloed. Vergelyk die voorbeelde in Figuur 3 uit die navorser se daaglikse refleksienotas.

*Tydens die onderriggreep is 'n konteks gerealiseer oor hoeveel keer klasassistente na die kombuis moet terugkeer om middagete te bedien. Die leerders het gevra watter assistent op die dag aan diens is. Hierdie vraag is as te kontekstueel beskou en die aanname is gemaak dat leerders se aandag hierdeur van die wiskunde afdwaal. Dieper luister kon moontlik die leerders se kritiese denke na vore gebring het. Hulle kon dalk geredeneer het dat die een assistent wat **meer** borde gelyk dra, nie vandag werk nie, en dat dit die antwoord sou beïnvloed.*

Opvoeder: "Maats, waar dink julle gaan julle vanmiddag die wiskunde wat julle vandag geleer het, by die huis kan gebruik?"

Leerder A: "Ons moet eers kyk wie die bus ry vandag."

Opvoeder: "Hoekom sal dit saak maak?"

Leerder B: "Meneer, as oom Jan die bus ry, kom ons nie vinnig by die huis nie."

Leerder C: "Ja, oom Jan ry baie stadig. Maar Meneer Michael ry lekker vinnig."

Leerder D: "Dan kom 'n man ook vinniger by die huis uit."

Figuur 3: Voorbeelde van hoe konteks leerders se denke oor berekeninge beïnvloed

Hierdie voorbeelde het onder andere aanvanklik die idee na vore gebring dat leerders se aandag afdwaal van die vraag wat gevra is, maar as daar dieper besin word oor waarom Leerder A die vraag oor wie die bus bestuur, gevra het, wys dit heen na kritiese denke oor tyd en afstand. Die redenasie oor hoe lank dit sal neem om by die huis te kom, is 'n vraag wat afhang van 'n veranderlike. Hieruit volg die volgende riglyn.

Riglyn 9: Let noukeurig op leerders se kritiese denke oor die konteks, sodat vraagstelling wiskundige begrip kan uitbrei: Kritiese denke by VEG-leerders kan doelgerig deur luister en vraagstelling uitgelig word. Die tipe vrae wat tydens onderrig gevra word, kan leerders se kritiese denke uitdaag met die doel om wiskundige begrip daardeur uit te brei en te versterk.

7. Gevolgtrekkings

Die doel van die studie was om deur aksienavorsing vas te stel hoe die wiskunde-onderrigpraktiek van die navorser aangepas moet word om wiskundige denke en die getalbegripsontwikkeling van leerders met erge intellektuele gestremdheid te verbeter. Die verwagte uitkomst was

praktiese riglyne vir onderwysers. Aanpassings is aangebring aan die tradisionele onderrig-praktyk wat gekenmerk was deur konteksvrye onderrig van getalkennis deur die nadoen en inoefen van voorbeelde, en probleemoplossing as toepassing. Hierdie aanpassings het die volgende aspekte ingesluit: Probleme uit leerders se werklikheidservarings is as beginpunt geneem vir 'n siklus van leer wat geëindig het met toepassing in die werklikheid en wiskundige probleemtipies is doelgerig in konteksprobleme ingebed om horisontale abstraksie van wiskunde en vertikale abstraksie van getalbegrip te struktureer, en bemiddeling deur gesprek het deurlopende ondersteuning gebied (Drijvers, 2003; Le Roux *et al.*, 2004).

Trela en Jimenez (2013:118) se insig oor kontekstuele wiskundeonderrig aan leerders met spesiale onderwysbehoefes is deur hierdie navorsing bevestig. Die VEG-leerders wat deelgeneem het, was deurgaans gretig om betrokke te wees by die realisering van probleme in kontekste wat aan hulle bekend is, en het geredelik gestry oor aannames wat gemaak word, en vrae wat gevra kan word. Die gevolgtrekking is dat konteksgedrewe wiskundeonderrig, en probleemoplossing soos ervaar tydens die onderriggreep, VEG-leerders help om wiskunde as nuttig en verstaanbaar te sien, en getalbegripsontwikkeling ondersteun.

Die onderrigstrategie wat die grootste invloed gehad het op die onderrigpraktyk waarin hierdie navorsing gedoen is, is die beginsel van gesamentlike konteksrealisering. Die leerders se produktiewe deelname aan die gesamentlike strukturering van sosiale kontekste en gebeure met die oog op wiskundige probleemoplossing, waar hulle self of ander bekende mense die akteurs in die konteks is, benadruk die beginsel van sosiokonstruktivistiese onderrig. Dit blyk dat die betrokkenheid van die leerders by die oplos van die probleem en refleksie oor rekenplanne en oplossings verbeter het na gelang van die hoeveelheid aandag wat aan gesamentlike konteksrealisering gegee is. Hierdie strategie spruit vanuit die RAWR-onderrigraamwerk van Cooper en Carter (2016:177) as 'n uitbreiding van die realiteitsfase van die raamwerk. Terwyl die oorspronklike navorsing oor hierdie onderrigstrategie nie met VEG-leerders gedoen is nie, is dié strategie in hierdie studie verder uitgebrei ter ondersteuning van wiskundeonderrig aan VEG-leerders.

BIBLIOGRAFIE

- Adnams, C & Johns, R. 2016. Wes-Kaapse Forum vir Intellektuele Gestremdheid: Understanding Intellectual Disability (katalogus). Onttrek van: https://wcfid.co.za/wpcontent/uploads/2019/12/WCFID_ID-Pamphlet_English.pdf.
- American Psychiatric Association. 2020. *What is intellectual disability?* <https://www.psychiatry.org/patients-families/intellectual-disability/what-is-intellectualdisability> [04 Februarie 2024].
- Boaler, J & Lamar, T. 2019. There is a better way to teach students with learning disabilities. Onttrek van <https://time.com/5539300/learning-disabilities-specialeducation-math-teachers-parents-students/> [04 Februarie 2024].
- Boyd, B & Bargerhuff, ME. 2009. Mathematics Education and Special Education: Searching for Common Ground and the Implications for Teacher Education. *Mathematics Teacher Education and Development*, 11:54–67.
- Browder, DM, Spooner, F, Lo, YY, Saunders, AF, Root, JR, Davis, L & Brosh, CR. 2018. Teaching students with moderate intellectual disability to solve word problems. *The Journal of Special Education*, 51, 222-235. <https://doi.org/10.1177/0022466917721236>.
- Capri, C, Abrahams, L, McKenzie, J, Coetzee, O, Mkabile, S, Saptou, M, Hooper, A, Smith, P, Adnams, C & Swartz, L. 2018. Intellectual disability rights and inclusive citizenship in South Africa: What can a scoping review tell us? *African Journal of Disability*, 7(0): a396. <http://dx.doi.org/10.4102/ajod.v7i0.396>.

- Cooper, T & Carter, M. 2016. Large-scale professional development towards emancipatory mathematics: The genesis of YuMi Deadly Maths, in B. White, M. Chinnappan & S. Trenholm (reds.). *Opening up mathematics education research*. Australasië: Australië, pp. 174-181.
- Departement van Basiese Onderwys. 2014. *National Strategy on Screening, Identification, Assessment and Support*. Staatsdrukkery: Pretoria. Onttrek van https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/sias-revised-finalcomment.pdf.
- Departement van Basiese Onderwys. 2017. *Differentiated Curriculum and Assessment Policy Statement. Section 1: Generic Overview Differentiated CAPS Orientation Facilitator's Manual* (konsepsweergawe, ongepubliseerd).
- Gindis, B. 2003. Remediation Through Education: Sociocultural Theory and Children with Special Needs, in A. Kozulin, B. Gindis, V. Ageyev & S. Miller (eds). *Vygotsky's Educational Theory in Cultural Context*. VSA: Cambridge Universiteit Drukkers, pp. 200-221.
- Göransson, K, Hellblom-Thibblin, T & Axdorph, E. 2016. A Conceptual Approach to Teaching Mathematics to Students With Intellectual Disability. *Scandinavian Journal of Educational Research*, 60 (2): 182-200 <https://doi.org/10.1080/00313831.2015.1017836>.
- Kim, M.S. 2014. Doing social constructivist research means making empathetic and aesthetic connections with participants. *European Early Childhood Education Research Journal*. DOI: 10.1080/1350293X.2014.947835.
- Kozulin, A, Gindis, B, Ageyev, VS & Miller, SM. 2003. *Vygotsky's Educational Theory in Cultural Context*. VSA: Cambridge Universiteit Drukkery.
- Lambert, R, Tan, P. 2019. Does disability matter in mathematics educational research? A critical comparison of research on students with and without disabilities. *Mathematics Education Research Journal*, 32: 5–35. <https://doi.org/10.1007/s13394-019-00299-6>.
- Le Roux, A, Olivier, A & Murray, H. 2004. Children struggling to make sense of fractions: an analysis of their argumentation. *South African Journal of Education*, 24 (1): 88-94. <http://dx.doi.org/10.4314/saje.v24i1.24971>.
- Lewin, K. 1946. 'Action research and minority problems'. *Journal of Social Issues*, 2 (4):34-46. Online. <https://doi.org/10.1111/j.1540-4560.1946.tb02295.x>.
- Murray, H & Olivier, A. 1989. A Model of Understanding Two-Digit Numeration and Computation. *Proceedings of the Thirteenth International Conference for the Psychology of Mathematics Education*. Parys: Frankryk, pp. 3-10.
- Murray, H, Olivier, A & Human, P. 1998. Learning through problem solving, in A. Olivier & K. Newstead (reds.). *Proceedings of the 22nd Conference of the International Group for the Psychology of Mathematics Education*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch, pp. 169-185.
- Sallmani, A & Rushidi-Rexhepi, J. 2019. Critical thinking in students with learning difficulties. *Journal of Educational Research*, 1(1-2):85-91.
- Trela, K & Jimenez, BA. 2013. From different to differentiated: Using "ecological framework" to support personally relevant access to general curriculum for students with significant intellectual disabilities. *Research and Practice for Persons with Severe Disabilities*, 38(2):117-119. <https://doi.org/10.2511/027494813807714537>.
- Vygotsky, L. 1978. *Mind in Society – The Development Of Higher Psychological Processes*. VSA: Harvard.
- Vygotsky, L. 1986. *Thought and language*. Cambridge, MA: MIT Drukkers.

Die ora se eerste 20 jaar¹

The ora's first 20 years

JANNIE ROSSOUW

Besoekende professor: Wits Besigheidskool
Universiteit van die Witwatersrand
Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: jannie.rossouw@wits.ac.za



Jannie Rossouw

JANNIE ROSSOUW is 'n besoekende professor by die Wits Besigheidskool aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy het aan die einde van 2020 uitgetree as tussentydse hoof van die Wits Besigheidskool en was voorheen by die SA Reserwebank en by Unisa werksaam. Hy dien as lid van die Oudit- en Risikokomitee van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl. Hy was ook 'n raadslid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die ondervoorsitter van die Akademie se Oudit- en Risikokomitee.

JANNIE ROSSOUW is a visiting professor at the Wits Business School of the University of the Witwatersrand. At the end of 2020, he stepped down as interim head of the Wits Business School. He was previously employed at the SA Reserve Bank and at Unisa. He serves as a member of the Audit and Risk Committee of the Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl. In addition, he was a board member of the SA Academy of Science and Arts and the vice-chairman of its Audit and Risk Committee.

ABSTRACT

The ora's first 20 years

The history of the ora (with the symbol ϕ) as a trade instrument is inextricably linked to the history of Orania, a village on the southern bank of the Orange River in the Northern Cape Province of South Africa. The closest town to Orania is Hopetown (43 kilometres to the north-west). Orania is about 160 kilometres south of Kimberley, the biggest city in the Northern Cape.

Orania has a number of unique features. Firstly, all inhabitants are white and speak Afrikaans, with the implication that this is the language used for all activities (business, education, religion and social interaction). It is therefore viewed as a white Afrikaner cultural enclave.

¹ Die outeur bedank die Orania Dorpsraad, die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, die Orania Sakekamer en die OSK Ko-operatiewe Bank vir data en vir hulp met hierdie navorsing. Die outeur bedank ook anonieme keurders vir hul kommentaar en voorstelle ter verbetering van die teks. Enige foute of weglatings bly egter die outeur se verantwoordelikheid.

Datums:

Ontvang: 2023-10-23

Goedgekeur: 2024-04-22

Gepubliseer: Junie 2024

Secondly, the aim of Orania is self-determination as far as its future is concerned. In this context it has been described as a continuation of the Verwoerdian ideal of the 1960s. This aim is supported by “selfwerksaamheid” (loosely meaning “to work with our own for our own”), that is, a policy in terms of which preference is given to the employment of people from Orania.

Thirdly, Orania has its own trade instrument, the ora, the symbol for which is ϕ .² The ora is described as a coupon used in settlement of cash transactions. Calling the ora currency would be a contravention of the South African Reserve Bank Act, 1989. The Orania Sakekamer [chamber of commerce] issues the ora. It is linked on a one-to-one basis to the South African rand, that is, at a rate of $\phi 1,00 = R1,00$. The inhabitants of Orania prefer to use ora when referring to amounts and this paper follows the same convention.

Literature on Orania refers to the ora and its use in trade, but there is no research focusing on the development of the ora since it was first launched in 2004. This paper seeks to contribute to filling this gap in the existing literature.

The ora serves the needs of the inhabitants of Orania. A population census undertaken in Orania in December 2021 and early in 2022 reported the town's population as 2 377 people, of whom 1 635 were 20 years and older. The same census also showed that Orania comprised 649 households and 220 businesses.

Based on the 2021/22 census, the total personal annual income of the residents of Orania in 2021 was estimated at $\phi 295\ 672\ 222$. Per capita personal annual income of the 2 377 inhabitants was therefore estimated at $\phi 124\ 389$. Based on the same census data, the annual household income in Orania was estimated at $\phi 190\ 331\ 179$. The difference in estimates cannot be explained in terms of the 2021/2022 census data and was previously highlighted as an area for further research.

These estimates show some correlation with the survey data obtained from the 2021 business survey conducted in Orania. Business turnover in 2021 was estimated at $\phi 281\ 950\ 000$.

More research is necessary to ascertain whether the increase in the value of ora issued correlates at all with the growth rate of economic activity in Orania. If this correlation can be determined, ora in circulation will be a useful indicator of the growth of economic activities in Orania. The growth rate of ora coupons cannot be compared with growth in economic activity because the latter has not previously been calculated on a comparable basis. Recently research was published that will contribute to a basis for determining future economic growth.

This research shows that the ora contributes to “community building” (a sense that the residents are building their own future) in Orania and limits cash risks in the town. However, the ora also has certain disadvantages for residents of Orania. Holders of ora coupons and dOra must exchange them for rand in Orania for cash transactions outside the town. Any discount that businesses grant on ora transactions reduces their turnover and gross profit. The fact that ora coupons are not machine-readable increases the administration costs of the coupons.

The final conclusion is that the ora is inextricably linked to Orania. The town can exist without the ora, but the ora cannot exist without Orania.

KEY WORDS: Afrikaans; community development; coupon; currency; economic activity; ora (ϕ); Orania

² ϕ is the letter phi in the Greek alphabet. The symbol for latitude is also the Greek letter phi.

TREFWOORDE: Afrikaans; ekonomiese bedrywigheid; geldeenheid; gemeenskaps-ontwikkeling; koepon; ora (ϕ); Orania

OPSOMMING

Hierdie artikel fokus op die geskiedenis van die ora (ϕ^3) sedert die eerste vrystelling daarvan 20 jaar gelede in 2004. Die ora is onlosmaaklik verweef met Orania, 'n Afrikaanse dorp in die Noord-Kaap. Die ora is op 'n een-tot-een-grondslag gekoppel aan die Suid-Afrikaanse rand. Die ora sirkuleer as 'n wettige betaalmiddel vir gebruik in kontantransaksies in Orania. Die bestaan en sirkulasie van die ora is een van die unieke eienskappe van Orania.

'n Verdere unieke eienskap van Orania is die uitsluitlike gebruik van Afrikaans in die dorp. Alle bedrywighe (godsdiensoefening, kultuuraktiwiteite, onderrig en saketransaksies) geskied uitsluitlik in Afrikaans. Voorts het Orania net wit inwoners. Die dorp word dus as 'n wit Afrikaner enklawe beskou.

Daarbenewens is die oogmerk van Orania selfbeskikking wat die dorp se toekoms betref. Dit bring Orania in lyn met die voortsetting van die Verwoerdiaanse ideaal van afsonderlike ontwikkeling tot selfbeskikking. Hierdie ideaal word in Orania ondersteun deur "selfwerk-saamheid", met ander woorde 'n beleid dat voorkeur gegee word aan indiensneming van die inwoners van Orania.

Die inwoners van Orania verkies om bedrae in ora te noem en nie in rand nie. Gevolglik word daardie praktyk in hierdie artikel gebruik.

Gebaseer op die 2021/22-sensusopname in Orania, is totale persoonlike jaarlikse inkomste op $\phi 295\ 672\ 222$ beraam. *Per capita* persoonlike jaarlikse inkomste vir die 2 377 inwoners is dus op $\phi 124\ 389$ beraam. Hierteenoor is die jaarlikse inkomste van huishoudings in Orania in 2021 op $\phi 190\ 331\ 179$ beraam. Hierdie verskil in ramings kan nie met behulp van die bestaande sensusopnamedata verklaar word nie en is tevore aangestip as 'n gebied vir verdere navorsing.

Die 2021-besigheidsopname van Orania rapporteer data oor sake-ondernemings in die dorp. Op grond van hierdie opnamedata is die jaarlikse omset van sakeondernemings in Orania in 2021 op $\phi 281\ 950\ 000$ beraam.

Meer navorsing is nodig om te bepaal of die groei in ora-koepons wat uitgereik word, hoegenaamd korreleer met die groei in ekonomiese bedrywighe in Orania. Die groeikoers van ora-koepons kan nie met groei in ekonomiese bedrywighe vergelyk word nie omdat laasgenoemde nie voorheen op 'n vergelykbare basis bereken is nie. Onlangse navorsing is die eerste inisiatief om 'n basis te skep vir die bepaling van Orania se toekomstige ekonomiese groei. Indien hierdie korrelasie deur toekomstige navorsing bepaal kan word, sal dit 'n nuttige en maklike aanwyser van ekonomiese bedrywighe op die dorp wees.

Die navorsing toon ook dat die ora tot gemeenskapsbewussyn bydra, byvoorbeeld omdat die inwoners bedrae in ora uitdruk, eerder as in rand. Die ora verminder ook kontantrisiko in Orania, omdat die ora nie buite die dorp gebruik kan word nie. Die ora het egter ook sekere nadele vir inwoners van Orania. Houers van ora-koepons en dOra moet dit in Orania vir rand inwissel vir kontantransaksies buite die dorp. Enige afslag wat sake-ondernemings op ora-transaksies toestaan, verminder hul omset en bruto wins. Die feit dat ora-koepons nie masjienleesbaar is nie, verhoog die administrasiekoste van die koepons.

Die ora en Orania is onlosmaaklik met mekaar verweef. Die dorp kan egter sonder die ora bestaan, terwyl die ora nie sonder Orania kan bestaan nie.

³ ϕ is die letter phi in die Griekse alfabet. Die Griekse letter phi is ook die simbool vir breedtegraad.

1. Inleiding⁴

Orania is 'n dorp op die suidelike oewer van die Oranjerivier in die Noord-Kaap provinsie van Suid-Afrika. Die naaste dorp is Hopetown (43 kilometer in 'n noordwestelike rigting), terwyl Kimberley, die grootste stad in die Noord-Kaap, sowat 160 kilometer noord van Orania is.

Orania is sowat 60 jaar gelede deur die destydse Departement van Waterwese aangelê as huisvesting vir personeel wat op die Oranjerivier-waterskema gewerk het en hulle gesinne. Ná afhandeling van die projek het die dorp ontvolk, totdat dit aangekoop is met die versugting om uiteindelik 'n Afrikaner-volkstaat daar te vestig. Al Orania se inwoners is wit en Afrikaanssprekend, wat tot gevolg het dat alle godsdienstebeoefening, onderwys, sakebedrywighede en sosiale interaksie uitsluitlik in Afrikaans geskied. Orania word gevolglik as 'n wit Afrikaner kulturele enklawe beskryf. Wirz (2008:i) beskryf die dorp as 'n "(s)elfstandige Afrikaner Gemeenskap in die Noord Kaap" [sic].

Die oogmerk van die inwoners van Orania is selfbeskikking wat die dorp se toekoms betref. Dit bring Orania in lyn met 'n voortsetting van die Verwoerdiaanse ideaal van afsonderlike ontwikkeling tot selfbeskikking, wat in die 1950's en 1960's onder leiding van dr. HF Verwoerd as eerste minister van Suid-Afrika gestalte gekry het. Die oordeel oor Verwoerdiaanse idealisme en selfbeskikking het met verloop van tyd verander. Mnr. Carel Boshoff IV⁵ wys daarop dat Verwoerd se "... voorkeur vir sentrale beplanning van hom 'n eg moderne 'sosiale ingenieur' gemaak ... [het]" (Boshoff, 2022:110). Boshoff voeg by dat dit, veral by terugskoue, "... maklik gekritiseer word, maar dit neem nie weg dat Verwoerd tydenootlik as 'n goeie en sterk leier gereken is ... (nie)" (Boshoff, 2022:110).

Hierdie ideaal van selfbeskikking word in Orania ondersteun deur "selfwerkzaamheid" en eie arbeid. In die praktyk is dit 'n beleid waarvolgens voorkeur gegee word aan indiensneming van die inwoners van Orania.

Orania het 'n eie struktuur van openbare vakansiedae en volg nie Suid-Afrika se nasionale kalender vir vakansiedae nie. Die dorp se godsdienstige vakansiedae (byvoorbeeld Kersdag) stem wel met dié van Suid-Afrika ooreen. Ander vakansiedae wat geld, is Majubadag (27 Februarie), Stigtingsdag (6 April), Bittereinderdag (31 Mei), Taaldag (14 Augustus) en Helledag (10 Oktober) (Boshoff, 2020:192-201). Vir die vakansiedag van 16 Desember gebruik Orania die benaming Geloftedag en nie Versoeningsdag soos in die res van Suid-Afrika nie (Boshoff, 2020:201).

Een verdere unieke aspek is die ora (ϕ), 'n koepon, koopbewys of ruilmiddel wat sedert 2004 in Orania sirkuleer. Die ora mag ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, No. 90 van 1989 nie 'n "geldeenheid" genoem word nie en staan gevolglik bekend as 'n "koepon" of "koopbewys" (Wirz, 2008:8) of "ruilmiddel" (Orania Sakekamer, s.j.). Enige verwysing na die ora as 'n "geldeenheid" sal dus 'n oortreding van daardie Wet wees. Die Wet bepaal in artikel 14(1) dat "[d]ie Bank die alleenreg [besit] om in die Republiek banknote en munte uit te reik of te laat uitreik".

⁴ Die artikel weerspieël die persoonlike siening en mening van die outeur en moet nie aan die Afrikaanse Taalmuseum en -monument, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Universiteit van die Witwatersrand of aan enige organisasies in Orania toegeskryf word nie.

⁵ Mnr. Carel Boshoff IV is 'n seun van prof. Carel Boshoff, wat Orania in sy huidige formaat tot stand gebring het, en 'n kleinseun van dr. HF Verwoerd.

⁶ ϕ wat as afkorting vir die ora gebruik word, is die letter phi in die Griekse alfabet. Die Griekse letter phi is ook die simbool vir breedtegraad.

Die geskiedenis en gebruik van die ora is die fokus van hierdie artikel. In hierdie artikel word deurlopend na die ora as 'n koepon⁷ verwys, ten einde binne die bepalings van die Wet op die SA Reserwebank te bly. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die ora is van belang omdat dit die enigste "privaatgeldeenheid" is wat in Suid-Afrika in omloop is. Ander gemeenskappe wat "privaatgeldeenhede" oorweeg, kan leer uit die ontwikkelingsgeskiedenis van ora-koepons sedert 2004 en die dOra in die onlangse verlede.

Die struktuur van die res van die artikel is soos volg: Afdeling 2 oorweeg bestaande literatuur oor Orania en die ora. Afdeling 3 bied 'n oorsig van die ora sedert die eerste uitreiking daarvan in 2004. In Afdeling 4 word in die ekonomiese konteks van Orania getoets of die ora voldoen aan die voordele wat daarvoor in die vooruitsig gestel is. Die gevolgtrekkings volg in Afdeling 5.

2. Literatuuroorsig

Hoewel betreklik beperk in totale omvang, bestaan daar uiteenlopende literatuurbronne oor die geskiedenis van Orania en die ontwikkeling van die dorp as uitlewing van 'n volkstaatsgedagte vir Afrikaners. Prof. Carel Boshoff bespreek die aankoop en vestiging van Orania binne die konteks van die gedagte van 'n volkstaat in sy outobiografie (2012:384-389). Boshoff was getroud met 'n dogter van dr. HF Verwoerd.

Boshoff het 'n leidende rol gespeel in die aankoop en ontwikkeling van Orania sedert 1991 (2012:384-389). Sy outobiografie bespreek nie die ora as Orania se geldeenheid in enige besonderhede nie, maar verwys sydelings daarna (2012:424). Volgens Boshoff was die oogmerke van 'n eie geldstelsel vir Orania die volgende: (a) kontant in sirkulasie word deur koepons vervang; (b) die rand waarteen dit uitgereik is, word vir rente-opbrengs belê; (c) koopkrag word in Orania behou, want die ora kan nie buite die dorp bestee word nie; (d) ora-koepons is versamelaarsitems; en (e) die ora " ... skep 'n gevoel van gedeelde identiteit en ekonomiese onafhanklikheid" (2012:424). Boshoff (2012) identifiseer nie enige nadele van die ora nie. Die positiewe aspekte wat Boshoff (2012:424) toelig, word in die artikel bespreek.

Me. Annatjie Boshoff, die suster van prof. Carel Boshoff, beskryf haarself as die sesde intrekker in Orania nadat eiendomme in die dorp in 1991 weer vir bewoning beskikbaar gestel is (Boshoff, 2020:iv). Sy fokus in haar outobiografie op onder meer die ontwikkeling van Orania sedert 1991 (Boshoff, 2020). Sy beskryf egter nie die ora in enige besonderhede nie.

Senekal (2021) bespreek die ontstaansgeskiedenis van Orania sedert die dorp se vestiging deur die Departement van Waterwese. Senekal (2021) maak melding van die ora en som die voordele (sonder enige verwysing na moontlike nadele) soos volg op: (a) kontant in omloop word deur ora-koepons verteenwoordig en nie deur die rand nie; (b) die rand wat vir die ora-koepons betaal is, verdien rente; (c) koopkrag word binne Orania gehou, want die ora-koepons sirkuleer slegs in die dorp; (d) die ora ondersteun die plaaslike lewing van dienste; en (e) oras kan net in Orania bestee word en is daarom veiliger as randnote (Senekal, 2021:536 en 537). Senekal (2021) bespreek nie enige nadele of beperkings van die ora nie. Die positiewe aspekte wat Senekal (2021) toelig, word in hierdie artikel ontleed.

Senekal (2019) rapporteer die resultaat van navorsing oor 'n netwerkontleding van die instellingsnetwerk op Orania. Senekal (2019) bespreek nie in sy artikel die ora nie.

⁷ Die keuse van "koepon", eerder as "koopbewys" of "ruilmiddel" om die ora te beskryf, berus op die feit dat dit op die rugkant van oras in omloop koepons genoem word (Ora-koepons, s.j.).

De Klerk (2014) belig Orania se ekonomiese en bevolkingsgroeï sedert 1991 en bespreek die visie om die dorp tot 10 000 of meer inwoners te ontwikkel. Hy bespreek egter nie die ora in enige besonderhede nie.

Joubert *et al.* (2022) bespreek die OSK Ko-operatiewe Bank binne die konteks van Orania. Volgens Joubert *et al.* (2022) het die OSK Ko-operatiewe Bank 'n beduidende uitwerking op ekonomiese ontwikkeling en spesifiek op eiendomsontwikkeling in Orania. In 2019 was daar volgens Joubert *et al.* (2022:825) “... ongeveer 550 geregistreerde eiendomme in Orania, terwyl die OSK Ko-operatiewe Bank 306 eiendomslenings op sy boeke gehad het (dus sowat 55 persent).” Voorts verklaar Joubert *et al.* (2022:827) dat verdere navorsing nodig is oor “... die grootte van die Orania-ekonomie self [...], byvoorbeeld om die bruto geografiese produk en die verandering daarvan oor tyd te bereken. Laasgenoemde kan dien as 'n belangrike verwysingspunt (delertal) wanneer veranderlikes oor tyd ontleed word.” Joubert *et al.* (2022:824) bespreek sekere fisiese eienskappe van die ora, wat in 'n volgende afdeling van hierdie artikel bespreek word, maar fokus nie op enige voor- of nadele van die ora nie.

Rossouw (2023) fokus op die ekonomie van Orania. Rossouw (2023) beraam die jaarlikse persoonlike en huishoudelike inkomste, verbruiksbesteding en sake-omset in Orania teen 2021. Rossouw (2023) bespreek die ora, maar ontleed nie enige voor- of nadele van die stelsel nie.

Volgens Wirz (2008:5) word ontwikkelingsbesluite in Orania en die uitvoering daarvan beoordeel op grond van eerstens die bevordering van ekologiese volhoubaarheid en tweedens die gemeenskap se strewe na ekonomiese selfstandigheid. Wirz (2008:5) bespreek in omvattende besonderhede die aanvanklike uitreiking van oras en die ontwikkeling daarvan tot 2008. Volgens Wirz (2008:6) is die voordele van ora-koepons dat (a) kontant in omloop vervang word deur koepons en die betrokke kontant vir rente-opbrengs belê word, (b) koopkrag binne die gemeenskap behou word, (c) plaaslike besighede ondersteun word; (d) ora-koepons wat as kontant sirkuleer, veiliger is as rande wat sirkuleer; (e) ora-koepons versamelaarswaarde het; en (f) 'n eie geldeenheid eie identiteit en selfstandigheid bevorder. Wirz (2008) fokus nie op enige nadele van die sirkulasie van die ora nie, maar die ontleding van die voordele van die ora wat uitgelig word, is versoenbaar met ekonomiese selfstandigheid as oogmerk. Die aspekte wat Wirz (2008) toelig, word in hierdie artikel bespreek.

Hoewel die ora die enigste “privaatgeldeenheid” in Suid-Afrika is, is daar internasionale voorbeelde van soortgelyke stelsels. Volgens Chasin *et al.* (2020:4122) was daar teen 2019 internasionaal sowat tien “privaatgeldeenhede”. Vier van hierdie “geldeenhede” is geïdentifiseer vir bespreking weens hul eienskappe wat vir die ora van belang is. Dobrowolski (2023) en Witt (2023) bespreek die berkshares, wat in September 2006 as koepons en as 'n digitale “geldeenheid” deur BerkShares Inc in die Berkshires-gebied van Massachusetts in die Verenigde State van Amerika (VSA) vrygestel is. Die berkshare is teen 'n koers van 1:1 teen die VSA-dollar gekoppel, hoewel daar 'n diskonto van 5 persent toegestaan word wanneer 100 berkshares aangekoop word. Tans ondersoek BerkShares Inc die moontlikheid om die geldeenheid se waarde teen 'n mandjie plaaslike goedere te koppel as beskerming teen wisselvalligheid en inflasie. As BerkShares Inc hierdie oogmerk bereik, kan dieselfde benadering vir die ora ondersoek word.

In Findhorn in Skotland reik 'n ontwikkelingsagentskap, Ekopia Social Investment Ltd (Ekopia), sedert Mei 2002 die eko as “plaaslike geldeenheid” op 'n 1:1-basis teen die Britse pond uit (Ekopia s.j.). Die eko se gebruik word beperk in die mate dat slegs sake-ondernemings (nie individue nie) eko-koepons by Ekopia vir nuwe eko-koepons of vir Britse pondnote kan inwissel. Dit beperk die gebruik van die koepons en die ooglopende voordeel dat sake-ondernemings en individue ora-koepons vir rand kan inwissel, moet behou word.

Gonçalves (2021) bespreek die chiemgauer, wat sedert 2003 op 'n beperkte grondslag as “plaaslike geldeenheid” in Prien am Chiemsee in Duitsland sirkuleer. Dit word teen 'n koers van 1:1 teenoor die euro uitgereik en is vir drie maande geldig. Die gebruik van die koepons is beperk omdat dit deur 'n akademiese departement by die plaaslike universiteit geadminestrer word. Dit bevestig die belangrike rol van die geloofwaardigheid van die uitreiker van die “plaaslike geldeenheid.”

McBurnie (2012) bespreek die Salt Spring dollar (\$\$D), wat sedert 2001 in Salt Springeiland in Kanada in omloop is. Dit word teen 'n koers van 1:1 teen die Kanadese dollar uitgereik. Die \$\$D sirkuleer kragtens wetgewing as 'n geskenkbewys. Die \$\$D het voorheen 'n vervaldatum gehad, maar tans verbied Kanadese wetgewing vervaldatums op geskenkbewyse. Uitreikers van “plaaslike geldeenhede”/koepons/geskenkbewyse moet dus met wetlike veranderings tred hou.

Hierdie literatuuroorsig toon dat daar met die uitreiking van die ora verskeie voordele in die vooruitsig gestel is, maar dat geen nadele geïdentifiseer is nie. Hierdie navorsing toets onder meer die ora aan die hand van hierdie vermeende voordele, naamlik:

- (i) kontant in sirkulasie word deur koepons vervang (Boshoff, 2012; Senekal, 2021; Wirz, 2008);
- (ii) die rand waarteen oras uitgereik is, word vir rente-opbrengs belê (Boshoff, 2012; Senekal, 2021; Wirz, 2008);
- (iii) koopkrag word in Orania behou, want oras kan nie buite die dorp bestee word nie (Boshoff, 2012; Senekal, 2021; Wirz, 2008);
- (iv) ora-koepons is versamelaarsitems (Boshoff, 2012; Wirz, 2008);
- (v) die ora ondersteun die identiteit en ekonomiese selfstandigheid van Orania (Boshoff, 2012; Wirz, 2008);
- (vi) die ora ondersteun die plaaslike lewering van dienste (Senekal, 2021; Wirz, 2008); en
- (vii) oras as kontant in omloop is veiliger as randnote in omloop (Senekal 2021; Wirz 2008).

Hoewel die literatuurstudie nie enige nadele van die uitreiking van ora-koepons uitlig nie, oorweeg hierdie navorsing die voor- en nadele van die stelsel.

3. Die ora (Φ)

Volgens Senekal (2021:536) is die idee van 'n eie “geldeenheid” (in die vorm van 'n koepon) vir Orania vir die eerste keer in 2002 geopper. Wirz (2008:8) verklaar dat die gedagte aan 'n eie handelskoepon vir Orania geopper is “... deur prof. Johan van Zyl, 'n konsultant in ekonomiese ontwikkeling, tydens 'n konferensie van die Orania Beweging in 2002 in Orania.” Die Orania Sakekamer se ongedateerde inligtingstuk (Orania Sakekamer, s.j.) bevestig hierdie stelling.

Volgens die Sakekamer (Orania Sakekamer, s.j.) het die idee wat Van Zyl geopper het, “... verder momentum gekry met 'n besoek van die omgewingskundige dr. Colin Hudson van Barbados, wat baie prakties die voordele van 'n eie geldstelsel uitgestippel het”. Hierdie gedagte is verder ontwikkel op 'n konferensie van die Orania Beweging (ook in 2002), “... wat spesifiek gehandel het oor 'n eie geldstelsel vir Orania. Tydens hierdie geleentheid het die ekonoom dr. Norman Reynolds as gespreksleier opgetree” (Orania Sakekamer, s.j.). Ná die konferensie is die saak na 'n komitee van die Orania Ontwikkelingsforum verwys, wat tot

die slotsom gekom het dat 'n eie “geldstelsel” baie voordele vir Orania inhou en dat daar die nodige kundigheid op die dorp was om só 'n stelsel suksesvol van stapel te stuur (Orania Sakekamer, s.j.).

Die eerste gebruik van die woord “ora” as geldeenheid binne 'n monetêre konteks strek sowat 1 000 jaar terug. Die ora is destyds deur die Dene as 'n waardebepler (*money of account*) vir rekeningkundige doeleindes in Anglo-Saksiese Engeland ingestel (Nightingale, 1983:248; O’gorman, 2015:77). Die keuse van “ora” as 'n naam vir die koepon wat in Orania in omloop is, is egter nie van hierdie gebruik van die begrip *ora* afgelei nie.

Die Orania Sakekamer het voordat die eerste koepons uitgereik is, op 24 Februarie 2004 'n kompetisie uitgeskryf om voorstelle vir 'n naam vir die koepons te kry. Daar is dertig voorstelle⁸ vir 'n naam ingedien, waaruit die sakekamerbestuur vyf gekies het. Hierdie vyf name (sien Tabel 1 met 'n motivering vir elke voorstel) is op 12 Maart 2004 aan die inwoners van Orania voorgelê. Die inwoners het *ora* by wyse van stemming as naam gekies. Ora as naam is deur mev. Frieda Taljaard voorgestel. Daar is dus geen verband met die historiese gebruik van die naam nie (sien onder meer *News24*, 2004).

TABEL 1: Alternatiewe met motivering waaruit inwoners 'n naam moes kies

Voorgestelde naam	Simbool	Motivering
Blare	B	<ul style="list-style-type: none"> In die volksmond 'n verwysing na geld Spreek maklik uit
Neute	N	<ul style="list-style-type: none"> Orania is neutewêreld Oraniërs is harde neute om te kraak
Ora	ϕ	<ul style="list-style-type: none"> Afkorting vir Orania O = oorspronklik; R = randwaarde; A = Afrikanervolkstaat Verwant is die woord oro, wat ‘goud’ in Latyn is*
Orion	ϕ	<ul style="list-style-type: none"> Onmiskembare sterrekonstellasie bo Orania in die hemelruim Verskeie verwysings in die Bybel
Talent	T	<ul style="list-style-type: none"> Bekende naam Tweetalig Bybelse verwysing: Woeker met jou talente

* Sekere bronne rapporteer die Latynse woord vir goud as *aurum*, eerder as *oro*.
Bron: Saamgestel deur die outeur van inligting bekom vanaf die Orania Sakekamer

⁸ Die voorstelle vir 'n naam was (in alfabetiese volgorde): aar, adel, afrik, appeltjies, betsie, blaar/blare, bok, burgerpond, carea, dawer, duwweltjie, hartland, juk, knewel, kruger, meetsnoer, nara, neo, neut/neute, oge, ora, orandia, orania-rand, oranje, pionier, rin, saffier, sikkal, strop en talent.

Die simbool vir die ora, naamlik ϕ , was 'n praktiese keuse. Die simbool herinner aan 'n "O" vir ora met 'n vertikale streep soos in die dollarteken ("\$\$"), wat die keuse beïnvloed het. Die simbool is egter ook geredelik op rekenaars beskikbaar.

Die ora is vir die eerste keer op 29 April 2004 uitgereik en in omloop geplaas (Wirz, 2008:8). Daar is besluit om opvolgende uitreikings alfabeties te nommer, met die "A"-reeks as die eerste uitreiking. Op hierdie wyse is onder meer voorsiening gemaak vir die feit dat ora-koepons 'n vervaldatum het, waarna dit waardeloos is. Sedert die uitreiking van die eerste reeks, is nog sewe reekse uitgereik, met die "H"-reeks wat tans in omloop is. Die totale waarde van koepons wat vir elke reeks gedruk is, word in Tabel 2 aangedui.

TABEL 2: Waarde van ora-koepons per reeks gedruk

Reeks	Waarde van koepons gedruk (ϕ)	Persentasieverandering
A	240 000	--
B	560 000	133
C	900 000	61
D	950 000	6
E	2 250 000	137
F	3 850 000	71
G	2 600 000	- 32
H	4 100 000	58

Bron: Orania Sakekamer, s.j.

In reaksie op 'n navraag oor die wisselende groeikoers in die aantal ora-koepons wat per denominasie gedruk is, het mnr. T Correia, die voorsitter van die Orania Sakekamer, verduidelik dat die bestuur van die Orania Sakekamer en die bestuur van die OSK Ko-operatiewe Bank in konsultasie gesamentlik oor die drukoplaag van elke reeks ora-koepons besluit. In antwoord op 'n navraag oor die afname in drukoplaag van die "G"-reeks, het Correia verduidelik dat die oplaag van die "F"-reeks ora-koepons as 'n uitskieter beskou moet word. Tydens die beplanning van die uitreiking van die "F"-reeks is die vraag na ora-koepons oorskat en té veel is gedruk. Gevolglik het die bestuur van die Orania Sakekamer en die bestuur van die OSK Ko-operatiewe Bank in konsultasie gesamentlik besluit om minder ora-koepons vir die "G"-reeks te druk.

Die waarde van ora-koepons wat per reeks gedruk word, moet nie beskou word as die waarde van koepons in omloop nie. Ora-koepons word daaglik op aanvraag deur die OSK Ko-operatiewe Bank uitgereik of by wyse van deponering by die bank uit omloop onttrek. Die waarde van ora-koepons in omloop wissel dus daaglik, soos ook met banknote die geval is.

Geen berekening van 'n korrelasie tussen ora-koepons wat vir elke reeks gedruk word of wat op enige gegewe tydstip uitgereik is en Orania se huishoudelike of persoonlike inkomste, of die dorp se bruto geografiese produk (BGP) is moontlik nie. Orania se huishoudelike en persoonlike inkomste teen Desember 2021 is vir die eerste keer deur Rossouw (2023) bereken. Berekenings van hierdie aard is nie tevore gedoen nie. Voorts is Orania se BGP tot op datum

nie bereken nie. Rossouw (2023) beveel sodanige berekening aan as 'n volgende stap in 'n proses om Orania se ekonomie beter te beskryf en te verstaan.

Die "A"-reeks oras is uitgereik in denominasies van $\phi 10$, $\phi 20$, $\phi 50$ en $\phi 100$ (Wirz, 2008:8). Anders as Suid-Afrikaanse banknote was die aanvanklike ora-koepons van alle denominasies ewe groot; ongeveer so groot as die Suid-Afrikaanse R50-noot (Wirz, 2008).

Daar is nie 'n $\phi 200$ -koepon uitgereik nie, want die R200-noot was omstreeks 2004 nie baie gewild nie en daar was betreklik min van daardie note in Suid-Afrika in omloop. Die eerste reeks (A-reeks) ora-koepons en elke reeks daarna tot die sesde reeks (F-reeks) is deur mnr. Christiaan van Zyl, 'n argitek wat op Orania woon, ontwerp

Koepons is individueel op die agterkant deur bestuurslede van die Orania Sakekamer met die hand geteken (twee bestuurslede per denominasie), soortgelyk aan die (gedrukte) handtekening van die President van die SA Reserwebank wat op Suid-Afrikaanse banknote voorkom. Die vervaldatum van die koepons was prakties twee jaar ná uitreiking, naamlik 1 Mei 2006. Daarna het 1 Mei die tradisionele vervaldatum van elke reeks ora-koepons geword, maar met een praktiese uitsondering weens Covid-19, soos hier onder verduidelik word. Dit is 'n groot verskil tussen Suid-Afrikaanse banknote en die ora: Suid-Afrikaanse banknote (pondnote voor 1961 en randnote sedert 1961) het geen vervaldatum nie.

Die eerste reeks oras en elke reeks daarna is op 'n basis van een tot een in verhouding met die Suid-Afrikaanse rand uitgereik. Die randbedrae wat deur die verkope van ora-koepons ingevorder word, word in reserwe gehou as dekking vir die oras in omloop. Die rente-opbrengs op die rand-deposito's wat oras in omloop dek, herinner aan muntloon (*seigniorage*)⁹ wat sentrale banke verdien op banknote en munte (betaalmiddele, *currency* in Engels) in omloop. In die geval van die ora is die berekening van muntloon betreklik eenvoudig (rente op rand-deposito's ingevorder ten opsigte van ora in besit van die publiek en sakeondernemings). As die rande wat ingevorder word wanneer ora-koepons uitgereik word, egter as note in 'n kluis bewaar sou word, is geen muntloon ter sprake nie.

Die berekening van muntloon wat sentrale banke verdien, is egter nie eenvoudig nie. Mnr. Mogam Pillay, Groephef vir die Betaalmiddelegroep van die SA Reserwebank (2023:114), het verklaar dat muntloon nie eenvormig deur internasionale sentrale banke gedefinieer word nie.

Die ora word deur die Orania Sakekamer gedruk en in omloop geplaas. Die OSK Ko-operatiewe Bank administreer die uitreiking en die onttrekking daarvan uit omloop (Joubert *et al.*, 2022:824) of die kansellering daarvan, na gelang van die geval. Geen bankkoste word gehef op ora-koepons wat as kontant by die OSK Ko-operatiewe Bank onttrek word nie, maar kontantonttrekkingsfooi word wel op randonttrekkings gehef. Die hantering van ora-koepons behels egter ekstra arbeid, want dit kan nie met kontantmasjiene getel word soos in die geval van banknote nie.

Enige rente wat verdien word op rande wat vir ora-koepons ingewissel is, val die OSK Ko-operatiewe Bank toe. Aanvanklik het die rente op randdeposito's die Orania Sakekamer toegeval, maar hierdie praktyk is hersien en rente is op 28 Februarie 2007 vanaf die Sakekamer na die OSK Ko-operatiewe Bank teruggeskryf. Die praktyk is om verskeie redes verander:

- Eerstens vergemaklik dit die administrasie van die uitgereikte ora-koepons;
- tweedens dek die rente die OSK Ko-operatiewe Bank se hanteringskoste vir die uitreiking van ora-koepons; en

⁹ Volgens Bain en Howells (2003:21) is die woord *seigniorage* afgelei van die Franse woord *seigneur*, waarvan die betekenis op 'n feodale heerser dui.

- derdens dra die rente by tot 'n buffer wat dien as dekking vir die OSK Ko-operatiewe Bank se risiko dat vervalsings of ora-koepons ná die vervaldatum deur die bank aanvaar word.

Ora-koepons wat nie teen die vervaldatum by die OSK Ko-operatiewe Bank ingewissel is nie, is waardeloos en word gekanselleer, hoewel die Orania Sakekamer 'n aanpasbare en menslike benadering volg. Uitsonderings vir inwisseling word tot twee maande ná die vervaldatum gemaak, na gelang van die omstandighede, onder meer om inwoners, sake-ondernemings, kerkgenootskappe en so meer tegemoet te kom. In een geval, soos hier onder bespreek word, is die vervaldatum van 'n koeponreeks ook uitgestel weens die Covid-19-pandemie.

Op die rugkant van die koepon word die koeponvoorwaardes soos volg uiteengesit (Ora-koepon, s.j.):

- (a) Die koepon is vrylik verhandelbaar by alle ondernemings wat lidmaatskap van die Orania Sakekamer het.¹⁰
- (b) Die Orania Sakekamer is nie verantwoordelik vir substandaard goedere of dienste gelewer of vir enige tekorte in ruil vir ora-koepons nie.
- (c) Die Orania Sakekamer kan 'n kommissie van hoogstens 5% hef wanneer koepons op versoek van die houer omgeruil word.¹¹
- (d) Namaaksels van die koepon of beskadigde koepons waarvan die waarde nie bepaal kan word nie, is nie verhandelbaar of inruilbaar nie.
- (e) Koepons dien nie as kwitansie of skuldbewys vir doeleindes van die Bankwet nie.

Joubert *et al.* (2022:824) lig sekere fisiese aspekte van die ora-koepons toe. Op die rugkant van die koepons word advertensieruimte verkoop, wat die drukkoste dek (Joubert *et al.*, 2022:824). Drukkoste en die koste van advertensies word hier onder bespreek.

Voorts het die koepons sekerheidseienskappe om vervalsing aan bande te lê, onder meer fluoresserende eienskappe wat slegs onder 'n UV-lig sigbaar is (Joubert *et al.*, 2022:824). Soos by banknote is daar egter ook bykomende sekerheidseienskappe wat nie aan die publiek bekendgemaak word nie. Elke koepon het ook 'n unieke nommer, wat onder meer die reeks toon waarvan die besondere ora-koepon deel vorm. Die vervaldatum van die koepon verskyn ook op die agterkant.

Daar is geen outeursreg op die ontwerpe op die ora nie, terwyl die naam ook nie as 'n handelsmerk geregistreer is nie. Beide kwessies kan risiko's wees. Die naam "ora" is blootgestel vir misbruik deur ander uitreikers binne en buite Orania. Voorts kan vervalsings van ora-koepons in omloop geplaas word omdat ontwerpe nie geregistreer is nie.

In Orania word bedrae in boekinskrywings, dokumentasie, navorsingsverslae, rekords en transaksies in ora aangedui, eerder as in rand. In die algemene spreektaal word ora, eerder as rand, ook gebruik om geldbedrae uit te druk.

Drie maande voor die vervaldatum van die eerste ora-reeks in 2006 het die Sakekamer die sukses daarvan in die eerste twee jaar ná uitreiking so " ... goed as moontlik ... evalueer"

¹⁰ Hierdie beginsel word nie streng toegepas nie en ondernemings wat nie lidmaatskap van die Orania Sakekamer het nie, aanvaar ook ora-koepons. In enkele uitsonderlike gevalle aanvaar ondernemings in Orania se buurdorpe ook ora-koepons in kontanttransaksies.

¹¹ In hierdie geval is die presiese woorde "Indien Orania Sakekamer in sy uitsluitlike oordeel koepon op aanvraag van die houer hiervan ruil vir kontant of kleingeld kan 'n kommissie wat nie 5% van die koepon se ruilwaarde te bowe gaan nie, gehef word" (Ora-koepon, s.j.). Dit is 'n bemagtigende klousule wat die heffing van kommissie van tot 5% moontlik maak, maar dit word nie in die praktyk toegepas nie.

(sic) (Orania Sakekamer, s.j.). Die gevolgtrekking (wat in meer besonderhede in die volgende afdeling bespreek word) was dat die uitreiking van die ora verskeie voordele het en dat voortgegaan moet word met die uitreiking daarvan.

Gevolglik is die tweede reeks oras (die “B”-reeks) “... op Donderdag 13 April 2006 met die viering van Orania se vyftiende verjaardag amptelik geloods” (Orania Sakekamer, s.j.). Die lewensduur van die “B”-reeks was ook sowat twee jaar, met 1 Mei 2008 as die vervaldatum van die koepons.

Hoewel die ontwerpuitleg van die “A”- en die “B”-reeks oras op die oog af dieselfde lyk, is daar enkele klein verskille. Die beginsel van ontwerpverskille is op elke opeenvolgende reeks ora-koepons toegepas. Hierdie verskille maak dit makliker om tussen die verskillende reekse te onderskei, onder meer om die risiko te verminder dat oras van vorige reekse wat reeds verval het, vir betaling of inruiling aanvaar word.

Eerstens is daar kleurverskille in die embleme van die Orania Dorpsraad en die Orania Beweging wat op die koepons gebruik word. Tweedens is daar verskillende sakeondernemings wat op die “A”-reeks en die “B”-reeks adverteer. Derdens is die afkorting vir *nommer* (“No”) by die nommers van die “B”-reeks weggelaat. Dunner papier is ook vir die “B”-reeks gebruik (Orania Sakekamer, s.j.; sien ook Wirz, 2008).

Die “C”-reeks (derde reeks) is op Saterdag 12 April 2008 bekendgestel en die geleentheid het saamgeval met die bekendstelling van Radio Orania. Die vervaldatum van hierdie reeks was 1 Mei 2011 (Orania Sakekamer, s.j.). Terwyl die “A”-reeks en die “B”-reeks twee jaar lank in omloop gehou is, is daar besluit om van die “C”-reeks af die omlooptyd tot drie jaar te verleng. Dit was ’n praktiese besluit wat koste en omruiladministrasie beperk.

Dieselfde ontwerp is weer gebruik, maar die ontwerp verskil van dié van die “B”-reeks in soverre die denominasie-aanduiding op koepons in ’n ander kleur gedruk is. Voorts is die name en vanne van die Sakekamerbestuurslede wat die koepons onderteken het, by hul handtekeninge aangebring. Laastens was daar ’n verandering in adverteerders (Orania Sakekamer, s.j.).

Die bekendstelling van die vierde reeks ora-koepons (“D”-reeks) was op 6 April 2011 tydens Orania se twintigste bestaansjaarvieringe. Die vervaldatum van die “D”-reeks was 1 Mei 2014.

Soos tevore, was daar ook verskille tussen die “D”-reeks en die “C”-reeks. Eerstens is die logo van Orania se twintigste bestaansjaarvieringe as Afrikaanse enklawe op die voorkant van die koepons afgebeeld. Tweedens het die name en handtekeninge op die koepons verander. In die derde plek het die adverteerders weer verander, terwyl die advertensies vir die eerste keer in kleur op die koepons verskyn het. Vierdens het die gebruik van kleur en van die kleurskakerings van die denominasies in die reeks verander. Laastens het die posisie van die aanduiding van die denominasie in woorde verskuif (Orania Sakekamer, s.j.).

Die “E”-reeks ora-koepons (vyfde reeks) is op 11 April 2014 uitgereik, met 1 Mei 2017 as die vervaldatum. Die belangrikste opsig waarin die “E”-reeks van vorige reekse verskil het, was die eerste uitreiking van ’n ϕ 200-koepon. Voorheen was die ϕ 100-denominasie die koepon met die grootste sigwaarde. Die vervaldatum van die “E”-reeks was 1 Mei 2017. Soos in vorige reekse het die name en handtekeninge op die koepons verander om veranderings in die bestuur van die Sakekamer te weerspieël. Voorts is die logo van die herdenking van Orania se twintigjarige bestaan as Afrikaanse enklawe nie op die “E”-reeks gebruik nie. Laastens het die adverteerders op die “E”-reeks koepons verskil van adverteerders op die voorafgaande “D”-reeks.

Die sesde reeks ora-koepons (“F”-reeks) is op 10 April 2017 uitgereik met ’n vervaldatum

van 1 Mei 2020. Weens die aankondiging van die Covid-19-beheermaatreëls deur die Suid-Afrikaanse regering is die leeftyd van hierdie reeks egter verleng tot 31 Oktober 2020.

In die beplanning van hierdie reeks is besluit om die koepons van die verskillende denominasies in groottes met verskillende afmetings uit te reik ten einde onderskeiding makliker te maak. Dit was 'n groot afwyking van die benadering wat met vorige reekse ora-koepons gevolg is. Hierdie benadering help ook gesiggestremde persone om tussen die denominasies te onderskei.

Die sewende reeks ora-koepons ("G"-reeks) is op 19 September 2020 in omloop geplaas en het op 31 Mei 2023 verval. Vir hierdie reeks is besluit om 'n nuwe ontwerpbenadering te volg, vergeleke met die vorige reekse, wat evolusionêr dieselfde ontwerpema gebruik het. Ontwerpe van me. Cornelia Holm is vir die "G"-reeks gebruik.

Die jongste reeks ora-koepons ("H"-reeks) is op 21 April 2023 in omloop geplaas. Die vervaldatum van hierdie reeks is 1 Mei 2026. Die H-reeks is die eerste ora-koepons waarop gedrukte handtekeninge verskyn, want om elke ora-koepon individueel met die hand te teken het eenvoudig administratief te veeleisend geword.

Die "H"-reeks is opnuut ontwerp en verskil van die "G"-reeks. Die koepons is deur me. Petra Langner ontwerp en is grafies deur me. Karin Janse van Rensburg versorg.

'n Verdere belangrike verskil is dat die "H"-reeks ora-koepons op 'n ander tipe papier as die "B"- tot "G"-reeks gedruk is. Terwyl banknote soos die Suid-Afrikaanse rand op 'n katoenen-linne-substraatbasis (*cotton-linen substrate*) gedruk word, word ora-koepons op papier gedruk. Die gehalte van die papier waarop die jongste "H"-reeks gedruk is, is van 'n laer kwaliteit as die vorige reekse. Gevolglik skeur die koepons maklik in normale hantering, wat tot weerstand teen die gebruik van die ora onder Oraniërs kan lei. Verslete of geskeurde ora-koepons in die "H"-reeks word deur die OSK Ko-operatiewe Bank as "nie-heruitreikbaar" geklassifiseer, op dieselfde grondslag as die klassifikasie van banknote as "nie-heruitreikbaar" deur sentrale banke. Die totale koste van drukwerk en die uitreiking van die "H"-reeks het ϕ 145 000 beloop. Die druk- en uitreikingskoste van die ora-koepons word onder meer gedek deur advertensieruimte wat agterop die koepons verkoop word. Voorts word 'n veiling van ora-koepons met lae denominasies gehou tydens elke nuwe uitreiking, wat as versamelaarsitems verkoop word. Die lae-nommer ora-koepons in elke reeks word saam met 'n sertifikaat geraam en die verkoopprijs van hierdie lae-nommer koepons is hoër as die sigwaarde daarvan. Hierdie koepons met sertifikate word deur versamelaars aangekoop, behou en verhandel, selfs ná die koepons hul vervaldatum bereik het.

Hierdie verkope dra ook by om die koste van die ora-koepons te dek. Op die "H"-reeks verskyn advertensies van 15 verskillende adverteerders (ondernemings op Orania), wat elkeen ϕ 4 000 vir die advertensieruimte betaal het. Advertensies ter waarde van ϕ 60 000 verskyn dus op hierdie reeks. Volle stelle gedenkoepons (al vyf denominasies) met lae nommers (nommers H1 tot H20) ter waarde van ϕ 60 900 is voor uitreiking uit die "H"-reeks verkoop.

Voorts word ora-koepons ná vervaldatum op elektroniese platforms soos ebay (<https://www.ebay.com/itm/182509292400>) as versamelaarsitems te koop aangebied. Op 25 Maart 2023 is vier ora-koepons (ϕ 10, ϕ 20, ϕ 50 en ϕ 100), elk genummer B-94, ter waarde van ϕ 180 uit die "B"-reeks vir VSS\$399,00 (sowat ϕ 7 600,00) te koop aangebied.

'n Verdere ontwikkeling is die uitreiking van die "dOra" (digitale ora; ook geskryf as d'Ora) deur die Orania Sakekamer. Voor die uitreiking van die dOra, het die OSK Ko-operatiewe Bank die bekendstelling van 'n eOra ondersoek. Hierdie projek is laat vaar nadat die SA Reserwebank die OSK Ko-operatiewe Bank daarop gewys het dat hul betrokkenheid by 'n eOra nie versoenbaar is met die lisensievoorwaardes van 'n ko-operatiewe bank nie. Weens

die reaksie van die SA Reserwebank op die ondersoek na die eOra, is die OSK Ko-operatiewe Bank nie betrokke by die uitreiking van die dOra nie.

Een belangrike kenmerk van die dOra is dat daar geen vervaldatum aan gekoppel is nie. Die enigste beperking is dat slegs gebruikers wat die nodige toepassing op hul selfone het, met die dOra sake kan doen. Die dOra se groeiende populariteit blyk uit die sirkulasiesyfers in Tabel 3.

TABEL 3: Sirkulasiesyfers van die dOra in ϕ , 28/02/2021 tot 11/08/2023

Datum	Bedrag	Jaarkoers van toename
28/02/2021	96 733	–
28/02/2022	207 887	114,9%
29/02/2023	348 119	67,4%
11/08/2023	500 000	170,1%

Bron: Orania Sakekamer, s.j.

Die dOra is toeganklik vir gebruik nadat die betrokke toepassing op 'n selfoon geïnstalleer is. Ora word op die toepassing gelaa, wat gebruik kan word om direkte, elektroniese betalings aan Orania-ondernemings en ander Oraniërs te maak wat ook toegang tot die toepassing het, deur die elektroniese oorpasing van ora-waardes sonder enige bankkoste (WereldNuus.com, 2023). Kliënte wat die toepassing op hul selfone gebruik, kan dit ook koppel aan hul bankrekening by die OSK Ko-operatiewe Bank (WereldNuus.com, 2023).

Weens koste-oorwegings word geen ora-munte uitgereik nie. Suid-Afrikaanse munte sirkuleer in Orania en vervul die behoefte aan kleingeld. In 2004 is daar wel eenmalig 25 goue en 100 silwer ora-gedenkpenninge in 'n vorm soortgelyk aan versamelmonete uitgereik.

Ten spyte van die beperking wat die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank stel, voldoen die ora *de facto* aan die definisie van geld. In die streng tegniese sin van die woord is die ora dus 'n "geldeenheid". Ten einde as 'n geldeenheid te "kwalifiseer", moet daar aan drie vereistes voldoen word (Van der Merwe *et al.*, 2014:7 tot 9). Die eerste vereistes is dat dit 'n handelsmiddel (*medium of exchange*) moet wees, iets wat in algemene handelstransaksies in ruil vir goedere en dienste aanvaar word. Tweedens moet dit die rol van 'n waarde-instrument (*store of value*) vervul, naamlik dat dit opgepot moet kan word om in 'n later stadium gebruik te word. Die laaste vereiste is dié van 'n rekeneenheid (*unit of account*); pryse moet daarin aangedui word (Van der Merwe *et al.*, 2014:7 tot 9). Binne die konteks van Orania voldoen die ora aan hierdie drie vereistes.

4. Beoordeling van die ora binne Orania se ekonomiese konteks

4.1 Beraming van ekonomiese bedrywigheid in Orania

Die ora sirkuleer in Orania, wat impliseer dat die vraag na ora-koepons en dOra deur die omvang van ekonomiese bedrywighe (en spesifiek kontanttransaksies) in die dorp bepaal word. Die navorsing van Rossouw (2023) is 'n eerste poging om Orania se jaarlikse persoonlike inkomste, jaarlikse huishoudelike inkomste, verbruiksbesteding en die omset van sake-ondernemings te bepaal.

Rossouw (2023) het van sensusbronne gebruik gemaak wat inkomste, verbruiksbesteding en omset rapporteer. Die *Orania Sosio-Ekonomiese Opname (2022)* verskaf omvattende inligting oor verskeie maatskaplike, ekonomiese en finansiële aspekte van die inwoners van Orania. Die opname is deur Urban Econ ontwikkelingsekonome in opdrag van die Orania Dorpsraad gedoen. Die opname is in 2022 gepubliseer, maar berus op onderhoude wat hoofsaaklik in November en Desember 2021 gevoer is, terwyl 'n klein restant in Januarie 2022 afgehandel is (e-poskorrespondensie met mnr. G Snyman). Die opname rapporteer dus data van 2021.

Volgens die opnamedata het Orania 2 377 inwoners gehad wat oor 649 huishoudings (waarvan sommige huishoudings slegs uit een persoon bestaan het) versprei was. Toe die opname gedoen is, was 1 635 inwoners van Orania 20 jaar oud en ouer.

Rossouw (2023) het sekere datafoute ten opsigte van verskille tussen persoonlike en huishoudelike inkomste vir dieselfde huishoudings in die onderliggende opnamestof geïdentifiseer en aanpassings gemaak om dit uit te skakel. Ná hierdie aanpassings is die persoonlike jaarlikse inkomste van die inwoners van Orania vir 2021 op $\text{R}295\,672\,222$ beraam. Dit impliseer 'n beraamde persoonlike jaarlikse inkomste *per capita* van $\text{R}124\,389$.

Hierteenoor is die jaarlikse huishoudelike inkomste op $\text{R}190\,331\,179$ beraam. Hierdie syfer korreleer swak met die berekende persoonlike inkomste. Rossouw (2023) se gevolgtrekking is dat huishoudelike inkomste in die opname ondergerapporteer is. Nietemin toon die navorsing deur Rossouw (2023) dat huishoudelike inkomste in Orania teen 2021 iewers tussen $\text{R}200$ miljoen en $\text{R}300$ miljoen was. Dit is 'n eerste poging om ekonomiese bedrywigheid op Orania te beraam en dien as grondslag vir verdere navorsing oor en verfyning van beramings van inkomtevlakke in die dorp.

Ten einde die inkomesyfers verder toe te lig, het Rossouw (2023) ook verbruiksbesteding in Orania beraam. Vir hierdie doel is die *Orania Besigheidsopname (2022)* gebruik. Die opname is deur Urban Econ ontwikkelingsekonome in opdrag van die Orania Dorpsraad gedoen. Hierdie opname is in 2022 voltooi en rapporteer die omset van ondernemings in Orania in daardie jaar. Die opname rapporteer ook besteding deur inwoners van Orania by sakeondernemings op die dorp, teenoor besteding deur persone van buite die dorp.

Die *Orania Besigheidsopname (2022)* rapporteer data oor sakeomstandighede en -omset asook die aard van kliënte; die data is verkry deur middel van 220 vraelyste wat deur sake-eienaars¹² op die dorp ingevul is.

Op grond van data in die *Orania Besigheidsopname (2022)* beraam Rossouw (2023) die omset van sakeondernemings in Orania op sowat $\text{R}281,9$ miljoen ($\text{R}281\,950\,000$). Besteding by plaaslike sakeondernemings deur die inwoners is dus op sowat $\text{R}140,95$ miljoen beraam. Dit stel die beraamde jaarlikse huishoudelike inkomste van $\text{R}200$ miljoen in perspektief en dit bevestig gevolglik die beraming dat Orania se huishoudelike en persoonlike inkomste op 'n jaargrondslag sowat $\text{R}200$ miljoen tot $\text{R}300$ miljoen teen 2021 beloop het.

4.2 Beoordeling van die ora

Die literatuuroorsig toon dat daar met die uitreiking van die ora verskeie voordele in die vooruitsig gestel is. Hierdie navorsing toets onder meer die ora aan hierdie verwagte voordele, naamlik:

¹² Boshoff (2020:360-361) rapporteer die bestaan van 63 sakeondernemings in Orania teen 2003.

- (i) kontant in sirkulasie word deur koepons vervang;
- (ii) die rand waarteen oras uitgereik is, word vir rente-opbrengs belê;
- (iii) koopkrag word in Orania behou, want oras kan nie buite die dorp bestee word nie;
- (iv) ora-koepons is versamelaarsiteme;
- (v) die ora ondersteun die identiteit en ekonomiese selfstandigheid van Orania;
- (vi) die ora ondersteun die plaaslike lewering van dienste; en
- (vii) ora-koepons is veiliger as Suid-Afrikaanse banknote.

Hoewel die literatuurstudie nie enige nadele verbonde aan die uitreiking van ora-koepons uitlig nie, oorweeg hierdie navorsing egter ook moontlike nadele van die stelsel.

As uitreiker van die ora-koepons het die Orania Sakekamer in 2006 die sukses en wenslikheid van die ora oorweeg. Die Sakekamer se dokumentasie toon dat daar in Januarie 2006 (byna twee jaar nadat ora-koepons vir die eerste keer op 29 April 2004 uitgereik is) besluit is “... om die sukses van die Ora-projek oor die eerste twee jaar so goed as moontlik te evalueer” (Orania Sakekamer, s.j.).

Die positiewe aspekte van die ora-stelsel wat die Sakekamer destyds geïdentifiseer het (Orania Sakekamer, s.j.), is dat (a) oras in omloop geplaas is en ’n gelyke bedrag in waarde (Φ240 000 vir die “A”-reeks en Φ412 000 vir die “B”-reeks) vir ontwikkeling in Orania beskikbaar gestel is; (b) verskeie ondernemings in Orania korting gee vir kontanttransaksies wanneer met ora-koepons betaal word; (c) geen bankkoste gehef word op tjeks wat in ora uitbetaal word nie; (d) die kontantrisiko in Orania verminder; (e) die ora versamelaarswaarde het en in sommige gevalle gehou word tot ná die vervaldatum van die koepons; (f) die ora tot Orania se identiteit bydra; en (g) die ora-koepons Orania se model van ekonomiese selfstandigheid ondersteun. Soos uit die literatuurstudie geblyk het, rapporteer die Sakekamer ook geen negatiewe aspekte van die ora-koepons nie.

Die bevinding van die Sakekamer dat die ora-koepons in omloop ’n gelyke bedrag in waarde vir ontwikkeling op Orania beskikbaar stel, is van twyfelagtige waarde. Die randbedrag wat ingevorder word vir oras wat uitgereik word, is ’n voorwaardelike aanspreeklikheid en opeisbaar wanneer oras vir rand teruggeruil word. Dit moet gevolglik in reserwe gehou word en verdien rente, maar kan nie op enige ander wyse aangewend word voordat die oras daarteen in omloop verval het nie.

Teen hierdie agtergrond, word die ora, die uitreiking van ora-koepons en die dOra in Tabel 4 beoordeel om die voor- en nadele van die ora te bepaal.

Die ontleding in Tabel 4 toon dat ora-koepons en die dOra voldoen aan die meeste van die verwagtings wat vir Orania se eie “geldeenheid” gestel is. Die ooglopende nadele is dat houers van ora-koepons en dOra dit op Orania vir rand moet inwissel voordat hulle kontanttransaksies buite die dorp kan doen. Voorts verminder enige afslag wat sakeondernemings op ora-transaksies toestaan, hul omset en bruto wins. Ora-koepons is nie masjienleesbaar nie en word met die hand getel, wat administrasiekoste verhoog. Die verbranding van ora-koepons ná sirkulasie het ook ’n nadelige uitwerking op die omgewing. Voorts is dit ’n risiko dat die naam van die ora en die ontwerpe wat op die koepons gebruik word, nie geregistreer is nie.

Meer navorsing is nodig om te bepaal of die groei in ora-koepons wat uitgereik word, hoegenaamd korreleer met die groei in ekonomiese bedrywigheede in Orania. Die groeikoers van ora-koepons kan nie met groei in ekonomiese bedrywigheede vergelyk word nie omdat laasgenoemde nie voorheen op ’n vergelykbare basis bereken is nie. Die navorsing van Rossouw (2023) is die eerste inisiatief om ’n basis te skep vir die bepaling van toekomstige ekonomiese groei. Indien hierdie korrelasie deur toekomstige navorsing bepaal kan word, sal dit ’n nuttige en maklike aanwyser van groei in ekonomiese bedrywigheede op die dorp wees.

TABEL 4: Beoordeling van die ora

No.	Oogmerke volgens literatuurstudie	Navorsing deur Orania Sakekamer	Bevinding, kommentaar en beoordeling op grond van hierdie navorsing
1	Kontant in sirkulasie word deur koepons vervang. (i)	Oras in omloop stel 'n gelyke waarde vir ontwikkeling in Orania beskikbaar (a)	In tegiese sin is hierdie bevinding verkeerd. Totdat die ora-koepon verval het, bly die rand wat daarteen gehou word, 'n voorwaardelike aanspreeklikheid. Die opbrengs (rente op randdeposito) kan voor die vervaldatum van koepons vir enige oogmerk aangewend word. Ná die vervaldatum kan enige rand waarteen ora-koepons nie ingewissel is nie (sien No. 4), vir enige oogmerk aangewend word.
2	Rand waarteen oras uitgereik is, word vir rente-opbrengs belê. (ii)	Sien No. 1 hier bo	Korrekt, vir die tydperk dat die betrokke oras in omloop is.
3	Kooppkrag word in Orania behou. (iii)	Geen bevinding nie	Korrekt in soverre die rand deur ora-koepons vervang is, maar die werklike omvang en voordeel kan nie gekwantifiseer word nie.
4	Ora-koepons is versamelaarsitems. (iv)	Versamelaarswaarde (c)	In die mate dat ora-koepons versamel word en nie teen die vervaldatum ingewissel is nie, kan die rand waarteen die ora uitgereik is, as wins op 'n verkooptransaksie beskou word, eerder as 'n voorwaardelike aanspreeklikheid.
5	Die ora ondersteun die identiteit en ekonomiese selfstandigheid van Orania. (v)	Die ora ondersteun Orania se identiteit en strewe na ekonomiese selfstandigheid. (f) en (g)	Die ora bereik hierdie oogmerk wel in die sin dat inwoners van Orania pryse in ora, eerder as in rand, noem.
6	Die ora ondersteun die plaaslike lewering van dienste. (vi)	Geen bevinding nie	Dit is onmoontlik om te bepaal of hierdie oogmerk bereik word.
7	Ora-koepons is veiliger as randnote (vii)	Vermindering van kontant risiko in Orania (d)	Korrekt
8	Geen bevinding nie	Korting op ora-kontanttransaksies (b)	Dit is 'n voordeel vir die publiek wat ora-koepons gebruik, maar verminder natuurlik dienooreenkomstig die omset en bruto wins van sakeondernemings wat korting toestaan.
9	Geen bevinding nie	Geen bankkoste op tjeks wat in ora uitbetaal word nie (c)	Hierdie aangeleentheid het verval, want Suid-Afrika het die gebruik van tjeks afgeskaf.

TABEL 4: Beoordeling van die ora (vervolg)

Bykomende eienskappe van die ora wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is				
Oogmerke volgens literatuurstudie	Navorsing deur Orania Sakekamer	Hierdie navorsing	Navorsingsbevinding	
11	Geïmpliseer	Ora voldoen aan die vereistes vir 'n geldenheid.	Korrek	
12	Geen bevinding nie	Inwoners moet ora op Orania vir rand inwissel voor kontanttransaksies buite die dorp.	Dit is 'n negatiewe aangeleentheid wat transaksiekoste verhoog.	
13	Geen bevinding nie	Sakeondernemings moet ora op Orania inwissel voor betaling vir bestellings van buite die dorp gemaak kan word.	Dit is 'n negatiewe aangeleentheid wat transaksiekoste verhoog.	
14	Geen bevinding nie	Ora-koepens is nie masjienleesbaar nie en moet per hand getel word.	Dit is 'n negatiewe aangeleentheid wat hanteringskoste verhoog.	
15	Geen bevinding nie	Die dOra vergemaklik betalingstransaksies deur elektroniese oordrag van fondse.	Korrek	
16	Geen bevinding nie	Die ora bied geen verskansing teen inflasie in Suid-Afrika nie, want dit is aan die rand gekoppel.	Korrek	
17	Geen bevinding nie	Die ora bied geen verskansing teen wisselkoerswisselvalligheid van die rand nie.	Korrek	
18	Geen bevinding nie	Die "H"-reeks ora-koepens is op swakker kwaliteit papier gedruk.	Dit is 'n negatiewe aangeleentheid en kan die lewensduur van die "H"-reeks ora-koepens verkort.	
19	Geen bevinding nie	Die ora se naam is nie as 'n handelsmerk geregistreer nie.	Dit is 'n risiko.	
20	Geen bevinding nie	Ná sirkulasie word ora-koepens verbrand.	Dit is nadelig vir die omgewing.	
21	Geen bevinding nie	Daar is onvoldoende data om vas te stel of ora in omloop dien as aanwyser van groei in Orania se ekonomie.	Dit is 'n aangeleentheid wat vir toekomstige navorsing aangestrip word.	

Die ora is aan die Suid-Afrikaanse rand gekoppel en bied dus geen verskansing teen inflasie nie. Die koppeling aan die rand impliseer ook dat die ora aan dieselfde wisselkoersinstabiliteit as die rand blootgestel is. Die enigste wyse waarop hierdie twee probleme te bowe gekom kan word, is deur die ora se waarde te koppel aan 'n stabiele buitelandse geldeenheid. Dit is egter kragtens Suid-Afrika se valutabeheerregulasies nie toelaatbaar nie.

Sekere sake wat as voordele van die ora voorgelê is, kan nie beoordeel word nie. Die ora sirkuleer suksesvol in Orania weens die homogene aard van die dorp en sy inwoners en hulle gedeelde gemeenskaplike oogmerke.

4.3 *Inkoop en uitwinkel (“inshopping” en “outshopping”)*

In die opnamedata wat in hierdie navorsing gebruik is, het eienaars van sake-ondernemings in Orania gerapporteer dat 51 persent van hul omset van inwoners van Orania afkomstig was, met die balans van persone buite Orania. Dit lei tot vroeë oor inkoop en uitwinkel (“inshopping” en “outshopping”) deur inwoners van die dorp, soos wat Strydom (2014) ten opsigte van die gedrag deur inwoners van Soweto ontleed het.

In enige ontleding van inkoop- en uitwinkel-gedrag, val dit egter op dat die beskikbare data en die bestedingsverhouding van 51:49 geen inligting verskaf oor die bestedingsgedrag van inwoners van Orania buite die dorp nie, soos deur Strydom (2014) ten opsigte van Soweto verduidelik word. Ora-koepons wat vir elke reeks gedruk is, kan nie gebruik word vir berekenings van hierdie aard nie. 'n Ooglopende voorbeeld van “uitwinkel” deur inwoners van Orania is persoonlike inkomstebelasting en belasting op toegevoegde waarde, wat uit die dorp na die sentrale regering van Suid-Afrika vloei, ten opsigte waarvan baie min waarde in Orania terugontvang word. Voorts rapporteer die data ook nie indirekte of direkte uitwinkelbesteding van Orania se inwoners nie, waar indirekte besteding op dienste soos versekeringspremies of motorlisensies is, terwyl direkte besteding goedere is wat aangekoop word.

5. **Gevolgtrekkings**

Hierdie artikel ontleed die rol van die ora as unieke “geldstelsel” binne die konteks en ekonomie van Orania. Die ora is nie 'n “geldeenheid” of “geldstelsel” kragtens Suid-Afrikaanse wetgewing nie, want die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989, verbied sodanige benaming. Nietemin geniet die ora, wat as koepons bekend is om die bepalinge van die wetgewing te omseil, wye aanvaarding en aanwending binne Orania. Op hierdie basis word bevind dat die algemene gebruik van die ora, ten spyte van wetlike beperkings, binne Orania voldoen aan die vereistes vir 'n geldeenheid.

Ora-koepons en die dOra voldoen aan die verwagtings wat vir Orania se eie “geldeenheid” gestel is. Die sirkulasie van die ora het sekere voordele, terwyl die nadele beperk is.

Die ooglopende nadele is dat houers van ora-koepons en dOra dit op Orania vir rand moet inwissel voordat hulle kontanttransaksies buite die dorp kan doen of vir bestellings buite die dorp kan betaal. Voorts verminder enige afslag wat sakeondernemings op ora-transaksies toestaan, hul omset en bruto wins. Ora-koepons is nie masjienleesbaar nie en word met die hand getel, wat administrasiekoste verhoog.

Die ora is aan die Suid-Afrikaanse rand gekoppel en bied daarom geen verskansing teen inflasie of wisselkoerswisselvalligheid nie. Om hierdie twee probleme op te los, sal die ora aan 'n ander waardedraer of geldeenheid gekoppel moet word. Laasgenoemde is egter problematies weens Suid-Afrika se stelsel van valutabeheer.

Die verbranding van ora-koepons ná sirkulasie is nadelig vir die omgewing. Tans versnipper sentrale banke verslete note, eerder as om dit verbrand, omdat die katoen-en-linne-substraatbasis daarvan nie hersirkuleerbaar is nie. Die Orania Sakekamer kan as alternatief vir die verbranding van ora-koepons ná sirkulasie ondersoek instel na die moontlikheid om ora-koepons deur ’n herwinningsproses te vernietig. Dit sal die skadelike omgewingsuitwerking verminder.

Die vraag na ora-koepons en grootliks ook dOra is beperk binne die ekonomiese konteks van Orania. Die gebruik van ora vir kontantbetalings het met verloop van tyd toegeneem, soos te wagte is in ’n ekonomie wat groei. Verdere navorsing is egter nodig om vas te stel of ora in omloop gebruik kan word om Orania se ekonomiese bedrywighede en groei te beraam.

Die Orania Sakekamer moet oorweeg om outeursreg op die ontwerpe van die ora wat in omloop is, te registreer. Aandag moet ook gegee word aan die registrasie van die naam ora as ’n handelsmerk.

Hierdie navorsing bevind dat die ora onder meer bydra tot “gemeenskapsbou” in Orania en kontantrisiko’s in die dorp beperk. Die finale gevolgtrekking is egter dat die ora onlosmaaklik met Orania verbind is: Die dorp kan bestaan sonder die ora, maar die ora kan nie bestaan sonder Orania nie.

BIBLIOGRAFIE

Sekondêre bronne:

- Bain, K & Howells, P. 2003. *Monetary economics: Policy and its theoretical basis*. Hampshire & New York: Palgrave Macmillan.
- Boshoff, A. 2020. *Van ossewa tot in Orania: Een lewe – en meer*. Orania: Die Vryheidstigting.
- Boshoff, CWH (Carel). 2012. *Dis nou ek: ’n Outobiografie*. Pretoria: Lapa Uitgewers.
- Boshoff CWH (Carel IV). 2022. *Tuiskoms: Waar ons vandaan kom en waar ons heen gaan*. Orania: Die Vryheidstigting.
- Chasin, F, Schmolke, F & Becker, J. 2020. Design Principles for Digital Community Currencies. *Proceedings of the 53rd Hawaii International Conference on System Sciences*, pp.4122-4131. <https://scholarspace.manoa.hawaii.edu/server/api/core/bitstreams/ce57a5cf-3772-42a4-bd8e-482bcd602539/content> [9 April 2024].
- De Klerk, F. 2014. *Orania – Van dorp tot stad: ’n Nuwe strategie*. Orania: Orania Beweging.
- Dobrowolski, T. 2023. Here is how the berkshares local currency made its long-awaited leap to digital payments. *The Berkshire Eagle*. 8 Augustus. https://www.berkshireeagle.com/business/values-driven-currency-berkshares-enters-the-digital-marketplace-but-on-its-own-terms/article_24ee0bac-0122-11ed-a245-e716ff946a09.html [9 April 2024].
- ebay. s.j. <https://www.ebay.com/itm/182509292400> [25 Maart 2024].
- Ekopia s.j. <https://www.ekopia.org.uk/> [11 April 2024].
- Gonçalves, A. 2021. What Are Local Currencies? Examples of How to Redesign the Economy. *Youmatter*. 18 April. <https://youmatter.world/en/what-are-local-currencies-examples/> [12 April 2024].
- Joubert, F, Laäs, A, Laäs, A, Rossouw, J & Vermeulen, C. 2022. ’n Perspektief op Orania se OSK Koöperatiewe Bank Beperk. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(4):812-829.
- McBurnie, J. 2012. *Investigating the Role of Money: The Case of Salt Spring Dollars*. A thesis submitted in partial fulfillment of the requirements for the Honours Degree of Bachelor of Art in the Department of Economics. University of Victoria. <https://www.uvic.ca/socialsciences/economics/assets/docs/honours/McBurnie.pdf> [12 April 2024].
- Mohr, PJ. 1998. *Economic indicators*. 4e uitgawe. Pretoria: Unisa Press.
- Mohr, PJ, Van der Merwe, C, Botha, Z C & Inggis, J. 1988. *Die praktiese gids tot Suid-Afrikaanse ekonomiese aanwysers*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

- News24*. 2004. Orania cashes in on the 'ora'. 29 April. <https://www.news24.com/News24/Orania-cashes-in-on-the-ora-20040429> [10 August 2023].
- Nightingale, P. 1983. The ora, the mark, and the mancus: Weight-standards and the coinage in eleventh-century England (part 1). *The Numismatic Chronicle*. 143:248-257.
- O'gorman, DM. 2015. *Unius regulae ac unius patriae: A standardizing process in Anglo-Saxon England*. Verhandeling vir PhD-graad. Chigaco: Loyola University. https://ecommons.luc.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=2484&context=luc_diss [17 September 2023].
- Ora-koepons. s.j. Koepons uitgereik deur die Orania Sakekamer (verskeie reekse).
- Orania Besigheidsopname*. 2022. Voorberei deur Urban-Econ Development Economists (Pty) Ltd. Beskikbaar by Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.
- Orania Sakekamer. s.j. *Die ora: Orania se eie ruilmiddel*. Inligtingspamflet beskikbaar by die Orania Sakekamer (sakekamer@oranet.co.za).
- Orania Sosio-Ekonomiese Opname*, 2022. Voorberei deur Urban-Econ Development Economists (Pty) Ltd. Beskikbaar by die Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.
- Pillay, M. 2023. *Annual Report 2022/2023*. SA Reserve Bank: Pretoria
- Rossouw, J. 2023. 'n Beraming van die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):903-920.
- Senekal, B. 2019. 'n Netwerkontleding van die instellingsnetwerk op Orania. *LitNet Akademies (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)* 10 Oktober. <https://www.litnet.co.za/n-netwerkontleding-van-die-instellingsnetwerk-op-orania/> [1 Oktober 2023].
- Senekal, B. 2021. Die eerste 40 jaar van Orania. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(2):526-551.
- Strydom, JW. 2014. The relationship between key demographic profile descriptors and the propensity for inshopping and outshopping by Sowetan residents. *Southern African Business Review*, 18(1):122-142.
- Van der Merwe, EJ, Mollentze, S, Leshoro, TLA, Rossouw, J & Vermeulen, C. 2014. *Monetary Economics*. 2nd edition. Cape Town: Oxford University Press.
- Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank. 1989 (Wet No. 90 van 1989), soos gewysig.
- WêreldNuus.com. 2023. *Orania se digitale geldeenheid, d'Ora bekendgestel deur die Orania Sakekamer!* 16 Junie. <https://wereldnuus.com/orania-se-digitale-geldeenheid-dora-bekendgestel-deur-die-orania-sakekamer/> [9 Augustus 2023].
- Witt, S. 2023. *Community issued currency: A tool for relocalizing economies*. Presented to the roundtable on credit design and community development at Harvard Law School's Money as a Democratic Medium 2.0 Conference. 15 tot 17 Junie. <https://centerforneweconomics.org/publications/community-issued-currency-a-tool-for-relocalizing-economies/> [9 April 2024].
- Wirz, H. 2008. *Dr Heinz Wirz met die Ora Geldstelsel van Orania*. Privaatpublikasie deur Heinz Wirz. Edenvale.

Persoonlike onderhoude, persoonlike dokumentasie en ander persoonlike bronne:

- E-poskorrespondensie en persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. F. de Klerk, besturende direkteur van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy.
- E-poskorrespondensie en persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. G. Snyman, dorpsbestuurder van Orania.
- E-poskorrespondensie en persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. T. Correia, voorsitter van die Orania Sakekamer.
- Persoonlike besoeke aan Orania.
- Persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. H. Maritz, bestuurder van die OSK Ko-operatiewe Bank.
- Persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. J. Kemp, 'n joernalis by Pretoria FM wat in Orania woonagtig is.
- Persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. L. Taljaard, eienaar van 'n sakeonderneming op Orania.
- Vergadering met verteenwoordigers van Orania Sakekamer.

Geloofshulpbronne wat kinders kan help floreer as hulle ouers hul werk verloor¹

Faith-based resources that can help children to thrive in their daily lives following their parents' job loss

SUNÉ LAMBRECHTS

Navorsingsgenoot, Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die SA Samelewing, Fakulteit Teologie
Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark, Suid-Afrika
E-pos: sunelamb@gmail.com



Suné Lambrechts



Hannelie Yates

HANNELIE YATES

Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die SA Samelewing
Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-posadres: hannelie.yates@nwu.ac.za

MANITZA KOTZÉ

Dogmatiek en Etiek, Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die SA Samelewing, Fakulteit Teologie
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Suid-Afrika
E-posadres: Manitza.Kotze@nwu.ac.za



Manitza Kotzé

SUNÉ LAMBRECHTS het die grade BA, BthHons en Mth aan die Noordwes-Universiteit behaal. Haar Mth was gefokus op hoe kinders toegerus kan word om tydens die werksverlies van hul ouers te floreer. Sy dien op verskeie rade by A.G.S Vaalpark-gemeente en is veral betrokke by die kinder- en jeugbediening. Sy is tans werksaam as 'n onderwyseres by "Wings for life school for Autism" in Vanderbijlpark.

SUNÉ LAMBRECHTS completed the degrees BA, BthHons and Mth at the North-West University. Her Mth focussed on how children can be equipped to flourish during the job loss of their parents. She serves on various councils at A.F.M Church in Vaalpark and is especially involved in child and youth ministry. She is currently working as a teacher at "Wings for life school for Autism" in Vanderbijlpark.

¹ Hierdie artikel is 'n verwerking van die MTh-verhandeling van Suné Lambrechts met die titel, *Covid-19 en werksverlies: Geloofshulp as lewenshulp in kinderbediening*, voltooi onder leiding van dr. H Yates en prof. M Kotzé in die Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit. Suné Lambrechts is 'n beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Datums:

Ontvang: 2023-11-22

Goedgekeur: 2024-04-20

Gepubliseer: Junie 2024

HANNELIE YATES is 'n senior lektor in die Fakulteit Teologie aan die Noordwes-Universiteit. Voor haar aanstelling by Noordwes-Universiteit het sy gewerk as 'n voltydse lektor in Jeugwerk en Gemeenskapsontwikkeling aan die Hugenote Kollege (1998–2011). Haar akademiese loopbaan is tot op hede gerig deur haar belangstelling in kinders, hul regte, spiritualiteit en welwees. Sy het haar PhD voltooi in Praktiese Teologie aan die Stellenbosch Universiteit onder leiding van 'n promotor in die veld van Teologie met 'n mede-promotor van die Fakulteit Regte. Haar primêre navorsingsbelangstelling hou in die afgelepe aantal jare verband met die posisie, rol en stem van kinders in geloofsgemeenskappe en verhoudingsgerigte ruimtes in die burgerlike samelewing. Sy het in hierdie inter- en transdissiplinêre velde van navorsing gepubliseer en studiebegeleiding aan nagraadse studente gebied. Sy het onlangs as mederedakteur opgetree van die “Special Collection: Doing theology with children: exploring emancipatory methodologies” (HTS Theological Studies, 2019).

HANNELIE YATES is a senior lecturer in the Faculty of Theology at the North-West University. Prior to her appointment at North-West University she worked as a full-time lecturer in Youth Work and Community Development at Huguenot College (1998-2011). Her academic career has always been steered by her profound interest in children, their rights, spirituality and well-being. She completed her PhD in Practical Theology at the University of Stellenbosch (2012) under the guidance of a promoter in the field of Theology, with a co-promoter from the Faculty of Law. In recent years, her primary research interest has related to the position, role and voice of children in faith communities and relational spaces in civil society. She has published and supervised several postgraduate students in these inter- and trans-disciplinary areas of research. She recently sub-edited the “Special Collection: Doing theology with children: exploring emancipatory methodologies” (HTS Theological Studies, 2019).

MANITZA KOTZÉ is medeprofessor in Dogmatiek en Etiek in die Fakulteit Teologie aan die Noordwes-Universiteit. Sy het haar PhD in Sistematiese Teologie en Etiek in 2013 aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, waarna sy 'n postdoktorale navorsingsgenootskap aan die Universiteit van die Wes-Kaap voltooi het. Sedert 2016 is sy agtereenvolgens senior lektor en medeprofessor by die Noordwes-Universiteit. Sy dien op die bestuur van die Teologiese Werksgenootskap van Suider-Afrika, en die redaksie van die tydskrif *Scriptura*. Sy is ook mederedakteur van die boekereeks *Reformed Theology in Africa*.

MANITZA KOTZÉ is an associate professor of Dogmatics and Ethics in the Faculty of Theology at North-West University. She obtained her PhD in Systematic Theology and Ethics in 2013 at the University of Stellenbosch, after which she completed a postdoctoral research fellowship at the University of the Western Cape. Since 2016, she has served as senior lecturer and associate professor at North-West University. She serves on the management of the Theological Works Society of Southern Africa, and the editorial board of the journal *Scriptura*. She is also co-editor of the book series *Reformed Theology in Africa*.

ABSTRACT

Faith-based resources that can help children to thrive in their daily lives following their parents' job loss

The Covid-19 pandemic had a great effect on people's health as well as their economic stability. The virus also led to the death of many people. Numerous restrictions were put into place to limit the spread of the virus. In South Africa, one of the restrictions was a national lockdown, which meant that most people could not go to work. This resulted in many people losing their jobs, including many parents. When parents lose their jobs, it does not only affect them, but it also affects their children. Parents' job loss can sometimes lead to positive outcomes, but in most cases it will have a negative impact on children. There are many ways in which the job loss of parents can have a negative impact on the lives of their children. It affects aspects such as their health, safety, emotional well-being, school performance, future, and so forth. Because of this, it is important to determine how children can be equipped to make sense of

their circumstances and to flourish in spite thereof. Practical theology is a field of study that works with cases such as these. The aim of this article is therefore to show, from a practical-theological perspective, how congregational children's ministry can be used to implement faith resources into children's lives to equip them to flourish by strengthening their relationship with God as well as their relationship with other people. This would include resources such as the Bible, prayer, and a biblical perspective on suffering as well as hope. Other resources include family, the church, friends as well as people who have gone through similar situations and who were able to handle it in a healthy way. All of these faith resources can be made a part of children's lives through congregational children's ministry. This would include things such as faith formation (Sunday school and youth groups), church services, mentorship, and the support of parents. When children are equipped through these ministries, it enables them to make sense of their circumstances and helps them to flourish in spite of such challenges.

KEYWORDS: children, Covid-19, faith resources, flourishing, job loss, religion, resilience, social support, teenagers, youth ministry

TREFWOORDE: Covid-19; florerend; geloofshulpbronne; godsdiens, jeugbediening; kinders; sosiale ondersteuning, tieners, veerkragtigheid; werksverlies

OPSOMMING

Die Covid-19-pandemie het 'n groot effek op mense se gesondheid sowel as hulle ekonomiese stabiliteit gehad. Talle beperkings is ingestel om die verspreiding van die virus te beperk. In Suid-Afrika was een van die beperkings 'n nasionale inperking wat veroorsaak het dat die meeste mense nie werk toe kon gaan nie. Dit het daartoe gelei dat talle mense hul werk verloor het. Baie van die mense was ouers. Ouers se werksverlies affekteer nie net hulself nie, maar ook hul kinders. Daar is verskeie maniere waarop ouers se werksverlies kinders negatief kan beïnvloed. Praktiese teologie is 'n studieveld wat met gevalle soos dié werk. Daarom is die doel van hierdie artikel om, vanuit die perspektief van die praktiese teologiese te wys hoe gemeentelike kinderbediening gebruik kan word om geloofshulpbronne in kinders se lewens in te bou sodat hulle van hul omstandighede (ouers se werksverlies) kan sinmaak en ten spyte van hul omstandighede sal kan floreer.

1. Inleiding

Die Koronaviruspandemie is 'n gebeurtenis wat alle mense geaffekteer het. Die virus wat in 2019 uitbreek het, is as 'n aansteeklike siekte beskryf wat in erge gevalle selfs tot die dood kan lei (Wêreldgesondheidsorganisasie, 2023). Volgens Worldometer (2023) is meer as 6.9 miljoen mense wêreldwyd as gevolg van die virus oorlede. In Suid-Afrika spesifiek het meer as 102 000 mense as gevolg van Covid-19 gesterf.

Aangesien die virus gevaarlik was, het dit aanvanklik tot 'n nasionale inperking in Suid-Afrika sowel as lande regoor die wêreld gelei (Jamieson & Van Blerk, 2021:3). Die inperking in Suid-Afrika het vereis dat almal, buiten sekere noodsaaklike werkers, by die huis moes bly. As gevolg hiervan het talle mense hulle werk verloor. Dit word gesien in die *National Income Dynamics Coronavirus Rapid Mobile Survey* wat aantoon dat 3 miljoen Suid-Afrikaners hul werk tydens die inperking verloor het (Spaull *et al.*, 2020:1). Deel van die mense wat hul werk verloor het, was ouers.

Ouers se werksverlies hou verskeie implikasies vir kinders se welstand in. In sommige gevalle kan stresvolle gebeurtenisse tot positiewe dinge, soos nuwe kennis en vaardighede,

lei (Taylor, 2012:32-33). Dit stel mense in staat om medelye met ander te hê en om ander te ondersteun (Taylor, 2012:40). Daar is selfs navorsing wat bevind dat 'n mate van stres noodsaaklik vir die gesonde ontwikkeling van kinders is (Huerta, 2013:12).

Wanneer kinders eger langdurige en gereelde stres ervaar, kan dit tot verskeie negatiewe nagevolge lei (Huerta, 2013:13). Werksverlies van ouers is 'n gebeurtenis wat gereelde en langdurige stres in kinders kan veroorsaak. Daarom kan ouers se werksverlies 'n negatiewe impak op kinders hê.

Die werksverlies van ouers beïnvloed verskeie aspekte van kinders se lewens. Een van die aspekte is voeding. Tydens die pandemie het werkloosheid veroorsaak dat talle gesinne verarm het en dat sommige selfs in armoede gedompel is (Lake *et al.*, 2021). Die armoede was in April van 2021 so hoog dat 47% van Suid-Afrikaanse huishoudings aangemeld het dat hul kos opgeraak het.

Dit affekteer kinders se gesondheid, aangesien ouers nie kosse met hoë voedingswaarde kan voorsien nie (Liu & Zhao, 2014:305; Schaller & Zerpa, 2015:5). In sommige gevalle kan geen voedsel voorsien word nie. 'n Tekort aan voedsel kan lei tot 'n toename in angsvalligheid (Weinreb, 2002:1). Dit affekteer ook kognitiewe ontwikkeling en skoolprestasie en kan selfs tot selfmoordgedagtes en pogings tot selfmoord aanleiding gee (Hendricks *et al.*, 2021:1; Tomlinson *et al.*, 2021).

Navorsing toon dat ouers se werksverlies ook tot 'n toename in geweld kan lei. Volgens Kalil (2005) kan finansiële onsekerheid stres op ouers plaas. Dit kan daartoe lei dat ouers se gedrag meer wisselvallig is. Volgens Lawson *et al.* (2020:6) is werksverlies een van die redes hoekom heelwat ouers hul kinders tydens die pandemie mishandel het. Mishandeling kan tot verskeie probleme in kinders lei, soos byvoorbeeld: aggressie, gedragsprobleme, hiperaktiwiteit sowel as angstigheid en depressie (Cicchetti, 2016:195).

Werksverlies kan derdens tot 'n verlies in sosiale ondersteuning lei (Lawson *et al.*, 2020:9). Dit is van belang aangesien sosiale ondersteuning 'n belangrike rol tydens moeilike tye speel. Daar is bevind dat kinders wie se ouers hul werk verloor het, skaam kry, meer selfbewus is en 'n laer selfbeeld het (Jones, 1988:204). Die feit dat tieners nie meer kan bekostig om dinge saam met hul maats te doen nie, kan lei tot antisosiale gedrag, emosionele probleme en selfs skoolprobleme.

Wanneer ouers hul werk verloor, affekteer dit ook kinders se skoolprestasie. Gebrek aan fondse kan daartoe lei dat kinders van sekere geleenthede ontnem word (Kalil, 2005). Dit kan kinders se kognitiewe vermoëns negatief beïnvloed en kan selfs tot gedragsprobleme lei (DeParle, 2020; Wrightman, 2009:7). Wanneer werksverlies gepaard gaan met verhuising, kan dit ook kinders se skoolprestasie affekteer (Rege *et al.*, (2011:1463).

Laastens kan ouers se werksverlies kinders se toekoms affekteer. In sommige gevalle sal 'n ma wat by die huis was ook moet begin werk (Jones, 1988:204). Dit kan die kinders affekteer indien hulle baie aan hul ma geheg is. Tieners kan ook by misdaad betrokke raak as 'n manier om ekstra geld te verdien (Jones, 1988:207). Dit het 'n negatiewe impak op hul toekoms. Daar is wel gevalle waar ouers se werksverlies kinders kan motiveer om 'n stabiele werk te kry, maar dit kan in ander gevalle tot 'n pessimistiese siening rakende werk lei (Kalil, 2005).

In hierdie artikel word daar geargumenteer dat ten spyte van die negatiewe impak van werksverlies op kinders, hulle steeds kan floreer en dat verskeie gemeentebedieninge daartoe kan bydra. Hierdie argument word gemaak deur die konsep van floring tydens werksverlies te bespreek, gevolg deur die praktiese toepassing van geloofshulpbronne in kinders se lewens.

2. Florering tydens werksverlies

Die bogenoemde inligting maak dit duidelik dat amper elke afdeling van kinders se lewens deur die werksverlies van hul ouers geaffekteer word. Alhoewel dit soms tot positiewe dinge kan lei, kan werksverlies moontlik 'n groot negatiewe impak op kinders hê. Daarom is dit nodig om kinders met hulpbronne toe te rus wat hulle in staat stel om veerkragtigheid te ontwikkel en tydens hul moeilike omstandighede te floreer. Om kinders hiermee te help, is dit wel nodig om 'n duidelike verstaan van die konsepte veerkragtigheid en florering te kry.

Veerkragtigheid kom van die term “resile” (Anchour & Nor, 2014:14). Dit verwys na 'n voorwerp se vermoë om terug na sy oorspronklike vorm te spring nadat dit gebuig en gestrek is. Veerkragtigheid kan daarom gedefinieer word as “die vermoë om te floreer en te groei in volwassenheid en bevoegdheid te midde van ongunstige omstandighede en struikelblokke” (Lambrechts, 2022:30). Dit help gevolglik mense om moeilike lewensomstandighede op 'n suksesvolle wyse te hanteer (Anchour & Nor, 2014:16).

Florering kom voor wanneer 'n persoon dit regkry om suksesvol te ontwikkel en te groei (Cambridge Dictionary, 2023). Florering is nie 'n eienskap wat iemand besit nie, maar is iets wat enige iemand kan beleef. Wanneer dit beleef word, kan dit voordele soos duidelike doelwitte, minder hopeloosheid, goeie verhoudings en 'n laer risiko vir sommige siektes inhou (Ackerman, 2018).

Veerkragtigheid en florering loop hand aan hand. Soos wat veerkragtigheid, die vermoë om terug te spring ná moeilike omstandighede, bevorder word sal florering, die vermoë om te groei, ontwikkel word. Daarom sal hulpbronne wat veerkragtigheid bevorder ook mense help om te floreer.

Daar is verskeie faktore wat veerkragtigheid en florering kan bevorder. Een van die faktore is verhoudings/sosiale ondersteuning (Dillen, 2012:63). Goeie sosiale verhoudings is verbind aan fisiese en psigologiese welstand (Suttie, 2017). Daar is selfs bevind dat sosiale verhoudings kinders help, aangesien dit mense in hul lewens plaas wat moeilike vrae oor die lewe en God kan beantwoord en wat ook na hulle kan luister (Dillen, 2012:72). Sosiale verhoudings help dus om stres tydens moeilike omstandighede te verminder.

Die belangrikheid van sosiale verhoudings word ook deur die Christelike geloof uitgewys. Dit word gesien in paragraaf 1 van die inleidingshoofstuk in Duvall en Hays (2019) wat illustreer dat God begeer om 'n verhouding met mense te hê. God is dus relasioneel van aard. Genesis 1:27 wys dat mense in die beeld van God geskape is. Aangesien God relasioneel is en mense in Sy beeld geskape is, beteken dit dat mense ook relasionele wesens is. Gevolglik toon die Christelike geloof aan dat sosiale verhoudings baie belangrik vir mense is.

Nog 'n faktor wat bydra tot die veerkragtigheid van mense is godsdiens. Daar is bevind dat toegewydheid aan godsdiens mense help om groei te midde van traumatiese gebeure te beleef (Harris *et al.*, 2010:27). Die rede hiervoor is omdat godsdiens betekenis aan mense se lewens gee en mense ook teen depressie en stres beskerm (Gunnestad & Thwala, 2011:172).

Dit word ondersteun deur Prediker 12:13 wat sê: “Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense.” Hier maak die skrywer duidelik dat om God te vrees en Sy gebooie te onderhou, tot betekenis lei. Alles buiten dit word as betekeloos beskryf. Dit word ondersteun deur Charry (1997:4) wat sê dat God die ware bron van menslike geluk is. Dus, wanneer mense God ken, geniet en liefhet lei dit daartoe dat mense floreer (Charry, 2002:176).

Die bogenoemde inligting wys dat sosiale verhoudings met mense sowel as 'n verhouding met God (godsdiens) van belang is wanneer dit kom by die bevordering van veerkragtigheid

en florerings in kinders. Daarom kan florerings finaal as volg beskryf word: “om ’n lewe van oorvloed voluit en vrylik in verhouding met God, mens en die skepping te leef” (Lambrechts, 2022:34).

2.1 *Florerings deur verhouding met God*

Soos vroeër gesien, kan mense floreer wanneer hulle God ken, geniet en liefhet. Dit word mooi beskryf deur ’n kind wat gesê het: “God is everything. He is the only reason I have experienced peace and understanding” (Smith *et al.*, 2013:9). Ander kinders in die studie het daarvan melding gemaak dat God hulle vertrous, leer en help om verkeerde houdings en karaktereenskappe te verbeter.

Hulle het daarop gewys dat die Here nie altyd lewensuitdagings verwyder nie, maar dat Hy hulle help om die uitdagings te oorkom en hulle moed gee om nie so bang te wees nie (Smith *et al.*, 2013:9-10). Deelnemers het ook gesê dat hulle welstand daaronder gaan ly as hulle nie aktief in hulle verhouding met God belê nie. Dit wys dat kinders se verhouding met God ’n baie belangrike rol in die hantering van stresvolle lewenservaringe speel.

Daar is verskeie hulpbronne wat kinders kan gebruik om in hulle verhouding met God te belê. Die eerste hulpbron is die Bybel. Volgens 2 Timoteus 3:16a en 2 Petrus 1:20-21 is die hele Skrif deur God gegee en deur die Heilige Gees geïnspireer. Ballard en Holmes (2005:196) redeneer dat die Bybel die karakter en wil van God vir ons wys. Om daardie rede kan mense die Bybel gebruik om God te leer ken en om ’n verhouding met Hom te bou.

Die Bybel is ook ’n bron van raad, geestelike voeding en vertroosting (soos aangehaal deur Ballard & Holmes, 2005:197). Die Bybel help kinders gevolglik om die wil van God te ontdek en maak hulle bewus van die genade wat vir hul alledaagse lewe beskikbaar is.

Die volgende hulpbron wat kinders se verhouding met God versterk, is gebed. Gebed is mense se manier om met God te kommunikeer (Matthews & Clark, 1998:198). Daar is bevind dat gebed oor die algemeen ’n positiewe invloed op die lewensbevrediging en geestesgesondheid van mense het (LaBarbera & Hetzel, 2016:1434).

Gebed help mense om te kalmeer en sin te maak van hulle omstandighede (Gunnestad & Thwala, 2011:176). Dit help hulle om te besef dat die Here na hulle luister. Dit word gesien in die woorde van ’n seun wat gesê het: “... After praying and worshipping God I feel better” (Gunnestad & Thwala, 2011:176).

Gebed help ook mense om hulle fokus op God te stel (Ferguson *et al.*, 2010:326). Dit word gedoen deur die Here vir krag te vra, die Here te dank en te loof en om sosiale ondersteuning van die Here te probeer kry (Bade & Cook, 2008:125, 127). Dit lei tot ’n afname in stres en help die persoon om sy of haar situasie te aanvaar (Ferguson *et al.*, 2010:313, 326).

Nog iets wat bydra tot florerings van kinders is om ’n gesonde siening rakende God en lyding te hê. Dit is baie belangrik aangesien mense se persepsies van dinge beïnvloed word deur hoe hulle sekere omstandighede ervaar of sien (Taylor, 2019).

Wanneer slegte dinge gebeur, is mense geneig om God se liefde te bevraagteken (Gunnestad & Thwala, 2011:173). In so ’n geval moet mense herinner word aan verse soos 2 Korintiërs 1:3-4 wat wys dat God hulle steeds liefhet en dat Hy mense in hulle verdrukkinge vertrous.

Ander kere glo mense dat God altyd die probleem sal regmaak of dat mense wat die Here dien nooit iets negatiefs sal ervaar nie. Wanneer dit gebeur, moet hulle herinner word daaraan dat pyn deel van die lewe is en dat die Here mense krag gee om moeilike omstandighede te deurstaan (Dreyer, 2003:271; Smith, 2003:23). Hulle kan selfs bewus gemaak word daarvan dat lyding gebruik kan word om mense se karakter te bou en hulle nader aan God te trek (Muench, 2011:39; Smith, 2003:23).

Die laaste hulpbron wat bespreek sal word, is hoop. Hoop speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van veerkragtigheid aangesien dit positiewe verwagtinge skep en ook mense moed gee om aan te gaan (Gunnestad & Thwala, 2011:180).

As Christene lê ons hoop in Jesus. Charry (2004:293) wys dat Jesus vir mense hoop gee omdat Hy vir ons sonde gesterf het, opgestaan het en aan die regterhand van die Vader gaan sit het. Mense wat die Here liefhet en in 'n verhouding met Hom leef, het dus die hoop dat Jesus sal terugkom om te oordeel en dat Hy dié wat aan Hom behoort, sal neem om vir ewig by Hom te wees. Dan sal daar geen pyn of lyding meer wees nie (Openb. 21:4).

Te danke hieraan het Christene hoop vir die toekoms. Hulle het ook hoop vir huidige omstandighede omdat hulle weet dat die Here met hulle is en dat Hy hulle nie sal verlaat nie (Gunnestad & Thwala, 2011:180).

2.2 *Florerings deur verhoudings met ander*

Sosiale ondersteuning is nog 'n belangrike aspek wanneer dit kom by die florerings van kinders. Sosiale ondersteuning is leiding en sorg wat deur vriende, familie en lede van die gemeente voorsien word (soos aangehaal deur Achour & Nor, 2014:13). Ondersteuning wat deur die individue gebied word, speel 'n belangrike rol in kinders se vermoë om uitdagings te hanteer.

Sosiale ondersteuning hou verskeie voordele in. Dit help mense om hanteringsmeganismes meer te benut en stel hulle in staat om hul emosies te reguleer (Sippel *et al.*, 2015:3). Dit laat mense ook voel dat hulle iewers behoort en stel hulle in staat om die situasies te herdefinieer na iets wat nie so bedreigend is nie. Tesame hiermee is daar bevind dat sosiale ondersteuning 'n direkte verband met lewensbevrediging sowel as veerkragtigheid het (Achour & Nor, 2014:15-16).

Soos vroeër genoem, is daar verskeie groepe wat sosiale ondersteuning kan bied. Die groepe dien as hulpbronne wat florerings in kinders bevorder. Die eerste een is familie. Families speel 'n belangrike rol in die ondersteuning van kinders en kan veral 'n groot impak op die gebied van geestelike ondersteuning maak. Die geestelike veerkragtigheid en welstand van kinders kan deur families bevorder word deur saam te bid, Bybel te lees en saam hulle vertroue in die Here te plaas (Smith *et al.*, 2013:8).

Om die dinge saam te doen tydens moeilike omstandighede, sal bydra tot die veerkragtigheid van kinders. Dit kan gesien word deur 'n kind wat gesê het:

Through the hardest time in my life, my family were praying for me. I knew they were and I believe it was their prayers that got me through that time. They took the time to drive me to church and youth group and camps and (other church) groups. (Smith *et al.*, 2013:8)

Daar is wel gevalle waar ouers nie dieselfde godsdiens as die kind het nie. In so 'n geval sal die verhouding met God en met die geloofsgemeenskap 'n belangrike rol in die ondersteuning van kinders speel.

Die volgende groep wat gevolglik 'n groot rol in die florerings van kinders speel, is die geloofsgemeenskap of gemeente. Volgens Smith *et al.* (2013:8) word die Christengemeenskap as 'n familie beskryf. Dit word in Efesiërs 2:19 bevestig: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God."

Om deel van 'n gemeente te wees, is om deel van 'n naby gemeenskap van mense te wees (Smith *et al.*, 2013:9). Die gemeenskap sien mekaar as broers en susters en hulle fokus is op hul verhouding met God (Smith *et al.*, 2013:8-9). Die gemeenskap dien dus as 'n alternatiewe

familie-ondersteuning wanneer die kind se regte familie nie in staat is om hulle tydens moeilike omstandighede te ondersteun nie (soos aangehaal deur Muench, 2011:20). Om daardie rede word kinders se verhouding met die gemeente met veerkragtigheid geassosieer (Smith *et al.*, 2013:9).

Die gemeente hou verskeie voordele vir kinders in. Betrokkenheid by 'n gemeente lei tot minder stres en bevorder stabiliteit in kinders se lewens (Cook, 2001:717, 724). Dit dra by tot die veerkragtigheid van kinders deur mentorskap, aanmoediging van selfregulering, voorsiening van 'n identiteit sowel as voorsiening op materiële gebied (Cook, 2000:719-720, 726; Gunnestad & Thwala, 2011:178; Muench, 2011:40). Dit bied ook vir kinders 'n hegte gemeenskap waar mense mekaar makliker aanvaar aangesien hulle saam God dien, dieselfde dinge glo en saam bid (Cook, 2000:720; Mountain, 2005:297).

'n Derde groep wat kinders kan help om te floreer, is vriende. 'n Goeie voorbeeld van sosiale ondersteuning wat deur vriende gebied word, kan in 'n studie deur Ikafa en Hack-Polay (2019:99) gesien word waar een van die deelnemers die volgende gesê het: "Oh, friends are very important because your friends are the ones who give you the moral support, your friends are the ones who listen to you when you have problems, your friends share their own stories with you and you learn from them".

Vriende wat deel van dieselfde geloofsgemeenskap is, kan ook baie goeie sosiale ondersteuning bied (Muench, 2011:40, 43). Dit kan gesê word aangesien hulle dieselfde geloof het en hulle hul vriende in swaar tye kan bemoedig. 'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in die woorde van 'n Zambiese student wat verduidelik wat haar deur die afsterwe van haar pa gehelp het:

It was a friend who persistently came home for me and she was a Christian. I never, not even for a minute did I think someone could love me. This girl came every weekend even when I hid. She stayed till she could talk to me, shared the Word of God and at last asked me to accompany her to church. (Gunnestad & Thwala, 2011:178)

'n Laaste groep wat van hulp kan wees, is mense wat al in soortgelyke situasies was. Wanneer kinders deur moeilike omstandighede gaan, is dit belangrik om hulle in kontak te bring met mense wat dieselfde situasie ervaar het en wat in staat was om dit op 'n gesonde manier te deurstaan. Dit is belangrik aangesien mense maklik geïsoleerd voel tydens lyding (Bohlin, 2009). Daarom, wanneer iemand dieselfde situasie ervaar het, verstaan hulle waardeur ander gaan en kan hulle die mense beter vertrou.

'n Voorbeeld hiervan kan gesien word deur die getuienis van dieselfde Zambiese student wat vroeër genoem is. Sy het dit soos volg beskryf:

One day she introduced me to her friend who was experiencing my situation. This girl was prayerful. When things got tough she asked me to pray and told me to be strong ... so I thought about everything and slowly from period to period I slowly accepted my situation. (Gunnestad & Thwala, 2011:178)

Dus, wanneer mense deur soortgelyke situasies gekom en dit op 'n bevredigende manier hanteer het, kan hulle as rolmodelle vir ander dien wat dieselfde situasie ondergaan (Gunnestad & Thwala, 2011:181). Hulle kan vir diegene wat ly, wys dat pyn en lyding deel van die lewe is en kan hulle hoop gee dat hulle dit ook te bowe kan kom.

3. Praktiese toepassing van geloofshulpbronne in die lewens van kinders

Uit die vorige besprekingspunte het dit duidelik geword dat daar verskeie geloofshulpbronne is wat kinders kan help om veerkragtigheid te bevorder om sodoende te kan floreer. Die geloofshulpbronne is 'n leidraad wat kinders kan navolg ten einde vanuit 'n geloofsperspektief op hulle moeilike omstandighede te kan reageer.

Daarom is dit belangrik om ook te bespreek hoe die geloofshulpbronne deel van kinders se alledaagse lewens gemaak kan word. Dit kan gedoen word deur gemeentelike kinderbediening. Dit is juis deur kinderbediening wat kerke die hulpbronne kan bevorder om sodoende veerkragtigheid in kinders te ontwikkel (Grobelaar, 2016:126). Dit sal kinders dan help om te floreer ten spyte van hul ouers se werksverlies.

Dit is egter belangrik dat kinders op 'n holistiese wyse bedien word (Grobelaar, 2016:154). Dit beteken dat nie net die kinders versterk moet word nie, maar dat die breër ekologie rondom hulle ook versterk moet word (soos aangehaal deur Grobelaar, 2016:154). Dit kan gedoen word deur hulle by die gemeente in te sluit (Grobelaar, 2016:218).

Kinders kan by die gemeente ingesluit word deur bedieninge soos Sondagskool en jeugwerk wat op 'n onderdomsgepaste wyse Bybelse waarhede aan kinders leer (Van As, 2020:25). Dit bly wel belangrik dat ouderdomsgroepe nie heeltemal in die gemeente geskei moet word nie. Daarom moet kinders steeds by eredienste betrokke wees (Van As, 2020:110-111). Wanneer kinders by die verskeie bedieninge geïntegreer word, word hulle met die breër ekologie verbind. Sodoende word daar op 'n holistiese wyse na hulle omgesien.

3.1 *Geloofsvorming*

Daar is verskeie bedieninge wat bydra tot die geloofsvorming van kinders en tieners. Dergelike bedieninge staan oor die algemeen bekend as Sondagskool en tiener- of jeugbediening.

Sondagskool is daarop gefokus om kinders, gewoonlik tot op 18-jarige ouderdom, oor die Here te onderrig. Dit word gewoonlik deur vrywillige werkers op Sondag aangebied (Kozlowski, 2017; Taylor, 2021).

Tienerbediening aan die ander kant is op 'n sekere ouderdomsgroep gefokus (Hutzel, 2022). Kinders in dié groep is gewoonlik tussen 12 en 18 jaar oud. Die groep word ook deur volwassenes bestuur, maar lede van die jeug kry geleentheid om die aktiwiteite van die groep te beplan. Dit vind gewoonlik nie op Sondag plaas nie, maar op 'n ander dag van die week.

Aangesien albei bedieninge op geloofsvorming gefokus is, word hulle in sommige gevalle onder die term jeugbediening saamgevat. Die term jeugbediening sluit daarom kinders en tieners in (Nel, 2018:248). Dus, onder hierdie afdeling sal die term jeugbediening gebruik word om te verwys na bedieninge wat op beide kinders en tieners gerig is.

In jeugbediening is die hoofdoel om 'n verhouding met God en medegelowiges te bevorder (Arise Church, 2021; UKessays, 2017). Soos vroeër gestel, is dit juis 'n verhouding met God en verhouding met mense wat kinders sal help om te floreer.

Dit word gedoen deur die Bybel te gebruik om kinders te leer wie God is, hoe hulle gered kan word en ook hoe hulle vir die Here kan leef (Ashcraft, 2021; Coombs, 2019; Stier, 2021). Hierdeur word kinders geleer om moeilike tye te deurstaan, 'n Bybelse perspektief rakende omstandighede te kry en om ook hoop ten spyte van hul omstandighede te hê.

Gebed is nog 'n groot deel van jeugbediening. Dit is hier waar kinders geleer en aangemoedig word om te bid (Arise Church, 2021; Ashcraft, 2021; Kozlowski, 2017). Hierdeur

bou hulle hul verhouding met God. Wanneer hulle saam met ander of vir ander bid, versterk dit ook hulle verhouding met medegelowiges.

Jeugbediening is ook 'n goeie geleentheid om sosiale verhoudings met gemeentelede en vriende te bevorder. Dit gee vir hulle 'n kans om saam die Here te aanbid en oor hulle geloof te praat, saam te sing en saam kreatiewe aktiwiteite en speletjies te doen (Arise Church, 2021; Kozlowski, 2017; UKessays, 2017).

Dit skep 'n veilige plek vir kinders en jongmense om te sosialiseer, oor probleme te praat en leiding te ontvang (Encounter Church, 2022; Hutzal, 2022). Dit is hier waar hulle hulself kan omring met ander wat hulle op 'n gesonde manier uitdaag, optel en bemoedig (Stier, 2021).

Nog 'n voordeel van hierdie bediening is dat dit vir kinders en tieners die geleentheid bied om 'n rolmodel en mentor te hê. Vrywilligers in jeugbediening en opgeleide jeugbedieners, soos pastore, is gewoonlik toegewyde Christene. Dit beteken dat hulle rolmodelle vir die kinders kan wees (Kozlowski, 2017; Stier, 2021). Hulle kan ook as mentors dien deur die jeug se behoeftes te identifiseer en dit dan aan te spreek deur die lesse wat vir die jeug geleer word (Ashcraft, 2021).

Dit is wel belangrik om te noem dat godsdienstige opvoeding nie by jeugbediening eindig nie, maar eerder daar begin. Daarom moet Sondagskool veral nie op dieselfde tye as die eredienste geskied nie. Kinders moet die geleentheid kry om eredienste by te woon sodat hulle 'n liefde daarvoor kan ontwikkel (Kozlowski, 2017).

Hulle moet dit ook bywoon sodat hulle kan leer hoe om aan die dienste deel te neem en sodat hulle kan sien hoe hul ouers die Here dien (Van As, 2020:69). Dit is belangrik, aangesien daar bevind is dat kinders baie maal die kerk verlaat sodra hulle met Sondagskool klaar maak. In sommige gemeentes waar belydenis van geloof afgelê word, kan dit gebeur dat jong mense daarna die gemeente verlaat. Daarom moet 'n liefde vir die eredienste van jongs af gekweek word, aangesien dieselfde hulpbronne wat hulle sal help floreer in jeugbediening, ook in die eredienste aan hulle gebied word.

Dit is belangrik om kennis te neem dat jeugbediening slegs 'n aanvulling behoort te wees van dit wat by die huis geleer word (Got Questions, 2022). Dit bly hoofsaaklik die ouers se werk om hul kinders oor die Here te leer. Dit word bevestig deur Efesiërs 6:4 wat sê: "En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here."

Ouers laat egter baie maal die taak aan jeugbediening oor. In ander gevalle dien die ouers nie die Here nie of stres hulle soveel oor hulle werk dat hulle sukkel om hul kinders te ondersteun. In sulke gevalle kan jeugbediening 'n alternatiewe bron van familieondersteuning wees (Grobelaar, 2016:156). Die ideaal is egter dat kinders se ouers en die kerk sal saamwerk om kinders te leer (Got Questions, 2022).

3.2 Eredienste

Nog 'n bediening wat bydra tot die florerings van kinders, is eredienste. Soos vroeër uitgewys, is dit belangrik om kinders op 'n holistiese wyse te bedien. Dit kan gedoen word deur hulle ook by eredienste te betrek. Dit is belangrik sodat hulle 'n liefde vir eredienste sal ontwikkel en sodoende na skool steeds toegang sal hê tot hulpbronne wat hulle kan help om staande te bly.

Eredienste bied gelowiges die geleentheid om tyd saam met God en mekaar deur te bring (Jones, 2022). Die Bybel vermaan gelowiges om eredienste by te woon. Dit kan gesien word in Hebreërs 10:25 wat sê: "... en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom."

Eredienste kan verskil van kerk tot kerk. Daar is egter sekere elemente wat in die meeste kerke se dienste gevind word. Die eerste hulpbron wat deur gemeentes gebruik word, is die Bybel. Die Bybel is 'n kerndeel van eredienste en word gebruik om vir die mense te wys wat die Here vir hulle wil sê, lering te gee en te wys hoe die Bybel deel van hulle alledaagse lewens gemaak kan word (Commelin, 2021).

Grobbelaar (2016:159) wys daarop dat preke op 'n manier gedoen kan word dat dit teologiese diepte behou, maar terselfdertyd verstaanbaar vir kinders bly. Die hulpbron is dus tersaaklik vir kinders ook. Dit dien as 'n bron van hoop en word gebruik om vir mense 'n Bybelse perspektief van God en lyding te gee.

Gebed is nog 'n wesentlike hulpbron wat benut word. Dit is 'n algemene deel van kerkdienste en kan gebruik word om die Here te dank, te prys en om hulp te vra (Commelin, 2021). Dit word ook gebruik om saam met en vir ander gelowiges te bid (Fairchild, 2019).

Eredienste is 'n plek waar verhoudings met ander gelowiges en vriende gebou kan word. In die Bybel word gelowiges aangemoedig om vir mekaar te bid (Jak. 5:16) en mekaar lief te hê (Rom. 13:8). In eredienste kan gelowiges saam sing en die Here prys (Commelin, 2021). Kinders kan saam met gemeentelede aan hierdie aktiwiteite deelneem (Grobbelaar, 2016:159). Lede kan ook sakramente soos die nagmaal (1 Kor. 11:23-26) en die doop (Matt. 3:13-17) saam geniet (Commelin, 2021).

Nog 'n hulpbron wat deur eredienste voorsien word, is mentors. Dit is daar waar kinders kan dophou hoe ouer Christene die Here dien (Grobbelaar, 2016:156-157). Dit gee hulle die kans om te sien hoe hulle mentors van Sondagskool en jeugbediening vir die Here leef.

Laastens skep eredienste 'n plek waar families saam die Here kan dien. Dit is in die dienste wat kinders kan sien hoe hulle ouers die Here dien (Van As, 2020:69). Wanneer dit kom by ouers wat hul werk verloor het, sal dit voordelig vir kinders wees om te sien hoe hulle ouers steeds in moeilike omstandighede op die Here vertrou wat hulle eie vertroue in die Here versterk.

3.3 *Mentorskap*

Die volgende hulpbron is mentorskap. Mentorskap is 'n goeie aanvulling tot ander bedieninge, aangesien ander bedieninge tipies op groepe fokus terwyl mentorskap op een-tot-een-verhoudings fokus (Springer, 2021).

'n Mentor moet self 'n verhouding met die Here en mense in die gemeente hê om hierdie taak te kan verrig (Conklin, 2020). Dit beteken dat mense soos pastore, jeugleiers, ouers sowel as ouer Christene as mentors kan dien (Springer, 2021). Mentorskap is daarop gefokus om mense aan te moedig om in hulle verhouding met die Here te belê en om in die proses meer soos Jesus te word.

Die fokus is gewoonlik daarop om jonger gelowiges te mentor (Springer, 2021). Mentors kry die geleentheid om hul eie lewenservarings en wysheid te deel en om die kind te ondersteun. Juis daarom is dit belangrik dat mentors as goeie rolmodelle sal optree (Hartman, 2019). Hulle behoort te leef op 'n manier wat illustreer hoe volgelinge van Jesus moet leef (Harris, 2021).

In mentorskap is daar verskeie geloofshulpbronne wat benut word. Die eerste hulpbron is gebed. Mentorsessies kan gewoonlik open en eindig met gebed (Lifeway, 2019). Die mentor gebruik gebed om vir die persoon wat gementor word, te bid en om die Here vir leiding te vra (Hartman, 2019). Gebed is ook iets wat saam in die mentorsessie gedoen kan word (Kight, s.a.).

Die Bybel is nog 'n belangrike hulpbron. Dit is belangrik dat die mentor die Bybel ken, die Bybel gebruik om voor te berei en ook in staat is om te deel hoe die Bybel persoonlik 'n invloed op hul lewens gehad het (Hartman, 2019). Tydens sessies word daar saam uit die Bybel gelees (Springer, 2021). Dit bied die geleentheid om antwoorde op vrae te soek, 'n Bybelse perspektief rakende dinge te kry en ook hoop te gee.

Mentorskap skep die geleentheid om verhoudings met ander gelowiges te bou. Volgens Gheen (2013) tree mentors nie slegs as mentors op nie, maar ook as vriende. Daar is verskeie voorbeelde van hegte mentorskapverhoudings in die Bybel. 'n Voorbeeld hiervan is Jesus en Sy dissipels (Kight, s.a.). Jesus was saam met Sy dissipels deur die hoogte- en laagtepunte van hul lewens en het hulle geleer hoe om vir Hom te leef. Hy was 'n goeie mentor wat 'n baie nou verbintenis met Sy dissipels gehad het.

Nog voorbeelde van mentors in die Bybel is Elia en Elisa, Paulus en Timoteus en Eli en Samuel (Hartman, 2019). In al hierdie verhoudings was hulle fokus op God en het hulle saam gegroei, mekaar advies gegee en mekaar bemoedig. Dit is juis in dié tipe mentorskapverhoudings wat mentors die geleentheid het om hulle eie soortgelyke swaar tye met mense te deel (Gheen, 2013). Hulle kan deel wat hulle gehelp het om deur die moeilike omstandighede te kom, sowel as hoe die Here hulle gehelp het.

Soos met Sondagskool en jeugbediening word mentorskap gebruik om ouers se rol aan te vul, nie om hulle te vervang nie (Gheen, 2013). Dit is wel 'n goeie hulpbron waar kinders hulle gedagtes met 'n eksterne persoon kan deel.

3.4 *Ondersteuning van ouers*

Soos vroeër genoem, kan werksverlies finansiële spanning op ouers plaas. Die stres wat ouers ervaar, kan familieverhoudings ontwig wat verskeie negatiewe gevolge vir kinders kan inhou. Daarom is dit belangrik dat die kerk nie net kinders sal ondersteun nie, maar ook hul ouers. Indien die gemeente kan help om ouers se stres te verminder, sal kinders ook indirek bevoordeel word.

Daar is verskeie maniere waarop die kerk ouers kan ondersteun. Daar kan na hulle geluister word en berading kan voorsien word (Duncan, 2021; Thorne, 2013). Daarmee saam kan die Bybel gebruik word om vir hulle goeie beginsels rakende die bestuur van geld te leer en 'n gesonde perspektief ten opsigte van swaarkry te gee (Thorne, 2013). Hulle kan gewys word dat werk belangrik is, maar dat alles nie daarvoor gaan nie en dat hulle waarde in Jesus gevind word, nie in hul werkstatus nie (Cooper, 2012; *Theology of work*, 1997).

Ouers kan ook aangemoedig word om hul vertroue in die Here te plaas (Thorne, 2013). Hulle kan dit doen deur te bid oor hulle werksbehoefes. Die gemeente kan hulle ook deur gebed ondersteun en kan hulle aanmoedig om die Here te eer, Hom te vertrou en nie moed op te gee nie.

Indien moontlik, kan die gemeente selfs op finansiële gebied help. Dit kan op verskeie maniere gedoen word, soos deur kos en klere te voorsien (Duncan, 2021; Thorne, 2013). Die gemeente is wel verantwoordelik om eers gemeentelêde te help en dan ander wat nie deel van die gemeente is nie (Revival Ministries International, 2010). Die gemeente is daar om mense te help wat as gevolg van omstandighede buite hulle beheer, swaarkry. Hulle is nie verantwoordelik daarvoor om lui mense te help nie.

Nog maniere waarop die kerk finansiël kan help, is deur werknetwerke by die kerk te skep waar werksgeleenthede bekend gemaak kan word aan gemeentelêde wat op soek is na werk (Threlfall, 2011). Tesame daarmee kan iemand in die gemeente mense wat op soek is na

werk, se CVs deurgaan om seker te maak dat dit op standaard is (Thorne, 2013). Bestuurders in die gemeente kan ook gevra word om mense vir werksaansoeke voor te berei deur hulle te laat deel in dit waarna werkgewers op soek is.

Laastens kan die gemeente ouers toerus om hul kinders te ondersteun en voorbeelde vir hulle te wees. Dit kan gedoen word deur ouers te leer hoe om Bybel te lees, antwoorde in die Bybel te soek en te bid (Jones & Trentham, 2015:17-66). Hulle kan geleer word hoe om hulle kinders van die Here te leer en hoe om hulle te evangeliseer. Hulle moet ook bewus gemaak word van die verantwoordelikheid om 'n goeie voorbeeld aan hul kinders te stel.

Deur ouers te ondersteun, sal dit hulle stres verminder en sal hulle hoop ervaar. Wanneer dit gebeur, kan dit daartoe lei dat familieverhoudings verbeter en dat kinders floreer.

4. Gevolgtrekking

Wanneer ouers hul werk verloor kan dit tot verskeie negatiewe gevolge vir kinders lei. Die werksverlies van ouers hoef egter nie kinders se lewens negatief te beïnvloed nie. Kinders kan steeds floreer ten spyte van ouers se werksverlies. Dit kan gedoen word deur kinders betrokke te kry in verskeie gemeentebedieninge wat bydra tot florerings.

Dit sluit Sondagskool en jeugbediening, eredienste sowel as mentorskap in. Die bediening sal kinders aan verskeie hulpbronne blootstel wat hulle sal help om te floreer. Dit is deur die bediening wat kinders die geleentheid sal kry om 'n verhouding met God en met ander mense te bou.

Die bediening voorsien hulle met die Bybel, gebed, Bybelse perspektiewe en met hoop. Dit voorsien hulle ook van mense wat hulle sal bystaan en wat hulle kan raad gee. Hulle kan selfs in kontak gebring word met mense wat al aan soortgelyke omstandighede blootgestel was en wat vir hulle raad kan gee oor hoe om daardeur te kom.

Om hierdie rede is dit baie belangrik dat ouers hul kinders by 'n Woordgebaseerde gemeentebetrokke moet kry. Ouers moet egter self ook betrokke raak sodat hulle self van die Here ondersteuning kan ontvang en daardeur 'n voorbeeld vir hul kinders kan wees. In hierdie opsig kan die gemeente vir die ouers ook van hulp wees.

Wanneer ouers ook die Here dien, skep dit die geleentheid vir ouers en die gemeente om saam kinders te ondersteun en hulle te help om te floreer. Daar is wel gevalle waar ouers nie die Here dien nie. In sulke gevalle kan die gemeente steeds as bron van ondersteuning en hoop vir kinders dien.

Al hierdie inligting toon onteenseglik aan dat 'n verhouding met God en verhoudings met mense baie belangrik is. Wanneer dié beginsels nagevolg word, sal dit kinders in staat stel om ten spyte van moeilike omstandighede te floreer.

BIBLIOGRAFIE

- Achour, M & Nor, MRM. 2014. The effects of social support and resilience on life satisfaction of secondary school students. *Journal of Academic and Applied Studies*, 4(1):12-20.
- Ackerman, CE. 2018. What is flourishing in positive psychology? [Blog post]. <https://positivepsychology.com/flourishing/> [12 September 2023].
- Arise Church. 2021. What is the purpose of a youth group in a church? *My Arise Church*, <https://myarisechurch.com/what-is-the-purpose-of-a-youth-group-in-a-church/> [28 September 2023].
- Ashcraft, J. 2021. Why is Sunday school important in the church? *Christianity.com*. <https://www.christianity.com/wiki/church/why-is-sunday-school-important-in-the-church.html> [28 September 2023].

- Bade, MK & Cook, SW. 2008. Functions of Christian prayer in the coping process. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 47(1):123-133.
- Ballard, P & Holmes, SR. 2005. *The Bible in pastoral practice: readings in the place and function of Scripture in the church*. Cambridge: Eerdmans.
- Bohlin, S. 2009. The value of suffering. *Bible.org.*, <https://bible.org/article/value-suffering> [28 September 2023].
- Cambridge Dictionary. 2023. Flourish. *Cambridge dictionary*, <https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/flourish> [12 September 2023].
- Charry, ET. 1997. *By the renewing of your minds: the pastoral function of Christian doctrine*. New York, NY: Oxford University Press.
- Charry, ET. 2002. To know, love and enjoy God. *Theology Today*, 59(2):173-178.
- Cicchetti, D. 2016. Socioemotional, personality, and biological development: illustrations from a multilevel developmental psychopathology perspective on child maltreatment. *Annual Review of Psychology*, 67(1):187-211.
- Commelin, G. 2021. What happens in a church service? Biblword. <https://www.biblword.net/what-happens-in-a-church-service/> [29 September 2023].
- Conklin, K. 2020. The importance of mentors in the local church. *Focus on the Family*, 21 Sept. <https://www.focusonthefamily.com/CHURCH/THE-IMPORTANCE-OF-MENTORS-IN-THE-LOCAL-CHURCH/%20%E2%80%A2eed-you-why-mentorship-is-need-in-the-church/> [29 September 2023].
- Coombs, J. 2019. 5 Advantages of a gospel-centered youth ministry. *The Gospel Coalition*, <https://www.thegospelcoalition.org/article/5-advantages-gospel-centered-youth-ministry/> [28 September 2023].
- Cooper, E. 2012. Blessed are the jobless: how ministries aid the unemployed. *Christianity Today*, January 13. <https://www.christianitytoday.com/ct/2012/january/blessedarejobless.html> [01 Oktober 2023].
- DeParle, J. 2020. When parents lose their jobs, their children also suffer. But sometimes there's a consolation. *The New York Times*, 31 Oct. <https://www.nytimes.com/2020/10/31/us/politics/unemployment-parents-children-coronavirus.html> [05 September 2023].
- Dillen, A. 2012. The resiliency of children and spirituality: a practical theological reflection. *International Journal of Children's Spirituality*, 17(1):61-75.
- Dreyer, Y. 2003. Beyond psychology: spirituality in Henri Nouwen's pastoral care. *HTS Theological Studies*, 59(3):715-733.
- Duncan, WC. 2021. Support, skills, networking – all are ways that churches help unemployed. *Sunderland Institute*. <https://sutherlandinstitute.org/support-skills-networking-all-are-ways-that-churches-help-unemployed/> [01 Oktober 2023].
- Duvall, JS & Hays, JD. 2019. *God's relational presence: the cohesive center of Biblical theology* [Kindle edition]. Baker Academic. Available from Amazon.com.
- Encounter Church. 2022. 5 Benefits of youth ministry for teens. *Encounter Church*. <https://www.ecdenver.org/church-service-denver/5-benefits-of-youth-ministry-for-teens/> [12 September 2023].
- Fairchild, M. 2019. Guide to a typical Christian worship service. *Learn Religions*. <https://www.learnreligions.com/church-worship-service-700490> [29 September 2023].
- Ferguson, JK, Willemsen, EW & Castañeto, MV. 2010. Centering prayer as a healing response to everyday stress: a psychological and spiritual process. *Pastoral Psychology*, 59(3):305-329.
- Got Questions. 2022. What does the Bible say about Sunday school? *Got Questions*. <https://www.gotquestions.org/SUNDAY-SCHOOL.HTML> [28 September 2023].
- Gheen, AC. 2013. 10 Reasons to mentor youth. *Today's Christian Woman*, May. <https://www.todayschristianwoman.com/articles/2013/may/10-reasons-to-mentor-youth.html> [01 Oktober 2023].
- Grobbelaar, J. 2016. Holistic children's ministry: history and challenges. In Grobbelaar, J & Breed, G. (eds). *Welcoming Africa's children – theological and ministry perspective*. Cape Town: AOSIS, pp. 115-163.
- Gunnestad, A & Thwala, S. 2011. Resilience and religion in children and youth in Southern Africa. *International Journal of Children's Spirituality*, 16(2):169-185.
- Harris, JI, Erbes, CR, Engdahl, BE, Tedeschi, RG, Olson, RH, Winkowski, AM & McMahill, J. 2010. Coping functions of prayer and posttraumatic growth. *International Journal for the Psychology of Religion*, 20(1):26-38.

- Harris, K. 2021. Four reasons your church needs a mentoring program. [Blog post]. <https://churchanswers.com/blog/four-reasons-your-church-needs-a-mentoring-program/> [01 Oktober 2023].
- Hartman, N. 2019. We need you: why mentorship is needed in the church. [Blog post]. <https://ftc.co/resource-library/blog-entries/we-need-you-why-mentorship-is-need-in-the-church/> [01 Oktober 2023].
- Hendricks, H, Hall, K, Goeiman, H, Henney, N, Boraine, A, Murray, J, Hendricks, L & Lake, L. 2021. *Nutrition and food security: children and Covid-19 advocacy brief*. Cape Town: Children's Institute. http://www.ci.uct.ac.za/sites/default/files/image_tool/images/367/Projects/Current_Projects/covid-children/pdfs/Advocacy%20Brief_Nutrition_02_08.pdf [04 September 2023].
- Huerta, S. 2013. The negative effects of instability on child development: a research synthesis. Urban Institute. Low Income Working Families, Discussion paper 3. <https://www.urban.org/sites/default/files/publication/32706/412899-The-Negative-Effects-of-Instability-on-Child-Development-A-Research-Synthesis.PDF> [04 September 2023].
- Hutzel, P. 2022. What is the role of youth group? Youth Group Ministry. <https://www.youthgroupministry.net/what-is-the-role-of-youth-group> [27 September 2023].
- Ikafa, I & Hack-Polay, D. 2019. Deliver us from evil: the role of faith and family coping with stress among African migrants in Australia. *Social Work & Social Sciences Review*, 20(2):88-107.
- Jamieson, L & Van Blerk, L. 2021. Responding to COVID-19 in South Africa – social solidarity and social assistance. *Children's Geographies* (Provisionally accepted), doi: 10.1080/14733285.2021.1924359.
- Jones, KG. 2022. What is the purpose of a worship service? <https://www.1517.org/articles/what-is-the-purpose-of-a-worship-service> [24 September 2022].
- Jones, L. 1988. The effect of unemployment on children and adolescents. *Children and Youth Services Review*, 10(3):199-215.
- Jones, TP & Trentham, JD. 2015. *Practical family ministry: a collection of ideas for your church*. Nashville, TN: Randall House.
- Kalil, A. 2005. Unemployment and job displacement: the impact on families and children. *Ivey Business Journal*, July/August. <https://iveybusinessjournal.com/publication/unemployment-and-job-displacement-the-impact-on-families-and-children/> [05 September 2023].
- Kight, C. s.a. What Christian mentoring is and how to do it. CRU. <https://www.cru.org/us/en/train-and-grow/help-others-grow/mentoring.html> [01 Oktober 2023].
- Kozlowski, M. 2017. Why Sunday school still matters – and why it still works. Building Faith. <https://buildfaith.org/why-sunday-school-still-matters-and-why-it-still-works/> [28 September 2023].
- LaBarbera, R & Hetzel, J. 2016. Christian educators' use of prayer to cope with stress. *Journal of Religion and Health*, 55(4):1433-1448.
- Lake, L, Shung-King, M, Delany, A & Hendricks, M. 2021. *Prioritise children – from response to recovery: children and Covid-19 advocacy brief*. Cape Town: Children's Institute. http://www.ci.uct.ac.za/sites/default/files/image_tool/images/367/Projects/Current_Projects/covid-children/pdfs/Advocacy%20Brief_Overarching_02_08.pdf [04 September 2023].
- Lambrechts, S. 2022. Covid-19 en werksverlies: Geloofshulp as lewenshulp in kinderbediening. Vanderbijlpark: Noord-Wes Universiteit. (Verhandeling – MTh).
- Lawson, M, Piel, MH & Simon, M. 2020. Child maltreatment during the COVID-19 pandemic: consequences of parental job loss on psychological and physical abuse towards children. *Child Abuse & Neglect*, 110(2):1-11.
- Lifeway. 2019. How to start and sustain a successful mentoring ministry. *LifewayWomen*, August 13. <https://women.lifeway.com/2019/08/13/how-to-start-and-sustain-a-successful-mentoring-ministry/#:~:text=The%20goal%20of%20mentorship%20is,Relationship%20Connection%20Ministry%20is%20prayer.> [01 Oktober 2023].
- Liu, H & Zhao, Z. 2014. Parental job loss and children's health: ten years after the massive layoff of the SOEs' workers in China. *China Economic Review*, 31(2014):303-319.
- Matthews, DA & Clark, C. 1998. *The faith factor: proof of the healing power of prayer*. New York, NY: Penguin.
- Mountain, V. 2005. Prayer is a positive activity for children – a report on recent research. *International Journal of Children's Spirituality*, 10(3):291-305.

- Muench, SJ. 2011. Faith in practice: early adolescences' utilization of spirituality to cope with daily stressors. Wheaton: Wheaton College Graduate School. (Proefskrif – PhD).
- Nel, M. 2018. *Youth ministry: an inclusive missional approach*. Rev. and upd. English ed. Cape Town: AOSIS.
- Rege, M, Telle, K & Votruba, K. 2011. Parental job loss and children's school performance. *Review of Economic Studies*, 78(4):1462-1489.
- Revival Ministries International. 2010. The church – ministry to material needs. *Revival Ministries International*, 2010. <https://www.revival.com/a/2914-the-church-ministry-to-material-needs> [01 October 2023].
- Schaller, J & Zerpa, M. 2015. Short-run effects of parental job loss on child health. *National Bureau of Economic Research*, Working paper 21745. <https://www.nber.org/papers/w21745> [04 September 2023].
- Sippel, LM, Pietrzak, RH, Charney, DS, Mayes, LC & Southwick, SM. 2015. How does social support enhance resilience in the trauma-exposed individual? *Ecology and Society*, 20(4): art. #10. <http://dx.doi.org/10.5751/ES-07832-200410>.
- Smith, C. 2003. Theorizing religious effects among American adolescents. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 42(1):17-30.
- Smith, L, Webber, R & DeFrain, J. 2013. Spiritual well-being and its relationship to resilience in young people: a mixed methods case study. *SAGE Open*, 3(2):1-16.
- Spaull, N, Ardington, C, Bassier, I, Borat, H, Bridgman, G, Brophy, T & Zuze, L. 2020. *Overview and findings: NIDS-CRAM Synthesis Report Wave 1*. <https://cramsurvey.org/wp-content/uploads/2020/07/Spaull-et-al.-NIDS-CRAM-Wave-1-Synthesis-Report-Overview-and-Findings-1.pdf> [23 August 2023].
- Springer, E. 2021. The three Ss of youth mentoring. Youthworks. <https://youthworks.net/articles/the-three-ss-of-youth-mentoring> [29 September 2023].
- Stier, G. 2021. Know how to answer this question: “Why is youth group important?” *Churchleaders*, June 16, <https://churchleaders.com/youth/youth-leaders-articles/336435-why-is-youth-group-important.html> [28 September 2023].
- Suttie, J. 2017. Four ways social support makes you more resilient. *Greater Good*. [https://greatergood.berkeley.edu/article/item/four_ways_social_support_makes_you_more_resilient#:~:text=Having%20good%20social%20relationships%20is,stress%20when%20we%20are%20suffering](https://greatergood.berkeley.edu/article/item/four_ways_social_support_makes_you_more_resilient#:~:text=Having%20good%20social%20relationships%20is,stress%20when%20we%20are%20suffering.). [12 September 2023].
- Taylor, A. 2021. 3 Ways Sunday school can help your church evangelize: historically, Sunday school has been an effective way to reach people. What about today? Lifeway. <https://www.lifeway.com/en/articles/how-sunday-school-helps-your-church-evangelize> [28 September 2023].
- Taylor, J. 2019. Perception is not reality. *Psychology Today*, August 5, <https://www.psychologytoday.com/za/blog/the-power-prime/201908/perception-is-not-reality> [28 November 2023].
- Taylor, S. 2012. Transformation through suffering: a study of individuals who have experienced positive psychological transformation following periods of intense turmoil. *Journal of Humanistic Psychology*, 52(1):30-52.
- Theology of Work. 1997. Church support for the unemployed (Sermon Notes). <https://www.theologyofwork.org/work-in-worship/sermons/church-support-for-the-unemployed> [01 October 2023].
- Thorne, H. 2013. 10 Ways your church can support those who are unemployed. [Blog post]. The Good Book. <https://www.thegoodbook.co.uk/blog/unemployment/2013/01/31/10-ways-your-church-can-support-those-who-are-unem/> [01 October 2023].
- Tomlinson, M, Lake, L, Lachman, A, Vogel, W, Brown, C, Abrahams, Z & Hunt, X. 2021. *Mental health and wellbeing: children and Covid-19 advocacy brief*. Cape Town: Children's Institute. http://www.ci.uct.ac.za/sites/default/files/image_tool/images/367/Projects/Current_Projects/covid-children/pdfs/Advocacy%20Brief_Mental_health_02_08.pdf [04 September 2023].
- Threlfall, D. 2011. Seven ways to help the unemployed in your church. Share Faith. <https://www.sharefaith.com/blog/2011/12/ways-unemployed-church/> [01 October 2023].
- UKessays. 2017. Purpose of Sunday school. *UK Essays*. <https://www.ukessays.com/essays/religion/the-purpose-of-sunday-schools-religion-essay.php> [28 September 2023].

- Van As, JN. 2020. Addressing the phenomenon of young South Africans leaving the church: a practical theological investigation of the role of parents in faith formation. Vanderbijlpark: Noord-Wes Universiteit (Verhandeling – MTh).
- Weinreb, L, Wehler, C, Perloff, J, Scott, R, Hosmer, D, Sagor, L & Gundersen, C. 2002. Hunger: its impact on children's health and mental health. *Pediatrics*, 110(4):1-9.
- World Health Organisation. 2023. *Coronavirus disease (COVID-19)*. [https://www.who.int/news-room/fact-sheets/detail/coronavirus-disease-\(covid-19\)#:~:text=COVID%2D19%20is%20a%20disease,care%20as%20soon%20as%20possible](https://www.who.int/news-room/fact-sheets/detail/coronavirus-disease-(covid-19)#:~:text=COVID%2D19%20is%20a%20disease,care%20as%20soon%20as%20possible). [15 August 2023].
- Worldometer. 2023. *Coronavirus cases*. <https://www.worldometers.info/coronavirus/> [15 August 2023].
- Wrightman, P. 2009. The effect of parental job loss on children. Chicago, Ill: University of Chicago. (Proefskrif – PhD).

Die taallandskap van die vrou in *rooi rose* (1948–2020)

The linguistic landscape of women in rooi rose (1948–2020)

HERMIE PELSER

Departement Afrikaans, nagraadse student
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: hermi.pelser@affies.co.za



Hermie Pelsler



Nerina Bosman

NERINA BOSMAN

Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: nerina.bosman@up.ac.za

HERMI PELSER behaal haar BA-graad in tale aan die Universiteit van Pretoria in 2010 waarna sy ook die NGSO (2011), sowel as BAHonnours (Afrikaans) (2015) en MA (Afrikaanse Taalkunde) (2022) voltooi. Haar Meestersverhandeling ondersoek die linguïstiese studieveld van taalseksisme. Sy kyk spesifiek na Afrikaans en ondersoek die vrouetydskrif, *rooi rose*, deur korpuslinguïstiek as metode te gebruik om te bepaal hoe die taallandskap van die Afrikaanse vrou deur die jare verander het.

Sy is tans 'n Afrikaansonderwyser by Afrikaans Hoër Seunskool in Pretoria waar sy sedert 2017 Afrikaans Huistaal aanbid.

HERMI PELSER obtained the BA degree in languages at the University of Pretoria in 2010, after which she also completed the NGSO (2011), as well as BA Honours (Afrikaans) (2015) and MA (Afrikaans Linguistics) (2022). Her Master's thesis examines the linguistic field of study of linguistic sexism. She looks specifically at Afrikaans and examines the women's magazine, *rooi rose*, using corpus linguistics as a method, to determine how the language landscape of Afrikaans women has changed over the years.

She is currently an Afrikaans teacher at Afrikaans Hoër Seunskool in Pretoria where she has been teaching Afrikaans Home Language since 2017.

NERINA BOSMAN het voor haar aftrede Afrikaanse taalkunde en toegepaste taalkunde aan die Universiteit van Pretoria doseer. Sy is tans navorsingsgenoot aan dié instelling. Haar spesialisterrein is Afrikaanse leksikale semantiek, maar sy is ook besig met 'n projek oor Afrikaanse aanspreekvorme. Haar navorsing steun veral op kognitiewe benaderings tot taal en sy maak gebruik van korpora en korpuslinguïstiek om taaldata te vind en te analiseer. Saam met prof. Wannie Carstens is sy mederedakteur van *Afri-*

NERINA BOSMAN taught Afrikaans linguistics and applied linguistics at the University of Pretoria before her retirement. She is currently a research associate at this institution. Her specialist field is Afrikaans lexical semantics, but she is also working on a project on Afrikaans forms of address. She works mainly in the field of cognitive linguistics and she uses corpora and corpus linguistics to find and analyse language data. She is co-editor, together with prof. Wannie Carstens, of *Afrikaans Linguistics: Contempo-*

Datums:

Ontvang: 2023-10-23

Goedgekeur: 2024-02-20

Gepubliseer: Junie 2024

kaans Linguistics: Contemporary Perspectives (2024), 'n boek oor die Afrikaanse taalkunde gemik op die internasionale mark. Sy is ook mederedakteur van die derde uitgawe van *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*, saam met prof. Wannie Carstens en prof. Adri Breed.

rary Perspectives (2024), a book on Afrikaans linguistics aimed at the international market. She is also co-editor, together with prof. Wannie Carstens and prof. Adri Breed of the third edition of *Afrikaanse Kontemporêre Linguistiek* ("Contemporary Afrikaans Linguistics"), an undergraduate textbook.

ABSTRACT

The linguistic landscape of women in rooi rose (1948–2020)

The objective of this study was to assess the prevalence of linguistic sexism in Afrikaans and its evolution over seven decades, reflecting possible societal changes. More specifically, the inquiry sought to investigate the presence of sexism in Afrikaans women's magazines from 1948 to 2020.

To achieve this, a corpus was constructed using 57 editions of the Afrikaans women's magazine, rooi rose. The data was then analysed by means of the #LancsBox corpus software tool.

Situated within the domain of language and gender, the study delved into the intricate interplay between linguistic and societal norms. We accept that there is a symbiotic and reciprocal relationship between language and the way humans experience the external world. This also applies to the relationship between a (specific) language and the way in which the concept of gender is embodied by speakers of the language. In particular, linguistic sexism, a subfield of the language and gender field, can be seen as the lens through which possible discrimination against women can be made visible.

Linguistic sexism manifests inter alia through lexical items of the following types: forms of address and titles; gendered nouns like skryfster ("female author") and sekretaresse ("female secretary"); the generic he and the frequency of co-occurrence of the pronouns hy ("he"), hom ("him") and sy ("his") with gender-neutral nouns like baba ("baby"), kind ("child") and mens ("humankind", "man").

The findings from the rooi rose corpus paint a nuanced picture. While the prevalence of mevrou outweighs that of mejuffrou, suggesting a lingering gender bias, the diminishing gap between their usage indicates a gradual shift. However, traditions like beauty competitions perpetuate linguistic sexism, with titles like Mejuffrou Persoonlikheid ("Miss Personality") and Mejuffrou Glimlag ("Miss Smile") reinforcing traditional gender norms. Me, the Afrikaans equivalent of "Ms", appears so infrequently in the corpus that its frequency is negligible.

The analysis of professional and personal names reveals a changing landscape, with certain terms evolving into gender-neutral descriptors, albeit with remnants of gender stereotypes persisting in certain contexts.

The generic use of masculine pronouns ("hy", "hom", "sy") when referring to gender-neutral nouns underscores linguistic bias. GraphColl (a function of #LancsBox) was used to ascertain how many times hy ("he"), hom ("him") and the possessive pronoun sy ("his") refer to mens ("person"), kind ("child") and baba ("baby") where the gender of these words is uncertain.

An example of such occurrences is the following:

Wie kan werklik begryp wat die kind dink en voel en glo daar waar hy in sy eie betoerde wêreldjie verlore raak? (“*Who can really understand what the child thinks and feels and believes where he gets lost in his own enchanted little world?*”)

References to baba (“baby”), kind (“child”) and mens (“person”) in most cases show a clear preference for the male personal or possessive pronouns.

To conclude, while the linguistic landscape of Afrikaans women in rooi rose demonstrates strides towards inclusivity, traces of entrenched linguistic biases endure, illustrating the complex interplay between language and societal norms.

KEYWORDS: language and gender, linguistic sexism, corpus, corpus linguistics, woman’s magazine, *rooi rose*, address forms, gendered nouns, generic *he*

TREFWOORDE: taal en gender, taalseksisme, korpus, korpuslinguistiek, vrouetydskrif, *rooi rose*, aanspreekvorme, vroulike selfstandige naamwoorde, generiese *hy*

OPSOMMING

Hierdie artikel ondersoek die taallandskap¹ van die Afrikaanse vrou soos wat dit te sien is in die *rooi rose* van 1948 – 2020 en vra of hierdie landskap, veral wat taalseksisme betref, soos te siene in *rooi rose* sedert 1948, verander het. Die *rooi rose*-korpus was die databron wat ontleed is met die moontlikhede wat korpuslinguistiek as metode bied.

Die studie val in die sosiolinguistieksubveld wat in die breë as die taal-en-gender-veld bekend staan. Taalseksisme val in hierdie deelgebied. Taalseksisme (en gepaardgaande stereotipering) kom voor wanneer daar deur en in taal teen ’n geslag of gender gediskrimineer word.

Kwantitatiewe navorsing is gebruik om frekwensies van leksikale items soos aanspreekvorme en titels, die generiese *hy* en manlike en vroulike persoons- en beroepsname vas te stel. Soekwoorde binne konteks, soos wat verkry word in konkordansiereëls, asook kollokasies is kwalitatief ontleed.

Die gevolgtrekking waartoe die studie kom, is dat daar verandering op te merk is wat die gebruik van sommige leksikale items betref. Daar is ’n frekwensieafname te bespeur in sommige titels en aanspreekvorme, maar die neutrale *me* (wat nie onderskeid tref wat huwelikstatus betref nie) word nie in die korpus aangetref nie. Afrikaans volg die wêreldtendens deur sommige manlike en vroulike selfstandige naamwoorde te vervang met een naamwoord wat na beide mans en vrouens kan verwys. Daar is egter nog tekens van taalseksisme in die korpus. Die generiese *hy* word tot 2020 nog baie gebruik en onderskeid word ook nog getref wat betref die huwelikstatus van vroue.

¹ Ons is bewus daarvan dat die term taallandskap gewoonlik gebruik word om na die aanwesigheid van taal in publieke ruimtes, soos op reklame- en advertensieborde, padtekens en kennisgewings, byvoorbeeld, te verwys. Ons het hierdie betekenis uitgebrei om ook taaltekens in te sluit – tekens wat die gebruik van genderkeuses in ’n teks (kan) aantoon.

1. Inleiding

In *Beeld* van 7 Mei 2022 skryf Tanya van Wyk (professor in die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Pretoria):

(...) ek (het) al so baie keer gewonder oor hoekom die Afrikaanse taal, toe dit (nie hy nie!) vorm aangeneem het, by verstek die manlike persoonlike voornaamwoord as grammatikale verwysing na enige iets onder die son – eintlik die son ook – aangeneem het.

Van Wyk neem ook sterk standpunt in teenoor titels en aanspreekvorme wat vroue nog in ’n “Mevrou-boksie” indwing:

Vroue moet reeds verslag doen in soveel amptelike en nie-amptelike ruimtes oor hul keuses: Is jy getroud? Het jy kinders? Wat is jou nooiensvan? Ek word byvoorbeeld oral outomaties in die ‘Mevrou-boksie’ gedruk, al staan daar op al my dokumente professor of doktor of dominee. (Van Wyk, 2022)

Van Wyk raak in haar meningstuk ’n hele paar onderwerpe aan: algemene diskriminasie in ’n manlik-gedomineerde samelewing, die gebruik van die generiese *hy* en diskriminasie teen vroue wat titels en aanspreekvorme betref. Beide laasgenoemde aspekte kan beskou word as vorme van taalseksisme. Die vraag wat hierdie artikel onderlê, is: “Hoe lewendig is taaldiskriminasie nog in die Afrikaanse samelewing en in Afrikaans in die een-en-twintigste eeu?” Om ’n moontlike antwoord op hierdie vraag te kry, is 57 uitgawes van die tydskrif *rooi rose* as databron gebruik.

Ten aanvang word teoretiese aannames oor die verhouding tussen taal en denke en die breër vakgebied van taal en gender in ’n kort literatuuroorsig bespreek, waarna die werkswyse uiteengesit word. Die korpusdata word vervolgens aangebied en ontleed en ten slotte word antwoorde op die navorsingsvrae bespreek.

2. Oor taalseksisme, taal en samelewing

2.1 *Taal en samelewing*

Die moontlikheid bestaan dat taal enersyds die interaktiewe weerspieëling van ’n bepaalde kultuurgroep se norme kan wees, en andersyds ’n vormende invloed op die kultuur uitoefen juis omdat dit aan die werklikheid gestalte gee. (Beyleveld & Van Jaarsveld, 1991:3)

Beyleveld en Van Jaarsveld verwys hier na die bekende Sapir-Whorf-hipotese wat so opgesom kan word: “language shapes and reflects social reality” (Pauwels, 2003: 554). Na hierdie standpunt word ook verwys as linguistiese relatiwiteit. Die vraag onderliggend aan die hipotese is of ’n bepaalde taal wel ’n “beherende en beperkende effek op kognitiewe denke” het (Webb, 1989:133).

Beyleveld en Van Jaarsveld noem dat so ’n “ekstreem deterministiese weergawe van die Sapir-Whorf-hipotese grootliks in onguns verval het” (Beyleveld & Van Jaarsveld, 1991: 3). Daar word tans eerder gevra **hoe** taal ons denke (kan) beïnvloed.

Evans en Green (2006) ondersoek hierdie moontlikheid en bied stawende empiriese getuienis aan, wat aantoon dat taal wel konseptualisering vergemaklik (Evans & Green, 2006:98). Van Rooy (1995:34) se standpunt dat taal nie as ’n neutrale instrument vir die uitdruk van denke beskou word nie, maar as iets wat self deel het aan die totstandkoming van denkpatrone, sluit hierby aan.

In ons ondersoek aanvaar ons dat daar 'n simbiotiese en wederkerige verhouding is tussen taal en die manier waarop die mens sy of haar omwêreld ervaar. Taal en die samelewing waarin dit gebruik word, sluit ten nouste by mekaar aan. Dit geld ook die verhouding tussen 'n (spesifieke) taal en die manier waarop die konsep gender deur sprekers van die betrokke taal gestalte kry.

2.2 Taal en gender

Die ondersoek in hierdie artikel val in die vakgebied wat as taal en gender bekend staan. Soos wat die naam aandui, is die fokus op die verhouding tussen taal en gender, maar dit geskied teen die agtergrond van houdings, persepsies en gevoelens jeens taalnorme in 'n (taal) gemeenskap. Die verhouding tussen taal, gender en samelewing is nie altyd sonder spanning nie, soos wat hierdie kort oorsig aantoon. Vanweë omvangbeperkings gaan die konsep gender nie volledig bespreek word nie. 'n Paar verwysings moet volstaan.

Romaine (2001:4-5) maak die onderskeid tussen geslag en gender duidelik en sê sy is geïnteresseerd in die “socio-cultural dimension of the division of humans into male and female persons (i.e. gender)”. Die onderskeid tussen gender en biologiese geslag word deur navorsers erken (vergelyk onder andere Eckert & McConnell-Ginet (2013:1), Lakoff (1973) en Tannen (1994)). Holmes en Meyerhoff (2003:11) wys daarop dat die meeste mense intuïtief saamstem oor wat genderkategorieë inhou, en dat hulle ook 'n algemene opvatting deel oor wat *gender* beteken.

Die WAT beskou *gender*, in die tweede betekenisonderskeiding by die lemma, as 'n identiteit wat deur die seksuele selfbeeld van mense bepaal word. Merriam-Webster gee 'n kort maar duidelike oorsig oor die ontwikkeling van die betekenis van *gender* (teenoor *sex*) en eindig die inskrywing met die volgende slotsin: “By the end of the century *gender* by itself was being used as a synonym of *gender identity*”. Die definisies van *gender* wat as riglyne aanvaar word, erken dat genderrolle en -verwagtinge sosiale konstruksies is.

Robin Lakoff, in haar baanbrekerswerk *Language and Woman's Place* (1973), stel die konsep vrouetaal bekend en toon aan dat taalpatrone geslagsongelykheid in stand kan hou. Lakoff lig sekere kenmerke uit wat met vroue se spraak geassosieer word, soos verskansing (*hedging*) en eenddeelvrae (*tag questions*).

Die konsep vrouetaal is al krities bekyk, veral deur Deborah Tannen. *You Just Don't Understand: Women and Men in Conversation* (1990), 'n blitsverkoper, vestig die aandag op genderverskille in gesprekke. In *Gender and Discourse* (1994) bekyk Tannen weer eens die manier waarop mans en vrouens kommunikeer. Sy ontleed gesprekke, tekste en diskoerspraktyke en beklemtoon die komplekse verhouding tussen taal, gender en die samelewing. In die eerste hoofstuk, “The Relativity of Linguistic Strategies: Rethinking Power and Solidarity in Gender and Dominance”, staan sy krities teenoor vorige navorsing. Haar betoog is dat elk van die linguïstiese strategieë, soos onderbreking, of die stilmaak van vrouens in 'n gesprek, wat voorgedou word as die gevolg van manlike dominansie, ook solidariteit kan aantoon, byvoorbeeld.

In die een-en-twintigste eeu gebruik Hellinger en Bußmann (2003) nuwe maniere van kyk na die verhouding tussen taal en gender. Hulle ondersoek meer as dertig tale en merk op: “The general tendencies we have identified all center around one fundamental principle: masculine / male expressions (and practices) are the default choice for human reference in almost any context” (Hellinger & Bußmann, 2003:19). Met hierdie opmerking word die moontlikheid van taalseksisme voorsien.

In 'n poging om verskillende aspekte van die raakvlak tussen taal en gender te belig, onderskei Hellinger en Bußmann vier “taalenders”. Die kwessie van grammatikale gender (dit dui op die verskillende klasse waarin selfstandige naamwoorde, in tale soos Duits, Nederlands en Frans byvoorbeeld, ingedeel word as “manlik”, “vroulik” of onsydig”) kom eerste ter sprake. Afrikaans en Engels het nie meer so 'n klassistiem nie.

Oor leksikale gender sê hulle die volgende: “In any language, lexical gender is an important parameter in the structure of kinship terminologies, address terms, and a number of basic, i.e. frequently used personal nouns (Hellinger & Bußmann, 2003:8). Leksikale gender is die verskynsel dat woorde soos *mother*, *sister* en *seun* 'n spesifieke gender aandui en 'n gepaste voornaamwoord (*she* of *he*) word gebruik om na dié woorde te verwys. Hellinger en Bußmann wys verder op die kwessie van morfologiese gemerktheid by hierdie tipe items waardeur daar morfologies onderskeid getref word tussen manlike en vroulike referente met behulp van suffikse, soos in die Engelse *widow* (m) x teenoor *widower* (v) en *steward* (m) x *stewardess* (v). Hierdie soort suffikse kom ook algemeen in Afrikaans voor, soos in *wewenaar* en *weduwee*; *lugwaard* (nou verouderd) en *lugwaardin*. Daar is ook genderneutrale woorde soos *citizen* (*burger*) of *patient* (*patiënt*).

Referensiële gender word aangetref in vaste uitdrukkings soos *Mädchen für alles* in Duits ('n handlanger, dienskneg) wat besliste neerhalende konnotasies het (Hellinger & Bußmann, 2003:8). In Afrikaans kry ons byvoorbeeld uitdrukkings soos *dienende Martha* en *Hansiemy-kneg*.

Sosiale gender is 'n kategorie wat verwys na die digotomie van manlike en vroulike rolle en eienskappe wat deur die samelewing opgelê word (Hellinger & Bußmann, 2003:10). Wat Engels betref, is Hellinger en Bußmann van mening dat 'n beroep met 'n hoë aansien (soos *lawyer*, *surgeon*, *scientist*) gepaardgaan met die voornaamwoord *he* en beroepe wat 'n laer status het, soos *secretary*, *nurse*, of *schoolteacher*, deur die anaforiese *she* gevolg word. Die tradisie skryf voor dat *he* ook gebruik word saam met neutrale benamings soos *pedestrian*, *consumer* en *patient* (Hellinger & Bußmann, 2003:11).

Wanneer die verhouding tussen taal en gender dui op 'n ongelyke samelewing waar vroue as minderwaardig, onkundig, hulpeloos, afhanklik van mans vir hulle identiteit, ensovoorts, beskou word, kan 'n mens praat van taalseksisme.

2.3 Taalseksisme

'n Onderdeel van die linguistiese deelgebied taal en gender wat reeds goed nagevors is, is taalseksisme. Taal wat teen vroue diskrimineer en wat aktiwiteite wat met vroue verband hou, verkleineer en trivialiseer, word beskou as taalseksisme (Mills, 2008:1). Baie alledaagse taalverskynsels en -praktyke kan as seksisties beskou word. 'n Goeie voorbeeld in Afrikaans is titels en aanspreekvorme wat dui op die huwelikstatus van vroue (*mejuffrou* teenoor *mevrou*). Hierteenoor is die titel en aanspreekvorm vir mans (getroud of nie) slegs *meneer*. Diskriminasie (oftewel die tref van onderskeid) is duidelik hier.

In 1988 onderneem Julia Penelope 'n omvangryke studie waarin sy taalseksisme onder die loep neem. Penelope se navorsing fokus op hoe taal die geslagsongelykheid en stereotipes in die samelewing weerspieël en versterk. Sy ondersoek linguistiese kenmerke en kommunikasiepatrone wat met vroue se spraak geassosieer word, en daag die idee van “vrouetaal” as minderwaardig of gebrekkig uit. Haar werk ondersoek hoe taalkeuses deur samelewingsverwagtinge en magsdinamika beïnvloed word, en werp lig op die maniere waarop taal 'n instrument kan wees om geslagnorme te versterk en uit te daag. Sy merk die volgende op:

The place of women in our society is reflected in the semantic space that we occupy, a small space that contains such labels as *prostitute*, *housewife*, *mother*, *nurse* and *secretary*. The remainder of the English semantic space, including those terms called “generics”, belongs to the male sex. (Penelope, 1988:121)

As deel van haar motivering dat Engels inherent seksisties is, verwys Penelope na beroepsname. Sy argumenteer dat beroepe wat prestasie en aansien aandui, meestal na mans verwys omdat mans in die geskiedenis die sentrale figure was en tradisioneel die sogenaamde “hoëprofiel-poste” beklee het. Woorde soos: *doctor*, *laywer*, *judge*, *chairman* (wat volgens haar ’n “positiewe semantiese betekenis” dra) verwys gewoonlik na die manlike geslag en beroepe soos *nurse*, *prostitute* en *housewife* het ’n negatiewe semantiese beeld wat uitgedra word (Penelope, 1988: 120). Wanneer ’n vrou wel ’n pos met hoë aansien beklee, word daar ’n vroulike merker soos *lady*, *female* of *woman* by die woord gevoeg: *lady doctor*, *female surgeon*, *woman laywer*. Sy is van mening dat die sprekers van Engels verstaan dat enige term in sy “standaardvorm”, sonder enige toevoegings, by verstek na mans verwys (Penelope, 1988:120).

Penelope spreek haar ook fel uit teen die generiese *hy* en ook die generiese *man* wat in Engels na *mankind* verwys. Sy reken dat die groot probleem met die generiese *he* en *man* te make het met die feit dat mense aan ’n man dink wanneer hulle die woord *man* hoor of skryf (Penelope, 1988:124). Sy argumenteer dat daadwerklike pogings aangewend moet word om vrouens ook “sigbaar” te maak deur ander woorde te kies, en deur byvoorbeeld pertinent terme en persoonsname aan hulle toe te ken:

Use of terms like *chairwoman* and *spokeswoman* are conscious choices and give us a social visibility in roles outside the home that we have never had, correctly asserting that women are not included in terms with masculine markers. (Penelope, 1988:124)

Van Rooy (1995:34) verwys na Valian (1981) wat stel dat die vermyding van seksistiese taalgedrag nie noodwendig die sosiale verskynsel van seksisme uit die weg sal ruim nie. Van Rooy bespreek spesifiek die generiese *hy* – ’n gewilde onderwerp wanneer taalseksime ondersoek word.

Beyleveld en Van Jaarsveld (1989:2) haal Adey, Orr en Swemmer (1989:226) se definisie aan:

Sexist language is language that conveys, through linguistic means such as use of the word ‘mankind’, ‘he’ as the generic pronoun, and condescending nomenclature to refer to women, stereotyped and biased views of the human race, and of the role of women in society.

Ook Hellinger en Bußman (2003) kyk na die generiese *hy*, beroepsname en aanspreekvorme as moontlike tekens van taalseksisme.

Uit bogenoemde en ander ondersoeke is dit duidelik dat taalseksisme die maklikste raakgesien word op leksikale vlak. Woorde wat onder die vergrootglas kom, is voornaamwoorde soos die generiese *hy*, aanspreekvorme en titels soos *mejuffrou* en *mevrouw*, naamwoorde (die sogenaamde *gendered nouns*) wat ’n onderskeid tref tussen mans en vroue soos *skrywer* [+manlik?] x *skryfster* [+vroulik], *akteur* [+manlik?] x *aktrise* [+vroulik], *onderwysers* [+vroulik] x *onderwyser* [+manlik?], ensovoorts; adjektiewe wat vroue beskryf, die moontlike oormatige of neerbuigende gebruik en voorkoms van verkleinwoorde in bepaalde kontekste waar dit oor vroue gaan en ook idioome, spreekwoorde, metafore en uitdrukkings wat gebruik word teenoor en oor vroue.

Ook in Afrikaans is hierdie verskynsel al ondersoek – dit vorm die onderwerp van die volgende afdeling.

2.4 Taalseksisme in Afrikaans

In die negentigerjare van die vorige eeu is ’n hele paar studies oor taalseksisme in Afrikaans onderneem.

Snyman (1990:6) toon aan dat seksisme en stereotipering ten nouste verweef is en haal Grobler (1983:35) aan: “(..) sexist language is language expressing stereotyped attitudes and expectations regarding both sexes”. Snyman merk t.a.p. op dat mense op grond van linguistiese eienskappe gestereotipeer (kan) word. In haar verhandeling fokus sy op die uitbeelding van die vrou en veral op die rolle wat aan vroue toegeken word. Sy trag om aan te toon in watter mate die verskynsels van taalseksisme en seksistiese stereotipering in Afrikaanse taalonderrigmateriaal vir sprekers van ander tale voorkom, waardeur die skrywers van sulke kursusse hulle moontlik skuldig maak aan ’n “onbewuste seksistiese werkwyse” (Snyman, 1990:33). Voorbeelde soos *vroumens* en *Evasgeslag* word byvoorbeeld deur Snyman (1990:46) as disfemismes wat die vroulike geslag in ’n ongunstige lig voorstel, beskryf.

Beyleveld en van Jaarsveld (1991) bekijk die moontlikheid dat woordeboeke deur middel van eensydige leksikografie kan bydra tot stereotipiese roltoewysings. Ook seksistiese aannames word bespreek deur die lemmas onder M in die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Kritzinger & Labuschagne, 1982) en die *Tweetalige Woordeboek / Bilingual Dictionary* (Bosman, Van der Merwe & Hiemstra, 1984) te ondersoek. Hulle bevind dat “tradisioneel gevestigde vorme, gebruike en betekenisinhoud hardnekkig in woordeboeke (bly) voortleef” (Beyleveld & Van Jaarsveld, 1991: 4). Wanneer ’n woordeboek vrouens of mans op ’n bepaalde manier uitbeeld, kan dit as die norm van die taalgebruik van die dag gesien word wat ook die alledaagse taal van die sprekers en hulle houdings weerspieël.

Een van Beyleveld en Van Jaarsveld se gevolgtrekkings is dan ook dat daar – wat die beroepswêreld spesifiek betref – “’n definitiewe neiging is om (+MANLIK)-vorme te gebruik om sowel die man as die vrou te benoem” (Beyleveld & Van Jaarsveld, 1991: 12). Hulle bevind voorts dat daar oorweldigend meer van manlike as van vroulike woorde in bogenoemde woordeboeke se voorbeeldsinne gebruik gemaak word.

Die studie van Beyleveld en Van Jaarsveld uit 1991 kan vandag gerepliseer word met nuwe uitgawes van die genoemde woordeboeke, want geen soortgelyke studie is weer gedoen nie.

In nog ’n gedateerde studie ondersoek Vorster (1992) taalseksisme en die vertaalpraktik. Sy onderneem ’n empiriese studie na die siening en werkswyse van vertalers rakende taalseksisme. Haar studie, wat van ’n vraelys gebruik gemaak het, bring aan die lig dat die vertalers wel bewus is van taalseksisme en dat hulle die generiese *hy*-vorme problematies vind. Vorster is van mening dat vertalers (as deel van die akademici) net soos gewone taalgebruikers is – “(...) die produk van die tyd waarin hulle leef. Hulle eie taalgebruik is dus onderworpe aan die voorbeelde van die gemeenskap” (Vorster, 1992:2). Sy kom tot die gevolgtrekking dat die vertalers deeglik bewus is van die omstredenheid ten opsigte van taalseksisme, maar haar respondente verkies tog die generiese *hy* met as tweede opsie *hy/sy*. Vorster is van mening dat hierdie generiese terme hoofsaaklik vir stilistiese redes gebruik word, en selde werklik generies gebruik en geïnterpreteer word (Vorster, 1992:85).

Slabbert (1993) beskryf die diskoers van drie vrouetydskrifte, naamlik *Die boerevrou* (1919–1931), *Die Huisgenoot* (1932–1948) en *Sarie (Marais)* (1949–1989) met aandag aan

ondere andere vrouetaalstereotipes, maar anders as in hierdie verhandeling is taalseksisme nie haar fokus nie. Sy kyk wel na “veranderlikes in wat ’n mens sou verwag om gevoelig vir die verloop van tyd te wees” (Slabbert, 1993: 257). In hierdie afdeling bespreek sy kortiks suffikse wat aandui dat die verwysing na ’n vrou is omdat sy gedink het hierdie suffikse sou afhanklik van tyd gewees het (Slabbert, 1993:310). Haar resultate toon egter aan dat dit nie die geval was nie. Wel interessant is ’n paar opmerkings oor suffikse, soos dat die suffiks *-ster* veral in die jare veertig gewild is (Slabbert, 1993:310). Sy tref die vorme *draagster* en *kerkgangster* net in hierdie tydperk aan en “kan nie nalaat” om ook die voorbeeld *hoenderboerinne* te gee nie (Slabbert, 1993:311).

Van Huyssteen (1996) ondersoek die (vulgêre) manier waarop daar na vrouens as seksuele objekte verwys word en waar die mans openlik as die sterker, meer dominante geslag voorgestel word deur die woorde wat gebruik word om seks en geslagsorgane (van beide geslagte) te beskryf. Sy artikel fokus egter nie op taalseksisme as sodanig nie.

Rachelle Vermaak (1997) wil bepaal in hoe ’n mate taalseksisme in die Afrikaanse leksikon voorkom. Sy kon geen literatuur oor seksisme teenoor mans vind nie (Vermaak, 1997:18). Sy is van mening dat seksisme slegs ter sprake is wanneer daar teen **vroue** gediskrimineer word. Sy verwys onder andere na sogenaamde “neerhalende” woorde wat onderskeidelik aan mans en vrouens toegeken word, maar volgens Vermaak kan dié neerhalende woorde vir mans soos “wolf”, “rokJagter” en “suiplap” nie regtig as beledigend of negatief beskou word nie en dus kan sulke woorde nie werklik as taalseksisties² gesien word nie.

Interessant genoeg kom Vermaak in haar samevatting tot die gevolgtrekking dat: “(A)frikaanse vroue nie so bewustelik ingestel is teenoor taalseksisme as die Amerikaanse ‘women’s libbers’ nie” (Vermaak, 1997:16). Sy sê nog studies oor taalseksisme – veral in Afrikaans en die breër Afrikaanse gemeenskap – is nodig om die sprekers bewus te maak van diskriminerende of neerhalende taalgebruik wat wel in Afrikaans voorkom.

Ná die kortstondige hoogbloeï van studies betreffende taalseksisme in die negentigerjare van die vorige eeu, is daar ’n lang stilte, wat eerstens deur Johanita Kirsten (2019) en later Natalie Thompson (2021) gebreek word.

Kirsten (2019) stel ’n Historiese Korpus van Afrikaans (HKA) saam wat die tydperk 1911 tot 2010 dek. In ’n afdeling in haar boek *Written Afrikaans since Standardization: A Century of Change* met die opskrif *Decline in Sexism: Pronouns* verwys Kirsten (2019:183) na Van Rooy (1996) asook na Carstens se *Norme vir Afrikaans* (1989), waar hy beweer dat hy (Carstens) gerieflikheidshalwe *hy* (as ’n genderneutrale woord) gebruik. Kirsten verwys ook (2019:184) na die afwesigheid van ’n genderneutrale voornaamwoord in Afrikaans, maar toon dan aan dat daar ’n betekenisvolle daling is in die gebruik van *hy/hom* gepaardgaande met die opkomende gebruik van *sy/haar* in sekere tekste in haar subkorpus, korpus #4, wat strek vanaf 1911–2010.

Thompson lewer ’n belangrike nuwe bydrae tot die studieveld van taalseksisme in Afrikaans in die derde dekade van die een-en-twintigste eeu. Sy gebruik ook die Historiese Korpus van Afrikaans, aan haar beskikbaar gestel deur Kirsten. In haar ondersoek kyk sy onder

² Volgens die taal-en-gender-diskoers is seksisme, as gevolg van sistemiese diskriminasie en behandeling van vroue as minderwaardig in verskeie sferes van die samelewing, in beginsel gemik op vroue. Dit beteken nie dat daar nie teen mans gediskrimineer kan word nie. Beledigende of negatiewe etikette word wel gebruik oor en teenoor mans. Omdat dit nie as sistemiese diskriminasie op grond van mans se gender beskou word nie, is dit ook nie aanduidend van taalseksisme nie.

andere na hoe die frekwensie van vroulike selfstandige naamwoorde vergelyk met manlike selfstandige naamwoorde in die korpus. Sy kyk ook na kollokasies van vroulike selfstandige patrone wat algemeen in die korpus voorkom.

Die woordelys wat sy gebruik, is die manlike en vroulike eweknieë van die selfstandige naamwoorde wat sy uit 'n frekwensielys uit die HKA onttrek het. Sy kyk ook na woorde waarvan die geslag nie bekend is nie, soos byvoorbeeld *persoon* en *baba*. Ook woorde wat baie beroeps spesifiek is en persoonsname wat 'n besliste onderskeid tussen die manlike en vroulike geslag tref, soos *direktrise* en *direkteur*; *eienares* en *eienaar*; *heldin* en *held*; *kunstenaresses* en *kunstenaar* word ondersoek (Thompson, 2021:73 en 74). Thompson wou vasstel of die frekwensie van die woorde deur die loop van tyd verander het en ook in hoe 'n mate dit verander het.

Haar gevolgtrekkings is dat daar 'n duidelike beweging na geslagsgelykheid in die HKA te bespeur is. Die frekwensie van vroulike naamwoorde neem duidelik af vanaf 1911 tot 2021, terwyl (voorheen) manlike selfstandige naamwoorde toenemend gebruik word om na vroue te verwys. Die statisties beduidendste kollokasies waar die vroulike woorde gemerk is vir gender, toon aan dat manlike selfstandige naamwoorde voorrang geniet bo vroulike selfstandige naamwoorde. Konkordansiereëls dui ongelyke linguistiese gebruikspatrone betreffende vroue aan omdat vroue dikwels pejoratief beskryf word met ongunstige adjektiewiese kollokasies. Thompson (2021: 125) bevind dat adjektiewe die leksikale items is wat betekenisvol saam met vroulike selfstandige naamwoorde voorkom, soos byvoorbeeld *oud*, wat vroue se ouderdom of jeugdigheid beklemtoon. Die adjektiewe het dikwels negatiewe konnotasies en verwys na vroue se liggame, voorkoms, seksualiteit en manlike beheer oor vroue.

Die data-ontleding wat volg, kon wat kontekstualisering betref, staatmaak op voorafgaande werk betreffende vroue en gender.

3. Probleem- en doelstelling

Voortspruitend uit die literatuuroorsig wat onderneem is, word die navorsingsprobleem as volg geformuleer: die meeste studies oor taalseksisme in Afrikaans is gedateerd en geen studie oor taalseksisme in tydskrifte is al onderneem nie. Hierdie stand van sake het verander met die onderhawige ondersoek.

Die doel van die navorsing was om te bepaal óf, en indien wel hóé, taalseksisme oor die loop van sewentig jaar in *rooi rose* voorkom en of die voorkoms verander het saam met 'n veranderende en veranderde samelewing.

4. Navorsingsvrae

Die navorsing waarvan hier verslag gedoen word, het gepoog om twee hoofvrae te beantwoord: (1) Is daar tekens van taalseksisme in *rooi rose* soos waargeneem kan word oor die loop van 70 jaar?

Hierdie vraag kan verdeel word in twee subvrae, naamlik:

(1.1) Wat is taalseksisme?

(1.2) Hoe lyk taalseksisme (indien dit wel voorkom) in *rooi rose* 1948–2020?

Gebaseer op die antwoorde op die eerste vraag lui die tweede navorsingsvraag so:

(2) Het die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou soos te siene in *rooi rose* van 1948–2020 verander?

Die subvraag wat uit die tweede vraag spruit, is die volgende:

(2.1) Indien die taallandskap verander het, hoe het dit verander?

5. Werkwyse

Die studie is 'n korpuslinguistiese ondersoek, waar *korpus* verstaan moet word as 'n versameling tekste wat elektronies gelees, gestoor en ondersoek kan word.

5.1 Die korpus: rooi rose

'n Doelgemaakte korpus is gebou uit 57 uitgawes van die Afrikaanse vrouetydskrif, *rooi rose*, vanaf 1948 tot 2020. Die *rooi rose* het die eerste keer in April 1948 verskyn as 'n tydskrif vir die Afrikaanse vrou. Volgens die webblad van die uitgewershuis, Caxton, is *rooi rose*

the classic all-in-one glossy magazine for aspirational, stylish Afrikaans women who celebrate their uniqueness. These women know what they want, including the best in fashion and beauty, health, entertaining and décor, all from their favourite [magazine]. <https://www.caxtonmags.co.za/rooi-rose>³

Caxton beskryf die tipiese *rooi rose*-lesers (in 2020) soos volg:

- They are internet savvy with a keen interest in social media and their main interests include cooking and baking, home and décor and fashion and beauty.
- More than half of the *rooi rose* audience are bond-free homeowners who enjoy buying items for the home and renovating their home. Most of the audience have gardens and patios, with 30% having a swimming pool as well. They enjoy working in their gardens and 68% of the audience owns a pet.
- Of the *rooi rose* audience, 56% entertain at home at least once a month, while 66% eat out monthly.

Volgens hierdie beskrywing kan *rooi rose*, anders as byvoorbeeld *Huisgenoot*, as nie-genderneutraal (oftewel as “gendered”) beskou word; dit is immers 'n tydskrif vir vroue en die teikenlesers is vroue, met spesifieke belangstellings.

5.1.1 Die skep van 'n doelgemaakte korpus

Soos hier bo genoem, is 'n doelgemaakte korpus (dit wil sê 'n korpus wat met 'n sekere doel voor oë gemaak of gebruik word) met behulp van die digitiseringseenheid van UP⁴ saamgestel. Die papieruitgawes is geskandeer en toe met optiese karakterherkenningsagteware (*Optical Character Recognition*) verder verwerk. Elke uitgawe wat in die korpus opgeneem is, is daarna in 'n aparte .txt-lêer gestoor en al die lêers is later tot een groot korpus saamgevoeg. Van die latere *rooi rose*-uitgawes wat reeds in elektroniese formaat beskikbaar was, is slegs deur die optiese karakterherkenningsproses verwerk. Die korpus is nie verder skoongemaak nie, wat

³ Hierdie webwerf is nie meer beskikbaar nadat publikasie van die *rooi rose* in 2020 deur Caxton gestop is nie.

⁴ Die digitiseringseenheid is deel van 'n groot SADiLaR (South African Centre for Digital Language Resources) korpora-projek aan die Universiteit van Pretoria.

beteken het dat daar noodwendig digitale geraas in die korpus was. Dit het egter nie tot wesenlike probleme by die ontleiding van die data aanleiding gegee nie.

Prinsloo, Taljard en Goosen (2022) gee ’n uitstekende uitleg van die skoonmaakproses by korpora en daar word spesiale aandag gewy aan die verskillende vlakke van foutloosheid (“cleanness”) wat vir korpusanalise nodig is.

Die aanvanklike plan was om 70 eksemplare – een uitgawe per jaar vanaf 1948 – 2018 – uit die totale aantal *rooi rose*-uitgawes wat deur Caxton-uitgewers geskenk is nadat die publikasie van die *rooi rose* in 2020 gestaak is, te digitiseer. As gevolg van allerlei probleme tydens die COVID-19-inperking (die kampus van die Universiteit van Pretoria is byvoorbeeld gesluit), kon daar nie betyds vir die afhandeling van die navorsing eksemplare vir elk van die 70 jaar gevind en gedigitiseer word nie.

Vir die **veertigerjare** was Maart en Junie se uitgawes van 1949 beskikbaar; vir die **vyftigerjare** die uitgawes van Junie 1950, Januarie 1951, Januarie 1952, Februarie 1953, Julie 1958 Januarie 1959, Julie 1959 en November 1959; vir die **sestigerjare** was daar slegs een uitgawe beskikbaar: Oktober 1968. Hierdie drie tydperke is saamgevoeg in een korpus (1948 tot 1968) aangesien die twee beskikbare uitgawes van die **veertigerjare** en die een uitgawe van die **sestigerjare** se data net té min was vir ’n vergelyking tussen tydperke.

Vanaf die **sewentigerjare** is daar meer uitgawes gedigitiseer. Die uitgawes van Oktober 1970, April 1971, September 1973, Januarie 1974, April 1975, Desember 1975, Januarie 1976, Augustus 1978, Oktober 1978 en Desember 1978 was beskikbaar.

Vir die **tagtigerjare** was die volgende uitgawes beskikbaar: Junie 1981, 1 Junie 1983, 15 Junie 1983, 29 Junie 1983, Junie 1985, Junie 1987 en Junie 1989.

Vir die **negentigerjare** was die volgende uitgawes beskikbaar: Junie 1990, 2 Junie 1993, 30 Junie 1993, 1 Junie 1994, 29 Junie 1994, Junie 1995 12 Junie 1996, 26 Junie 1996, Junie 1997, Junie 1999.

Vir die **2000’s** was die volgende uitgawes beskikbaar: 2000, 2001, 2003, 2006, 2007, 2008, 2009. Dit was die Junieuitgawe van elke jaar.

Vir die **2010’s** was die volgende uitgawes beskikbaar: elke jaar se Junieuitgawe van 2010 tot 2020. Hierdie subkorpus is die mees volledige een.

Die doelgemaakte *rooi rose*-korpus is in kleiner korpusse, wat tydperke van min of meer tien jaar elk dek, verdeel. Die doel van die subkorpusse is om taalverandering (indien daar wel taalverandering is) maklik op te kan spoor. Sommige van die korpusse is kleiner as ander. Tabel 1 bied korpusinligting aan.

5.2 Dataonttrekking uit die korpus

Vir dataonttrekking is die sagtewareprogram #LancsBox (Lancaster University Corpus Toolbox) gebruik (Brezina *et al.* 2020). #LancsBox is ontwikkel deur die Universiteit van Lancaster. Dit is gebruikersvriendelik en gratis. As eerste stap is frekwensielyste opgestel vir die hele korpus asook vir elke subkorpus apart om ’n kwantitatiewe vergelyking tussen die subkorpusse te kan tref. ’n Lys soekwoorde is opgestel wat met behulp van die soekwoorde-in-konteks-(SWIK)-funksie kwalitatief ontleed is.

TABEL 1: Die korpusse

Doelgemaakte korpus: <i>rooi rose</i> (1948–2020)			
Lêers	Tekseenhede (In Engels: “tokens”) ⁵	Tekseenheidtipes (In Engels: “types”)	Lemmas ⁶
57	37 666 39	177 969	185 023
Doelgemaakte korpus: <i>rooi rose</i> (Subkorpus 1948 – 1969)			
Lêers	Tekseenhede	Tekseenheidtipes	Lemmas
11	931 987	66 161	70 023
Doelgemaakte korpus: <i>rooi rose</i> (Subkorpus 1970 – 1979)			
Lêers	Tekseenhede	Tekseenheidtipes	Lemmas
10	759 496	54 920	57 671
Doelgemaakte korpus: <i>rooi rose</i> (Subkorpus 1980 – 1989)			
Lêers	Tekseenhede	Tekseenheidtipes	Lemmas
7	395 260	33 009	34 538
Doelgemaakte korpus: <i>rooi rose</i> (Subkorpus 1990 – 1999)			
Lêers	Tekseenhede	Tekseenheidtipes	Lemmas
11	576 348	43 577	45 981
Doelgemaakte korpus: <i>rooi rose</i> (Subkorpus 2000-2009)			
Lêers	Tekseenhede	Tekseenheidtipes	Lemmas
7	455 097	45 110	55 818
Doelgemaakte korpus: <i>rooi rose</i> (Subkorpus 2010 – 2019)			
Lêers	Tekseenhede	Tekseenheidtipes	Lemmas
11	64 845 41	54 109	55 872

⁵ **Tekseenhede** is die aantal individuele woorde (ook “lopende woorde” genoem) in ’n korpus. Die volledige *rooi rose* korpus bestaan uit 37 666 39 tekseenhede. Die aantal **tekseenheidtipes** in ’n woordfrekwensielys is die aantal unieke woordvorme, eerder as die totale aantal woorde, in ’n korpus. Die volledige *rooi rose* korpus bevat 1 779 69 tekseenheidtipes.

⁶ Lemmas is die vetgedrukte woorde in ’n woordeboek. ’n Lemma is ’n abstrakte vorm van ’n woord wat alle vorme van die woord betrek. Die lemma **loop** sluit byvoorbeeld ook die vorms *geloop*, *lopende* en *loop* in.

6. Data-aanbieding en -ontleding

Leksikale items wat taalseksisme kan aandui, is in die korpus gesoek en ontleed. Die keuse van bepaalde soekwoorde word in die volgende afdelings gemotiveer.

6.1 Aanspreekvorme en titels

Aanspreekvorme en titels⁷ is van die woorde wat taalseksisme sou kon aandui. Dit is al in verskillende tale ondersoek, relatief onlangs byvoorbeeld deur Hellinger en Bußmann (2003). Die *rooi rose*-deelkorpusse is apart ondersoek om vas te stel of daar verandering oor die loop van ongeveer 70 jaar ingetree het wat die gebruik van *meneer /mnr.*, *mevrouw /mev.* en *mejuffrou /mej.*⁸ betref. Die vorm *me*, gemunt na aanleiding van die Engelse *ms*, bestaan nog nie lank in Afrikaans nie, maar ons wou ook vasstel of die gebruik van *mej.* en *mev.* afgeneem het ten gunste van *me* wat na beide getroude en ongetroude vrouens verwys. Tabel 2 dui die gebruiksfrekwensie van *meneer*, *mevrouw*, *mejuffrou* (en afkortings) en *me* in die hele korpus aan.

TABEL 2: *Meneer, mevrou, mejuffrou en me*

Totale frekwensies			
meneer / mnr.		mevrouw / mev., mejuffrou / mej., me	
meneer	466	mev.	1069
mnr	535	mevrouw	437
		mej.	408
		mejuffrou	19
		me	267 (3)
TOTAAL	1001	TOTAAL	1936

Die oënskynlike hoë voorkoms van *me* in die korpus is die gevolg van die feit dat die korpus nie handmatig skoongemaak is nie. Nadere ondersoek het aangetoon dat *me* 264 keer gebruik is as die Engelse voornaamwoord *me* (*my* in Afrikaans) en as Afrikaanse titel slegs drie keer – die eerste keer in Junie 2010. Die drie voorbeelde is:

1. Die volgende 3 lesers wen elk 'n kopie van Frans van Rensburg se Lammervanger 1 *Me* Elsa den Haan, Monte Vista 2 E. van Jaarsveld, Pofadder 3 Trynet Bezuidenhout, Johannesburg
2. Op 22 Maart, Wêreldwaterdag, het *me*. Edna Molewa, die minister van waterwese, nuwe maatreëls aangekondig om die groeiende probleem van suur mynwater te takel.
3. In dieselfde uitgawe skryf Nataniël (wat as “sanger en koskenner” beskryf word): “*Me*. De Villiers neem jou by die hand en lei jou van voedselgroepe na die liggaam

⁷ Titels wat huwelikstatus aandui, soos *meneer* en *mevrouw*, kan as aanspreekvorme of bloot as verwysings na persone gebruik word.

⁸ Die afkortings is ook as soekwoorde gebruik.

se daaglikse behoeftes na die meganisme van ’n spyskaart na die beloftes van die seisoene.”

Uit Tabel 2 is dit duidelik dat *mevrouw* / *mev.* en *mejuffrou* / *mej.* amper dubbeld soveel keer as *meneer* / *mnr.* voorkom, iets wat te verwagte is in ’n vrouetydskrif. Die onderskeid tussen *mevrouw* en *mejuffrou* word tot Junie 2020 (die datum van die laaste uitgawe wat gedigitiseer is) gehandhaaf. Dit blyk ook uit die data dat *mevrouw* deur al die tydperke heen die frekwentste voorkom. Sedert die 2000’s het die gaping tussen die gebruik van *mevrouw* en *mejuffrou* begin krimp en in die dekade van 2010 tot 2020, is die gebruik van die twee aanspreekvorme byna gelyk. Dit is wel opvallend dat *mejuffrou* nog voorkom.

Hier volg ’n uittreksel uit die korpus.

4. Ek het met die sentrale gepraat, met wie ek heelmiddag gesukkel het. *Meneer*, *mevrouw* of *mejuffrou* sou nog verdragings veroorsaak het. Al wat ek wou hê, was Rautenbach, Brandfort, Oranje Vrystaat (sic), Suid-Afrika. Dit alleen was al ingewikkeld genoeg vir die skakelbord.

In Tabel 3 word die relatiewe frekwensies van *mevrouw*, *mejuffrou* en *me* in die ses deelkorpusse aangetoon.

TABEL 3: Relatiewe frekwensies⁹ vir *mevrouw*, *mejuffrou* en *me*

Titel	Relatiewe frekwensies					
	40’s– 60’s	70’s	80’s	90’s	2000’s	2010’s
mev	4,45	5,07	3,77	1,67	0,30	0,15
mevrouw	1,96	1,38	1,01	1,37	0,50	0,10
mej	2,69	1,13	0,58	0,57	0,22	0,22
mejuffrou	0,06	0,13	0	0,35	0,21	0
me	0	0	0	0	0	0,65

Die dalende neiging in die relatiewe frekwensies van *mevrouw* en *mejuffrou* en die opkoms van *me* is ’n aanduiding van verandering in *rooi rose*. In SWIK-reëls is dit opvallend dat 68 van die gebruike van *Mejuffrou* te make het met skoonheidskompetisies. Voorbeelde hiervan is onder andere: *Mejuffrou Heelal*, *Mejuffrou Suid-Afrika*, *Mejuffrou Persoonlikheid* en *Mejuffrou Glimlag*. Die gebruik van *mejuffrou* in hierdie verband is bykans 16%. Dit blyk dat skoonheidskompetisies ’n belangrike onderwerp tot en met die 2010’s in *rooi rose* is. Die manier waarop daar na weners van die kompetisies as *mejuffrou* verwys word, val in ’n aparte kategorie wat nie as sodanig deur ons ondersoek is nie. Dit gee wel ’n aanduiding van die belangstellings van die lesers van die tydskrif en van kulturele tradisies.

⁹ #LancsBox werk die relatiewe frekwensie van die voorkoms van tekseenhede uit, genormaliseer op die basis van 10 000 tekseenhede.

Die volgende konkordansie toon die voorskrifte van ’n skrywer aan:

5. Van woordjie “meneer” gepraat: Mens stel jouself ook nooit as *mnr.* voor nie: “Ek is *mnr.* Hannes Theron.” Tensy ’n man ten minste twee keer so oud as die persoon is met wie hy praat, gebruik hy nie die term “meneer” nie. “Ek is De Klerk” of “Ek is Hannes Theron.” Dit is vir mans toelaatbaar om mekaar op die van aan te spreek, maar dis ’n laakbare gewoonte onder dames. Noem haar op haar naam as daar ’n mate van familiariteit bestaan, anders moet sy aangespreek word as “*mejuffrou.*” [Subkorpus 2010 – 2020]

Die rede vir die daling in die gebruik van *mejuffrou* in die laaste dekade (2010–2020) sal nader ondersoek kan word deur al die uitgawes van *rooi rose* in hierdie tydperk te deursoek. Dit sal ook interessant wees om hierdie tendens in ander tydskrifte, soos *Huisgenoot*, na te speur.

6.2 Persoonsname en beroepe

Twintig beroeps- en persoonsname waar daar ’n manlike en vroulike vorm voorkom, is uit die frekwensielys geïdentifiseer. In Tabel 4 word die relatiewe frekwensies van die voorkoms van hierdie woorde gegee.

TABEL 4: Relatiewe frekwensies van persoons- en beroepsname in die deelkorpusse

Persoons- of beroepsnaam		1940 - 1960	1970's	1980's	1990's	2000's	2010's	Totaal
1	skryfster	0,29	0,18	0,33	0,14	0,04	0,06	1,04
	skrywer	0,39	0,32	0,46	0,59	0,32	2,08	4,16
2	aktrise	0,43	0,16	0,56	0,73	0,62	0,94	3,42
	akteur	0,24	0,05	0,40	0,59	0,42	1,34	3,04
3	sekretaresse	0,12	0,34	0,48	0,82	0,13	0,06	1,95
	sekretaris	0,10	0,05	0,13	0,05	0	0	0,33
4	verpleegster	0,61	0,36	0,13	0,14	0,15	0,08	1,47
	verpleër	0	0	0	0	0	0	0
5	redaktrise	0,56	0,18	0,05	0,52	0,09	0	1,40
	redakteur	0,35	0,12	0,56	0,26	0,51	0,80	2,24
6	leseresse	1,17	0,57	0,15	0,02	0	0	1,91
	lesers	1,52	0,42	1,82	2,86	3,54	2,27	12,43
7	heldin	0,10	0	0,05	0,47	0,04	0,05	0,71
	held	0,24	0,12	0,38	0,42	0,13	0,22	1,51
8	vriendin	1,12	0,70	0,63	1,65	1,67	1,17	6,94
	vriend	1,22	1,16	1,34	1,06	1,21	1,13	7,12

TABEL 4: Relatiewe frekwensies van persoons- en beroepsname in die deelkorpusse
(vervolg)

Persoons- of beroepsnaam		1940 - 1960	1970's	1980's	1990's	2000's	2010's	Totaal
9	eggenote	0,06	0,05	0,05	0,10	0,02	0,03	1,66
	eggenoot	0,19	0,13	0,13	0,17	0,11	0,15	0,88
10	onderwyseres	0,06	0,16	0,48	0,16	0,31	0,26	1,97
	onderwyser	0,20	0,09	0,10	0,19	0,31	0,20	1,09
11	haarkapster	0,03	0,02	0,08	0,02	0	0	0,15
	haarkapper	0,04	0,13	0,25	0,23	0,09	0,05	0,79
12	godin	0,03	0,01	0	0,03	0,04	0,06	0,17
	(G)god	0,80	1,33	0,46	1,01	1,87	1,47	6,94
13	minnares	0	0,01	0,23	0,07	0,02	0,03	0,36
	minnaar	0,26	0,03	0,25	0,17	0,11	0,09	0,91
14	pianiste	0,02	0,03	0	0	0	0	0,05
	pianis	0,13	0	0,05	0,07	0,07	0,06	0,38
15	slavin	0,01	0,04	0,03	0,03	0	0	0,11
	slaaf	0,04	0,05	0	0,03	0,02	0,02	0,16
16	werkster	0,02	0,07	0,05	0,03	0	0	0,17
	werker	0,01	0,01	0,30	0,24	0,04	0,15	0,75
17	regisseuse	0,01	0	0,03	0,02	0	0	0,06
	regisseur	0,05	0,13	0,15	0,19	0,24	0,77	1,53
18	eienares	0,06	0,04	0,05	0,03	0,11	0,02	0,13
	eienaar	0,15	0,20	0,66	0,40	0,75	0,37	2,53
19	boerin	0	0	0	0,02	0	0	0,02
	boer	0,49	0,28	0,13	0,52	0,48	0,39	2,29
20	orreliste	0,01	0	0	0,02	0	0	0,03
	orrelis	0,03	0,03	0	0,02	0,02	0,03	0,13

Uit Tabel 4 is dit duidelik dat daar nie ’n patroon van opvallende verandering by die meeste van hierdie woorde van 1948 tot 2020 is nie. ’n Paar interessante gevalle word vervolgens kortliks bespreek.

Die opvallendste item in die lys is *boerin*, wat net een keer voorkom in die subkorpus van die jare negentig. *Boer* kom die meeste voor. Uit die onderstaande uittreksel wat handel oor die rolle en verhoudings tussen man en vrou blyk dit dat die bekende uitdrukking *’n boer maak ’n plan* verander is om ook vrouens te betrek.

6. Kinders grootmaak en kos kook mag nie as verskoning vir goeie tydsbenutting en onafhanklike ontwikkeling as mens gebruik word nie. ’n Boer maak ’n plan. ’n *Boerin* kan ook, stel ’n vroulike huweliksraadgewer voor.

Die frekwensie van *skryfster* is nooit baie hoog nie en dit neem duidelik af. *Skrywer* word deurgaans baie gebruik, maar eers vanaf die jare 80 vir beide manlike en vroulike referente, soos wat Tabel 5 aantoon:

TABEL 5: Relatiewe frekwensies van *skrywer* in die ses deelkorpusse

	1940's - 1960's					1970's					1980's				
	manlike referent			vroulike referent		manlike referent			vroulike referent		manlike referent			vroulike referent	
	#	#	%	#	%	#	#	%	#	%	#	#	%	#	%
skrywer	36	36	100	0	0	25	25	100	0	0	18	15	83,3	3	16,6

Sekretaresse en *sekretaris* geld as een van die uitsonderings in die lys. Dit is duidelik dat die manlike vorm teen die 2000's heeltemal verdwyn het terwyl die gebruik van *sekretaresse* toegeneem het. Dit is wel ’n ander tendens as wat waargeneem is by die ander vroulike vorme wat opgesoek is. Een moontlike, maar slegs gedeeltelike, verklaring is dat die sekretaresseberoep met take soos “algemene klerklike en administratiewe werk soos telefoonbeantwoording, woordverwerking, liassering en die reël van afspraak vir ’n individu” (WAT) tradisioneel deur vrouens beklee is, terwyl “Iem. wat agendas en notules v.d. vergaderings van ’n maatskappy, klub, vereniging, komitee, of dergelike opstel, verslae hou en wat korrespondensie en algemene reëlins m.b.t. die werksaamhede van so ’n liggaam hanteer” (WAT) dikwels, maar nie uitsluitlik nie, ook ’n manlike persoon is of kan wees. Die voorbeeldsinne in die WAT by **sekretaris**² illustreer dit so: *Dit is seker nie oordrewe nie om te beweer dat die sekretaris die spil is waarom die hele verenigingslewe draai* (P.J. v.Z. Hattingh: *Prosedure*,⁶ 1969, 68). *Op die foto is v.l.n.r. mej. J.E., sekretaris van die W.P.-Rugby-unie; mnr. J.F.M. ... en prof. P.J.C.* (Burg., 12 Aug. 1983, 11 --- byskr.).

Tog blyk dit uit die SWIK-reëls dat die gebruik van *sekretaris* in die *rooi rose*-korpus slegs in verband met mans gebruik is, hetsy dit ’n amp is wat beklee word, of selfs ’n minder prominente rol wat vervul word. In 21/21 van die voorkomste van die woord *sekretaris* word na mans verwys. Twee voorbeelde word as illustrasie aangehaal.

7. Haar loopbaan in die regte is onregstreeks die gevolg van die feit dat haar pa, aan almal bekend as Toon van den Heever, ’n regsgeleerde was. In sy loopbaan was hy onder meer prokureur-generaal, Sekretaris van Justisie en appél-regter. Hy was natuurlik ook ’n digter van naam.

8. Bolger staan op en stap deur toe. Hy wend hom tot Hagmud se sekretaris. “Ek neem dié lys voorlopig saam met my.” Die man se oë rek.

Verpleër kom nie in die korpus voor nie, moontlik omdat dit ’n beroep is wat tradisioneel deur vroue bekleë is. Vergelyk die voorbeeld waar ’n aantal beroepe gelys word, met manlike vorme as voorkeur, maar waar die verpleegberoep duidelik apart ’n beroep vir vroue is (en *rooi rose* fokus op die vrou).

9. Hieruit vloei voort die behoefte waarin voorsien kan word wanneer julle ’n sekere beroepskeuse doen. Wat is daardie beroepskeuse? Dit kan een van die volgende wees: predikant, onderwyser, verpleegster, geneesheer ...

Die gebruik van *leseres(se)* is opvallend. Die gebruik van dié woord, waarmee die teikenmark van *rooi rose* aangedui word, het begin afneem in die jare 80 en 90 en teen die draai van die eeu kom dit nie meer voor nie. In die enkelvoud het *leser* verreweg die hoogste frekwensie met 144 trefslae, terwyl *leseres* slegs 47 keer in die hele korpus voorkom.

Die frekwensies van *heldin* en *held* bly meestal onveranderd. *Held* het tydens elke tydperk die hoogste frekwensie, behalwe in die 90’s. ’n Tipiese voorbeeld uit die jare 70 is die volgende:

10. April is die tyd om aan verlowings en huwelike te dink en as jou *held* nog nie sy opwagting gemaak het nie, is die herfs die aangewese tyd om te flankeer.

In die 90’s kom *heldin* 27 keer voor en *held* 24 keer – dit is die enigste tydperk waar *heldin* meer frekvent as *held* voorkom:

11. ’n Spanningsverhaal is maklik om te skryf. Begin op ’n dramatiese, spannende noot en handhaaf dit van bladsy tot bladsy. Jy sorg net dat opwindende dinge met die *held* en *heldin* gebeur.

In die 2000’s kom *heldin* maar twee keer voor.

Die gebruik van die vroulike vorm blyk nodig te wees omdat die konteks (liefdes- of speurromans) dikwels sowel die *held* as die *heldin* as mekaar se teëhangers veronderstel:

12. Anders as in haar boeke, wat deurspek is van glans, sukses, liefdevolle gesinne, mans wat die grond aanbid waarop die *heldinne* loop, het hierdie *heldin* se lewe nie altyd soos ’n sprokie verloop nie.

Die gebruik van *eggenote* en *eggenoot* bly redelik konstant in elke tydperk, met *eggenoot* wat meer voorkom as *eggenote*, ten spyte van die feit dat *eggenote* óf die meervoud van *eggenoot* óf die vroulike vorm kan wees. Hier is die moontlike verklaring dat die huwelik dikwels ’n onderwerp in *rooi rose* is. Dat beide woorde soms ter wille van die konteks gebruik word, word in die volgende voorbeeld geïllustreer:

13. Enkele lede van die “Oklahoma!”-geselskap, wat reeds die huwelikstaat betree het, het besluit om hul *eggenote* en *eggenotes* dadelik hierheen te laat kom. Die eensaamheid word glo te erg (veral vir die pasgetroudes!)... en teen die tyd wat hierdie woorde verskyn, sal die gelukkige paartjies weer tesame wees.

Die ondersoek na die moontlike verandering en selfs totale verdwyning van vroulike vorme toon aan dat hier wel sprake is van ’n patroon van verandering in die rigting van een vorm vir beide geslagte of genders.

6.3 Die generiese *hy*

Die generiese *hy* is 'n voornaamwoord wat taalseksisme kan aandui, soos bespreek in afdeling 2.3. Die data wat verder aangebied word, toon dat die generiese *hy* (waarby ook *hom* en *sy* ingesluit word) voorkom wanneer daar na 'n persoon waarvan die geslag of gender nie bekend is nie, verwys word. Die volgende naamwoorde wat gender- of geslagsneutraal is, naamlik *mens*, *kind* en *baba* is in die volledige *rooi rose*-korpus gesoek en die GraphColl (Graphical Collocations tool)-funksie van #LancsBox is gebruik om te kyk hoeveel keer *hy* asook die besitlike voornaamwoord *sy* na *mens*, *kind* en *baba* verwys. Daar moes handmatig deur die voorkomste van *hy* en veral *sy* gewerk word om seker te maak dat dit wel voorbeelde is van die generiese *hy*. Eerstens is die absolute frekwensies van hulle voorkoms in die korpus vasgestel soos geïllustreer in Tabel 6. Tweedens is die GraphColl (graphical collocations tool)-funksie van #LancsBox gebruik om te kyk hoeveel keer *hy* en die besitlike voornaamwoord *sy* na *mens*, *kind* en *baba* verwys waar die gender van hierdie woorde onseker is.

'n Voorbeeld van sulke voorkomste is die volgende:

14. Wie kan werklik begryp wat die kind dink en voel en glo daar waar *hy* in *sy* eie betowerde wêreldjie verlore raak?

Tabel 6 gee 'n aanduiding van die frekwensies waarmee onderskeidelik *hy/sy* anafories na *kind* en *baba* verwys.

TABEL 6: Absolute frekwensies van die voornaamwoorde *hy/sy* wat na *mens*, *kind* en *baba* verwys

Soekwoord	Absolute frekwensies	
	Sterk kollokasie met <i>hy</i>	Sterk kollokasie met <i>sy</i> (manlike besitlike voornaamwoord)
mens	13/13	38/41
kind	50/54	63/67
baba	6/66	11/11

In Afrikaans word *mens* gebruik om na manlike of vroulike referente of beide te verwys. Die kollokasie tussen *mens* en *sy* is sterk, maar dit het daarmee te make dat *sy* ook die manlike besitlike voornaamwoord kan wees.

In die volgende voorbeeld, die enigste in die korpus, word sowel die manlike as die vroulike besitlike voornaamwoorde gebruik:

15. ETIKET VIR ELKE GELEENTHEID is die volledigste boek in Afrikaans oor die wellewendheidsreëls en voorsien in 'n dringende behoefte – nie net vir diegene wat op die hoogste sosiale vlak verkeer nie, maar vir elke *mens*, ongeag *sy* of haar plek in die samelewing.

Mens en hy

Die woord *mens* kom 3 678 keer in die korpus voor en 177 keer word *hy* gebruik as verwysing. In die korpus word die vroulike persoonlike voornaamwoord *sy* nooit saam met *mens* gebruik nie. Die onderstaande uittreksel illustreer die generiese *hy* goed:

16. Dit gaan meermale so druk met die *mens* dat hy fisies en psigies te moeg raak om te dink. Somtyds breek iets of gee in wat jou dan in 'n tyd van verpligte afsondering dompel, wegvoer. Gou-gou pas die wêreld hom aan en gaan sonder jou voort.

In die volgende voorbeeld is daar 'n inkonsekwente gebruik van die manlike persoonlike voornaamwoord saam met *mens*:

17. Maar Karolien Brink huil nie. Haar gesig is net strak en moeg as sy onder die wolke inry en die weerlig daar in die verte op die heuwels sien speel. Sy ry sonder haas, soos 'n *mens* wat nie weet waarheen hy eintlik op pad is nie.

Kind en sy

Kind kom 436 uit 2610 keer saam met *sy* (as die manlike besittlike voornaamwoord) voor. Waar die geslag van *kind* onbekend is, word *sy* 63 uit 67 keer gebruik. Slegs in 2 gevalle word *sy/haar* saam met *kind* gebruik. Voorbeelde uit die korpus:

18. Die lewe is altyd kosbaar, al weet 'n kind nie eens wie sy regte ouers is nie.
19. Volgens navorsers blyk dit dat die psigopaat as kind, se gedrag nooit deur sy ouers as belangrik beskou is nie.

Kind en hy

Kind en *hy* kom 221 uit 2610 trefslae as kollokasies voor. Die generiese *hy* is te sien in 50 voorbeelde en in 4 voorbeelde word sowel *hy* as *sy* gebruik om na 'n kind te verwys, soos in die volgende voorbeeld:

20. So 'n kind kan glo dat hy of sy onaanvaarbaar is en kan 'n lewenslange gevoel van leegheid ervaar.

Ook in die geval van *kind* is daar dus nog 'n duidelike voorkeur vir *hy* as anaforiese verwysing.

Baba en sy

Graphcoll toon 'n sterk kollokasie tussen *baba* en *sy* aan (96 /1057 keer), maar in die meerderheid van die gevalle verwys *sy* na die ma van die baba. Uit die 11 gevalle waar die geslag onbekend is, word *sy* as manlike besitsvorm gebruik, soos in hierdie voorbeeld:

21. Onthou, vir die opgroeiende *baba* is *sy* moeder die spil waarom alles draai. By elke nuwe situasie wat opdoem, sal hy reageer soos hy sien sy moeder reageer.

Baba en hy

Baba en *hy* kom 57/1057 keer saam voor. Daar word min na babas van wie die geslag onbekend is, verwys, slegs 6 keer. In al 6 die gevalle het *baba* 'n sterk kollokasie met *hy*.

geword wat vir beide mans en vrouens gebruik word. Daar is ook voorbeelde waar die manlike vorm uit die korpus verdwyn het, soos wat die geval is met *sekretaresse* en *sekretaris* – maar hierdie voorbeeld toon ook aan dat dié spesifieke rol nog met vroue verbind word. ’n Ander voorbeeld is die gebruik van *skryfster* en *skrywer* wat in só ’n mate verander het dat *skryfster* in die 2010’s slegs vier keer voorkom in die deeltkorpus. Dit blyk eerder die uitsondering as die reël te wees. Dit wil voorkom asof *skrywer* nou amptelik die gekose woord is en dat die onderskeid tussen die manlike en vroulike vorme nou oorbodig is.

Bogenoemde tanning (en later verdwyning) van die vroulike vorm is ook te sien by *redakteur* en *redaktrise*. In die 2000’s is *redakteur* die gekose woord vir beide mans en vrouens en in die 2010’s, het *redaktrise* heeltemal in onbruik verval en word slegs *redakteur* gebruik. Heel moontlik is daar finaal besluit om die tendens van die wêreld aan te hang deur net een term vir die beroep te gebruik – ongeag die gender.

Aan die ander kant het sommige woorde – selfs ná die vrouebevrydingsbeweging en die daadwerklike pogings wat aangewend is om verandering teweeg te bring, nog nie verander nie en word daar steeds onderskeid getref tussen twee geslagte en / of tradisionele rolle vir vroue en mans. Op die vraag of die vergelykbare voorkoms van *vriend* en *vriendin* in die korpus op taalseksisme en ’n samelewing wat diskrimineer tussen mans en vrouens dui, is ons antwoord: nie noodwendig nie, omdat die onderskeie woorde verwarring kan voorkom in sekere kontekste.

22. Shaun se beste *vriend* en haar beste *vriendin* het hulle aan mekaar voorgestel. Toe hy haar ’n ruk later kontak, was sy gelukkig sonder enige verbintenis en weer in voeling met haarself.

’n Laaste opmerking betref die feit dat nie alle selfstandige naamwoorde wat mense as referente het, ’n manlike en vroulike vorm het nie, soos *student*, *leerder* en *tiener*.

Die Engelse aanspreekvorm en titel *ms* het ook in Afrikaans ’n ekwivalent naamlik *me* wat dien as die aanspreekvorm of titel van enige vrou – ongeag haar huwelikstatus. Maar dit blyk dat daar – ten minste in die *rooi rose*-korpus – nie dieselfde verandering in Afrikaans as in Engels was nie. Selfs in 2020 blyk dit dat daar steeds ’n duidelike onderskeid tussen *mevrou* en *mevrou* is en *me* kom só min in die korpus voor, dat die frekwensie negeerbaar is.

Uit die bostaande data is dit duidelik dat die linguïstiese landskap van die Afrikaanse vrou in die 21ste eeu in sekere opsigte vernuwe het en saam met die tyd beweeg het en in ander opsigte is dit steeds behoudend – met spore van taalseksisme wat nog waarneembaar is.

8. Slotopmerking

Die linguïstiese landskap van die Afrikaanse vrou, soos uitgebeeld in die *rooi rose*, is in die derde dekade van die een-en-twingste eeu interessant om waar te neem, want die soeke na taalseksisme het uiteenlopende data opgelewer.

Die antwoord op die vraag oor taalseksisme en hoe dit in Afrikaans daar uitsien, is nie so eenvoudig nie. Wat sekere aspekte betref, blyk dit dat Afrikaans en haar sprekers wel begin aanbeweeg na die meer moderne tendense van tale in die wêreld, maar wat ander betref, blyk dit dat taalseksisme net té diepgewortel is om binnekort, indien ooit, te verander. Dit wil dus voorkom of Afrikaans aan die een kant progressief is en saam met wêreldtendense beweeg, maar aan die ander kant is Afrikaans ook tradisioneel en behoudend. Wat sommige woorde en aanspreekvorme betref, lyk dit asof daar deur die loop van byna 80 jaar nie werklik enige verandering plaasgevind het nie.

BIBLIOGRAFIE

- Beyleveld, AA & van Jaarsveld GJ. 1991. *Taalseksisme as 'n vorm van eensydige leksikografie*. Departement Afrikaans en Nederlands. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Bosman, DB, Van der Merwe, IW & Hiemstra, LW. 1984. *Tweetalige Woordeboek / Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.
- Brezina, V Weill-Tessier, P & McEnery, A. 2020. #LancsBox v. 5.x. [software]. Besikbaar by <http://corpora.lancs.ac.uk/lancsbox>
- Carstens, Wannie. 1989. *Norme vir Afrikaans: Moderne Standaardafrikaans* 6de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Caxton Magazine. *Rooi rose*. <https://www.caxtonmags.co.za/rooi-rose> [20 April 2021].
- Eckert, P & McConnell, S. 2013. *Language and Gender*. Cambridge : Cambridge University Press.
- Evans, V & Green, M. 2006. *Cognitive linguistics: An introduction*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Hellinger, M & Bußmann, H. 2003. *Gender across languages. Volume 3: The linguistic representation of women and men*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Holmes, J & Meyerhoff, M. (eds). 2003. *The Handbook of Language and Gender*. Blackwell Publishing.
- Kirsten, J. 2019. *Written Afrikaans since Standardization: A Century of Change*. Lanham, MD: Lexington Books.
- Kritzinger, MSB & Labuschagne, FJ. 1982. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Lakoff, R. 1973. Language and Woman's Place. *Language in Society*, (2):45-80.
- Merriam Webster Online Dictionary and Thesaurus. <https://www.merriam-webster.com/dictionary/gender>.
- Mills, S. 2008. *Language and sexism*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Pauwels, A. 2003. Linguistic Sexism and Feminist Linguistic Activism. In Holmes, J & Meyerhoff, M. (eds). 2003. *The Handbook of Language and Gender*. Blackwell Publishing, pp. 550-759.
- Penelope, J. 1988. *Prescribed Passivity: The Language of Sexism. A Feminist Ethic for Social Science Research*. The Nebraska Sociological Feminist Collective. Queenston: Edwin Mellen, pp. 119-138.
- Prinsloo, D, Taljard, E, & Goosen, M. 2022. Optical Character Recognition and text cleaning in the indigenous South African languages. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, (64):165-187.
- Romaine, S. 2001. *Language in society: An introduction to sociolinguistics*. Oxford: Oxford University Press.
- Slabbert, SJC. 1993. Vrouetaal in drie Afrikaanse tydskrifte: *Die boerevrou* (1919-1931), *Die Huisgenoot* (1932-1948) en *Sarie (Marais)* (1949-1989). Doktorale proefskrif. Universiteit van die Witwatersrand.
- Snyman, M. 1990. Taalseksisme en stereotipering in taalonderrigmateriaal vir nie-Afrikaansspreekende volwassenes. MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Tannen, D. 1990. *You Just Don't Understand: Women and Men in Conversation*. New York: Ballantine.
- Tannen, D. 1994. *Gender and Discourse*. Oxford University Press. ProQuest Ebook Central.
- Thompson, NL. 2021. The Linguistic Portrayal of Women in Written Afrikaans from 1911 to 2010. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- Van Huyssteen, GB. 1996. The sexist nature of sexual expressions in Afrikaans. *Literator*, 17(3) Nov: 119-135.
- Van Rooy, AJ. 1995. Is generiese manlike voornaamwoorde regtig generies? *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 14(1) Februarie, 1996.
- Van Wyk, T. 2022. "n Woord vir wie ek is." *Beeld. By-Bylaag*. 7 Mei 2022. p. 1.
- Vermaak, R. 1997. Taalseksisme in die leksikon – met spesifieke verwysing na Afrikaans. M.A.-verhandeling. Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Die Randse Afrikaanse Universiteit.
- Vorster, A. 1992. Taalseksisme en die vertaalpraktyk. M.A.-verhandeling. Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Die Randse Afrikaanse Universiteit.
- Webb, VN. 1989. Enkele gepolitiseerde woorde in Afrikaans, HAT en die sosiolinguistiek. In Botha TJR (Hoofred.). *Inleiding tot Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: AkademiKa, pp. 129-142.

Verstaanbaar en bruikbaar, maar ook aangenaam? 'n Evaluering van verbruikers se ervaring met gewonetaaltegnieke

Understandable and useful, but also enjoyable? An evaluation of consumers' experience with plain language techniques

ANNIE BURGER

Nadoktorale Navorsingsgenoot
Departement Afrikaans en Nederlands
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch, Suid-Afrika
E-pos: annieburger@sun.ac.za



Annie Burger

ANNIE BURGER het in 2014 haar BA-graad aan Stellenbosch Universiteit ontvang en behaal agtereenvolgens daarna ook die volgende kwalifikasies aan dieselfde universiteit: Na-graadse Diploma in Dokumentanalise en -ontwerp (2016), MA in Dokumentanalise en -ontwerp (2018) en PhD in Afrikaans en Nederlands in 2023. Tans is sy 'n nadoktorale navorsingsgenoot in die Departement Afrikaans en Nederlands aan Stellenbosch Universiteit. Dr. Burger fokus in haar navorsing op sosiale en kontekstuele faktore wat gewone taal beïnvloed. Sy het ook ondervinding in leer- en inligtingsontwerp.

ANNIE BURGER was awarded a BA degree at Stellenbosch University in 2014. Thereafter, she consecutively obtained the following degrees and qualifications at the same university: Post-graduate Diploma in Document Analysis and Design (2016), MA in Document Analysis and Design (2018) and, finally, a PhD in Afrikaans and Dutch in 2023. Currently she is a postdoctoral research fellow in the Department of Afrikaans and Dutch at Stellenbosch University. Dr Burger focuses in her research on the social and contextual factors that influence plain language. She also has experience in learning and information design.

ABSTRACT

Understandable and useful, but also enjoyable? An evaluation of consumers' experience with plain language techniques

In the course of the past three decades, the concept of "plain language" has garnered increasing attention. Recent developments have further solidified this field, given the International Federation for Plain Language's definition of plain language, as well as the introduction of an ISO (International Organisation for Standardisation) Standard for plain language in 2023. These milestones suggest that plain language is set to play a more significant role in public communication.

Datums:

Ontvang: 2023-10-29

Goedgekeur: 2024-05-30

Gepubliseer: Junie 2024

The International Federation for Plain Language defines plain language as communication in which the wording, structure, and design are so clear that the target audience can effortlessly find, understand, and use the information they need. However, this definition has faced criticism for its vagueness. In an effort to refine the definition, the ISO Plain Language Standard was introduced. It includes four governing principles: 1) Readers get the information they need; 2) Readers can easily find what they need; 3) Readers can easily understand what they find; and 4) Readers can easily use the information. Both the definitions of the ISO Standard and the International Federation for Plain Language concentrate on the understandability and usability of information in creating effective plain language documents.

In this article, I argue that alongside understandability and usability, user experience should be considered as a third measurable element of success in plain language documents. Although existing research primarily focuses on usability and understanding, it gives limited attention to user experience, whereas I argue that user experience is a crucial factor in the creation of successful plain language documents. More specifically, I explore in this article the preference of respondents for plain language techniques used in documents in an attempt to establish a connection between the user's experience of these techniques and the document's usability and understandability.

I also delve into users' overall experience with plain language documents and assess whether there is a correlation between overall experience and users' perceptions of specific plain language techniques. I further analyse users' experiences with plain language techniques within specific contexts, namely the medical, legal, and financial domains, to determine if the context influences their experience.

In addition, I investigate the relationship between users' experiences with plain language techniques and extratextual factors, such as qualification, income, home language, the variety of Afrikaans they speak, and their level of engagement with the document's content. This comprehensive analysis aims to clarify the role of user experience in the success of plain language documents and it potentially prompts a reconsideration of experience, in addition to understandability and usability, when creating successful plain language documents.

The study employed a quantitative correlational research design to examine the relationship between respondents' experience of plain language techniques, understandability and usability, extratextual factors, and the contexts in which these documents are encountered. Data collection involved a questionnaire-based survey, with 506 respondents participating through convenience sampling. The survey was conducted on the SUNSurvey platform at Stellenbosch University and was shared across social media platforms such as Facebook, Instagram, and WhatsApp to target individuals matching specific population characteristics.

Respondents read one of 18 selected plain language documents and answered questions about the documents. Extratextual information, such as respondents' highest qualification level, annual income, home language, the variety of Afrikaans they speak, and the frequency with which they were exposed to the context, were collected. Engagement with the selected document was measured using Likert-scale statements. To assess understanding of the documents, factual questions were included, and usability questions were asked if respondents received one of the six forms that were tested. Experience with the plain language documents was also measured by means of Likert-scale statements. Importantly, respondents' experiences with specific plain language techniques were assessed, allowing them to express their experience with said techniques.

The results of the study regarding respondents' experience of the plain language techniques used reveal overwhelmingly positive feedback. The Likert-scale ratings indicated that

respondents across various demographic groups had favourable impressions of plain language techniques. This suggests that these techniques not only enhance document usability and understandability but are also well-received by users.

The analysis of relationships between different variables yields intriguing findings. While many comparisons did not show statistically significant correlations, the noteworthy results are those that did. When examining respondents' experiences with plain language techniques in documents across three contexts, no statistically significant relationship could be established, indicating positive experiences with these techniques across all contexts without contextual influence.

In terms of understanding, most comparisons revealed a positive relationship between the experience of plain language techniques and understanding. This implies that respondents with more positive experiences better understood the documents, aligning with existing research and suggesting that improved understanding leads to more positive experiences. However, for usability there was no statistically significant relationship between the experience of plain language techniques and document usability, indicating that the study could not establish a clear link between these two factors.

When considering extratextual factors, few statistically significant relationships were found. Only the respondents' home language showed a significant relationship with their experience of plain language techniques, suggesting that Afrikaans speakers had more positive experiences. For other extratextual factors, namely qualification, income level, and variety of Afrikaans, there were no significant correlations.

In conclusion, this study highlights that positive experiences of plain language techniques are associated with better understandability, emphasising the importance of user experience in creating successful plain language documents. The results are positive for document designers, as diverse groups of people had positive experiences with these techniques, making plain language a tool for improving interactions with public documentation. This study suggests that considering user experience is crucial in defining plain language beyond just usability and understandability.

KEYWORDS: plain language, experience, usability, understandability, medical context, financial context, legal context, extratextual factors, contextual factors

TREFWOORDE: gewone taal, gewonetaal tegnieke, ervaring, bruikbaarheid, verstaanbaarheid, mediese konteks, finansiële konteks, regs konteks, buite-tekstuele faktore, kontekstuele faktore

OPSOMMING

Die definisies van sowel die International Federation for Plain Language as die ISO Gewone Taal Standaard beklemtoon dat verstaanbaarheid en bruikbaarheid noodsaaklik is vir die skep van optimale gewonetaaldokumente. In hierdie studie voer ek egter aan dat daar 'n derde meetbare element van gewonetaaldokumente is wat 'n effek op die sukses daarvan het, naamlik die manier waarop die verbruiker die gewonetaaldokumente ervaar.

Vir hierdie studie is 'n kwantitatiewe korrelasionele navorsingsontwerp gebruik om die verhouding tussen respondente se ervaring, verstaanbaarheid, en bruikbaarheid van gewonetaaldokumente, asook respondente se persoonlike eienskappe, en die kontekste waarin die gewonetaaldokumente voorkom, te bepaal. Opnamenavorsing met 'n vraelys as die data-insamelingsinstrument is uitgevoer en 506 respondente het aan die studie deelgeneem. Die

resultate van die studie dui daarop dat respondente oor die algemeen positiewe ervarings met gewonetaal tegniese in dokumente gehad het. Verder is ’n sterk positiewe verhouding tussen die ervaring en die verstaanbaarheid van die gewonetaaldokumente gevind. Dit dui aan dat ’n positiewe ervaring tot ’n beter begrip van die dokumente bydra. Dit is egter nie die geval met bruikbaarheid nie, aangesien geen statistiese beduidende verhouding hier gevind is nie. Wat betref buitetekstuele faktore, het slegs huistaal ’n statistiese beduidende invloed op die ervaring van gewonetaal tegniese gehad. Die resultate van hierdie studie dui dus daarop dat ervaring ’n belangrike faktor is in die sukses van gewonetaaldokumente, en gevolglik oorweeg moet word om ervaring as een van die elemente in die definisie van gewone taal in te sluit.

1. Inleiding

Sedert die vroeë negentigs het die term “gewone taal” al hoe meer aandag ontvang. So het die International Federation for Plain Language in 2023 ’n definisie van gewone taal uiteengesit (Plain Language Definitions, 2023), en in Junie van dieselfde jaar is ’n ISO (International Organisation for Standardisation) Standaard vir gewone taal op die been gebring (The ISO Plain Language Standard, 2023). As gevolg van hierdie ontwikkelinge, kan daar aangeneem word dat gewone taal al hoe meer in die publieke domein gebruik gaan word.

Die International Federation for Plain Language se definisie van gewone taal is dat kommunikasie in gewone taal plaasvind wanneer die bewoording, struktuur en ontwerp so duidelik is dat die teikengehoor die inligting wat hulle nodig het sonder moeite kan vind, verstaan en gebruik (Plain Language Definitions, 2023).

Hoewel die gewonetaalbeweging al baie kritiek ontvang het weens die vaagheid van definisies van gewone taal, word aktiewe stappe voortdurend geneem om gewone taal te konkretiseer. Een van hierdie stappe is die instelling van die ISO Gewone Taal Standaard. Hierdie Standaard brei uit op die International Federation for Plain Language se definisie van gewone taal en bestaan uit vier beginsels van gewone taal, naamlik: 1) Lesers ontvang die inligting wat hulle nodig het; 2) Lesers kan maklik vind wat hulle nodig het; 3) Lesers kan maklik verstaan wat hulle vind; en 4) Lesers kan die inligting maklik gebruik (ISO 24495-1:2023(en) Plain language – Part 1: Governing principles and guidelines, 2023). Verder gee die ISO Standaard verskeie praktiese riglyne aan verbruikers om te verseker dat lesers die inligting wat hulle nodig het ontvang, kan vind, verstaan en gebruik.

Beide die ISO Gewone Taal Standaard en die International Federation for Plain Language se definisies van gewone taal fokus op die verstaanbaarheid en bruikbaarheid van inligting om optimale gewonetaaldokumente te skep. In my vorige navorsing oor gewonetaaldokumente (sien Burger, 2018 en 2023) toets ek, buiten verstaanbaarheid en bruikbaarheid, ’n derde meetbare element van gewonetaaldokumente wat, myns insiens, ’n effek het op die sukses van so ’n dokument, naamlik die verbruiker se ervaring met die gewonetaaldokumente (dit wil sê of hulle ’n negatiewe of ’n positiewe ervaring met die gewonetaaldokument het). Hoewel verbruikerservaring (“user experience”) in navorsing oor gewone taal genoem word, word dit nie as een van die hoof-meetbare elemente van die suksesvolle skep van gewonetaaldokumente beskou nie. In Edgell en Rosenberg (2022:873), byvoorbeeld, word slegs kortliks na ervaring in verhouding tot die verstaanbaarheid van ’n gewonetaaldokument verwys. Volgens die navorsers is die fokus eerder op verstaanbaarheid en stel hulle voor dat ervaring verbeter as gewonetaaldokumente verstaanbaar is. Oor die algemeen is die fokus dus nie op ’n positiewe ervaring as een van die elemente wat tot ’n suksesvolle gewonetaaldokument bydra nie – die fokus is veel eerder op verstaanbaarheid en bruikbaarheid, wat natuurlik aangehelp word deur

die ISO Gewone Taal Standaard en die International Federation for Plain Language se definisies van gewone taal. In hierdie artikel¹ argumenteer ek dat die verbruiker se ervaring met die gewonetaaldokument wel belangrik is in die skep van suksesvolle gewonetaaldokumente.

In die volgende afdeling word gewone taal gekontekstualiseer om te verduidelik hoekom daar op bruikbaarheid en verstaanbaarheid in die skep en evaluering van gewonetaaldokumente gefokus word.

2. Gewone taal in konteks

Gewone taal is nie 'n nuwe konsep nie, en is selfs ouer as die gewonetaalbeweging wat amptelik in die 1960's begin is. Die term “gewone taal” word reeds in 'n Engelse woordeboek van 1604 beskryf (Stoop & Chürr, 2013:526). Dit is ook in hierdie tyd wat die Protestantse kerke bekend gestaan het vir eenvoudige preke wat as “plain language” beskou is (Stoop & Chürr, 2013:526). Ná die 17de eeu word die term “gewone taal” nie weer gebruik tot die begin van die 20ste eeu nie. Veral in die 1940's, ná die Tweede Wêreldoorlog, was daar 'n opkoms in die politiese en koopkrag van die Westerse samelewing wat gepaardgegaan het met 'n bewuswording van die probleme wat komplekse taalgebruik veroorsaak het. So word George Orwell se “gobbledygook” en “bad English”, onder andere gebruik om komplekse, jargon-gevulde taal te beskryf (Schrifer, 2017:7). In 1948 ontwikkel die Amerikaner, Rudolf Flesch, sy leesbaarheidsformule wat kan bepaal hoe leesbaar 'n teks is, en 'n jaar later publiseer hy *The Art of Readable Writing* (Schrifer, 2017:7). In Amerika gaan die opkoms van die Amerikaanse koopkrag in die 1950's dan ook gepaard met 'n oplewing van advertensies en word mense aangemoedig om manipulerende advertensies met onverstaanbare inligting te bevraagteken (Schrifer, 2017:8).

In die begin van die tweede helfte van die 20ste eeu versprei hierdie idees na verskeie ander lande, byvoorbeeld Brittanje, Kanada en Australië en word organisasies ten gunste van verstaanbare openbare dokumente gestig (Cornelius, 2012:218). Veral in die 1960's word regstaal gekritiseer in boeke soos *Language and the Law* deur Millenkoff (Abrahams, 2003:54). In die 1960's word eienskappe van gewone taal dan ook vir die eerste keer in Amerikaanse wetgewing gesien, byvoorbeeld die Wet op Burgerregte, titel V11 van 1964 (DuBay, 2004:55). Dit word opgevolg met die suksesvolle toepassing in die 1970's van gewone taal in 'n leningsooreenkoms van die Amerikaanse First National City Bank (Williams, 2004:116; Petelin, 2010:207). In Maart 1978 reik President Carter van die VSA uitvoerende bevel 12044 uit wat voorskryf dat regeringsregulasies in gewone taal geskryf moes word (Petelin, 2010:208). Dit word in 1979 met 'n verdere uitvoerende bevel 12174 opgevolg. Hierdie bevel bepaal dat regeringsvorms kort en eenvoudig moet wees. Hierdie bevel het gelei tot die implementering van verskeie gewonetaalverwante wette in Amerika (Petelin, 2010:208).

Hoewel idees rondom gewone taal reeds vroeër na verskillende lande versprei het, is gewonetaalbewegings eers in die 1970's en 1980's in lande buite die VSA gestig. So byvoorbeeld is die Plain English Campaign, wat graag die media gebruik om aandag te trek, in Engeland gestig en is gewone taal verder na lande soos Kanada, Australië en Nieu-Seeland versprei (Williams, 2004:116). Ná die val van die Berlynse Muur in 1989 het verskeie nuwe demokrasieë grondwette nodig gehad. Baie van hierdie grondwette is in gewone taal geskryf en daar is na gewone taal verwys om gelyke regte tot inligting te bewerkstellig (Viljoen, 2001a:15). In die 1990's het Amerikaanse President Bill Clinton die gebruik van gewone taal aangespoor in die Amerikaanse regering (Abrahams, 2003:54), en in die 2000's en 2010's het

¹ Hierdie navorsing het deel gevorm van my PhD-studie onder leiding van Dr Amanda Marais.

President Obama die gebruik van gewone taal in verskeie Amerikaanse wette verskans (Plain language: It's the law, 2016).

In Suid-Afrika het die gewonetaalbeweging, veral ná 1994, wortel geskiet. Die nuwe demokratiese bedeling in Suid-Afrika gaan dan ook gepaard met verskeie verwysings na gewone taal in nuwe Suid-Afrikaanse wetgewing, byvoorbeeld die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1996 en die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 (Viljoen, 2001b:2). Dit is juis met die ontwikkeling van die Grondwet dat die gewonetaalbeginsel om kommunikasie in respondente te toets, gebruik is. Verder skryf die Grondwet verstaanbare kommunikasie en die gebruik van gewone taal in kontrakte, vorms en ander dokumente voor (Fine, 2001:8). Gewone taal word voorts daadwerklik in die Wet op Langtermynversekering, 52 van 1998, die Wet op Korttermynversekering, 53 van 1998, die Nasionale Kredietwet, 35 van 2005, en die Maatskappywet, 71 van 2008, voorgeskryf (Republiek van Suid-Afrika, 1998a; Republiek van Suid-Afrika, 1998b; Republiek van Suid-Afrika, 2005; Republiek van Suid-Afrika, 2008a).

Die wet wat egter eksplisiet na gewone taal verwys en dit definieer, is die Wet op Verbruikersbeskerming (Wet 68 van 2008). Volgens hierdie wet moet alle dokumentasie waarmee die gewone verbruiker in aanraking kom, in gewone taal aangebied word en bepaal die wet onder andere dat:

(1) Die vervaardiger van 'n kennisgewing, dokument of visuele voorstelling wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet aan 'n verbruiker voorgelê, voorsien of vertoon moet word, moet daardie kennisgewing, dokument of visuele voorstelling voorlê, voorsien of vertoon –

(a) in die vorm ingevolge hierdie Wet of enige ander wetgewing voorgeskryf, as daar is, vir daardie kennisgewing, dokument of visuele voorstelling; of

(b) in gewone taal, indien geen vorm vir daardie kennisgewing, dokument of visuele voorstelling voorgeskryf is nie.

(2) By die toepassing van hierdie Wet, is 'n kennisgewing, dokument of visuele voorstelling in gewone taal indien dit redelik is om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n gewone verbruiker van die klas van persone vir wie die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling bedoel is, met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale ondervinding as 'n verbruiker van die betrokke goedere of dienste, verwag kan word om die inhoud, betekenis en belang van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling sonder onnodige inspanning te verstaan, met inagneming van –

(a) die samehang, omvattendheid en konsekwentheid van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling;

(b) die organiserings, vorm en styl van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling;

(c) die woordeskate, gebruik en sinstruktuur van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling; en

(d) die gebruik van illustrasies, voorbeelde, opskrifte of ander hulpmiddels om te lees en te verstaan.

(3) Die Kommissie kan riglyne publiseer vir metodes om te beoordeel of 'n kennisgewing, dokument of visuele voorstelling aan die vereistes van subartikel (1)(b) voldoen.

(4) Riglyne ingevolge subartikel (3) gepubliseer, kan vir openbare kommentaar gepubliseer word (Republiek van Suid-Afrika, 2008b).

Die definisie van gewone taal wat die Wet op Verbruikersbeskerming gee, is wanneer:

[...] gewone verbruiker van die klas van persone vir wie die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling bedoel is, met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale ondervinding as 'n verbruiker van die betrokke goedere of dienste, verwag kan word om die inhoud, betekenis en belang van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling sonder onnodige inspanning te verstaan (Republiek van Suid-Afrika, 2008b).

Die definisie van gewone taal in die Wet op Verbruikersbeskerming fokus baie duidelik op die verstaanbaarheid van die kommunikasie om daardeur “gewone taal” te bewerkstellig. Hierdie definisie stem dus ooreen met die International Federation for Plain Language se definisie wat ook op verstaanbaarheid, naas bruikbaarheid, fokus.

Navorsing oor gewone taal in Suid-Afrika fokus ook op die bruikbaarheid en verstaanbaarheid van gewonetaaldokumente. 'n Beperkte opgaaf van navorsing oor gewone taal in Suid-Afrika ná 1994 word vervolgens bespreek. Hierdie lys fokus veral op navorsing waar verstaanbaarheid 'n prominente rol speel en op navorsing wat ondersoek instel na watter rol gewone taal speel om prosesse in die praktyk te vergemaklik.

In die 1990's het, onder andere, Knight (1997) bevind dat 'n gewonetaalweergawe van die destydse Wet op die Menseregtekommissie meer toeganklik was en prokureurs toegelaat het om vinniger te werk. In 2001 doen Nienaber navorsing oor die verstaanbaarheid van die Handves van Regte en bevind dat gedeeltes van die Handves van Regte wat in gewone taal geskryf is meer verstaanbaar vir gewone mense was as die oorspronklike teks (Nienaber, 2001:120).

In 2003 verskyn drie studies wat almal te make het met die effek van gewone taal op verstaanbaarheid: Feinauer (2003:222-223) kom tot die gevolgtrekking dat gesondheidstekste funksioneel vertaal moet word om verstaanbaarheid te bevorder; Abrahams (2003:110) bevind dat arbeidswetgewing in gewone taal meer verstaanbaar is as in die huidige formaat; en Carstens en Snyman (2003:131) verklaar dat die struktuur van 'n dokument 'n invloed het op die verstaanbaarheid daarvan. In 2007 ondersoek Carstens hierdie navorsing verder deur spesifiek na die verstaanbaarheid van beelde in dokumente oor MIV/VIGS te kyk. Hierdie studie bevind dat respondente met lae geletterdheid sukkel om metaforiese beelde te verstaan (Carstens, 2007:1).

In 2010(a)(b) en 2011 voer Cornelius drie studies oor gewone taal uit. In die eerste studie bevind sy dat opgeleide gewonetaalpraktisyns brosjures wat op wetgewing gebaseer is moet opstel om die verstaanbaarheid van die brosjure te bevorder (Cornelius, 2010a:181). In die tweede studie kom Cornelius tot die gevolgtrekking dat regsvertaling van gewone vertaling verskil as gevolg van die komplekse aard van die regstelsel (Cornelius, 2010b:85). In die derde studie brei Cornelius uit op hierdie bevindinge en kom tot die gevolgtrekking dat regsvertalers beide kenners van die regsveld en taalkunde moet wees om sodanige tekste optimaal te vertaal (Cornelius, 2011).

In 2011 skryf Baitsewe, De Stadler en Du Plessis 'n verslag oor die gewone taal wat in Prudential se openbare dokumente gebruik is en kom tot die gevolgtrekking dat Prudential hulle dokumente in gewone taal moet herskryf om die dokumente meer toeganklik, verstaanbaar en bruikbaar te maak (Baitsewe *et al.*, 2011:7).

In 2015 bespreek Cornelius die belang van die definisie van gewone taal soos dit in die Wet op Verbruikersbeskerming en die Nasionale Kredietwet uiteengesit is (Cornelius, 2015:16). In 2018 voltooi Adriaan Cupido sy meestersgraad waarin hy beginsels van gewone taal gebruik om 'n bankteks uit Engels in Afrikaans vertaal. In hierdie studie kom Cupido tot die

gevolgtrekking dat gewone taal verskeie voordele vir maatskappye inhou (Cupido, 2018:143). Twee jaar later, in 2020, publiseer Cupido sy resultate saam met Harold Lesch in 'n artikel, "Gemeenskapsvertaalpraktyk: Gewone taal vir die hervertaling van 'n bankteks" (Cupido & Lesch, 2020).

Die bogenoemde bespreking dui op 'n duidelike tendens om navorsing oor gewone-taaldokumente veral aan verstaanbaarheid en bruikbaarheid te koppel, en dat die fokus op die vergemakliking van prosesse in die praktyk is. In die huidige navorsing stel ek egter voor dat daar nog 'n meetbare element is wat gebruik kan word om die sukses van 'n gewonetaaldokument te meet, naamlik verbruikers se ervaring van die gewonetaaltegnyke wat in gewone-taaldokumente gebruik word.

2. Probleemstelling

Met hierdie navorsing wil ek tot die kennis oor gewone taal bydra deur verbruikers se ervaring van gewonetaaltegnyke te bepaal² – dit wil sê, of hulle 'n negatiewe of positiewe ervaring het van die gewonetaaltegnyke wat in dokumente gebruik word. Bestaande navorsing fokus veral op hoe verstaanbaar en bruikbaar gewonetaaldokumente is, maar ek glo dat ervaring ook 'n rol speel in die sukses van 'n gewonetaaldokument. In die huidige studie kyk ek spesifiek na die gewonetaaltegnyke wat in gewonetaaldokumente gebruik word om respondente se ervarings van hierdie tegnyke te bepaal.

Verder word in hierdie navorsing gepoog om te bepaal of daar 'n verhouding tussen ervaring van gewonetaaltegnyke en die bruikbaarheid en verstaanbaarheid van gewonetaaldokumente is. In die literatuur word onder andere voorgestel dat verstaanbaarheid ervaring bevorder. Met my navorsing probeer ek bepaal of hierdie tipe verhoudings wel bestaan. Die huidige navorsing kyk ook na verbruikers se algehele ervaring van gewonetaaldokumente, en of daar 'n verband tussen hierdie algehele ervaring en die ervaring van spesifieke gewonetaaltegnyke is.

Ek kyk voorts na verbruikers se ervaring van gewonetaaltegnyke in spesifieke kontekste waar gewone taal veral gebruik word, soos mediese, regs- en finansiële kontekste. Ek wil bepaal of die konteks waarin gewonetaaltegnyke gebruik word 'n effek het op hoe negatief of positief verbruikers die gewonetaaltegnyke ervaar.

Laastens word navorsing in hierdie studie gedoen oor die verhouding tussen verbruikers se ervaring van gewonetaaltegnyke en hul individuele eienskappe. Wanneer dokumentontwerpers gewonetaaldokumente skep, doen hulle navorsing oor die eienskappe van die verbruikers van daardie dokumente. Dokumentontwerpers kyk veral na eienskappe wat moontlik 'n impak sal hê op hoe die verbruiker die teks ontvang en verstaan. In die huidige navorsing is hierdie eienskappe die verbruiker se kwalifikasievlak, inkomstevlak, huistaal, die variëteit van Afrikaans wat hulle praat, en hoe betrokke hulle by die inligting in die dokument voel. Daar word gekyk na hoe elkeen van hierdie veranderlikes 'n impak op ervaring het.

Met behulp van hierdie uitgebreide vergelykings poog ek om te bepaal wat die rol van verbruikers se ervaring van gewonetaaltegnyke op die sukses van 'n gewonetaaldokument is. Daardeur kan ek bepaal of ervaring wel, naas verstaanbaarheid en bruikbaarheid, in ag geneem behoort te word tydens die skep van 'n suksesvolle gewonetaaldokument.

² Sien Addendum A vir 'n uiteensetting van gewonetaaltegnyke, saamgestel deur Burger (2018).

3. Navorsingsontwerp

Die studie maak van 'n kwantitatiewe korrelasionele navorsingsontwerp gebruik om die verhouding tussen respondente se ervaring, verstaanbaarheid, en bruikbaarheid van gewonetaal-dokumente asook respondente se persoonlike eienskappe, en die kontekste waarin die gewonetaaldokumente voorkom, uiteen te sit. Opnamenavorsing met 'n vraelys as die data-insamelingsinstrument is uitgevoer. Respondente is met 'n gerieflikheidsteekproefneming verkry en 506 respondente het aan die studie deelgeneem. Die vraelys is op SUNSurvey, die Universiteit Stellenbosch se vraelysstelsel, geskep. Daarna is die skakel op verskeie sosialemediaplatforms, naamlik Facebook, Instagram en WhatsApp, gedeel. In die boodskap wat saam met die skakel uitgestuur is, is mense wat aan die gekose populasie-eienskappe voldoen het, geteiken. Hierdie eienskappe is dat hulle leke in die gekose konteks moes wees, aangesien gewone taal daarop gemik is om komplekse inligting toeganklik te maak vir mense met min of geen voorkennis van die inligting. Die populasie moes voorts ten minste Afrikaans eerste taal in matriek as vak gehad het, aangesien die gewone taal wat getoets is, Afrikaans is. Ek wou hiermee verseker dat respondente die dokumente sou verstaan en kon gebruik, al dan nie, as gevolg van die gewone taal in die dokument, en nie omdat hulle nie Afrikaans magtig is nie. Laastens moes die populasie tussen 30 en 65 jaar oud wees.

Die dokumente wat ek in die navorsing getoets het, is openbare dokumente wat in die mediese, finansiële en regs-kontekste voorkom. Ek wou verseker dat die respondente wat aan die navorsing deelneem hierdie tipe dokumente sou teëkom in hulle lewens en dat die dokumente nie ongewoon vir hulle is nie. Mense tussen 30 en 65 jaar oud het oor die algemeen 'n groter kans om hierdie tipe dokumente teë te kom omdat hulle waarskynlik in 'n stadium van hulle lewens is waar hulle hierdie tipe kontekste betree as gevolg van hulle lewenservaring of professionele lewens. Byvoorbeeld, as iemand 'n huis koop, sal hulle beide die finansiële en regs-kontekste betree. As iemand kinders kry, sal hulle die mediese konteks betree. Hierdie tipe dokumente is ook nie noodwendig van toepassing op pensioenarisse nie, aangesien daar gewoonlik dokumentasie is wat slegs van toepassing is op pensioenarisse in die mediese, finansiële en regs-kontekste.

Respondente wat die skakel na die vraelys oopgemaak het, is eerstens gevra om 'n toestemmingsvorm te lees waarna hulle toestemming kon gee om aan die navorsing deel te neem. Hierna moes hulle aandui van watter een van die mediese, regs- of finansiële kontekste hulle die minste ondervinding gehad het ten einde seker te maak dat hulle 'n dokument kry in die konteks waarin hulle die minste ondervinding het. Respondente moes toe 'n nommer van 1 tot 6 kies. Elke nommer is aan 'n spesifieke dokument gekoppel en het verseker dat respondente 'n ewekansige kans gehad het om een van die 18 dokumente wat in die navorsing ingesluit is, te kry.

Die 18 dokumente wat getoets is, is bestaande brosjures, inligtingstukke en vorms wat van gewone taal gebruik maak. Die rede waarom hierdie genres gekies is, is omdat gewone taal gewoonlik in openbare dokumente op gewone lesers gemik is en omdat brosjures, inligtingstukke en vorms die soorte tekste is waar hierdie tipe kommunikasie plaasvind. In elke dokumentgenre is twee dokumente wat van gewone taal gebruik maak, geselekteer, wat dus ses dokumente per konteks en 'n totaal van 18 dokumente uitmaak.

Hierdie dokumente kan dus almal as “gewonetaaldokumente” geklassifiseer word omdat hulle vir die gewonetaal-tegnieke in die kontrolelyns in Addendum A bestudeer is. Die kontrolelyns is saamgestel uit gewonetaal-tegnieke wat geïdentifiseer is deur Gouws (2010), Harris, Kleimann en Mowat (2010), Kimble (2002), Petelin (2010), Fine (2001), DuBay (2008), Cornelius

(2010a, 2012, 2020), Siebörger en Adendorff (2011) en Cheek (2010) en vervat in my magisterverhandeling (Burger, 2018). In hierdie studie het ek na die iteratiewe aard van die suksesvolle toepassing van gewonetaal tegniese gekyk. Ek het die kontrolelys saamgestel om die toepassing van gewonetaal tegniese in my M-studie meer gestandaardiseer te maak. In die res van hierdie artikel wanneer daar na “gewonetaal tegniese” verwys word, word daar verwys na die gewonetaal tegniese wat in Burger (2018) uiteengesit is en in Addendum A verkry kan word.

Deur soortgelyke bestaande gewonetaal tegniese in die dokumente te identifiseer, word dit moontlik om die dokumente met mekaar te vergelyk.

Die 18 dokumente wat getoets is, is die volgende:

In die finansiële konteks is die volgende dokumente getoets:

1. “Gewaarborgde-opbrengsplanne” – brosjure van Discovery Invest
2. “PSG Wealth” – brosjure
3. “Inligtingsbrosjure” van Enslin Ouditeure
4. “Finansiële Oplossings vir Besigheidseienaars” – inligtingstuk van Sanlam
5. Doodseisvorm van Sanlam
6. “Eis vir Enkelbedragongeskiktheidsvoordeel en/of maandelikse ongeskiktheids-inkomste-voordeel” – vorm van Sanlam


In die mediese konteks is die volgende dokumente gebruik:

1. “Die ontwikkeling van jou baba: wat jy moet weet” – brosjure van Cape Town Embrace
2. “Gesonde ma, gesonde kind” – brosjure van Siyayinqoba
3. “Ondersteuning vir moeders [sic] ondersteuning vir jou” – inligtingstuk van die Wes-Kaapse Regering
4. “Moeder en babasorg” – inligtingstuk van Mediclinic
5. Die toestemmingsvorm van Weskus Pediatrie
6. Die opnamevorm van Mediclinic

In die regs konteks is die volgende dokumente gebruik:

1. “Beindig [sic] gesinsgeweld” – brosjure van die Departement van Justisie
2. “Die Wet op Verbruikersbeskerming. Alles wat jy moet weet” – brosjure van die Law Society of South Africa
3. “Herstellende geregtigheid. Die pad na herstel” – inligtingstuk van die Departement van Justisie
4. “Die verpligte aanmelding van misdrywe teen kinders” – inligtingstuk van NG Welsyn Noordwes en Gauteng
5. “Wat jy moet weet van minimum lone en werksure” – vorm van die Departement van Arbeid
6. “Ons kontrak: Voorgraads” – vorm van die Universiteit Stellenbosch

In Figuur 1 word ’n voorbeeld van een van hierdie dokumente gegee, en in Tabel 1 word die tipe gewonetaal tegniese wat in die dokument gebruik is, uiteengesit.



Figuur 1: Voorbeeld van 'n gewonetaaldokument

TABEL 1: Gewonetaal tegnieke volgens Burger (2018) in die dokument

Gewonetaal tegniek	Voorbeeld in die dokument
Verduidelik tegniese terme.	<p>Tegniese terme word verduidelik. Op die tweede bladsy, byvoorbeeld, word 'n verduideliking van “vaste dosis-kombinasie antiretrovirale middels” gegee:</p> <div data-bbox="661 1148 1131 1457" style="border: 1px solid black; padding: 10px; background-color: #f0f0f0;"> <p style="text-align: center;">WAT IS ANTIRETROVIRALE BEHANDELING MET 'N VASTE DOSIS-KOMBINASIE (FDC)?</p> <p>Vaste dosis-kombinasie antiretrovirale middels is 'n kombinasie ARV pil. Hierdie een kombinasie ARV pil:</p> <ul style="list-style-type: none"> • is drie verskillende antiretrovirale middels wat in een pil saamgestel is; • het dieselfde uitwerking as om drie afsonderlike pille te drink; • is geriefliker en makliker om te drink; • is algemeen bekend as FDC. </div>
Gebruik werkwoorde.	Werkwoorde is gebruik. Onder die opskrif “Ek is MIV-negatief. Wat moet ek doen?” begin elke kolpunt met werkwoorde, naamlik “Laat”, “Lig” en “Gebruik”.

TABEL 1: Gewonetaal tegnieke volgens Burger (2018) in die dokument (*vervolg*)

Gewonetaal tegniek	Voorbeeld in die dokument
Moenie akronieme en afkortings gebruik voordat jy verduidelik wat dit beteken nie.	Verduidelikings vir afkortings is gebruik. In die dokument word die woorde “Antiretrovirale middels” gebruik en daarna word die afkorting “ARVs” tussen hakies gegee.
Gebruik gesprekstyl.	Die teks maak van gesprekstyl gebruik en praat direk met die leser met woorde soos “jy” en “jou”.
Verdeel inhoud in kort afdelings.	<p>Die hele dokument is verdeel in kort afdelings, byvoorbeeld:</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 10px; background-color: #f0f0f0;"> <p style="text-align: center;">HOE SAL DIE NUWE ANTIRETROVIRALE BEHANDELING MET 'N VASTE DOSIS-KOMBINASIE SWANGER VROUE EN HULLE PASGEBORE BABAS HELP?</p> <ul style="list-style-type: none"> ~ 'n Swanger vrou wat MIV-positief is, sal die enkelkombinasie-antiretrovirale pil vir die volle duur van haar swangerskap drink, en sal op FDC bly vir die res van haar lewe. ~ 'n MIV-positiewe vrou wat borsvoed moet die enkelkombinasie-antiretrovirale pil elke dag drink en sal op FDC bly vir die res van haar lewe. <p style="text-align: center;">EK VERMOED EK IS SWANGER. WAT MOET EK DOEN?</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Besoek so gou moontlik die kliniek om jou swangerskap te bevestig. 2. Maak so gou moontlik 'n afspraak by 'n voorgeboortekliniek, verkieslik gedurende die eerste 14 weke van jou swangerskap. <p>Die gesondheidsorgwerker sal:</p> <ul style="list-style-type: none"> ~ 'n swangerskaptoets by die kliniek doen om jou swangerskap te bevestig; ~ vir jou 'n afspraak by 'n voorgeboortekliniek maak; ~ vir jou MIV-berading en toetsing (HTS) aanbied om jou MIV-status te bevestig en vir TB te toets; ~ jou ondersteun om jou MIV-status tydens jou swangerskap en daarna te hanteer. </div>

TABEL 1: Gewonetaaltegnieke volgens Burger (2018) in die dokument (*vervolg*)

Gewonetaaltegniek	Voorbeeld in die dokument
Gebruik duidelike opskrifte.	Die hele dokument maak van duidelike opskrifte gebruik, naamlik “Wat as ek my baba voed?”, “Indien jy MIV-positief is, kan jy tydens borsvoeding MIV aan jou baba oordra”, “Hoe kan ek ’n gesonde swangerskap hê?”, “Kan ek ander infeksies of ongesteldhede kry omdat ek MIV-positief is?”, “Hoe kan ’n pasgebore baba MIV kry?”, “Hoe kan ’n pasgebore baba teen MIV infeksie van ’n MIV-positiewe ma beskerm word?”, “Wat is antiretrovirale behandeling met ’n vaste dosis-kombinasie (FDC)?”, “Hoe sal die nuwe antiretrovirale behandeling met ’n vaste dosis-kombinasie swanger vroue en hulle pasgebore babas help?”, “Ek vermoed ek is swanger. Wat moet ek doen?”, “Ek is MIV-negatief. Wat moet ek doen?”, “My MIV-toets is positief. Wat gebeur nou?” en “Hoe sal jy jou antiretrovirale behandeling met ’n vaste dosis-kombinasie drink?”.
Skryf paragrawe van 100 woorde of minder.	Die dokument maak van kort paragrawe gebruik.
Gebruik kolpunte of genommerde lyste om komplekse inligting in hanteerbare gedeeltes te verdeel.	<p>Alle teks onder hofies bestaan uit kolpunte of genommerde lyste, byvoorbeeld:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Besoek so gou moontlik die kliniek om jou swangerskap te bevestig. 2. Maak so gou moontlik ’n afspraak by ’n voorgeboortekliniek, verkieslik gedurende die eerste 14 weke van jou swangerskap. <p>Die gesondheidsorgwerker sal:</p> <ul style="list-style-type: none"> ~ ’n swangerskaptoets by die kliniek doen om jou swangerskap te bevestig; ~ vir jou ’n afspraak by ’n voorgeboortekliniek maak; ~ vir jou MIV-berading en toetsing (HTS) aanbied om jou MIV-status te bevestig en vir TB te toets; ~ jou ondersteun om jou MIV-status tydens jou swangerskap en daarna te hanteer.
Gebruik vetdruk om ’n woord of ’n gedeelte te beklemtoon.	Die dokument maak gebruik van vetdruk om belangrike dele te beklemtoon, soos gesien kan word in die voorbeeld in die vorige blok.

Respondente het eerstens ingestem om aan die navorsing deel te neem. Daarna het hulle aangedui in watter konteks hulle die minste ondervinding het. Toe het hulle een van die dokumente wat getoets is, gekies en gevra om te lees. Daarna is vrae aan hulle gestel.

Eerstens is hulle demografiese inligting, naamlik hulle hoogste kwalifikasievlak, jaarlikse bruto-inkomste, huistaal, en die variëteit van Afrikaans wat hulle praat,³ ingesamel. Daarna is hulle gevra om aan te dui hoe gereeld hulle met die gekose konteks in aanraking kom uit die opsies “Ten minste een keer ’n week”, “’n Paar keer ’n maand”, “’n Paar keer ’n jaar”, en “Minder as een keer ’n jaar”.

Daarna is respondente se betrokkenheid met die gekose dokument getoets met twee Likert-skaalvrae, naamlik “Die aard van my lewenskeuses (indiensneming, persoonlike lewe, ensovoorts) maak dit waarskynlik dat ek dokumente soos die [naam van gekose dokument] sal teëkom”, en “Ek dink dat hierdie dokument inligting gee wat ek in my eie lewe kan gebruik”.

Met behulp van drie feitelike vrae oor die inhoud van die dokumente wat die respondente moes beantwoord, is die mate waartoe hulle die dokumente verstaan het, gemeet. Figuur 2 gee ’n voorbeeld van een van die verstaanbaarheidsvrae wat gevra is:

Tydens die eerste paar weke van swangerskap ... (bladsy 1)

- is jou baba min of meer so groot soos ’n piesang.
- ontwikkel jou baba verskillende maniere om voorwerpe vas te hou en te gryp.
- verdeel die bevrugte eiersel in verskillende soorte selle, wat weer in verskillende organe gaan ontwikkel.
- raak jou baba gewoon aan die wêreld buite die baarmoeder.

Figuur 2: Voorbeeld van verstaanbaarheidsvrae

Daardeur kon bepaal word of respondente die inhoud genoeg verstaan het om die vrae te kon beantwoord.

Indien respondente een van die ses vorms wat getoets is, gekry het, is hulle ook bruikbaarheidsvrae gevra. Hoewel al die dokumente wat in die studie getoets is, gebruik kan word om inligting te kry om byvoorbeeld ’n probleem op te los of ’n aksie uit te voer, is vorms die enigste dokumente waarin daar in die tyd wat dit neem om die vraelys te voltooi dadelik gesien kan word of die dokument bruikbaar is deur die aksies wat uitgevoer word om dit te voltooi, al dan nie.

Hierdie dokumenttipes is dus die enigstes wat vir bruikbaarheid getoets is. Bruikbaarheid is getoets deur vir respondente ’n scenario en ’n voltooide weergawe van die vorm te gee waarna hulle moes aandui of die verskillende afdelings van die vorms korrek of verkeerd voltooi is. Figuur 3 gee ’n voorbeeld van een van die bruikbaarheidsvrae wat in die vraelyste gegee is:

Verder is respondente se ervarings van die gewonetaaldokumente (dit wil sê hoe negatief of positief hulle ervaring was van die hele dokument) gemeet. Ervaring is met drie Likert-skaalstellings gemeet waarmee respondente hulle belewenisse en opinies kon weergee. Die volgende stellings is gegee: “Hierdie dokument lees maklik”, “Ek hou van hierdie dokument”, en “Hierdie dokument skep ’n goeie beeld van die maatskappy wat vir die dokument verantwoordelik is”:

³ Hoewel respondente gevra is om aan te dui watter variëteit van Afrikaans hulle praat, kan daar geargumenteer word dat respondente sal sukkel om te bepaal watter variëteit van Afrikaans hulle praat. Dit word verder in die “Toekomstige studies”-afdeling bespreek.

Scenario: Jy moet Mediclinic toe gaan om poliepe uit jou neus te laat verwyder. Jy is op Discovery se Key Care opasie (mediese fondsnommer 4356666). Dit is jou persoonlike mediese fondsnommer en jy is die enigste lid. Discovery weet van die operasie en het vir jou 33444525 as die magtigingsnommer gegee. Jy vul die vorm soos volg in. Regsklik op die skakel en seekteer "Open in new tab" om tussen die vraeys en die dokument te beweeg: [PrintablePreAdmissionForm_inge vul.pdf](#)

Dui aan of die verskillende gedeeltes van die vorm korrek of verkeerd ingevul is volgens die scenario.

	Korrek	Verkeerd
MOET DEUR PASIËNT INGEVUL WORD (DRUKSKRIF ASSEBLIEF)	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
VERKRY ASSEBLIEF MAGTIGING VAN U MEDESE FONDS 48 UUR VOOR TOELATING.	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING VAN DIE REKENING	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
Handtekening	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>

Figuur 3: Voorbeeld van bruikbaarheidsvrae

	Stem heeltemal saam		Is neutraal		Stem glad nie saam nie
	1	2	3	4	5
Hierdie dokument lees maklik.	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
Ek hou van hierdie dokument.	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
Hierdie dokument skep 'n goeie beeld van die maatskappy wat vir die dokument verantwoordelik is.	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>

Figuur 4: Ervaringsvrae

Laastens, en die heel belangrikste vir die huidige navorsing, is respondente se ervarings van die gewonetaaltniekie wat in die dokumente gebruik is, gemeet. Dit is gedoen met behulp van twee Likert-skaalstellings wat begin het met "Ek hou van...", gevolg deur spesifieke gewonetaaltniekie in die dokument, byvoorbeeld "Ek hou van die gebruik van kolpunte in die dokument" en "Ek hou daarvan dat daar na die leser as 'jou' verwys word".

4. Data-analise

Om die data te analiseer, is daar van inferensiële statistiese metodes gebruik gemaak om 'n multifaktoranalise uit te voer. Die Stellenbosch Universiteit se Sentrum vir Statistiese Konsultasie het met hierdie analise gehelp. Met 'n multifaktoranalise word na die verhouding tussen verskillende veranderlikes wat uit die analise van een stel observasies verkry is, gekyk (Abdi, Williams & Valentin, 2013). In die huidige navorsing is hierdie veranderlikes die demografiese inligting van respondente, die bruikbaarheid van die dokumente, die verstaanbaarheid van die dokumente, die algehele ervaring van die dokumente, en respondente se ervaring van die gewonetaaltniekie wat in die dokumente gebruik is. Met die multifaktoranalise is die kwantitatiewe data van al hierdie veranderlikes met mekaar vergelyk om te bepaal of daar 'n verwantskap is tussen enige van die veranderlikes. Om statisties die betroubaarheid van die verhoudings tussen die verskillende veranderlikes te bepaal, is daar van verskeie statistiese toetse gebruik gemaak, byvoorbeeld die Kruskal-Wallis-toets, die Mann-Whitney U-toets en die Pearson korrelasiekoëffisiënt.

Die Kruskal-Wallis-toets is gebruik om die statistiese betroubaarheid van die verhouding tussen die ervaring van gewonetaaltniekie en konteks te bepaal. Die Kruskal-Wallis-toets word gebruik wanneer daar bepaal moet word of daar 'n statisties betroubare verhouding tussen die mediane van drie of meer onafhanklike groepe is (Bobbitt, 2019a). In die huidige

navorsing is die mediaan van respondente se antwoorde op die ervaringsvrae in die drie kontekste met mekaar vergelyk.

Die Mann-Whitney U-toets is gebruik om die statistiese betroubaarheid van die verhouding tussen ervaring van gewonetaal tegniese en verstaanbaarheid, ervaring van gewonetaal tegniese en bruikbaarheid, ervaring van gewonetaal tegniese en huistaal, en ervaring van gewonetaal tegniese en variëteit van Afrikaans, te bepaal. Die Mann-Whitney U-toets word gebruik wanneer die verskille tussen twee onafhanklike groepe vergelyk word (Bobbitt, 2018). In die huidige studie, byvoorbeeld, is die mediaan van respondente se ervaring van gewonetaal tegniese vergelyk tussen respondente wat die antwoorde op die verstaanbaarheidsvrae korrek gekry het en diegene wat die antwoorde verkeerd gekry het. So ook is die twee groepe wat die bruikbaarheidsvrae korrek en verkeerd gekry het se antwoorde op die ervaringsvrae vergelyk. Dit geld ook vir die groepe wat hulle huistaal aangedui het. In die vergelyking van huistaal is die data in twee groepe verdeel, naamlik “Afrikaans” en “Ander”, aangesien baie min respondente aangedui het dat hulle ’n huistaal anders as Afrikaans het. Dieselfde geld vir die vergelyking tussen ervaring en variëteit van Afrikaans. Die ervaring van respondente in die groepe “Standaardafrikaans” en “Ander” is met mekaar vergelyk, aangesien baie min respondente aangedui het dat hulle ’n variëteit anders as Standaardafrikaans gebruik.


Die laaste statistiese toets, die Pearson-korrelasiekoëffisiënt, is gebruik om die statistiese betroubaarheid van die verhouding tussen respondente se ervaring van gewonetaal tegniese en algehele ervaring van die gewonetaaldokumente, respondente se ervaring van gewonetaal tegniese en hulle kwalifikasievlakke, en respondente se ervaring van gewonetaal tegniese en hulle inkomstevlakke, te bepaal. Die Pearson-korrelasiekoëffisiënt word gebruik om die liniêre verhouding tussen twee veranderlikes te meet (Bobbitt, 2019b). Al die veranderlikes wat met die Pearson-korrelasiekoëffisiënt vergelyk is, bevat liniêre data (d.w.s. dat hulle liniêr georden kan word), wat dit dus moontlik maak om te bepaal of die verhouding tussen twee van hierdie veranderlikes positief of negatief is.

Hierdie toetse is uitgevoer om te bepaal of die verhouding tussen die veranderlikes toevallig is en of daar wel ’n regte verhouding (dit wil sê ’n statisties betroubare verhouding) is. In die huidige studie word die algemeen aanvaarde afsnypunt van die p-waarde as 0,05 of kleiner gebruik om te bepaal of die verhouding tussen die veranderlikes statisties betroubaar is.

In die volgende afdeling word die navorsingsbevindinge aangebied en bespreek.

5. Navorsingsbevindings en bespreking

In totaal het 506 respondente aan die navorsing deelgeneem. Van hierdie respondente, het 47% aangedui dat hulle ’n nagraadse kwalifikasie het, 22% het aangedui dat hulle ’n graad het, 14% het aangedui dat hulle ’n diploma het, 10% het aangedui dat hulle matriek het, en 6% het aangedui dat hulle ’n sertifikaat het. Wat respondente se jaarlikse inkomste betref, verdien 41% van die respondente R300 000 of minder, 21% tussen R300 001 en R400 000, 10% tussen R400 001 en R500 000, 8% tussen R500 001 en R600 000, 7% tussen R600 001 en R700 001, en 14% verdien meer as R700 000. Van die respondente het 94% aangedui dat Afrikaans hulle huistaal is, terwyl 6% aangedui het dat Engels hulle huistaal is. Wat die variëteit van Afrikaans wat respondente praat betref, het 93% van die respondente aangedui dat hulle Standaardafrikaans praat, terwyl die res van die respondente aangedui het dat hulle een van die volgende variëteite praat: Griekwa-Afrikaans, Oosgrensafrikaans, en Kaapse Afrikaans hetsy Kaapse Vlakte-Afrikaans of Namakwalands-Afrikaans. Die getal respondente wat die verskillende dokumente ontvang het, word in Figuur 5 uiteengesit.



Figuur 5: *Getal respondente per dokument*

Hoewel daar in hierdie navorsing gekyk word na die verskillende veranderlikes in verhouding met ervaring, word daar in die navorsing waarvan hierdie studie deel vorm vergelykings gemaak tussen al die verskillende veranderlikes, en nie slegs ervaring nie (Sien Burger, 2023). Die resultate van die studie dui aan dat gewonetaaltekste verstaanbaarheid en ervaring verbeter. Verder is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die finansiële konteks die bruikbaarste is van die drie kontekste wat getoets is, terwyl respondente dokumente in die mediese konteks die verstaanbaarste gevind het. Wat die demografiese veranderlikes betref, is die volgende statistiese betroubare verhoudings gevind: hoe hoër respondente se kwalifikasievlak, hoe meer verstaanbaar het hulle die dokumente gevind; hoe meer betrokke hulle by die dokumente gevoel het, hoe meer verstaanbaar het hulle die dokumente gevind; en respondente wat ander variëteite van Afrikaans as gewonealgemene Afrikaans gebruik, het slegter gevaar wat verstaanbaarheid betref.

Vir die huidige studie, is die verhoudings tussen die verskillende veranderlikes en ervaring egter van meer belang. In die volgende tabelle word na respondente se ervaring van die gewonetaal tegniese en verskeie ander veranderlikes wat gemeet is, gekyk. In elke ry van die tabelle word een van elke vraag wat aan respondente gestel is met mekaar vergelyk. In ry een, byvoorbeeld, word die eerste vraag wat respondente se ervaring van gewonetaal tegniese meet, vergelyk met die konteks waarin die verskillende dokumente vergelyk is, terwyl in ry twee word die tweede vraag wat respondente se ervaring van gewonetaal tegniese in verhouding met die drie kontekste vergelyk.

TABEL 2: Verband tussen ervaring van gewonetaaltegnyke en konteks

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.64		<p>Met 'n p-waarde van 0,64, dui hierdie vergelyking daarop dat daar nie 'n statisties beduidende verskil is tussen respondente se ervaring van die gewonetaaltegnyke in die verskillende kontekste nie.</p>
P=0.27		<p>Met 'n p-waarde van 0,27, dui hierdie vergelyking daarop dat daar nie 'n statisties beduidende verskil is tussen respondente se ervaring van die gewonetaaltegnyke in die verskillende kontekste nie.</p>

Tabel 2 dui dus aan dat daar nie 'n statisties beduidende verhouding tussen mense se ervaring van die gewonetaaltegnyke is en die konteks waarin die gewonetaaldokumente voorkom nie. Tog word aangedui dat respondente positief gevoel het oor die gewonetaaltegnyke wat in al drie kontekste gebruik is, aangesien die gemiddelde antwoord in al drie kontekste positief is.

In Tabel 3 is die verhouding tussen verstaanbaarheid en ervaring van gewonetaaltegnyke uiteengesit. Ten spyte daarvan dat twee van die vergelykings nie statisties beduidend is nie, dui al die figure op dieselfde verhouding, naamlik dat respondente wat die verstaanbaarheidsvrae korrek ingevul het ook aangedui het dat hulle 'n meer positiewe ervaring met die gewonetaaltegnyke gehad het.


TABEL 3: Verband tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en verstaanbaarheid

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=<0.01		<p>Hierdie vergelyking is statisties beduidend omdat dit aandui dat hoe meer respondente die eerste verstaanbaarheidsvrae korrek geantwoord het, hoe meer positief was hulle ervaring van die gewonetaaltegnieke.</p>
P=0.02		<p>Hierdie vergelyking is statisties beduidend omdat dit aandui dat hoe meer respondente die eerste verstaanbaarheidsvrae korrek geantwoord het, hoe meer positief was hulle ervaring van die gewonetaaltegnieke.</p>
P=0.01		<p>Hierdie vergelyking is statisties beduidend en dui aan dat hoe meer respondente die tweede verstaanbaarheidsvrae korrek geantwoord het, hoe meer positief was hulle ervaring van die gewonetaaltegnieke.</p>

TABEL 3: Verband tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en verstaanbaarheid (*vervolg*)

P-waarde	Grafiek	Resultate
<p>P=0.08</p>		<p>Hoewel die vergelyking tussen die tweede verstaanbaarheidsvraag en die tweede gewonetaaltegniekevraag nie statisties beduidend is nie, kan daar in die grafiek gesien word dat dieselfde tipe verhouding as by die ander verstaanbaarheidsvrae en die gewonetaaltegniekevrae teenwoordig is; d.w.s. dat respondente wat die verstaanbaarheidsvrae meer korrek gekry het ook aangedui het dat hulle meer positiewe ervarings met die gewonetaaltegnieke het.</p>
<p>P=<0.01</p>		<p>Hierdie vergelyking is statisties beduidend en dui aan dat hoe meer respondente die derde verstaanbaarheidsvrae korrek gekry het, hoe meer positief was hulle ervaring van die gewonetaaltegnieke.</p>

TABEL 3: Verband tussen ervaring van gewonetaal tegnieke en verstaanbaarheid (*vervolg*)




P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.14		<p>Hoewel die vergelyking tussen die derde verstaanbaarheidsvraag en die tweede gewonetaal tegnieke-vraag nie statisties beduidend is nie, dui die grafiek aan dat dieselfde tipe verhouding as by die ander verstaanbaarheidsvrae en die gewonetaal tegnieke-vrae teenwoordig is; d.w.s. dat respondente wat die verstaanbaarheidsvrae meer korrek gekry het ook aangedui het dat hulle meer positiewe ervarings met die gewonetaal tegnieke het.</p>

Volgens die uiteensetting in Tabel 4, is geen van die vergelykings tussen bruikbaarheid en respondente se ervaring van gewonetaal tegnieke statisties beduidend nie. Die resultate is voorts ook gemeng; dus is daar positiewe en negatiewe resultate. Die resultate dui gevolglik aan dat die verhouding tussen bruikbaarheid en respondente se ervaring van gewonetaal tegnieke nie bepaal kan word nie. Hierdie resultate kan wel ook verband hou met die hoeveelheid respondente wat die dokumente wat vir bruikbaarheid getoets is, ontvang het. Slegs 114 respondente (soos uiteengesit in Figuur 5) het die vorms ontvang, wat moontlik nie genoeg respondente was om betroubare statistiese toetse mee uit te voer nie. Hierdie resultate word verder in die “Gevolgtrekkings”- en “Toekomstige studies”-afdeling bespreek.

TABEL 4: Verband tussen ervaring van gewonetaalgnieke en bruikbaarheid

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.08		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.
P=0.18		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.
P=0.46		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.

TABEL 4: Verband tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en bruikbaarheid (*vervolg*)

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.75		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.
P=0.74		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.
P=0.51		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.

TABEL 4: Verband tussen ervaring van gewonetaalgnieke en bruikbaarheid (*vervolg*)

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.56		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.
P=0.20		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.
P=0.69		Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.

TABEL 4: Verband tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en bruikbaarheid (*vervolg*)

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.79	<p>Bruikbaarheid_7, LS Means Current effect: F(1, 16)=.07512, p=0.79 Mann-Whitney U p=0.93 Effective hypothesis decomposition Vertical bars denote 0.95 confidence intervals</p>	Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.
P=0.81	<p>Bruikbaarheid_7, LS Means Current effect: F(1, 16)=.06275, p=0.81 Mann-Whitney U p=0.89 Effective hypothesis decomposition Vertical bars denote 0.95 confidence intervals</p>	Hierdie verhouding is nie statisties beduidend nie.

Volgens Tabel 5 is die verhouding tussen die algehele ervaring van gewonetaaldokumente en die ervaring van spesifieke gewonetaaltegnieke statisties beduidend. Die Pearson-korrelasiekoëffisiënt is 0,57 en 0,59, wat aandui dat daar 'n sterk positiewe verhouding is. Dit beteken dat hoe meer positief respondente se ervaring van die dokumente, hoe meer positief was hulle ervaring van die spesifieke gewonetaaltegnieke.

TABEL 5: Verband tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en algehele ervaring van gewonetaaldokumente

Vergelyking	P-waarde	Pearson
1	P=<0.01	0.57
2	P=<0.01	0.59

TABEL 6: Verband tussen ervaring van gewonetaal tegnieke en respondente se kwalifikasie

Vergelyking	P-waarde	Pearson
1	P=0.65	-0.02
2	P=0.86	-0.01

Die resultate in Tabel 6 dui aan dat daar nie 'n statisties beduidende verhouding is tussen respondente se kwalifikasievlak en hulle ervaring van die gewonetaal tegnieke wat in die dokumente gebruik is nie. Die Pearson-korrelasiekoëffisiënt is ook baie naby aan 0, wat voorstel dat daar nie 'n verhouding tussen hierdie veranderlikes is nie.

TABEL 7: Verband tussen ervaring van gewonetaal tegnieke en respondente se inkomstevlak

Vergelyking	P-waarde	Pearson
1	P=0.45	0.04
2	P=0.81	-0.01

In Tabel 7 word dieselfde tipe verhoudings gesien as wat in die vorige tabel gesien is. Die p-waardes van albei vergelykings dui aan dat daar nie 'n statisties beduidende verhouding tussen hierdie veranderlikes is nie. Verder is die Pearson-korrelasiekoëffisiënt ook naby aan 0, wat verder aandui dat daar nie 'n verhouding is nie.

TABEL 8: Verband tussen ervaring van gewonetaal tegnieke en respondente se huistaal

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.03		Hierdie vergelyking dui op 'n statisties beduidende verhouding. Spesifiek dui die vergelyking daarop dat respondente met Afrikaans as huistaal 'n meer positiewe ervaring van die gewonetaal tegnieke gehad het.


TABEL 8: Verband tussen ervaring van gewonetaalgiekie en respondente se huistaal (vervolg)

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.65		<p>Hierdie vergelyking dui nie op 'n statisties beduidende verhouding nie, hoewel daar in die grafiek gesien word dat respondente met Afrikaans as huistaal gemiddeld 'n effense meer positiewe ervaring van die gewonetaalgiekie gehad het as respondente met ander huistale.</p>

TABEL 9: Verband tussen ervaring van gewonetaalgiekie en variëteit van Afrikaans

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.82		<p>Hierdie vergelyking het 'n p-waarde van 0.82, wat op 'n nie-statisties beduidende verhouding dui.</p>

TABEL 9: Verband tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en variëteit van Afrikaans (vervolg)

P-waarde	Grafiek	Resultate
P=0.57		<p>Hierdie vergelyking het 'n p-waarde van 0.57, wat op 'n nie-statisties beduidende verhouding eg is nie.</p>

Tabel 8 lewer gemengde resultate wanneer daar na respondente se ervaring van die gewonetaaltegnieke in verhouding tot hulle huistaal gekyk word. Die grafieke dui daarop dat respondente met Afrikaans as huistaal 'n effens meer positiewe ervaring met die gewonetaaltegnieke in die dokumente gehad het, hoewel die statistiese analise gemengde resultate aandui en daar dus nie met sekerheid gesê kan word of hierdie verhouding eg is nie.

Tabel 9 verteenwoordig die verhouding tussen respondente se ervaring van die gewonetaaltegnieke wat in die dokumente gebruik is en die variëteit van Afrikaans wat hulle praat. Beide die vergelykings dui op nie-statisties beduidende verhoudings, wat voorstel dat daar nie 'n verhouding is tussen die variëteit van Afrikaans wat respondente praat en hulle ervaring van die gewonetaaltegnieke wat in die dokumente gebruik is nie.

6. Gevolgtrekkings

Wanneer na respondente se ervaring van gewonetaaltegnieke gekyk word, blyk dit dat respondente oor die algemeen positiewe ervarings met die gewonetaaltegnieke gehad het. Geen van die vergelykings dui aan dat respondente meer as 3 op die Likert-skaal gegee het nie; dus het die gemiddelde respondent in die verskillende veranderlikes-groepe almal positiewe ervarings van die gewonetaaltegnieke in die dokumente gehad en dui dit op 'n positiewe resepsie van gewonetaaltegnieke. Die resultate stel voor dat hierdie tegnieke nie net die bruikbaarheid en verstaanbaarheid van dokumente bevorder nie, maar dat mense positiewe ervarings van gewonetaaltegnieke het. Wanneer die verhoudings tussen die verskillende veranderlikes vergelyk word, is dit juis die bevinding dat min van die vergelykings statisties beduidende verhoudings aandui wat noemenswaardig is, maar moet daar steeds op die verhoudings wat wel statisties beduidend is, gefokus word. Word daar na respondente se ervaring van gewonetaaltegnieke in die dokumente in die drie kontekste gekyk, is daar nie 'n statisties beduidende verhouding nie. Dit stel voor dat respondente positiewe ervarings van die gewonetaaltegnieke in al die kontekste gehad het, en spesifiek dat konteks nie 'n effek op die ervaring van gewonetaaltegnieke het nie.

Wat verstaanbaarheid betref, dui die meerderheid vergelykings daarop dat daar 'n positiewe verhouding tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en verstaanbaarheid is. Dit wil sê dat respondente wat meer positiewe ervarings met die gewonetaaltegnieke gehad het, ook die dokumente beter verstaan het. Soos reeds genoem, dui bestaande navorsing aan dat indien verstaanbaarheid in gewonetaaldokumente verbeter word, dit tot meer positiewe ervarings van die gewonetaaldokumente kan lei. Hoewel die resultate van die huidige navorsing aandui dat hierdie verhouding inderdaad teenwoordig is, kan die resultate van die studie egter nie bepaal of verstaanbaarheid positiewe ervarings bewerkstellig nie, en of dit ervaring is wat verstaanbaarheid verbeter nie. Tog dui die resultate aan dat daar 'n verhouding tussen verstaanbaarheid en ervaring is en dat positiewe ervaring dus belangrik is in die skep van suksesvolle gewonetaaldokumente.

So ook is daar 'n verhouding teenwoordig wanneer na die ervaring van die hele gewonetaaldokument en die ervaring van spesifieke gewonetaaltegnieke gekyk word – respondente wat 'n meer positiewe ervaring met die spesifieke gewonetaaltegnieke gehad het, het ook 'n beter ervaring van die hele gewonetaaldokument gehad. Hierdie resultaat kan daarop dui dat die gebruik van gewonetaaltegnieke tot positiewe ervarings van gewonetaaldokumente in die algemeen bydra.

Dit is wel nie die geval wat bruikbaarheid betref nie, aangesien daar nie 'n statisties beduidende verhouding tussen bruikbaarheid en ervaring van gewonetaaltegnieke aangedui is nie. Dit wil sê daar kon nie bepaal word of daar 'n verhouding is tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en hoe bruikbaar respondente die gewonetaaldokumente gevind het nie. Hierdie resultate kan moontlik toegeskryf word aan die aantal respondente wat vorms ontvang het. Aangesien net 114 van die 506 respondente vorms ontvang het, het dit moontlik die gevolgtrekkings beïnvloed van die statistiese toetse ten opsigte van bruikbaarheid.

Wanneer daar na buitetekstuele faktore gekyk word, is daar ook min statisties beduidende verhoudings. So is daar nie 'n statisties beduidende verhouding tussen ervaring van gewonetaaltegnieke en kwalifikasievlak, inkomstevlak, en die variëteit van Afrikaans wat respondente praat nie. Slegs een van die vergelykings (die vergelyking tussen die eerste ervaringsvraag en huistaal) tussen die huistaal van respondente en hulle ervaring van gewonetaaltegnieke dui op 'n statisties beduidende verhouding – naamlik, dat respondente met Afrikaans as huistaal meer positiewe ervarings met die gewonetaaltegnieke gehad het as respondente met ander huistale. Die ander vergelyking (die vergelyking tussen die tweede ervaringsvraag en huistaal) tussen huistaal en ervaring van gewonetaaltegnieke is egter ook nie statisties beduidend nie.

Gewonetaaldokumente is dokumente wat voorsiening maak vir die bedoelde gehoor van die dokument. Volgens die International Federation for Plain Language word sodanige voorsiening gemaak deur taal, struktuur en ontwerp aan te wend om aan die bedoelde gehoor die beste kans te gee om die inligting wat hulle nodig het, te vind, te verstaan en te gebruik. In die onderhawige studie argumenteer ek egter dat die ervaring van gewonetaaltegnieke ook die sukses van 'n gewonetaaldokument beïnvloed en dat ervaring gevolglik ook in die definisie van gewone taal ingesluit moet word. Die resultate van die huidige studie dui aan dat daar wel 'n verhouding tussen verstaanbaarheid en ervaring van gewonetaaltegnieke is en kan daar voorgestel word dat 'n positiewe ervaring van gewonetaaltegnieke help om verstaanbaarheid te bevorder, en dat verstaanbaarheid help om die positiewe ervaring van gewonetaaltegnieke te bevorder. Hierdie sterk verhouding kan as motivering dien dat ervaring wel in die definisie van gewone taal ingesluit moet word.

Met inagnam van die buitetekstuele faktore, word gesien dat nie een van die faktore 'n effek op die ervaring van gewonetaaltegnyke het nie. Dit stel dus voor dat, ten spyte daarvan dat verskillende mense met uiteenlopende demografiese inligting die gewonetaaldokumente bestudeer het, hulle almal positiewe ervarings van die gewonetaaltegnyke gehad het.

Ten spyte dus van baie navorsing wat reeds oor gewonetaalbeginsels gedoen is, bestaan daar myns insiens 'n leemte in die International Federation for Plain Language se definisie van gewone taal. Hoewel die International Federation for Plain Language se definisie van gewone taal na die bruikbaarheid en verstaanbaarheid van gewonetaaldokumente verwys, is daar egter geen verwysing na die ervaring van gewonetaaldokumente nie. In die huidige navorsing dui ek op die nou verhouding tussen verstaanbaarheid en ervaring wat daarop dui dat suksesvolle gewonetaaldokumente nie slegs verstaanbare en bruikbare dokumente is nie, maar ook dokumente is waarvan verbruikers positiewe ervarings het.

Vir dokumentontwerpers kan hierdie resultate beteken dat daar na die verhouding tussen verstaanbaarheid en ervaring gekyk moet word en dat die toepassing van gewonetaaltegnyke en -beginsels juis daarmee sal help. Verder is die resultate ook positief vir dokumentontwerpers aangesien demografiese veranderlikes nie ervaring affekteer nie – dit wil sê dat 'n diverse groep mense positiewe ervarings met die gewonetaaltegnyke gehad het. Gewone taal kan dus beskou word as 'n gelykmaker wat verskeie mense se interaksie met openbare dokumentasie verbeter.

7. Toekomstige studies

Die huidige studie maak gebruik van 'n kwantitatiewe navorsingsontwerp. Hoewel die studie verskeie verhoudings geïdentifiseer het, kan toekomstige studies hierdie verhoudings kwalitatief ondersoek om die aard van die verhoudings verder te bestudeer. In die huidige studie is daar, byvoorbeeld, tot die gevolgtrekking gekom dat respondente 'n positiewe ervaring van gewonetaaltegnyke gehad het. Die redes vir hierdie positiewe ervaring is egter nie ondersoek nie. Navorsers in toekomstige studies kan keuseverantwoording toepas om hierdie verhouding beter te verstaan.

Verder is daar in die huidige studie tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n statisties beduidende verhouding tussen bruikbaarheid en ervaring is nie. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die resultate van hierdie vergelykings moontlik beïnvloed is deur die aantal respondente wat bruikbaarheidsvrae ontvang het. Aangesien slegs 114 van die 506 respondente bruikbaarheidsvrae voltooi het, kon dit die statistiese toetse beïnvloed. Navorsers in toekomstige studies kan van bruikbaarheidstoetsing gebruik maak om te bepaal of hierdie (tekort aan 'n) verhouding steeds geldig is.

Verder kan navorsers in toekomstige studies ook kwalitatief ondersoek instel oor die ander verhoudings, of die gebrek daaraan, wat in die studie bevind is. In die huidige studie is daar byvoorbeeld bevind dat daar nie 'n verhouding is tussen ervaring van gewonetaaltegnyke en die variëteite van Afrikaans wat respondente gebruik nie, hoewel daar in die groter studie waarvan hierdie navorsing deel vorm, bevind is dat die variëteit van Afrikaans wat respondente gebruik wel 'n invloed het op hoe verstaanbaar hulle die gewonetaaldokumente vind. Hierdie tipe komplekse verhoudings kan in toekomstige studies kwalitatief ondersoek word. Toekomstige studies kan ook die opname van respondente se variëteit van Afrikaans anders opneem. In die huidige studie is hulle gevra om aan te dui watter variëteit van Afrikaans hulle gebruik. Daar kan geredeneer word dat dit moeilik is vir iemand om sy of haar eie variëteit te bepaal. In toekomstige studies kan navorsers eerder verskeie ander vrae stel om respondente

se variëteite van Afrikaans so te bepaal. Laastens, kan navorsers in toekomstige studies die kontrolelyns vir gewonetaal tegniese, soos uiteengesit in Burger (2018) verder bestudeer en uitbrei. Hoewel die kontrolelyns van Burger (2018) in die huidige studie gebruik is om verskillende dokumente met mekaar te vergelyk, bestaan daar ook ander gewonetaalkontrolelyste, byvoorbeeld die een in Cornelius (2020). Inligting oor gewone taal kan verder gekonkretiseer word deur verskillende gewonetaalkontrolelyste te vereenselwig en praktiese voorbeelde van die verskillende tegniese uiteen te sit. Daardeur sal dit gewonetaalpraktisyns en nuwelinge help om gewone taal toe te pas.

BIBLIOGRAFIE

- Abdi, H, Williams, LJ & Valentin, D. 2013. Multiple factor analysis: principal component analysis for multitable and multiblock data sets. *Wiley Interdisciplinary Reviews: Computational Statistics*, 5.
- Abrahams, E. 2003. Efficacy of plain language drafting in labour legislation. Ongepubliseerde MA-tesis. Kaapstad: Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.
- Baitsewe, R, De Stadler, L & Du Plessis, P. 2011. Usability testing. A report on user experience of plain language within a selection of Prudential portfolio managers' official external documentation. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch Taalsentrum.
- Bobbitt, Z. 2018. Mann-Whitney U test. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.statology.org/mann-whitney-u-test/> [2024, April 25].
- Bobbitt, Z. 2019a. Kruskal-Wallis test: Definitions, formula, and example. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.statology.org/kruskal-wallis-test/> [2024, April 25].
- Bobbitt, Z. 2019b. Pearson Correlation Coefficient. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.statology.org/pearson-correlation-coefficient/> [2024, April 25].
- Burger, JM. 2018. The effect of iteratively applying plain language techniques in forms and their terms and conditions. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Burger, JM. 2023. Die verband tussen kontekstuele en buitetekstuele faktore en die doeltreffende aanwending van gewone taal. Ongepubliseerde PhD-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Carstens, A & Snyman, M. 2003. How effective is the Department of Health's leaflet on HIV/AIDS counselling for low-literate South Africans? *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 10(1):112-136.
- Carstens, A. 2007. Comprehension of pictures in educational materials for HIV/AIDS. *Ensovoort*, 11(2):13-32.
- Cornelius, E. 2010a. Plain language as alternative textualisation. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 28(2):171-183.
- Cornelius, E. 2010b. 'n Verkenning van regsvertaling as 'n "spesiale geval". *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalonderrig*, 44(1):71-87.
- Cornelius, E. 2011. The curious case of legal translation. *Literator*, 32(1):121-143.
- Cornelius, E. 2012. 'n Linguistiese ondersoek na die verstaanbaarheid van verbruikersdokumente vir die algemene Afrikaanssprekende publiek. Ongepubliseerde PhD-tesis. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.
- Cornelius, E. 2015. Defining 'plain language' in contemporary South Africa. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 44:1-18.
- Cornelius, E. 2016. An appraisal of plain language in the South African banking sector. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 46:25-50.
- Cornelius, E. 2020. *Gewone taal: 'n oorsig*. Stellenbosch: African Sun Media.
- Cupido, A. 2018. Die hervertaling van 'n tegniese teks in gewone taal: 'n gevallestudie. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Cupido, A & Lesch, H. 2020. Gemeenskapsvertaalpraktyk: gewone taal vir die hervertaling van 'n bankteks. *LitNet Akademies*, 17(1):138-170.
- DuBay, WH. 2004. *The principles of readability*. Costa Mesa: Impact Information.
- Edgel, C & Rosenberg, A. 2022. Putting plain language summaries into perspective. *Current medical research and opinion*, 38(6):871-874.

- Esterhuysen, E. 2013. Verstaanbare vorms. 'n Lesersgerigte ondersoek na die effek van die veranderinge aan die Universiteit Stellenbosch se Afrikaanse voorgraadse aansoekvorm. Ongepubliseerde MA-thesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Feinauer, I. 2003. TB or not TB. The communicative success of translated medical texts in South Africa. In W. Botha (red.). *'n Man wat beur: 'n Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. Stellenbosch: Buro van die WAT, pp. 213-227.
- Fine, D. 2001. Plain language and developing human rights materials. *Clarity*, 46:8-10.
- Gouws, M. 2010. A consumer's right to disclosure and information: comments on the plain language provisions of the Consumer Protection Act. *South African Mercantile Law Journal*, 22:79-94.
- Harris, L, Kleimann, S & Mowat, C. 2010. Setting plain language standards. *Clarity*, 64:16-25.
- ISO 24495-1:2023(en) Plain language — Part 1: Governing principles and guidelines. 2023. [Intyds].
Beskikbaar: <https://www.iso.org/obp/ui/en/#iso:std:iso:24495:-1:ed-1:v1:en> [2023, September 12].
- Kimble, J. 2002. The elements of plain language. *Michigan Bar Journal*, Oktober:44-45.
- Knight, P. 1997. Clearly better drafting: testing two versions of the South African Human Rights Commission Act, 1995. *Clarity*, 38:8-12.
- Nienaber, A. 2001. The comprehensibility and accessibility of South Africa's Bill of Rights: an empirical study. *De Jure*, 34(1):113-135.
- Petelin, R. 2010. Considering plain language: issues and initiatives. *Corporate Communication: An International Journal*, 15(2):205-216. (Cornelius, 2012:8).
- Plain language: It's the law. 2016. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.plainlanguage.gov/site/about.cfm> [2016, Junie 13].
- Plain Language Definitions. 2023. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.iplfederation.org/plain-language/> [2023, September 12].
- Republiek van Suid-Afrika. 1998a. Wet op Korttermynversekering, 1998 (Wet no. 53 van 1998). [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.acts.co.za/short-terminsurance-act-1998/> [2016, Februarie 19].
- Republiek van Suid-Afrika. 1998b. Wet op Langtermynversekering, 1998 (Wet no. 52 van 1998). [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.acts.co.za/long-terminsurance-act-1998/> [2016, Februarie 19].
- Republiek van Suid-Afrika. 2005. Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet no. 34 van 2005). [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.acts.co.za/national-credit-act-2005/> [2016, Februarie 19].
- Republiek van Suid-Afrika. 2008a. Maatskappywet, 2008 (Wet no. 71 van 2008). [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.acts.co.za/companies-act-2008/> [2016, Februarie 19].
- Republiek van Suid-Afrika. 2008b. Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet no. 68 van 2008). [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.acts.co.za/consumerprotection-act-2008/> [2016, Februarie 13].
- Schraver, KA. 2017. Plain language in the US gains momentum: 1940-2015. *IEEE Transactions on Professional Communication*, Desember 2017.
- Sieböcker, I & Adendorff, RD. 2011. Can contracts be both plain and precise? *Southern African Linguistics and Language Studies*, 29(4):483-504.
- Stoop, PN & Chürr. 2013. Unpacking the right to plain and understandable language in the Consumer Protection Act 68 of 2008. *P.E.R.*, 16(5):515-553.
- The ISO Plain Language Standard. 2023. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.iplfederation.org/iso-standard/> [2023, September 12].
- Viljoen, F. 2001a. Baring the nation's soul through plain language. *Clarity*, 46:15-16.
- Viljoen, F. 2001b. Editorial. *Clarity*, 46:2.
- Williams, C. 2004. Legal English and plain language: an introduction. *ESP Across Cultures*, 1:111-124.

Addendum A:

Gewonetaal tegnieke (Burger, 2018)

1. Inhoud

- 1.1 Los onnodige inligting uit.
- 1.2 Gebruik voorbeelde om moeilike inligting eenvoudiger te maak.

2. Woordeskat

- 2.1 Gebruik algemene woorde.
- 2.2 Gebruik dieselfde woorde wanneer jy na dieselfde elemente verwys.
- 2.3 Verduidelik tegniese terme.
- 2.4 Gebruik kort woorde, waar moontlik.
- 2.5 Vermy jargon (vaktaal).
- 2.6 Gebruik aksiewoorde.
- 2.7 Gebruik modale werkwoorde saam met persoonlike voornaamwoorde.
- 2.8 Gebruik positiewe woorde, waar moontlik.
- 2.9 Moenie werkwoorde met morele konnotasie gebruik nie.
- 2.10 Vermy lang frases.
- 2.11 Vermy veelvoudige negativering in een sin.
- 2.12 Moenie akronieme en afkortings gebruik voordat jy verduidelik wat dit beteken nie.
- 2.13 Gebruik bekende afkortings.
- 2.14 Gebruik geslag-neutrale woorde.
- 2.15 Gebruik woorde om kohesie en koherensie te bevorder.

3. Sinstruktuur

- 3.1 Gebruik kort sinne, waar moontlik (tussen 15 en 22 woorde).
- 3.2 Wissel kort sinne met langer sinne af.
- 3.3 Vermy sinne met meer as 40 woorde.
- 3.4 Gebruik leestekens korrek.
- 3.5 Skryf sinne in die aktiewe sinsvolgorde, waar moontlik.
- 3.6 Uitsondering: Gebruik die passiewe sinsvolgorde wanneer die fokus op die voorwerp moet wees.
- 3.7 Uitsondering: Begin 'n sin met 'n werkwoord wanneer jy instruksies gee.
- 3.8 Moenie die onderwerp en die werkwoord skei nie, waar moontlik.
- 3.9 Hou die hulpwerkwoord en die hoofwerkwoord naby mekaar.
- 3.10 Skryf in die teenwoordige tyd, waar moontlik.

4. Dokumentstruktuur

- 4.1 Verdeel inhoud in kort afdelings.
- 4.2 Gebruik duidelike opskrifte.
- 4.3 Organiseer sinne met dieselfde temas in dieselfde afdelings.
- 4.4 Organiseer afdelings in 'n logiese volgorde.
- 4.5 Sit belangrike inligting voor minder belangrike inligting.
- 4.6 Sit algemene inligting voor spesifieke inligting en uitsonderings.
- 4.7 Gebruik nommers by opskrifte en lyste.

- 4.8 Skryf paragrawe van 100 woorde of minder.
- 4.9 Sit 'n temasin in elke paragraaf.
- 4.10 Gebruik kolpunte of nommers by lyste.
- 4.11 Gebruik kolpunte of genommerde lyste om komplekse inligting in hanteerbare gedeeltes te verdeel.
- 4.12 Moenie kruisverwys nie.
- 4.13 Uitsondering: Wanneer kruisverwysing nie vermy kan word nie, gebruik voetnotas of sit die inligting waarna daar verwys word aan die einde van die afdeling.
- 4.14 Gebruik 'n inhoudsopgawe wanneer 'n dokument lank is en uit baie subafdelings bestaan.

5. Grafies

- 5.1 Gebruik 'n lettertipe, -kleur en -grootte wat maklik is om te lees.
- 5.2 Gebruik lettergrootte van tussen 10 en 12 vir liggaamteks.
- 5.3 Gebruik vetdruk om 'n woord of 'n gedeelte te beklemtoon.
- 5.4 Vermy dit om 'n laekontras lettertipe, nou kantlyne en lang reëls teks te gebruik.
- 5.5 Probeer om 50% van 'n bladsy vir witspasie te gebruik.
- 5.6 Gebruik tussen 50 en 70 letters in 'n teksreël.
- 5.7 Moenie onnodige kleure gebruik nie.
- 5.8 Gebruik kontrasterende kleure saam.
- 5.9 Gebruik kleure wat geskik is vir die kultuur waarin die dokument gaan voorkom.

6. Illustrasies

- 6.1 Gebruik illustrasies, byvoorbeeld tabelle en grafieke, om moeilike konsepte te illustreer, waar moontlik.

7. Styl

- 7.1 Gebruik gesprekstyl.
- 7.2 Vermy ouderdomsdiskriminasie, rassisme, klassisme en seksisme.

8. Neem die leser in ag

- 8.1 Verstaan en wees sensitief vir die konteks van die potensiële leser.
- 8.2 Skryf op die verstaansvlak van die potensiële leser.
- 8.3 Laat inligting uit wat die leser nie nodig het nie.
- 8.4 Uitsondering: Moenie inligting uitlaat as die leser dit dalk sal wil weet nie.

9. Toetsing

- 9.1 Toetsing kan deel vorm van 'n iteratiewe proses om 'n optimale dokument te skep.
- 9.2 Toets 'n dokument met die bedoelde gehoor.

Leo Tolstoj en Afrikaners: Hulle sieninge van mekaar

Leo Tolstoy and Afrikaners: Their views of each other

BORIS GORELIK

Senior Research Fellow: Centre for Southern Africa Studies
Institute for African Studies, Russian Academy of Sciences
Moscow, Russia
E-pos: boris.gorelik@inafr.ru



Boris Gorelik

BORIS GORELIK woon in Moskou en spesialiseer in die geskiedenis van interkulturele ontmoetinge en wisselwerking tussen Rusland en Suid-Afrika. Onder sy ander kundigheidsterreine tel transnasionale geskiedenis en die geskiedenis van Russiestalige gemeenskappe in Suid-Afrika. Tans konsentreer hy op die mate waarin Suid-Afrika in die Russiese historiese bewussyn figureer. Hy het 'n doktorsgraad (Kandidaat van die Wetenskappe [*kandidat naoek*]). Sy boeke, wat in Rusland, Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk gepubliseer is, sluit in *Past and Current Russian Immigration to South Africa* (2007) en, onder sy redakteurskap, '*An Entirely Different World*': *Russian Visitors to the Cape 1797–1870* (2015). Sy jongste boek, *A Russian on Commando: The Boer War Experiences of Yevgeny Avgustus*, is in 2022 deur Jonathan Ball Publishers in Johannesburg en Londen uitgegee.

BORIS GORELIK lives in Moscow and specialises in the history of cross-cultural encounters and interactions between Russia and South Africa. Among his other areas of expertise are transnational history and the history of Russophone communities in South Africa. His current focus is on the presence of South Africa in the Russian historical consciousness. Gorelik holds a doctoral degree (Candidate of Sciences [*kandydat nauk*]). His books, published in Russia, South Africa and the United Kingdom, include *Past and Current Russian Immigration to South Africa* (2007) and, under his editorship, '*An Entirely Different World*': *Russian Visitors to the Cape 1797–1870* (2015). His latest book, *A Russian on Commando: The Boer War Experiences of Yevgeny Avgustus*, was published by Jonathan Ball Publishers in Johannesburg and London in 2022.

Datums:

Ontvang: 2023-11-08

Goedgekeur: 2024-03-18

Gepubliseer: Junie 2024

ABSTRACT***Leo Tolstoy and Afrikaners: Their views of each other***

Tolstoy's fiction is part of the cultural background of the South African intelligentsia. Moreover, generations of South Africans have been introduced to Tolstoy through screen adaptations of his fiction, including Hollywood blockbusters and acclaimed TV series such as Anna Karenina (1935, 1948 and 2012) and War and Peace (1956 and 2016). Such exposure may well be the reason why, in the late 1990s, a survey among South African students of their perceptions of Russia showed that Tolstoy was the best-known Russian writer.

During his lifetime, Tolstoy's work and personality were discussed extensively in Russia and abroad, including South Africa. He was one of the most influential and authoritative writers in the world and remained the best-known Russian author in South Africa. Tolstoy was the only writer of Imperial Russia who, for decades, received letters and guests from South Africa. His statements on the Anglo-Boer War of 1899–1902 (also known as the South African War) attracted international attention which none of his Russian colleagues could match. Tolstoy wrote on South Africa, and his work was widely read there. Thanks to his erudition, ability to discern global trends, and interest in world culture and philosophy, Tolstoy had a profound understanding of political events in countries that he never visited and inspired leaders of liberation movements that he never met. His influence on South African realist literature can be traced throughout the twentieth century.

This study of Tolstoy's and South Africans' views of each other focuses on Afrikaners, because in the last ten years of his life the Russian author often wrote and spoke about them, as is evident from his published works, correspondence and the archival material in the Tolstoy museums in Moscow and Yasnaya Polyana in Russia that were used for this paper. Furthermore, Afrikaner authors seem to have referred to Tolstoy's work remarkably often. By exploring these references, one can ascertain why Tolstoy's writing remained relevant to Afrikaners and other South Africans for more than a century. In the 1890s and 1900s, Tolstoy continued to develop his doctrine of not resisting evil with violence. He used information on the Anglo-Boer War to test his radical pacifist ideas. His protest against British imperialism in Africa echoed that of other world-famous humanist writers, such as Bjørnstjerne Bjørnson, Theodore Dreiser, Anatole France, Romain Rolland, Bernard Shaw, Bertha von Suttner and Mark Twain. But, unlike most of them, Tolstoy refused to support the Boers unconditionally. He sympathised with the defenders of the Boer republics, but as a principled opponent of violence he condemned those Christian people for engaging in armed struggle and killing, which he regarded as a mortal sin.

During the transitional and guerrilla phases of the war, Tolstoy came to regard the continued Boer resistance to British invasion as a triumph of moral strength over immorality. He viewed the South African military conflict in a global context, as a typical war of a new era. Reflecting on the news from South Africa, he concluded that such wars were characterised by immoral goals and methods of warfare, and by non-participation in hostilities by those who directly benefitted from the hostilities (big entrepreneurs manipulating the government). Tolstoy argued that European governments were not interested in eradicating militarism, but nonviolent protest by ordinary people could well put an end to war. However, Tolstoy believed Russians, unlike participants in mass pro-Boer campaigns, were not to concern themselves with such protest because instead their main tasks were moral self-improvement and tackling injustice in their homeland.

His concern with affairs in South Africa was limited to the Anglo-Boer War and the Indian civil rights campaign of the 1900s led by Gandhi, whose doctrine of satyagraha was partly

based on Tolstoy's ethical teachings. Still, Tolstoy's influence on Afrikaner culture has been evident for over a century. Apart from direct contact, such as visits and letters to the Russian writer, Afrikaner cultural figures promoted his work, translated his fiction into Afrikaans and published their translations in almost every decade up to the 1990s.

Along with other distinguished novelists of the late Imperial Russia, Tolstoy was viewed by Afrikaans authors as an exemplary realist writer who set standards that they aspired to but often regarded as unattainable. It only applied to his fiction, because Tolstoy's confessional writings and philosophical treatises did not seem to be recognised by Afrikaans authors, especially not after the Second World War. For these authors, Tolstoy was primarily a fiction writer. Tolstoy's work featured in South African literary debates with regard to resistance to abusive state authority and grappled with censorship. His fiction reminded South Africans of the humanist ideals that were meant to guide those who wanted to bring about positive change in an unjust, deeply divided society. Tolstoy's work stimulated introspection and reflection on literary mastery, the ethical standards of a writer and one's purpose in life.

KEYWORDS: Leo Tolstoy, South African War, Second Anglo-Boer War, pro-Boer movements, cross-cultural interactions, Russia and South Africa, Russian influence on South African literature

TREFWOORDE: Leo Tolstoi, Suid-Afrikaanse Oorlog, Tweede Anglo-Boereoorlog, pro-Boerebewegings, interkulturele wisselwerking, Rusland en Suid-Afrika, Russiese invloed op Suid-Afrikaanse letterkunde

OPSOMMING

Tolstoi was die enigste skrywer in Imperiale Rusland wat oor dekades briewe en gaste uit Suid-Afrika ontvang het. Sy stellings oor die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 het internasionaal aandag getrek op 'n wyse wat geeneen van sy Russiese kollegas kon ewenaar nie. Tolstoi het oor Suid-Afrika geskryf, waar sy werk wyd gelees is. Tolstoi se invloed op Suid-Afrikaanse realistiese¹ letterkunde is deur die hele twintigste eeu merkbaar. Hierdie studie van Tolstoi en Suid-Afrikaanse skrywers se sieninge van mekaar fokus op Afrikaners, want Tolstoi het in die laaste tien jaar van sy lewe dikwels oor hulle geskryf en gepraat.

Afgesien van regstreekse kontak, soos besoeke en briewe aan die Russiese skrywer, het Afrikaner-kultuurfigure sy werk bevorder, sy fiksie in Afrikaans vertaal en hul vertalings in feitlik elke dekade tot die 1990's gepubliseer. Tolstoi, soos ook ander vooraanstaande romansiers in laat Imperiale Rusland, is deur Afrikaanse skrywers beskou as 'n toonbeeld van 'n realistiese skrywer wat standarde gestel het waarna hulle gestreef het maar wat hulle dikwels ook as onhaalbaar beskou het. Tolstoi se werk het in Suid-Afrikaanse literêre debatte oor weerstand teen onregmatige staatsgesag en sensuur gefigureer. Sy fiksie het Suid-Afrikaners herinner aan die humanistiese ideale wat as rigsnoere moes dien vir diegene wat positiewe verandering in 'n onregverdige en diep verdeelde samelewing teweeg wou bring. Tolstoi se werk het introspeksie en nadenke oor literêre uitnemendheid, die etiese standarde van 'n skrywer en 'n mens se lewensdoel gestimuleer.

¹ In hierdie artikel slaan “realisties(e)” op die realisme as stylrigting.

1. Inleiding

Wat moet 'n mens daarvan verstaan dat minstens drie strate in Suid-Afrika na Leo Tolstoi vernoem is, almal geleë in oorwegend Afrikaanssprekende gebiede?² Dat die Russiese skrywer op hierdie wyse gedenk word, dui daarop dat die skrywer om die een of ander rede vir die sprekers van daardie taal belangrik was, veral vir Afrikaners.

Alex la Guma het in 'n brief aan die Tolstoi-museum in Moskou opgemerk dat *Oorlog en Vrede* (1869) en *Anna Karenina* (1878) deel van die kultuuragtergrond van die Suid-Afrikaanse intelligentsia is (Shifman, 1971:471). Geslagte Suid-Afrikaners is aan Leo Tolstoi (1828–1910) bekendgestel deur verfilmings van sy fiksie, met inbegrip van Hollywood-lokettreffers en hoog aangeskrewe TV-reekse (*Anna Karenina* [1935, 1948 en 2012], *War and Peace* [1956 en 2016]). Tolstoi het, waarskynlik vanweë die aansienlike blootstelling, in 'n opname deur die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) van studente se persepsies van Rusland geblyk die bekendste Russiese skrywer te wees (Garmashova, 2001:90).

Heelwat vroeër – reeds sedert die laat neëntiende eeu – is Tolstoi se werk en persoonlikheid uitvoerig bespreek in Rusland en in die buiteland, insluitende Suid-Afrika (sien byvoorbeeld 'n verslag oor 'n praatjie wat tydens die Anglo-Boereoorlog in Kaapstad gelewer is: *Cape Times*, 1901, Lecture on Tolstoi). Tydgenote het hom as een van die voorste skrywers en denkers ter wêreld beskou. Volgens JM Coetzee is Tolstoi deur sy tydgenote bestempel “as an authority on life, a wise man, a sage” (Coetzee, 2008:151). Nie net sy fiksie nie, maar ook sy konfessionele en filosofiese skryfwerk kon sterk emosies by Suid-Afrikaners ontlok. In die laat 1880's het Olive Schreiner gesê hoewel sy volledig met Tolstoi se etiese leer saamgestem het, is daar “no man in Europe I hate so much”. Sy het Tolstoi se siening verwerp dat die hoogste waarheid in die leringe van Christus aangetref word (Cronwright-Schreiner, 1924:129, 149, 152).

Tolstoi het kuns geloof as iets wat oor lande en kulture heen kan reik en “feelings accessible alike to a Russian peasant, a Chinese, an African” kan oordra (Tolstoy, 1930:244). Baie van sy werk was van dié aard, te oordeel na die terugvoering van lesers van oor die hele wêreld. “His vision was anthropological, describing an underlying human nature of passions and sensations, needs and desires”, sê 'n Suid-Afrikaanse navorser (Coovadia, 2020:19; sien ook Foster, 2013:172-173). Danksy sy geleerdheid, sy bereidheid om globale prosesse te onderskei, en sy belangstelling in wêreldkultuur en -filosofie het Tolstoi 'n diepgaande begrip gehad van politieke gebeure in lande wat hy nooit besoek het nie en kon hy leiers van vryheidsbewegings wat hy nooit ontmoet het nie, inspireer. Daarbenewens is hy beskou as 'n stem uit Rusland, wat wel met ander koloniale ryke meegeding het maar nooit regstreeks deelgeneem het aan die Wedloop om Afrika nie.

Die werk van Tolstoi en ander Russiese skrywers van die neëntiende en vroeë twintigste eeu het gefigureer in Suid-Afrikaanse debatte oor die letterkunde, die rol daarvan in 'n veranderende samelewing en die maatskaplike verantwoordelikheid van skrywers (Jackson, 2015:10). Monica Popescu voer aan dat die Russiese invloed een was van “a formative role in contemporary South African literature, inspiring writers to imagine new themes and narrative

² Pretoria (Waterkloof Glen), Hartbeespoort (Schoemansville) en Vanderbijlpark. Die een in Hartbeespoort het reeds in die 1920's op kaarte verskyn. Johan Hendrik Schoeman, stigter van Schoemansville en seun van veggeneraal HJ Schoeman, was 'n bewonderaar van sowel Tolstoi as Ghandi, en het selfs sy seun na die skrywer vernoem: Johan Hendrik Tolstoi Schoeman. Gandhistraat het in die 1950's Strydomstraat geword, maar Tolstoistraat bestaan nog steeds.

strategies or to reflect anew on the relationship between literature and society” (Popescu, 2010).

Daar is al gesê dat die Suid-Afrikaanse realisme ontwikkel het deurdat kwessies aangepak is wat soortgelyk was aan dié wat Russiese skrywers in die halfeeu voor die Oktoberrevolusie van 1917 probeer beantwoord het (Jackson, 2015:10). Intellektuele uit die apartheidsera het voor sosiopolitieke keuses te staan gekom wat presedente in Imperiale Rusland gehad het, soos deur Rian Malan geskets in *My Traitor's Heart* (1990). Hy het die hoofstuk “What Then shall We Do?” só genoem na aanleiding van ’n essay wat Tolstoi ’n eeu vroeër geskryf het en gehandel het oor die kritieke probleme van die samelewing in Tsaristiese Rusland (Malan, 1990:131–133).

Ondersoeke na Tolstoi se houding oor die Anglo-Boereoorlog is in Suid-Afrika en die Sowjetunie gedoen (Nowak, 1986; Shifman, 1969; Shifman, 1971:428–459). Meer onlangs, nadat JM Coetzee die Nobelprys gewen het, het navorsers in Rusland en Suid-Afrika Coetzee se beskouing van Tolstoi se fiksie bestudeer (Coovadia, 2020:193-214; Kurbak, 2015:138-155). Tolstoi en Suid-Afrikaners se beskouing van mekaar is egter nog nie deeglik ondersoek nie.

Die verbintenis tussen Tolstoi en Suid-Afrikaners verdien nietemin aandag, want gedurende die Anglo-Boereoorlog en daarna was hy een van die mees invloedryke en gesaghebbende skrywers ter wêreld en in die res van die eeu het hy in Suid-Afrika die bekendste Russiese skrywer gebly. Tolstoi was die enigste skrywer in laat Imperiale Rusland wat briewe en gaste uit Suid-Afrika ontvang het. Sy standpunte oor die Anglo-Boereoorlog het internasionaal aandag getrek in ’n mate wat geen van sy Russiese kollegas kon ewenaar nie. Hy het oor Suid-Afrika geskryf en, soos later sal blyk, is sy werk hier wyd gelees.

Hierdie studie is die eerste poging om die verbintenis tussen Tolstoi en Suid-Afrikaners van verskillende etniese agtergronde na te speur. Dit fokus op Afrikaners, want die Russiese skrywer het in die laaste tien jaar van sy lewe dikwels oor hulle geskryf en gepraat; dit blyk uit sy gepubliseerde werk en uit korrespondensie en argiefmateriaal in die Tolstoi-museums in Moskou en Jasnaja Poljana in Rusland wat in hierdie artikel gebruik is. Deur dié verwysings te bestudeer kan ’n mens miskien uitvind hoekom Tolstoi se skryfwerk vir Afrikaners en ander Suid-Afrikaners meer as ’n eeu lank relevant gebly het.

2. Tolstoi oor die Anglo-Boereoorlog

2.1 Pogings tot onpartydigheid

Tolstoi het skynbaar net wat aktuele gebeure betref, in Suid-Afrika belanggestel. Feitlik al die publikasies oor Suid-Afrika in sy biblioteek te Jasnaja Poljana het met die Anglo-Boereoorlog te doen. In die pro-Boer-brosjure deur prins Grigory Volkonsky het Tolstoi nie die bladsye oopgemaak wat die skrywer se relaas van sy verblyf in die Oranje-Vrystaat bevat nie (Volkonsky, 1900).³

Tolstoi het die onderwerp van oorlog deur sy hele skryfloopbaan aangepak. Sy afsku van geweld het van hom ’n radikale pasifis gemaak. Hy het beswaar gemaak teen gewapende weerstand teen invallers, om nie eens te praat van die vyand om die lewe bring nie (Brief aan MA Engelgardt, 20 Januarie [1 Februarie] 1883, in Tolstoy, 1978:362). Die bose kan slegs deur die goeie en deur waarheid vernietig word, dit wil sê deur die leringe van Christus te

³ ’n Mens moes die toe rande van die bladsye met ’n briedwemes oopsny.

gehoorsaam. In Tolstoi se eksemplaar van *The Story of an African Farm* deur Olive Schreiner is die volgende woorde gemerk: “... whoso revenges, strikes with a sword that has two edges – one for his adversary, one for himself” (Iron, 1893:103; hier aangehaal uit ’n Engelse uitgawe: Schreiner, 1998:136).

Hy het die militêre veldtogte in Suid-Afrika noukeurig gevolg en nagedink oor die etiese probleme wat dit opgelewer het. Tolstoi het nie net op persberigte staatgemaak soos die meeste van sy landgenote nie, maar ook op briewe uit Suid-Afrika (Orlitsky, 1900). Voorts is dosyne Europese boeke en pamflette by hom in Rusland afgelewer; dit word in sy gedenkmuseum op Jasnaja Poljana bewaar (sien byvoorbeeld South Africa Conciliation Committee, 1899–1902).

Sy eerste en mees gedetailleerde verklaring oor die oorlog was ’n ope brief aan prins Grigoriy Volkonsky in Desember 1899. Die jong Russiese aristokraat het sy artikels oor die gewapende stryd aan Tolstoi voorgelê vir beoordeling. Volkonsky het tien jaar voor die oorlog ’n maand in Bloemfontein deurgebring en, gedagtig aan die gasvryheid van die Boere, het hy die saak van die Republieke vurig in die Europese pers bepleit (Gorelik, 2016:36–38).

Tolstoi het met Volkonsky saamgestem dat die oorlog deur Britse politici aangestig is, maar hy het die grondoorsaak van kontemporêre gewapende konflikte gesien as die gebrekkige kapitalistiese stelsel wat militarisme voorgestaan het (Tolstoy, 1978:584). Hy was voorts van mening dat albei partye in die Suid-Afrikaanse konflik daaraan skuldig was dat hulle na geweld gegryp het om hulle konflik te besleg. “If two men get drunk in an inn and fight over cards, I wouldn’t venture to condemn only one of them,” het hy opgemerk (Tolstoy, 1978:584).

Die brief aan Volkonsky is breedvoerig in Russiese en internasionale tydskrifte aangehaal en by ’n Britse versameling van Tolstoi se antioorlogsgeskrifte ingesluit (*The Clarion*, 1900:78; Tolstoy, 1900, *L’Aurore*, 1900:864:1; *Reynold’s News*, 1900:1). Sy boodskap het diegene teleurgestel wat met grootskaalse pro-Boerbewegings gesimpatiseer het. Selfs sommige van Tolstoi se kennisse en familielede het gemeen dat hy onbillik en onopreg was deur die Boere afkeurend op dieselfde vlak as die Britte te plaas (Kuzina, 1961:169).

Die Russiese skrywer het enige poging afgekeur om militêre mag te gebruik om Brittanje te dwing om die oorlog te beëindig. Hy wou nie ’n afvaardiging van die Boererepublieke na die VSA ondersteun wat laasgenoemde aangemoedig het om met ander groot moondhede saam te werk om die bloedvergiëting in Suid-Afrika te beëindig nie. Miskien was Tolstoi nie bewus daarvan dat die afvaardiging nie militêre hulp wou bekom nie, maar slegs tussenkoms op vreedsame wyse gevra het, soos bemiddeling deur Frankryk, Duitsland, Rusland of die Verenigde State, of deur arbitrasie deur die tribunaal in Den Haag, om die oorlog te beëindig en die onafhanklikheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek die Oranje-Vrystaat te herstel (Leyds, 1931:ix–xi). Hoe dit ook al sy, Tolstoi was van mening dat slegs geweld ’n imperialistiese staat van sy verowering kon laat afsien, (“Letter on the Peace Conference [1899]”, in Tolstoy, 1967:150–151). “I think that armaments and menaces of war are as bad as war itself,” het hy verduidelik in die konsep van sy telegram waarin hy steun vir die optrede van die Boere in die VSA geweier het (Tolstoy, 1928–1958, vol. 72:347–348; telegram aan American Cable News, 16 (28) April 1900, en die konsep daarvan;).

2.2 *Simpatie met die verdedigers van die Republieke*

Tolstoi die denker het ’n onpartydige standpunt ingeneem en dus die gebeure van die Anglo-Boereoorlog beskou as nog ’n voorbeeld van sinlose, kriminele geweld. Onder sy gesinslede en vriende het hy egter sy simpatie laat blyk met die verdedigers van die Boererepublieke, wat teen een van die sterkste leërs ter wêreld te staan gekom het (Biryukov, 1923:4; Tolstaya,

2001:276). Selfironiserend het hy erken dat hy, ondanks sy oortuigings, tydens sy ernstige siekte vroeg in 1900 nie kon help om die Boere entoesiasties te ondersteun nie (Posse, 1929:183). “Elke keer as ek soggens ’n koerant oopmaak, het ek gretig gelees dat die Boere die Engelse goed op hulle baadjie gegee het,” het hy aan ’n verslaggewer gesê (Orlitsky, 1900).

Dié erkenning is wyd in Europese koerante aangehaal (sien byvoorbeeld *The Globe*, 1900:5; *The Sphere*, 1900:45) en op dié wyse het dit ook die pers in Suid-Afrika bereik (*Ons Land*, 1900:6). Mense in lande waarin daar ’n sterk pro-Boergesindheid was, het so ’n stelling deur die vermaarde skrywer verwag. Tolstoi se spontane opmerking het beter bekend geword as die versigtig bewoorde verklaring in sy brief aan Volkonsky. Hy het die misverstand probeer opklaar. In ’n brief aan sy Britse vertaler, Aylmer Maude, herhaal Tolstoi dat hy nie simpatiseer “with any military achievements, not even with a David opposed to ten Goliaths” nie (Maude, 1901:145).

Toe die oorgangsfase van die Anglo-Boereoorlog in Maart 1900 begin het – die Britte het groot versterkings gekry en die Boere het toenemend guerrillataktiek begin gebruik – het Tolstoi se gesindheid teenoor die oorlogvoerende partye verander. Hy het die Boere primêr as verdedigers van hulle tuisland en slagoffers van imperialisme gesien. Tolstoi, wat gereeld van die republieke se nederlae maar ook verbete weerstand gelees het, het toe nie meer sy partydigheid vir hulle saak probeer verberg nie. Hy het hulle stryd ’n “defensive and national” oorlog genoem (Tolstoy, 1900:110).

Hy het daarop gewys dat imperialiste nie persoonlik aan die vyandelikhede deelgeneem het nie, maar hulle landgenote om die bos gelei het om te begin veg. In teenstelling met groot beleggers en politieke leiers het soldate geen regstreekse voordeel uit die verowerings getrek nie. Tolstoi het ’n beroep op die Britte gedoen om nie by die leër aan te sluit en by die “terrible bloodshed” in Suid-Afrika betrokke te raak nie (Tolstoy, 1903:249, 255).

Die onvermoë van die wêreld se grootste ryk om die weerstand van ’n klein volk te breek het vir hom “the insignificance of the power of money when pitted against moral force” bevestig (Kuzina, 1961:163, 169, 171). Dit het hom verheug dat genl. Koos de la Rey lt.genl. lord Methuen, wat in Maart 1902 in ’n veldslag gewond is, vrygelaat en vir behandeling na ’n Britse hospitaal geneem het. Sulke groothartigheid was na Tolstoi se mening ’n bewys van die Boere se krag (Kuzina, 1961:169, 171).

Hoewel Tolstoi nie oor internasionale pro-Boerveldtogte kommentaar gelewer het nie, was hy waarskynlik skepties daaroor. Hy het gemeen ’n mens moet, eerder as om ander te probeer verander, “acknowledge oneself guilty all round and strive for spiritual growth” (Tolstoy, 1934:309). In die brief aan Volkonsky het Tolstoi dus aangevoer dat elkeen kan help om wêreldvrede teweeg te bring deur aan die beginsels van Christelike moraliteit getrou te bly (Tolstoy, 1978:585):

To help to share our property equally in brotherly fashion, and to enjoy as little as possible the advantages which have fallen to one’s lot; not to be party to war in any aspect and to destroy the hypnosis by means of which people transform themselves into hired murderers and think they are doing a good deed by doing military service; and above all to profess a reasonable Christian doctrine, trying with all one’s powers to destroy the cruel deceit of false Christianity on which young generations are forcibly brought up – this threefold activity, I think, constitutes the duty of any man wishing to serve good and rightly disturbed by the terrible war which has disturbed you too.

2.3 *Kommunikasie met oorlogsveterane*

Tolstoi het inligting regstreeks van veterane en getuies van die Anglo-Boereoorlog gekry. Tussen sy korrespondensie in die Nasionale Tolstoi-museum in Moskou is briewe van jong Britte en Nederlanders wie se wedervaringe in Suid-Afrika hulle beweeg het om hulle by pasifistiese bewegings aan te sluit (Shifman, 1971:463-464).

Sy landgoed Jasnaja Poljana en sy huis in Moskou het bestemmings vir internasionale pelgrimstogte geword. Bewonderaars van Tolstoi se literêre talent en aanhangers van sy godsdienstige en etiese leringe het daarheen gestroom. Volgens Thomas Mann was dit “South Africans, Americans, Japanese, Australians, natives of the Malay Peninsula, Siberian refugees and Indian Brahmins, representatives of all the European nations” (Mann, 1957:92).

Deesdae is dit nie vreemd vir Suid-Afrikaners om na Rusland te reis en plekke te besoek wat met Tolstoi geassosieer word nie. In 2013 het die miljardêr Koos Bekker Jasnaja Poljana besoek (Strydom, 2022). Bekker, die voorsitter van die Suid-Afrikaanse mediagroep Naspers, wat verskeie gewilde webtuistes in Rusland besit, het ’n graad in letterkunde aan die Universiteit Stellenbosch verwerf en kon hom nie die vreugde ontsê om die beroemde skrywer se landgoed te besoek nie.

Vroeg in die twintigste eeu was die Russiese Ryk se politieke, ekonomiese en kulturele bande met Suid-Afrika egter swak. Tog was daar minstens twee Suid-Afrikaners onder Tolstoi se gaste in Moskou en selfs op Jasnaja Poljana. Hulle was moontlik die enigste mense wat in Afrika gebore is wat die Russiese skrywer ontmoet het. In 1900 het hy Edward Molteno, ’n seun van die Eerste Minister van die Kaapkolonie, ontvang. Molteno en sy sibbe was aktiviste van die South Africa Conciliation Committee, ’n Britse pasifistiese organisasie (Brooke Simons, 1999:49; Tolstaya, 1978:460, 465; Gorelik, 2023:252-257). Ná die Anglo-Boereoorlog het Tolstoi in 1906 besoek ontvang van Heinrich Sebastian du Toit, wat in die Boeremagte gedien het.

Soos Tolstoi was Du Toit ’n artillerieoffisier. Hy het deur die hele Anglo-Boereoorlog vir die republikeinse saak geveg en is ernstig gewond. Du Toit was onwillig om te aanvaar dat Transvaal ’n Britse kolonie geword het en het dus na Europa en die Verenigde State vertrek om gevorderde boerderymetodes en landboumasjinerie te bestudeer (Beinart, 2003:238). Hy het waarskynlik na Rusland gereis vanweë sy belangstelling in die verbouing van graangewasse in ariede streke (aan die skrywer meegedeel deur W Beinart en C du Toit, April-Mei 2023). By sy terugkeer na Suid-Afrika later het Du Toit hom in 1908 by die Departement van Landbou aangesluit. Hy was ’n talentvolle administrator, kon wetenskaplike inhoud goed kommunikeer, en het volhoubare tegnieke vir gewasverbouing in gebiede met ontoereikende reënval bevorder (Beinart, 2003:236-237, 240, 260, 264-275).

Du Toit se gesprek met Tolstoi is nie goed gedokumenteer nie. Die Suid-Afrikaner het onthou dat sy gasheer die weerstand deur die Boere met die brandende doringbos vergelyk het. Telkens as dit lyk asof dit uitgebrand is, vlam dit weer met nuwe krag op (Joubert, 2018:66). Na berig word, het Tolstoi aan sy gas gesê: “Moenie wanhoop nie, ek sien nog ’n groot toekoms vir die Boere; hulle sal ’n groot volk word” (Beinart, 2003:239-240).

3. **Suid-Afrikaners ontdek Tolstoi**

3.1 *Briewe van Suid-Afrikaanse lesers*

Suid-Afrikaners is in die laaste dekades van die neëntiende eeu aan Tolstoi se fiksie bekendgestel. Tolstoi se oeuvre was in Suid-Afrikaanse boekwinkels en biblioteke te kry, veral

Britse of Amerikaanse uitgawes. Daarby het die pers in Suid-Afrika uit Tolstoi se werk oor etiek en die politiek aangehaal. Die vraag na Tolstoi het Suid-Afrikaanse redakteurs beweeg om sy werke in hulle tydskrifte op te neem. Die eerste sosialistiese koerant in Suid-Afrika, die *Johannesburg Witness*, het *Resurrection* begin publiseer kort nadat die roman in 1899 as 'n vervolgotverhaal in Europese en Amerikaanse blaaie en tydskrifte gepubliseer is (Hyslop, 2004:128). Gedurende die Anglo-Boereoorlog kon Boereguerrillas onder genl. Christiaan de Wet en pres. MT Steyn die tyd in die laer verwyd deur *War and Peace* en *Anna Karenina* te lees (Kestell, 1903:214).

In die laaste dekades van sy lewe het Tolstoi meer briewe en telegramme ontvang as wat hy kon beantwoord, en bykans een uit elke vyf het uit die buiteland gekom (Babayev, 1965:530). Talle van sy korrespondente het hom as 'n morele gesaghebbende beskou. Een van die vroegste Suid-Afrikaanse briewe aan Tolstoi het in 1891 gekom van Simon Ludwig Kling van Potchefstroom. Nadat hy Tolstoi se novelle *The Kreutzer Sonata* gelees het, wou Kling die skrywer se siening oor die liefde, die huwelik en morele verbetering verneem.⁴

Tolstoi het, afgesien van navrae in verband met etiek en godsdiens, bewonderaarspos ontvang. John Percy Hess van Port Elizabeth (tans Gqeberha), wat die eerste motor na Suid-Afrika ingevoer het, het in 1901 aan die Russiese romansier geskryf. Hy het Tolstoi geloof vir sy “dapper standpunt” teen dwepery en het sy boeke 'n “source of great pleasure and enlightenment” genoem. Die doel van die brief was egter net om Tolstoi se handtekening te kry.⁵

'n Soortgelyke versoek het in Junie 1897 van Daniël Cornelis Boonzaier gekom, wat later 'n toonaangewende Suid-Afrikaanse politieke spotprenttekenaar geword het. Hierdie outodidak het toe nog 'n bestaan as 'n staatsamptenaar in Kaapstad gemaak. Toe hy handtekening begin versamel het, het hy ook waterverftekening van beroemdes gemaak, hetsy van die persoon self of van 'n foto, en dan die subjek gevra om sy of haar handtekening by die tekening aan te bring. Met verloop van tyd het Boonzaier 'n versameling van 173 sulke portrette gehad, almal met die handtekening van die betrokke plaaslike of buitelandse beroemde persoon op, met inbegrip van sy Europese gunstelingskrywers. Boonzaier was ook 'n ywerige leser van Russiese literatuur (Scholtz, 1976:95; Westra, 1994:4).

In sy Engelstalige boodskap aan Tolstoi het Boonzaier hom “the most distinguished of Russian writers” genoem.⁶ Die kunstenaar het sy portret van Tolstoi aangeheg en gehoop dat die skrywer sy handtekening daarop sou aanbring. Toe Boonzaier 'n halfjaar later nog geen antwoord uit Rusland ontvang het nie, het hy in Maart 1898 weer aan Tolstoi geskryf, dié keer in Frans, en die skrywer aan sy brief herinner. Indien daar nie aan sy versoek voldoen kon word nie, het Boonzaier gevra dat Tolstoi sy portret terugstuur Kaapstad toe en asseblief sy voorbarigheid vergewe.⁷

Dié keer het Tolstoi op Boonzaier se versoek gereageer. Op die koevert het hy geskryf: “Find the portrait.”⁸ In Junie 1898 het Boonzaier hom laat weet dat die tekening met die

⁴ SL Kling se brief aan L Tolstoi, 21 Februarie 1891. Manuskripdepartement, Nasionale Museum Leo Tolstoy, Moskou (LTNM), dokumentversameling 1, verwysing 224/13, pp. 1-8.

⁵ JP Hess se brief aan Tolstoi, 3 Junie 1901. LTNM, dokumentversameling 1, verwysing 220/43, pp. 1-2 rev.

⁶ DC Boonzaier se brief aan Tolstoi, 29 Junie 1897. LTNM, dokumentversameling 1, verwysing 207/58 (1), pp. 1-2.

⁷ DC Boonzaier se brief aan Tolstoi, 30 Maart 1898. LTNM, dokumentversameling 1, verwysing 207/58 (2), pp. 1-2.

⁸ DC Boonzaier se brief aan Tolstoi, 30 Maart 1898. LTNM, dokumentversameling 1, verwysing 207/58 (2), p. 3.

handtekening op veilig aangekom het. “It may interest you to know,” het Boonzaier (in Engels) geskryf, “that your work finds thousands of admirers even in this far off land and the little painting will therefore be regarded as one of the most interesting in my collection.”⁹

In 1915 het Boonzaier ’n personeellid geword by die pas gestigte Nasionale Party-lyfblad *De Burger*, en vir die volgende 25 jaar het hy politieke spotprente vir die koerant geteken. Tolstoi het hom bly fassineer en dit het daartoe gelei dat hy kontak gemaak het met Alexandra Tolstoi, die skrywer se jongste dogter en sekretaresse. Sy het Rusland verlaat en haar in die Verenigde State gevestig. Boonzaier het in Mei 1935 aan haar geskryf en sy het agt maande later geantwoord: “I am happy you loved my father,” het sy (in Engels) geskryf. “The more I live (I am 51) the more I understand his ideas and believe in the teaching of Christ.”¹⁰

Nog ’n Afrikaanssprekende korrespondent van Tolstoi was Gustav Preller, ’n bekende joernalis en ’n vurige voorstander van die erkenning van Afrikaans as ’n amptelike taal; hy was ook later die medestigter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In September 1908, toe hy aan Tolstoi geskryf het, was hy ’n subredakteur van *De Volkstem*, lyfblad van Het Volk, Louis Botha se pro-Afrikaner-party in Transvaal. Preller het ’n kortverhaal van Tolstoi in Afrikaans vertaal. Die verhaal het, tesame met ’n kort biografiese skets van Tolstoi, op laasgenoemde se verjaardag in *De Volkstem* verskyn.


Preller het die uitgawe aan Tolstoi gestuur en in ’n begeleidende brief verduidelik dat dit ’n huldeblyk aan die skrywer se bydraes tot internasionale humanisme was. Met verwysing na die Russiese skrywer se anti-imperialistiese standpunt het Preller (in Engels) daarop gewys dat die lesers van *De Volkstem* “having so lately experienced the crying wrongs against which you inveigh, appreciate the principles of nasionality [*sic*] which you preach”.¹¹ Dit is te betwyfel of Tolstoi dié opmerking sou waardeer het, want hy het nie net nasionalisme verwerp nie, maar selfs ook patriotisme. Daar is geen aanduiding dat hy Preller geantwoord het nie.

Een van die redes waarom Tolstoi se werk in die laat neëntiende en vroeë twintigste eeu tot Afrikanernasionaliste gespreek het, kan wees dat hulle die Russiese skrywer beskou het as iemand wat alles wat Engels was, gehaat het. Sy Amerikaanse vertaler, IF Hapgood, wat hom in 1889 op Jasnaja Poljana besoek het, het vertel dat Tolstoi die Britte beskou het as “the most brutal nation on earth”. Volgens haar het Tolstoi hulle beskuldig van wreedheid, swak maniere en die verering van kru mag en geweld (Hapgood, 1895:183). Dit was egter glad nie die waarheid nie. Tolstoi het wel die militarisme en beskawende pretensies van liberale imperialisme verafsku, maar hy het ’n deeglike kennis van die Britse geskiedenis en literatuur gehad. Hy het Charles Dickens hoog aangeskryf. Tog het die pers in die Britse Ryk die kritiese opmerkings wat Hapgood aan Tolstoi toegeskryf het, so dikwels aangehaal dat hy mettertyd as ’n Anglofoob bestempel is (“The news of the world” in *The Sphere*, 1900). Preller het skynbaar ook dié idee gehad. In sy voorwoord by ’n versameling van Tolstoi se kortverhale het hy gekonsentreer op die Russiese skrywer se vermeende anti-Engelse vooroordeel, sy veroordeling van Britse parlementêre instellings en sy hekel aan Shakespeare (Tolstoi, 1925). Daar moet egter nog vasgestel word of die Afrikanernasionaliste besef het dat Tolstoi hom doelbewus afsydig van die pro-Boereveldtog gehou het en dit selfs teen die inwoners van Transvaal en die Oranje-Vrystaat gehou het dat hulle die wapen opgeneem het om hulle republieke te verdedig.

⁹ DC Boonzaier se brief aan Tolstoi, 29 Junie 1898. LTNM, dokumentversameling 1, verwysing 207/58 (3), pp. 1-1 hersien.

¹⁰ A Tolstoy se brief aan DC Boonzaier, 22 Januarie 1936. Argief van die Universiteit van Suid-Afrika, Wagener Spesiale Versameling, WAGE4730, p 2.

¹¹ G S Preller’s letter to L Tolstoy, September 1908. LTNM, fonds 1, reference 2419, p 2.



Leo Tolstoy
20 June 1898.

3.2 Afrikaanse vertalings

Mohandas Gandhi was moontlik die eerste vertaler van Tolstoy in Suid-Afrika. Sy koerant, *Indian Opinion*, het sy liberale weergawes van die Russiese skrywer se didaktiese stories gepubliseer in Gujarati, 'n taal wat deur Indiese immigrante gepraat is. Die eerste daarvan – “God Sees the Truth but Waits”, 'n gelykenis van vergiffenis wat uit Engels vertaal is – het in 1905 in die *Indian Opinion* verskyn (Gandhi, M. 1968–1994, Vol 5:167. “Wonderful is the way of God”). Dit is gevolg deur Gandhi se gunstelingverhaal deur Tolstoy: 'n toeganklike illustrasie van niegewelddadige verset genaamd “The Tale of Ivan the Fool” (Gandhi, M. 1968–1994, Vol 11:164-165, “The fool and his brothers”).

Hoewel geen vertalings in sogenaamde Afrikatale (Ntu-tale) verskyn het nie, is Tolstoy se kortverhale en novelles in Afrikaans gepubliseer. Tolstoy was die eerste Russiese skrywer wie se werk in Afrikaans gepubliseer is. Hier bo is genoem dat 'n vertaling deur Gustav Preller

van 'n Tolstoi-kortverhaal in 1908 in *De Volkstem* verskyn het; dit is sover bekend die vroegste Afrikaanse vertaling van een van Tolstoi se literêre werke.

In 1925 het Preller en sy medewerkers die vroegste Afrikaanse versameling van vyf van Tolstoi se verhale gepubliseer; dit is oorgesit uit Nederlandse en Engelse vertalings (Tolstoi, 1925; sien ook 'n kritiese resensie deur "X" in die *Rand Daily Mail*, 1925). Die volgende versameling, vertaal deur Ida Theron, het twee jaar later verskyn (Tolstoi, 1927). Nog Afrikaanse vertalings het tussen 1933 en 1960 verskyn. Dit het die novelle *Die dood van Iwan Iljitsj* ingesluit wat deur die akteur, aanbieder en linguïst Alewyn Lee vir die radio verwerk is; Lee het ook bekroonde produksies van Tsjechov-dramas geregisseer (Tolstoi, 1933; Tolstoi, 1950; Tolstoi, 1960). Geeneen van die Afrikaanse vertalings van Tolstoi is skynbaar regstreeks uit Russies gedoen nie; die brontaal was in die meeste gevalle Engels, hoewel die novelle *Die Kosakke* uit Spaans vertaal is (Tolstoi, 1980).

4. Suid-Afrikaanse skrywers oor Tolstoi

4.1 Net fiksie

In die vyftigerjare van die vorige eeu het die Nasionale Party-regering beheer oor die invoer en produksie van publikasies verskerp, en Tolstoi se romans en werke deur ander Russiese skrywers het onder die aandag van die sensore gekom. Daar is vermoed dat dié soort leesstof idees en boodskappe bevat het wat die politieke regime as ongewens beskou het. Toe strenger sensuurregulasies van krag geword het, is verskeie klassieke werke in die Russiese literatuur verbied, uit openbare biblioteke onttrek en verbrand of verpulp (Dick, 2012:94-95; Hughes, 1961:185).

In die laat 1950's het die doeanes na berig word tydelik op Tolstoi se boeke beslag gelê, hoewel dit nie onder die duisende titels verskyn het wat deur die Suid-Afrikaanse sensore verbied is nie (Hughes, 1961:185). In 1979 het die Suid-Afrikaanse doeanes 'n verbod op die invoer van *Anna Karenina* geplaas. Die verbod is opgehef nadat die sensor wat die saak ondersoek het, verklaar het dat die neëntiende-eeuse roman nie sosialistiese ideologie bevorder het of kommentaar bevat het wat as kritiek op die politieke situasie in Suid-Afrika gebruik kon word nie (Lyster, 2018:100, 105-106). Desondanks het Tolstoi se werke selfs tydens die beheptheid met die "Rooi Gevaar" in Engelse en Afrikaanse vertalings in boekwinkels beskikbaar gebly.

Suid-Afrikaanse skrywers van verskillende etniese en rasseagtergronde, met inbegrip van die Nobelpryswenner Nadine Gordimer en JM Coetzee, wat Russiese literatuur as 'n alternatief vir die Westerse kanon beskou het, het by Anton Tsjechof, Fjodor Dostojefski, Leo Tolstoi en Iwan Toergenev geleer. Hulle ontsag vir en bewondering van groot Russiese romans is skynbaar nie verminder deur die feit dat hulle die werke as vertalings, dus in middellike vorm, gelees het nie. In 'n onderhoud met 'n Russiese vaktydskrif het André P Brink gesê dat sy nastrewing van die meesterskap van Tolstoi en Dostojefski van hom die skrywer gemaak het wat hy was (Korochantsev, 1992:28). JM Coetzee het genoem hoeveel hy verskuldig was aan die neëntiende-eeuse Russiese realistiese prosa omdat dit die onbereikbare standaard gestel het wat 'n romansier moet streef om te bereik: "the standard of the master Tolstoy on the one hand and of the master Dostoevsky on the other" (Coetzee, 2008:227).

Suid-Afrikaanse skrywers is skynbaar nie deur Tolstoi se niefiksie begeester nie. 'n Mens tref selde 'n vermelding van Tolstoi se filosofiese geskrifte in hulle werk aan. Dit was nie altyd die geval nie, soos ek reeds aangetoon het. 'n Belangrike voorbeeld van waardering vir Tolstoi se filosofie in Suid-Afrika is Mohandas Ghandi se aanvaarding van sy etiese beginsels in Natal en Transvaal. Gandhi was van mening dat van al die Europese denkers Tolstoi die grootste invloed op hom gehad het (Gandhi, 1968–1994, vol. 37:261 – toespraak by geleentheid van die herdenking van die honderdste jaardag van Tolstoi se geboorte, 10 September 1928). In Suid-Afrika het Ghandi sy leer van lydelike verzet (satyagraha), waarby Tolstoi se idees ingesluit is, ontwikkel. Die landbougemeenskap in Transvaal wat deur Ghandi en sy vriend en medewerker Hermann Kallenbach vir satyagraha-kampvegters en hulle gesinne op die been gebring is, is die Tolstoi-plaas genoem. Gandhi het Tolstoi, met wie hy in 1909 en 1910 gekorrespondeer het, as 'n antimodernistiese filosoof, moralis en geestelike leier beskou (Hunt, 1996:263). Na Ghandi se mening het die Russiese denker fiksie hoofsaaklik gebruik om sy idees oor morele verbetering makliker verstaanbaar te maak (Gandhi, 1968–1994, vol 11:176 – “The late lamented Tolstoy the Great”).

Selfs in die vroeë twintigste eeu is Tolstoi se etiese leer egter nog dikwels as utopies bestempel en verwerp (sien bv. *The Sphere*, 1900, “The news of the world”). Roy Campbell het aangevoer dat die kritici Tolstoi se humanistiese prestasie misgekyk het: “the superb courage of his gestures, in their ineffectuality”. Volgens Campbell was dit die Indiërs onder leiding van Ghandi wat Tolstoi se leringe werklik gewaardeer en toegepas het (Hughes, 1926:46). Desondanks het die ontsag vir Tolstoi as denker en die waardering vir sy niefiksie afgeneem.

JM Coetzee se *alter ego* in *Diary of a Bad Year* sê dat dié wat hulle vir (spirituele) verligting tot Tolstoi en Walt Whitman gewend het, mislei is, want nie een van dié twee groot literêre figure nie “had much wisdom to offer: wisdom was not what they dealt in”. Hulle leringe was gebrekkig en onoorspronklik, en dit is die rede waarom hulle volgelinge “look sadly foolish in retrospect” (Coetzee, 2008:151).

Deur hulle daarenteen tot Tolstoi en ander Russiese fiksie van die laat imperiale tydperk te wend, het Suid-Afrikaners egter uit 'n veelsydige literêre tradisie sonder ideologiese sturings geput. Die bekendste voorbeeld is die Tsjechof-dramas met hulle bewustheid van die naderende einde van 'n era. Sy boodskap van “julle kan nie so bly lewe nie” het by Suid-Afrikaanse gehore aanklank gevind (Botha, 1989:170-173).

Bowendien het Russiese literatuur voorbeelde gebied van deurlopende verzet teen magsmisbruik deur die staat. Van besondere belang vir Suid-Afrikaners in die apartheidstyd was die maniere waarop Russiese skrywers ideologiese hindernisse te bowe gekom en sensuurbeperkings omseil het om te verseker dat hulle werk wyd versprei word. Dit is bekend dat Tolstoi met sensuur geworstel het. Sowel die staat as die Russies-Ortodokse Kerk het sy leringe as 'n bedreiging beskou. Tolstoiisme, 'n Christelike beweging wat op sy leringe berus het, het nie net onder intellektuele posgevat nie, maar ook onder gewone plattelanders en kerklikes (Belyaeva, 2021:19, 34-35, 58-59). In 1901 is die skrywer geëkskommunikeer en talle van sy ondersteuners het in die gevangenis beland of is verban omdat hulle sy verbode werke versprei het (Basinsky, 2017:214-216).

In 1982 het Jack Cope die onvermoë van Afrikaanse skrywers om maatskaplike verandering in hulle land teweeg te bring betreur en voorgestel dat hulle metodes bedink om die sensors om die bos te lei, en hy het verwys na die neëntiende-eeuse Russiese skrywers, met inbegrip van Tolstoi (Cope, 1982:140, 196). In sy resensie van Cope se boek het JM Coetzee

teruggekap dat Tolstoi se invloed baie meer was as dié van enige prominente Suid-Afrikaanse skrywer. In die 1890's en 1900's "there were two Tsars in Russia, and Tolstoy was one of them. What he could not publish at home was published at once in London and Paris and read by millions. What can the Afrikaans writer learn from such an example?" (Coetzee, 1983:88).

André Brink het aan die hand gedoen dat Suid-Afrikaanse skrywers steeds teen die verbod op 'n boek kon appelleer en hulle lesers binnelands kon bereik deur in die buiteland te publiseer. Terselfdertyd moes Suid-Afrikaners tydens apartheid leer om 'n subteks te volg in fiksie wat deur die sensors goedgekeur is en om verbode boeke ondergronds te laat sirkuleer soos wat Russiese en Sowjetlesers moes doen onder hul eie outoritêre regimes (*English in Africa*, "South African writers talking", 1979:6(2)1-23).

4.2 Tolstoi se prosa as 'n stimulus vir selfondersoek

Tolstoi en Dostojefski kan volgens Coetzee 'n skrywer help om 'n eties beter kunstenaar te word: "They annihilate one's impurer pretensions; they clear one's eyesight; they fortify one's arm" (Coetzee, 2008:227). Insgelyks het Brink gemeen dat Tolstoi se hartstogtelike strewe na vrede, vryheid en geregtigheid 'n model vir sy kollegas in Suid-Afrika behoort te wees. Deur daardie ideale soos die Russiese denker en skrywer na te streef kan Suid-Afrikaners hulle land se probleme oplos (Korochantsev, 1992:28).

Die ideaal van geregtigheid gaan hand aan hand met die vraag van individuele verantwoordelikheid vir 'n onregverdige politieke stelsel, wat vir sowel Coetzee as Tolstoi van belang was. In sy roman *Age of Iron* ondersoek Coetzee aanspreeklikheid vir 'n misdaad wat deur 'n mens se voorgeslagte gepleeg is en tot oorgeërfde onbillike bevoorregting gelei het. Coetzee is geïnspireer deur Tolstoi se kortverhaal "What Men Live by?", wat in die roman genoem word (Coovadia, 2020:193, 195). Die slot van Tolstoi se gelykenis is optimisties omdat dit die bevrydende krag van liefde bevestig, maar *Age of Iron* bied geen oplossing vir die kwessie van oorgeërfde aandadigheid nie.

Die literatuur van die laat Imperiale Rusland het Suid-Afrikaanse skrywers se siening van Rusland in aansienlike mate gevorm. Die Suid-Afrikaners was bewus daarvan dat fiksie nie noodwendig die materiële werklikheid verteenwoordig nie en dat hulle beeld van Rusland, wat op Russiese romans berus het, sterk beïnvloed is deur hul eie persepsies en vertolkings. Tog het Suid-Afrikaanse skrywers op reise na Rusland na daardie beelde gesoek. Elsa Joubert het vertel dat toe sy voor die beroemde Kerk van die Verlosser op die Gestorte Bloed gestaan en die elegante geboue langs die kanaal aanskou het, sy haar in haar verbeelding die bals voorgestel het wat in die tyd van *Oorlog en Vrede* en "Prinses Bolkonski – die mooiste vrou in St. Petersburg op die groot trap" daar gehou is (Joubert, 1999:46-47). Op die Transsiberiese sneltrein het Laurens van der Post besef hoekom Tolstoi in fyn besonderhede in *Anna Karenina* beskryf het hoe 'n trein by 'n stasie inkom. Die masjien wat die onmeetlik uitgestrekte grondgebied van daardie land oorgesteek het, was steeds "a thing of wonder in the popular imagination" (Van der Post, 1964:197).

Beelde en motiewe uit Tolstoi se fiksie is ook aanwesig in outobiografiese fiksie en selfs in private korrespondensie deur gesiene Suid-Afrikaanse skrywers. Die titels van twee dele van Coetzee se gefiksionaliseerde memoires, *Scenes from Provincial Life*, is ontleen aan Tolstoi se pseudo-outobiografiese romans (*Boyhood* [*Kindertyd*] en *Youth* [*Jeugjare*]). Vir die John Coetzee van *Youth* het die herinneringe aan sy intieme verhouding of sy vrees vir 'n kernoorlog tonele uit *Oorlog en Vrede* opgeroep waarin Tolstoi se karakters skynbaar gevoel het soos Coetzee in die 1960's in Kaapstad en Londen gevoel het (Coetzee, 2002:11, 85). Ingrid Jonker

het Tolstoi aangehaal in haar liefdesbrief aan André Brink twee jaar voordat sy haar eie lewe geneem het (Galloway, 2015: Letter of 31 August 1963). Die roman *Anna Karenina* het haar met 'n donker voorgevoel gevul. In 'n brief aan Jack Cope noem Jonker die toneel waarin Karenina haar eie lewe neem en bely [in Engels]: “Only scared I'd get like that myself!” (Metelkamp, 2018:183).

Tolstoi se styl en skryfloopbaan was 'n onderwerp van introspeksie by Suid-Afrikaanse skrywers. In 1971 het die 36-jarige André Brink uitgevind dat Tolstoi op dieselfde ouderdom reeds aan die skryf was aan sy meesterwerk, *Oorlog en Vrede*. Dit was onder meer hierdie besef wat Brink aangespoor het om komplekse romans met 'n onderliggende filosofiese grondslag te begin skryf (De Kock, 2019).

JM Coetzee is dronkgeslaan deur die Russiese skrywer se vaardige vermoë om lesers se aandag te hou en van die eerste sinne van sy vertelling af hulle vertrou te wen. “No one is better at building up authority than Tolstoy,” merk Coetzee met bewondering op, en dalk selfs met 'n bietjie jaloesie (Coetzee, 2008:149). In die eerste konsepte van sy *Diary of a Bad Year* teken Coetzee aan dat hy belangstelling verloor het in noukeurige, langsame uitbeelding van die werklikheid en sien 'n parallel in Tolstoi se evolusie as 'n realistiese skrywer (Attwell, 2015:212). Tolstoi se styl het in die laaste dekades van sy lewe droër geword en sy behandeling van karakters beknop. Tolstoi het waarskynlik egter gemeen dat “he was ridding himself of the shackles that had enslaved him to appearances” sodat hy onverwyld die vraagstukke wat hom besig gehou het, kon aanpak (Coetzee, 2008:193).

Coetzee se *alter ego* in *Diary of a Bad Year* gee toe dat hy Tolstoi lees “with an uneasy, even shamefaced absorption”, “with guilty fascination” (Coetzee, 2008:150). Na Coetzee se mening ontwig Tolstoi se Christelike humanisme 'n postmoderne skeptisisme oor waarheid en die waarde van realistiese fiksie. Die sekulêre belydenis in werke deur Dostojefski en vroeë Tolstoi, wat die religieuse tradisie van selfondersoek gehandhaaf het, toon 'n groter potensiaal om die waarheid oor jouself te vind as sekulêre psigoanalise (“Interview”, in Coetzee, 1992:158, 244, 249). Dit is die rede waarom Coetzee teleurgesteld is oor Tolstoi se besluit “to set down the truth” in *Die Kreuzersonate* eerder as om die belydende bewussyn van die hoofkarakter te ondersoek ten einde te midde van selfmisleiding en selftwyfel vlugte blikke te kry op wat eintlik gebeur het (“Confession and Double Thoughts: Tolstoy, Rousseau, Dostoevsky” in Coetzee, 1992:293).

5. Gevolgtrekkings

Dit wil voorkom of Tolstoi se gewildheid onder Suid-Afrikaners baie dieselfde is as dié in Europese lande en die Verenigde State. Sy werke, veral die fiksie, was wyd verkrygbaar – ook vertalings in Afrikaans en Gujarati (een van die tale wat Indiërs in Suid-Afrika praat). Sy filosofie en religieuse en politieke siening is deur Suid-Afrikaanse kultuurleiers en politieke aktiviste bespreek en bevorder. In Transvaal was daar selfs 'n gemeenskap wat aan die Tolstoiaanse beginsels toegewy was (Gandhi se Tolstoi-plaas), wat in sommige opsigte vergelykbaar was met die Tolstoiaanse kommunes in Wes-Europa.

In die tydperk 1890–1900 het Tolstoi voortgegaan om sy leer van “geen verset teen boosheid deur geweld nie” te ontwikkel. Hy het inligting oor die Anglo-Boereoorlog gebruik om sy pasifistiese idees te toets. Sy protes teen Britse imperialisme in Afrika het aangesluit by dié van ander wêreldberoemde humanistiese skrywers, soos Bjørnstjerne Bjørnson, Theodore Dreiser, Anatole France, Romain Rolland, Bernard Shaw, Bertha von Suttner en Mark Twain. In teenstelling met die meeste van hulle het Tolstoi egter geweier om die Boere onvoorwaardelik

te steun. Hy het simpatie met die verdedigers van die Suider-Afrikaanse republieke gehad, maar as 'n beginselvaste teenstander van geweld het hy dié verdedigers veroordeel omdat hulle hulle tot 'n gewapende stryd gewend en so die doodsonde van doodslag gepleeg het.

Gedurende die oorgangs- en guerrillafase van die oorlog het Tolstoi mettertyd die voortgesette verzet deur die Boere teen die Britse inval as 'n triomf van morele krag oor immoraliteit begin beskou. Hy het die Suid-Afrikaanse militêre konflik in 'n wêreldkonteks gesien, as 'n tipiese oorlog van 'n nuwe era. In sy besinning oor die nuus uit Suid-Afrika het hy tot die gevolgtrekking gekom dat sulke oorloë deur immorele doelwitte en wyses van oorlogvoering gekenmerk word, asook deur nedeelname aan vyandelikhede deur diegene wat regstreeks by die vyandelikhede baat vind (groot entrepreneurs wat die regering manipuleer).

Volgens Tolstoi het Europese regerings nie daarin belanggestel om militarisme uit te roei nie; niegewelddadige protes deur gewone mense kon egter 'n einde aan oorlog bring. In teenstelling met diegene wat deelgeneem het aan Boergesinde veldtogte, het Tolstoi gemeen dat sodanige protes nie sy landgenote se saak was nie, want hulle hoofsaak moes morele selfverbetering en die bestryding van ongeregtigheid in hul eie land wees.

Sy belangstelling in die gebeure in Suid-Afrika was beperk tot die Anglo-Boereoorlog en die Indiërs se burgerregteveldtog van die vroeë 1900's onder leiding van Ghandi, wie se leer van satyagraha deels op Tolstoi se etiese leringe berus het. Nietemin, Tolstoi se invloed op Afrikanerkultuur was vir meer as 'n eeu merkbaar. Afgesien van regstreekse kontak, soos besoeke en briewe aan hom, het Afrikanerkultuurfigure sy werk bevorder, sy fiksie in Afrikaans vertaal en vertalings het in bykans elke dekade tot die 1990's verskyn. Hoewel die apartheidregime soms die invoer van sy romans opgeskort het, is dit nooit formeel verbied nie.

Soos ander van die voorste romansiers van die laat Imperiale Rusland is Tolstoi deur Afrikaanse skrywers beskou as 'n navolgenswaardige realistiese skrywer wat standarde gestel het waarna hulle gestreef het maar dikwels ook as onbereikbaar beskou het. Dit het egter slegs sy fiksie gegeld, want sy konfessionele en filosofiese geskrifte is skynbaar nie deur Afrikaanse skrywers erken nie, veral nie ná die Tweede Wêreldoorlog nie. Vir dié skrywers was Tolstoi hoofsaaklik 'n skrywer van fiksie. Sy werk het gefigureer in Suid-Afrikaanse literêre debatte oor verzet teen magsmisbruikende owerhede en sensuur. Sy fiksie het Suid-Afrikaners herinner aan die humanistiese ideale wat die riglyne moes wees vir diegene wat positiewe verandering in 'n onregverdig, diep verdeelde samelewing teweeg wou bring. Tolstoi se werk het introspeksie gestimuleer, maar ook besinning oor literêre meesterskap, die etiese standarde van 'n skrywer en 'n mens se lewensdoel.

Erkennings

Die skrywer betuig sy dank vir die gulhartige hulp van prof. William Beinart, St Anthony's College and African Studies Centre, Universiteit van Oxford; prof. Catherine du Toit, Voorsitter: Departement Moderne Vreemde Tale, Universiteit Stellenbosch; Olga Gladun, Kurator: Gedenkbiblioteek by die Leo Tolstoy-Huis, en die personeel van die Jasnaja Poljana Nasionale Museum en Natuureservaat, Rusland; Jennifer Kimble, Hoofbibliotekaris: Manuskripversameling, Brenthurst-biblioteek, Johannesburg; Svetlana Novikova, Hoof: Manuskripdepartement, en die personeel van die Leo Tolstoi Nasionale Museum, Moskou; en Anri van der Westhuizen, Bestuurder: Biblioteek- en Inligtingsdiens, Unisa-argief, Pretoria.

BIBLIOGRAFIE

- Attwell, D. 2015. *JM Coetzee and the life of writing: Face-to-face with time*. New York: Viking.
- Babayev, EG. 1965. Inostrannaya pochta Tolstogo. In *Literaturnoye nasledstvo*. Volume 75(1). Moscow: Nauka.
- Basinsky, P. 2017. *Lev Tolstoy. Svobodny chelovek*. Moscow: Molodaya Gvardiya.
- Beinart, W. 2003. *The rise of conservation in South Africa: Settlers, livestock, and the environment 1770–1950*. Oxford: Oxford University Press.
- Belyaeva, UP. 2021. *Tolstovstvo kak religiozno-etichesky fenomen otechestvennoy kultury: teoriya i praktika*. Lipetsk: PP Semyonov-Tyan-Shansky Lipetsk State Pedagogical University.
- Biryukov, PI. 1923. *Biografiya Lva Nikolayevicha Tolstogo*. Volume 4. Moscow; Petrograd: Gosudarstvennoye Izdatelstvo.
- Botha, E. 1989. Anton Chekhov: Reception of a Russian dramatist in South Africa. In Mondry, H (ed.). *The waking sphinx: South African essays on Russian culture*. Johannesburg: The Library, University of the Witwatersrand.
- Brooke Simons, P. 1999. *Apples of the sun being an account of the lives, vision and achievements of the Molteno brothers, Edward Bartle Frere and Henry Anderson*. Vlaeberg: Fernwood Press.
- Cape Times. 1901. Lecture on Tolstoi, 17 July, p. 11.
- Coetzee, JM. 1983. [An untitled review of Jack Cope. *The Adversary Within: Dissident Writers in Afrikaans* (1982)]. *English in Africa*, 10(1):85-89.
- Coetzee, JM. 1992. *Doubling the point: Essays and interviews*. Cambridge, Mass. & London: Harvard University Press.
- Coetzee, JM. 2008. *Diary of a Bad Year*. London: Vintage.
- Coovadia, I. 2020. *Revolution and non-violence in Tolstoy, Gandhi, and Mandela*. Oxford: Oxford University Press.
- Cope, J. 1982. *The adversary within: Dissident writers in Afrikaans*. Cape Town: David Philip; Atlantic Highlands, New Jersey: Humanities Press; London: Rex Collings.
- Cronwright-Schreiner, SC (ed.). 1924. *The letters of Olive Schreiner 1876–1920*. London: Unwin.
- De Kock, L. 2019. *The love song of André P Brink: A biography* [Johannesburg & Cape Town: Jonathan Ball Publishers. [Electronic version with unnumbered pages.]
- Dick, AL. 2012. *The hidden history of South Africa's book and reading cultures*. Toronto; Buffalo; London: University of Toronto Press.
- Scholtz, JduP. 1976. Boonzaier, Daniël Cornelis. In De Kock, WD (ed.). *Dictionary of South African biography*. Volume 1. Pretoria: The Human Sciences Research Council, pp 93-96.
- English in Africa*. 1979. South African writers talking: Nadine Gordimer, Es'kia Mphahlele, André Brink, 6(2):1-23.
- Foster, J. 2013. *Transnational Tolstoy: Between the West and the world*. London: Bloomsbury Academic.
- Galloway, F. (ed.). 2015. *Flame in the snow: The love letters of André Brink & Ingrid Jonke*. Cape Town: Umuzi. [Electronic version with unnumbered pages.]
- Gandhi, M. 1968–1994. *The collected works of Mahatma Gandhi*. New Delhi: Government of India.
- Garmashova, I. 2001. South African perceptions of Russians: A personified portrait. *Language Matters*, 32(1):79-95.
- Gorelik, B. 2016. A Russian prince in a Boer republic: A memoir of Bloemfontein by Grigory Volkonsky. *Bulletin of the National Library of South Africa*, 70(1):36-38.
- Gorelik, BM. 2023. Yuzhnoafrikanskije posetiteli Tolstogo. In Gladkova, V. (ed.), *Materialy nauchnykh sessiy 2022 goda v Gosudarstvennom muzee LN Tolstogo*. Moscow: RG-Press.
- Hapgood, IF. 1895. *Russian rambles*. Boston & New York: Houghton, Mifflin & Company; Cambridge: The Riverside Press.
- Hughes, J. 1961. *The new face of Africa south of the Sahara*. London: Longmans, Green & Co.
- Hughes, MA [Campbell, R]. 1926. Tolstoy and Dostoevsky. *Voorslag*, 1(1):46-52.
- Hunt, JD. 1996. Gandhi, Tolstoy, and the Tolstoyans. In Dyck, HL (ed.). *The pacifist impulse in historical perspective*. Toronto: Buffalo; London: University of Toronto Press, pp 260-277.
- Hyslop, J. 2004. *The notorious syndicalist: JT Bain: A Scottish rebel in colonial South Africa*. Johannesburg: Jacana Media.

- Iron, R [Schreiner, O]. 1893. Afrikanskaya ferma. *Vestnik inostrannoi literatury*, 10:63-136. LN Tolstoy National Museum and Nature Reserve Yasnaya Polyana, KP-1816/915.
- Jackson, J-M. 2015. *South African literature's Russian soul: Narrative forms of global isolation*. London & New York: Bloomsbury Academic.
- Joubert, D. 2018. My oupa besoek Leo Tolstoi. *De Kat*, Lente:64-66.
- Joubert, E. 1999. Van paleise, kerke en riviere. *Insig*, 5(140):46-47.
- Kestell, JD. 1903. *Through shot and flame*. London: Methuen & Co.
- Korochantsev, A. 1992. André Brink o literature iazyke. *Asia and Africa Today*, 10:25-28.
- Kurbak, M. 2015. *John Maxwell Coetzee. Mysli postoronnego*. Moskva: Politicheskaya entsiklopediya.
- Kuzina, LN (ed.). 1961. Tolstoy v posledneye desyatiletie svoey zhizni. Po zapisyam v dnevnike M S Sukhotina. In *Literaturnoye nasledstvo*. Volume 69(2). Moscow: USSR Academy of Sciences.
- L'Aurore*. 1900. Tolstoi et la guerre du Transvaal, 864:1.
- Leyds, WJ. 1931. *Derde verzameling (Correspondentie 1900)*. Deel 1. Dordrecht: Geuze.
- Lyster, RS. 2018. A history of apartheid censorship through the archive. Unpublished doctoral thesis. Cape Town: University of Cape Town.
- Malan, R. 1990. *My traitor's heart*. New York: The Atlantic Monthly Press.
- Mann, T. 1957. *Essays*. New York: Vintage Books.
- Maude, A. 1901. *Tolstoy and his problems*. London: Grant Richards.
- Metelkamp, P. 2018. *Ingrid Jonker: 'n Biografie*. Kaapstad: Penguin Random House South Africa.
- Nowak, H. 1986. Leo Tolstoy on the Anglo-Boer War. *Africana Notes and News*, 27(4):149-154.
- Ons Land*. 1900. Graaf Tolstoi over den oorlog, 15 Maart, p. 6.
- Orlitsky, S. 1900. U grafa N Tolstogo. *Russkii listok*, 8:1.
- Popescu, M. 2010. *South African literature beyond the Cold War: Eastern Europe in the South African cultural imaginary*. New York: Palgrave Macmillan. [Electronic version with unnumbered pages.]
- Posse, VA. 1929. *Moy zhiznenny put*. Moskva: Zemlya i Fabrika.
- Reynold's News*. 1900. Tolstoy on the war, 14 January, p 1.
- Schreiner, O. 1998. *The story of an African farm*. Oxford & New York: Oxford University Press.
- Shifman, AI. 1969. Lev Tolstoy i anglo-burskaya voyna, *Narody Azii i Afriki*, 1:76-86.
- Shifman, AI. 1971. *Lev Tolstoy i Vostok*. Moscow: Nauka.
- South Africa Conciliation Committee. 1899–1902. Leaflets & pamphlets issued by the South Africa Conciliation Committee. Pamphlet volume produced by the publisher. LN Tolstoy National Museum and Nature Reserve Yasnaya Polyana, KP-1805/223.
- Strydom, TJ. 2022. *Koos Bekker's billions*. Cape Town: Penguin Random House. [Electronic version with unnumbered pages.]
- The Clarion*. 1900. Socialist views on war and imperialism. 10 March, p. 78.
- The Globe*. 1900. Count Tolstoi and the Boers, 26 January, p. 5.
- The Sphere*. 1900. The news of the world, 3 February, p 45.
- Tolstaya, A. 2001. *Otets. Zhizn Lva Tolstogo*. Volume 2. Moskva: SPARRK.
- Tolstaya, SA. 1978. *Dnevnik*. Volume 1. Moskva: Khudozhestvennaya Literatura.
- Tolstoi, L. 1925. *Baas en kneg, en ander verhale van Liof Tolstoi*. Vertaal deur GS Preller. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Tolstoi, L. 1927. *Vreemde goud: Verhale en sketse uit Tolstoi se werke*. Vertaal deur I Theron. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Tolstoi, L. 1933. *Russiese volksvertellinge: Verhale*. Vertaal deur AE Carinus. Pretoria: Van Schalk.
- Tolstoi, L. 1950. *Elf verhale*. Vertaal deur F Jordaan. Kaapstad: Afrikaanse Kulturele Leserskring.
- Tolstoi, L. 1960. *Die dood van Iwan Iljitsj*. Vertaal deur A Lee. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Tolstoi, LN. 1900. Während des Transvaalkrieges. *Die Zukunft*, 30:374-375.
- Tolstoy, L. 1900. *The slavery of our times*. Translated by A Maude. Maldon, Essex: The Free Age Press.
- Tolstoy, L. 1903. *Essays and letters*. Translated by A Maude. London: Grant Richards.
- Tolstoy, L. 1930. *What is art and other essays on art*. Translated by A Maude. Oxford: Oxford University Press.
- Tolstoy, L. 1934. *What then must we do?* Translated by A Maude. Oxford: Tolstoy Society; Oxford University Press.

- Tolstoy, L. 1967. *Tolstoy's writings on civil disobedience and non-violence*. New York: Bergman Publishers.
- Tolstoy, L. 1978. *Tolstoy's letters*. Selected, edited and translated by RF Christian. Volume 2. London: The Athlone Press, University of London.
- Tolstoy, L. 1980. *Die kosakke*. Roodepoort: Newman Art.
- Tolstoy, LN. 1928–1958. *Polnoye sobraniye sochineniy*. Moskva: GIZ/GIKhl.
- Van der Post, L. 1964. *Journey into Russia*. London: The Hogarth Press.
- Volkonsky, G. 1900. *Pour les Boers contre l'impérialisme*. Preface du Comte L Tolstoï, Genève. LN Tolstoy National Museum and Nature Reserve Yasnaya Polyana, KP-1805/243.
- Westra, PE. 1994. DC Boonzaier en die kunslewe aan die Kaap. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek*, 45(2):4-10.
- X (*pseud.*). 1925. Tolstoi in Afrikaans. *Rand Daily Mail*, 26 September, p. 6.

Redakteursnota

Theo du Plessis verwys met waardering na Anel Becker en Ernest van Eyck (Desember 2023:737-755) se vergelykende lees van opvattinge oor “die ander” in sowel die Evangelie van Lukas as die leerstelling van die Joodse filosoof Emmanuel Lévinas. As non-teoloog vind Du Plessis dit interessant dat sowel Jesus (Yeshua) as Lévinas geskoold was in die Tora en die Talmoed. Hulle ooreenstemming in opvattinge oor en optrede teenoor “die ander” spruit vir hom uit die “vertolking van die geskrewe Tora (van liefde en bevryding) teenoor die Fariseërs se vertolking van die mondelinge Tora van reëls en voorskrifte” (p. 341).

Die ander bydraes het almal betrekking op die diskoers oor geloof en wetenskap en verwys in besonder na Sakkie Spangenberg se artikel in die Desember 2023-nommer, maar bring ook die viertal artikels van Johan Dreyer en Kobus van der Walt wat in die Junie 2023-nommer geplaas is in berekening; dit neem verder ook kennis van enkele reaksies in die openbare pers.

As “filosofiese kommentator met ’n agtergrond as skrywer van fiksie” (p. 344) meen **Charl Pierre Naudé** dat ’n derde blik op die vermeende, en volgens hom oorvereenvoudigde, botsing tussen natuurwetenskaplike beskoulikheid en die Skeppingsverhaal oorweeg moet word. Naas die wetenskaplike en teologiese is daar ook kennisvelde soos die filosofiese en die estetiese wat ’n kardinale rol speel in die mens se onregstreekse waarneming van die werklikheid deur ’n bewus wees van die metaforologiese aard van alle kennis. Hy meen dat “as beide gelowige/teoloog sowel as wetenskaplike die metafoor-aard van hul ondersoek verreken, ... dit ’n ander soort sekerheid [kan] bring as wat vasstaande ‘waarhede’ belooft” (p. 348).

Johan Dreyer en **Kobus van der Walt** reageer meer spesifiek op Sakkie Spangenberg se Desember 2023-artikel. Ná ’n puntsgewyse behandeling van ’n aantal “geldige vrae” beklemtoon die outeurs onder meer dat hulle nie voorstanders is van ’n “fundamentalistiese, letterlike lees en verstaan van die skeppingsverhaal in Genesis” nie; dat dit nodig is om die skeppingsverhaal te herinterpreteer deur van resente natuurwetenskaplike data gebruik te maak en dat sodanige herinterpretasie dit moontlik maak “om die Bybelse skeppingsverhaal tot ’n groot mate met resente natuurwetenskaplike teorieë te versoen”. Weens die betreklikheid van alle kennis en die voortdurende ontwikkeling van navorsing meen hulle dat dit nodig is “... om ’n respekvolle debat te bly voer wat beide wetenskaplike waarhede en individuele oortuigings eerbiedig” (p. 356).

In sy artikel oor die geloof-wetenskap-diskoers neem **Henk Stoker** standpunt in teen die afwysing van navorsing (selfs pogings tot onderdrukking of sensuur daarvan soos geblyk het uit menings in die pers) wat oënskynlik verband hou met kritici se persoonlike oortuigings. Hy meen dat wetenskaplike ondersoek gekenmerk behoort te word deur “’n onbevooroordeelde benadering, wat die geleentheid skep dat bevindinge eerlik geïnterpreteer kan word om tot die mees waarskynlike gevolgtrekkings te lei” (p. 359). Die vier artikels waarteen Spangenberg reageer, is “navorsing wat natuurwetenskaplik en kosmologies op die oorsaak en die fyn-ingesteldheid van die heelal ingaan, asook op die presisie van kosmiese konstante wat alles, ook lewe, moontlik maak, sowel as op die oorsprong van die gekodeerde inligting in die DNS van lewende selle” (p. 373).

Hy bespreek Spangenberg se hoofpunt van kritiek, naamlik dat die outeurs se aanvaarding van die Mosaïese outeurskap van die Pentateug nie rekening hou met resente Bybelwetenskaplike navorsing nie. Spangenberg se onderskrywing van die sogenaamde bronnehipotese,

naamlik dat die Pentateug 'n menslike samevoeging van verskeie (teenstrydige) dokumente sou wees, word vergelyk met resente navorsing, waar navorsers, op grond van problematiese aspekte van die bronnehipotese, “terugkeer na die siening dat die Pentateug grootliks deur een outeur saamgestel is, 'n geheel vorm en as sodanig betroubaar is” (p. 359). Bowendien meen Stoker dat die bronne/dokumente-teorie “... hoogstens 'n hipotese [is], maar 'n feit of 'n voorwaarde vir Bybelwetenskap is dit beslis nie” (p. 371).

Spangenberg se bevraagtekening van die outentisiteit van die Skeppingsverhaal in Genesis, lei daartoe “dat [hy] ... resente navorsing oor die merkwaardige ooreenstemming tussen dit wat in die Bybel staan, byvoorbeeld oor die ontstaan van alles, in vergelyking met moderne wetenskaplike bevindinge, nie as navorsingswaardig kan ag nie” (p. 361).

Dit is duidelik dat die geloof-wetenskap-diskoers baie belangstelling uitgelok het en dat dat daar ongetwyfeld nog ruimte is vir indringende bespreking van verskeie aspekte. Die redaksie nooi lesers hiermee weereens uit om te reageer op die debat en die tersaaklike kontensieuse kwessies wat daardeur te berde gebring word. Reaksies kan wissel vanaf 'n (kort) meningstuk tot 'n volwaardige navorsingsartikel. Ons beklemtoon weereens dat debat en diskoers oor enige en alle belangwekkende vraagstukke vanuit verskillende uitgangspunte verwelkom word.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

E-posadres: publikasies@akademie.co.za

Kommentaar op Becker-Ferreira en Van Eck se artikel, “Die ‘ander’: Lukaanse Jesus en Lévinas” in *TGW* 63(4):737-755

THEO DU PLESSIS

Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies
 Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Suid-Afrika
 E-pos: dplesslt@ufs.ac.za

Anel Becker-Ferreira en Ernest van Eyck moet gelukkig word met ’n na my mening waagmoedige poging met hulle sosiaalwetenskaplike vergelyking van die Lukaanse Joodse Yeshua (“Jesus”)¹ en die Joodse filosoof Emmanuel Lévinas se hantering van die “ander”. Hiermee dra hulle betekenisvol by om die Joodsheid van Yeshua se leerstellinge en daaglikse handel en leefwyse uit te lig, iets wat nie vir die algemene Christen (en dalk selfs sommige teoloë en predikers) vanselfsprekend is nie. Deur dit met die leerstellinge van ’n relatief meer eietydse filosoof en leermeester soos Lévinas te vergelyk, beklemtoon die twee outeurs in werklikheid die universaliteit van hierdie leerstellinge van die Hebreëuse geloof. Hulle keuse van die boek *Lukas* as vergelykingsbasis – een van die min van die sogenaamde “Nuwe Testament” (NT)² deur ’n Niejood geskryf – is insiggewend omdat ’n mens dalk vanselfspre-

¹ Wanneer gaan teoloë begin om die oorspronklike name van Bybelse persone te gebruik in plaas van die betekenislose vertaalde name, in hierdie geval “Jesus”, oorgeneem uit die Grieks “Iesous” (uitgespreek “ee-ai-sous”)? Die Grieks verduister al die Joodse (Hebreëuse) oorsprong van die naam en die Verafrikaansing daarvan nog verder (ook al omdat en kontra die Afrikaanse klankstelsel die Engelse en nie Nederlandse uitspraak nie nagevolg word). Hierdie konvensie van transliterasie bestaan tog nie vir die name van belangrike persone nie. Volodymyr Zelenskyy se naam word nie vertaal nie, so ook nie dié van Jacob Zuma, Joe Biden ensovoorts nie. Die Hebreëuse naam van Israel se Eerste Minister, Benjamin Netanyahu, word wel getransliterer maar nie vertaal nie. Dit is wat ’n mens sou wou gesien het met die name in die Bybel. Yeshua is die getranslitererde weergawe van die oorspronklike naam wat letterlik “verlossing” beteken. Die hele beweging vir die herstel van die Hebreëuse wortels van die Christelike geloof is darem nou al ’n tydjie op gang en het reeds noemenswaardige publikasies opgelewer. Ek verwys hier terloops na die werk van hoog aangeprese Messiaans-Joodse teoloë soos David Stern en Joseph Shulam. Buiten onder meer Stern se noemenswaardige Verjoodsing (eintlik normalisering) van die sogenaamde “Nuwe Testament” (Stern, 1989) en sy gepaardgaande kommentaar hierby (Stern, 1992) en Joseph Shulam (saam met Hilary le Cornu) se omvangryke twee-volume studie oor die Joodse oorsprong van die boek *Handelinge* (Shulam & Le Cornu, 2003) asook hulle Galasiërs-kommentaar (Le Cornu & Shulam, 2005) bestaan daar talryke legitieme, populistiese webtuistes soos <https://hebrew4christians.com/index.html#loaded> wat uitdrukking gee aan hierdie beweging. Een van die uitkomstes van hierdie proses is die herstel van die oorspronklike name van die Bybel ten einde hulle te Verjoods en te Onchristelik sodat waarde aan hulle betekenis gegee en ook op gepaste wyse respek getoon word.

² ’n Misleidende kerklike semantiese konstruksie, een van die opvallende produkte van die verplasingsteologie of die sogenaamde supersessionisme, wat leer dat die sogenaamde “Kerk” Israel in God se plan vervang het (kyk Vlach, 2009; Shulam & Le Cornu, 2003: xxxvi). Dit druis natuurlik in teen die lering dat die Christendom by Israel ingeënt is deur aanvaarding van die Joodse Messias (kyk Stern, 1992:53). (Ook die woord “kerk” is ’n produk van hierdie teologie. Die relevante Hebreëuse begrip is *kehillah* en word ook so in die Tweede Tempel Periode gebruik om te verwys na gemeentes en hulle samekomste, waardeur kontinuïteit met die Eerste Tempel

kend by hom 'n ietwat groter beligting van die “ander” sou kon verwag het. Hulle analyses van pasassies uit hierdie boek waar die “ander” ter sprake kom (die man wat op Shabbat genees is, die opwekking van die weduwee se seun, die Zakkai-insident [“Saggéús”] ensovoorts) is interessant en besonder verrykend en veral hulle vergelyking daarvan met die werk van Lévani. Vir my besonder is hulle vasstelling van verstommende ooreenkomste by die betrokke twee leermeesters se opvatting oor die “ander”. Dit is wat my betref een van die groot winste van hulle studie.

Juis omdat hierdie vasstelling so insiggewend is, het die vraag by my ontstaan hoe dit nou kan dat twee Joodse leermeesters wat meer as 2 000 jaar uitmekaar geleef het die “ander” so opvallend op soortgelyke wyse takseer? Ofskoon die outeurs wel 'n verklaring hiervoor aanbied deur te verwys na 'n verskeidenheid ooreenkomste in die twee se opvoeding en agtergrond as “tradisionele” ('n mens sou selfs in vandag se terme kon sê “ortodokse”) Jode, voel ek tog dat hulle dalk 'n bietjie dieper op hierdie aspek moes ingegaan het. Presies wát omtrent hierdie gedeelte “agtergrond” maak dat Yeshua en Lévinas so dieselfde dink oor die “ander”? As non-teoloog wil ek graag ter ondersteuning van hulle uitstekende studie 'n antwoord hierop waag. Vir my lê die antwoord op die vraag waarom die twee leermeesters so dieselfde oor die “ander” dink by waarna Bouckaert (1972: 681) as “de Joodse inspiratie” verwys, 'n begrip wat ek saaklik wil behandel.

Joodse inspirasie

Wat ek na aanleiding van Bouckaert se beskouing van Lévinas verstaan, is dat laasgenoemde 'n Tora- en Talmoediaanse geskoolde was. Uit getuienis oor Yeshua in die “Evangelies”³ weet ons dat hy ook as leermeester of rabbi erken en selfs geëer is, uiteraard in die manier waarop hy aangespreek is maar ook op basis van die deurlopende kritiese dialoog tussen hom en die Fariseërs (Perushim), een van die twee prominente strydende Joodse denkskole van die Tweede Tempel Periode (TTP) (kyk onder meer Luk. 3:12, 5:5, 7:40, 8:24, 9:33, 38, 10:25, 11:45, 12:13, 17:13, 18:18, 19:39, 20:21, 21:7).⁴ Trouens, in Luk 20:21 gee die Fariseërs selfs toe dat wat Yeshua leer, reg is en dat hy die *Derech* (Weg) waarheidsgetrou leer. Yeshua het hierdie erkenning sekerlik nie slegs op basis van sy Tora-kennis geniet nie maar ook vanweë sy kennis van die mondeling oorgelewerde leringe van wat vanaf ongeveer 200 van die Algemene Era (CE) as die Talmoed gekodifiseer is (kyk Stern, 1992:917). Dit val op in Yeshua se dialoog met die Fariseërs wat hom deurentyd op beide kwessies getoets het.

Stern (1992:25) wys daarop dat in Judaïsme die woord Tora 'n velerlei betekenis het. Die woord kan inderdaad na die Pentateug (die eerste vyf boeke van Moshe [“Moses”]) verwys,

Periode bewerkstellig word. Die term is ook so gebruik om na Messiaanse gemeentes te verwys en word vandag so voortgesit. Kyk byvoorbeeld na Jersusalem se kehillah Roeh Israel (Herder van Israel) wat hierdie kontinuiteit daadwerklik bevestig (<https://netivyah.org/about/congregations/>). Die Griekse poging tot 'n ekwivalent is ekklesiá (ongeveer geroepe gemeenskap) wat vanweë ideologiese vooropgesteldheid met die Onskriftuurlike konsep “kerk” vertaal word. Deur met hierdie soort Onhebreuse terminologie te volhard, soos weer in die jongste Afrikaanse Bybelvertaling, vervreem die Christendom mense net nog verder van die Hebreuse wortels van die geloof en bevorder hulle wetend of onwetend die verplasingsteologie.

³ Ook nie 'n Hebreuse konsep nie. Uit die Griekse evangelion oorgeneem. Die Hebreuse konsep besora (tov) kan as “(goeie) tyding” of “(goeie) nuus” vertaal word.

⁴ Vir die Afrikaanse vertalings is hoofsaaklik gebruik gemaak van die aanlyn 2020-weergawe van “Die Evangelie volgens Lukas” (kyk BvSA, 2020).

soos meer algemeen verstaan word, maar kan ook na die Pentateug, die Nevi'im (Profete) en die Ketuvim (Geskrifte – die Tehillim [Psalms], Mishlei [Spreekwys], Iyov [Job], Shir Hashirim [Hooglied]) asook die ander poëtiese, filosofiese en wysheidsboeke van die Hebreuse Bybel verwys. Saam vorm hierdie drie afdelings wat as die *Tanakh* (“Skryf”) of Hebreuse Bybel bekendstaan. Wanneer Rabbi Shaul (“Saul/Paulus”) van Tarsus in 2 Tim 3: 16-17 verklaar dat “elke Skrifdeel” deur Elohim (“God”) geïnspireer is, verwys hy as gesaghebbende leermeester na die *Tanakh*, in Christelike terme die “Ou Testament”.⁵

Net om dit boeiend te maak: soms kan die Nevi'im ook die Ketuvim insluit, soos inderdaad uit tipiese frases soos “die Wet en die Profete” (Luk. 16:16), “Moses en die Profete” (Luk. 2:22, 16:29, 24:26) of selfs “die Wet van Moses en die Profete en die Psalms” (Luk, 24:44), wat dikwels in die NT voorkom, blyk. Dit is verwysings wat kennelik op die *Tanakh* betrekking het. Ons kan hierdie afleiding maak op basis van verdere kontrasterende skrifverwysings soos “die wet van Moses” (Luk 2:22), “die Wet van die Here” (Luk 2:23, 24, 39) of slegs “Moses” (Luk. 5:14, 20:28, 37) en “die Wet” (Luk. 2:27, 10:26, 16:17). In hierdie gevalle het ons letterlik te make met ’n verwysing na die Pentateug, met ander verwysings na die Tora as die eerste vyf boeke van die *Tanakh*, soos vervat in die Tora-rol wat op elke Shabbat (“Sabbat”) en Tora-feesdae in sinagoge wêreldwyd voorgelees word.

Met die frase “staan geskryf” verwys Yeshua in die NT soms na die Tora (kyk Luk 4:4, 8) en soms na die *Tanakh* (kyk Luk 19:46, 24:45-48⁶), uiteraard nie na die **mondlinge** Tora nie.

Omdat Luk 6:6-11, die NT-gedeelte wat Beckett-Fereirra en Van Eck behandel, geen van hierdie verwysings bevat nie laat dit nou uiteraard vroe ontstaan oor waarop die Fariseërs hulle sou beroep het indien hulle Yeshua uiteindelik noodgedwonge moes aankla (skynbaar hulle bedoeling) en tegelykertyd waarop Yeshua hom beroep het toe hy die teenvraag gestel het, naamlik wat toelaatbaar was op die Shabbat (omtrent genesing). Dit is vroe wat deurdring tot die kern van die deurlopende dispute tussen Yeshua en die Fariseërs: oor watter Tora-lering gaan dit, die geskrewe of die mondelinge?

Om hierdie vraag te kan beantwoord, moet ons saaklik by twee kwessies stilstaan: eerstens dat die Christelike en kerklike vertolking van relevante teksgedeeltes ongelukkig nie ’n duidelike onderskeid tref tussen die gemelde twee opvattinge oor die Tora (geskrewe teenoor mondelinge) nie en tweedens dat die debatte tussen Yeshua en die Fariseërs binne die konteks van ’n veel groter konflik oor religieuse beheer tydens die TTP geplaas moet word. Hierdie twee kwessies word saaklik ter agtergrond behandel waarna ons die insigte hieruit verkry op die betrokke teksgedeelte kan toepas.

Betreffende verskillende Tora-opvattinge

Stern (1992: 25) wys daarop dat die vertaling van Tora as “Wet” in Christelike geskrifte natuurlik na die onvanpaste Griekse (poging tot ’n) ekwivalent, *nomos*, teruggevoer kan word. (Grieks kan nie die omvattende betekenis van die Hebreuse Tora uitdruk nie.) ’n Meer korrekte Afrikaanse vertaling vir Tora sal “Lering” wees (dink byvoorbeeld aan die Psalmdigter se uitvoerige verklaring van sy liefde vir God se “Lering” in onder meer Ps 119). Hierdie Leringe

⁵ Soos die “Nuwe Testament” ook ’n kerklike konstruksie en nes eersgenoemde nie konsepte wat in die *Tanakh* voorkom nie.

⁶ So spytig dat hierdie aanhaling uit die *Tanakh* volledig Verchristelik is. Vergelyk gerus Stern se openbarende Verjoodse (en herstelde) vertaling.

bevat soms inderdaad wetlike en regulatiewe aspekte (meestal met betrekking tot die tempeldiens) maar dit sou foutief wees om Elohim se Tora (Lering) met Wet te verwar, soos ongelukkig dikwels met byvoorbeeld Shemot (“Exodus”) 20 se sogenaamde “10 gebooie” (eintlik bekend as 10 woorde of stelling) gedoen word. Wanneer Yeshua die Fariseërs meermale uitdaag oor wat duidelik hulle neiging tot wettisme of hulle aandrag op die wettiese onderhouding van die geskrewe Tora is, verwys hy natuurlik na hulle aanhang van die mondelinge Tora en die afdwing daarvan op die geskrewe Tora.

Daarom is dit belangrik om te weet dat in Judaïsme daar twee tipes Tora (hetsy verwysende na die Tanakh of net na die Pentateug) onderskei word, te wete ’n geskrewe Tora (soos vervat in die Pentateug) en ’n mondelinge Tora (soos hedendaags vervat in die Talmoad). Die Talmoad is die gekodifiseerde mondeling oorgelewerde religieuse tradisies van die Hebreeuse geloof maar bevat ook leringe van rabbi’s en skrifgeleerdes oor hoe om die geskrewe Tora te interpreteer en na te leef. In heelwat gevalle verval hierdie leringe ongelukkig in stelle en stelle mensgemaakte reëls. Stern (1992:117) stel die kontras tussen die twee Tora’s treffend:

God’s rules are to serve man and enable him to better glorify God, not to enslave man and require him to glorify the rules.

Stern werk hier intertekstueel met een van Yeshua se ander Shabbat-leringe (die van Markus 2:27 – die Shabbat is vir die mens gemaak, nie die mens vir die Shabbat nie). Yeshua se vertolking van die Tora-lering oor die Shabbat in die betrokke Lukas-gedeelte het betrekking op die eerste gedeelte van Stern se opmerking en die Fariseërs se vertolking daarvan op die tweede gedeelte. Die Fariseërs verhef tipies hulle wette tot Tora-status en beskou dié soms selfs as meer gesaghebbend.

Betreffende die religieuse konflik van die TTP

Presies hierdie onderskeid tussen ’n beklemtoning van die geskrewe Tora teenoor ’n beklemtoning van die mondelinge Tora lê ten grondslag van ’n religieuse stryd wat tydens die TTP onder die Fariseërs, die P’rushim (“Afgesonderdes”) en die Sadduseërs, die Tz’dukim, afstammeling van die priesterlike familie asook ander ietwat minder prominente groeperinge (soos die “wetsgeleerdes” wat nie hier behandel word nie – kyk Stern, 1992:10) gewoed het. Die Sadduseërs was tydens die TTP nie meer heeltemal in beheer van die tempeldiens nie (deels ook die gevolg van die Hasmoniese of Makkabeër-dinastie) en het nie meer soos voorheen die toon aangegee vir die geestelike lewe van die Jode nie, soos deur die Tora voorgeskryf. Stern (1992:18) wys daarop dat die Fariseërs die gesag van die Sadduseërs uitgedaag het en groter klem op die belang van die Tora met betrekking tot jou daaglikse lewe laat val het teenoor die rol van die Tempeldiens. Volgens die hoogaangeskrewe Zeitlin (1969: 256, 267) het die kern twispunt tussen hierdie twee groepe ontwikkel rondom die status van mondelinge oorlewering omtrent die vertolking van die Tora. Die Sadduseërs het daarop gestaan dat slegs die geskrewe Tora op Jode bindend is terwyl die Fariseërs ook die mondelinge Tora as bindend beskou het. Dit was ook die basis van die strypunt tussen Yeshua en die Fariseërs.

Rachel Elior, (in Joodse kringe)⁷ kontroversiële kenner van die Joodse Mistisisme en die Dooieseerolle, beroep haar op laasgenoemde geskrifte wat volgens haar die dispuut tussen die

⁷ Joodse geleerdes soos Stern (2005) vind dat haar voorgestelde digotomie tussen priester en wysgeer nie deur voldoende getuienis ondersteun word nie, veral wat betref haar kritiek op die sogenaamde

strydenes deeglik gedokumenteer het. Sy behandel onder meer die Fariseërs se beweerde wysiging van die religieuse kalender van Vayikra (“Levitikus”) 23 vanaf ’n priesterlike sonkalender tot ’n maankalender as voorbeeld van hoe hierdie dispuut tot nadeel van die priesterdom en die Hebreeuse geloof oor die algemeen uitgespeel het. Sy redeneer dat die priesterlike kalender uitvoering gegee het aan Elohim se opdrag aan Moshe en uiteindelik ’n vergestaltung was van ’n Tora van bevryding (kyk Elior, 2014). Elior se kernargument is dat tot en met die opkoms van die Fariseër-beweging die priesters ’n Tora-lering van vryheid voorgehou het. So ’n lering gee volgens haar uitdrukking aan die onderliggende Tora-beginsel:

The love of God is demanded as a profound human obligation within the Jewish religious tradition; this love formulates a moral point of departure as a central obligatory commandment and has been maintained as a fundamental daily assertion since biblical times. (Elior, 2014)

Kyk weer na Stern se raak taksering van ’n geskrewe Tora van liefde teenoor ’n mondelinge Tora van reëls en regulasies.

Toegepas op die Shabbat-dispuut van Luk. 6:6-11

Die Fariseërs se monitering van of Yeshua reëls omtrent Shabbat-onderhouding sou breek, het betrekking op van die mondelinge tradisie se voorskrifte, dit wil sê deels hulle eie reëls. Yeshua se vraag oor wat toelaatbaar is op die Shabbat daag hierdie mensgemaakte reëls uit deur op die werklike bedoeling van die Shabbat te konsentreer. Dink aan sy ander lering omtrent die Shabbat wat vir die mens gemaak is en nie die mens vir die Shabbat nie (Mk 2:27-28). Stern (1992:117) wys in sy besonder insiggewende behandeling van die Luk 6-geval daarop dat Yeshua in ieder geval nie op die spesifieke Shabbat ’n mediese prosedure uitgevoer het nie, ’n kwessie wat dalk wel in sekere kringe as problematies beskou kon gewees het.

Die gedagtegang behoort duidelik te wees: die onderhouding van die Shabbat word geïnspireer deur liefde vir Elohim. Yeshua se genesing van die betrokke op die Shabbat is daarom nie ’n verbreking van die geskrewe Tora nie maar daag sekerlik die Fariseërs se vertolking van die mondelinge Tora uit. Yeshua gebruik volgens Stern ’n tipiese Judaïstiese argumentasietegniek om by die kern van die Tora-lering oor die Shabbat uit te kom. Dit wil dus voorkom asof Yeshua hier terugval op die pre-Fariseër priesterlike lering omtrent die Tora, soos Elior dit sal tipeer. Sy jukstaposeer byvoorbeeld eersgenoemde se lering van vryheid met die onderdrukkende mondelinge leringe van die Fariseërs en uiteindelik van Rabiniese Judaïsme oor die algemeen. In ’n onderhoud met die *Jerusalem Post* verwys sy na die Fariseërs se impak op Judaïsme as “... die radikale herstrukturering van Joodse religieuse denke en praktyk ná die val van die Tempel in die jaar 70 van die CE” (kyk Rabinovich, 2009), ’n kwessie wat sy in meer akademiese terme en besonderhede in haar opspraakwekkende boek oor die opkoms van Joodse Mistisisme behandel (kyk Elior, 2004). Yeshua se verwyf aan hierdie klompie in Luk 11:52, “... julle het die sleutel van kennis weggeneem ...”, vind beslis aansluiting by Elior se siening oor die impak van die Fariseërs op die Hebreeuse geloof.

rabiniese “kaping” van die religieuse kalender en dat die bron vir die maankalender verder teruggaan as wat Elior sal wil toegee. Klawans (2005), wat Elior se werk sterk aanbeveel, se kritiek is ietwat meer getemper. Hy vind dat sy haar punt omtrent onder meer die kalender maar ook oor die rol van die priesters ietwat oordryf maar dat haar oorhoofse opvattinge oor ’n meer antieke Joodse geloof stof tot nadenke oplewer.

(’n Mens wil byna dieselfde sê omtrent ’n skynbaar gelyklopende radikale herstrukturering van religieuse denke en praktyk gedurende presies dieselfde tydperk wat tot die totstandkoming van die Christendom aanleiding gegee het, soms beskryf as ’n gekompliseerde “parting of the ways” – kyk Porter & Pearson, 2000:107, ’n skynbaar meer aanvaarbare verklaring oor die ontstaan van hierdie nuwe geloof maar een wat Boyarin, 2004: xi byvoorbeeld vanuit Joodse perspektief verwerp.)

’n Mens kan die Fariseërs se ontsteltenis na aanleiding van die betrokke Lukas-insident goed begryp: nie net het Yeshua hulle mondeling oorgelewerde reëls openlik bevraagteken en eintlik ontbloot vir wat mensgemaakte reëls is nie maar terselfdertyd ook hulle gewete aangespreek – as opgeleide rabbi’s sou hulle geweet het dat die red van ’n lewe op Shabbat nie net wenslik is nie maar selfs ’n verpligting in terme van die korrekte vertolking van die Tora-leringe omtrent die Shabbat (kyk Stern, 1992:117), soos hulle erkenning van Yeshua se korrekte vertolkings eerder vermeld inderdaad bevestig. ’n Mens moet ook rekening hou met die relatiewe elitisme van die Fariseërs en dat hulle meermale in die “Evangelies” kortgevat is deur ’n persoon wat streng gesproke nie as rabbi opgelei is nie (kyk Stern, 1992:10) maar nietemin as sodanig erken is.

Die ander gevalle in die boek Lukas wat Beckett-Ferreira en Van Eck behandel, dokumenteer Yeshua se vertolking van die geskrewe Tora (van liefde en bevryding) teenoor die Fariseërs se vertolking van die mondelinge Tora van reëls en voorskrifte. Tref ’n mens nie hierdie onderskeid nie, eindig jy op by ’n leerstelling wat die onderhouding van die geskrewe Tora voorhou as ’n wettiese aangeleentheid (en dan ingevolge die Fariseërs se voorskrifte). ’n Volgende stap is dan om tot die gevolgtrekking te kom dat Yeshua die geskrewe Tora gediskrediteer en oorbodig gemaak het. Dit is allermens wat Yeshua geleer het. Soos hyself verklaar het, hy het nie gekom om die Tora af te skaf nie maar om dit te “vervul” (kyk Mat 5:17), ’n Rabinniese konsep vir korrek te vertolk.

Deur weg te doen met die ongelukkige vertaling van Tora as “Wet” (soos die gebruik in die Afrikaanse vertaling) kan ’n eerste stap geneem word om in te sien dat Yeshua in sy leringe dit het oor die korrekte vertolking (vervulling) van die geskrewe Tora (soos die Fariseërs hom ter ere gegee het) en kan as tweede stap die kontras met die onderdrukkende en wettiese leringe van die Fariseërs dan beter raakgesien word.

So ’n benadering verryk dan somer ook ons begrip omtrent Yeshua se hantering van die “ander”. Dit skyn dat hy die “ander” benader het vanuit wat Rabbi Goldstein, Suid-Afrika se Hoofrabbi, as “... the true purpose of law according to the Torah ...” sal tipeer. In ’n populistiese aanbieding oor menseregte in die Tora⁸ behandel Goldstein gevalle soortgelyk aan dié van Beckett-Ferreira en Van Eck. Ek noem een, naamlik die kwessie van bedelary, ’n kwessie waarop die Westerse samelewing meestal neersien en soms selfs onwettig verklaar. Goldstein wys daarop dat volgens die korrekte vertolking (vervulling) van die Tora, bedelary nie net toelaatbaar is nie maar dat jy volgens Joodse *halachah* selfs verplig is om iets aan die bedelaar te gee. (Halacha is ’n Rabinniese begrip wat verwys na die Joodse gids vir of konvensie met betrekking tot jou daaglikse lewe, direk vertaal as “Die Weg”.) Vergelyk byvoorbeeld nou Goldstein se lering met dié van Yeshua in Luk 6:30: “Gee aan elkeen wat iets van jou vra, en wanneer iemand vat wat aan jou behoort, moet jy dit nie terugeis nie”. (Kyk ook Mat 5:42 ensovoorts. Voorbeelde van Joodse *halachah*.) Goldstein wys daarop dat die gee aan ’n bedelaar gedoen word in terme van die Tora se sogenaamde *kwesbaarheidsbeginsel*: om diesulkes te

⁸ Kyk Goldstein (2006) vir ’n diepte-ontleding.

beskerm wat kwesbaar is. Volgens hom kan hierdie beginsel 'n mens se visie oor 'n regverdige en vooruitstrewende samelewing rig (kyk Klawansky, 2017).

Hier het ons dus een verklaring van 'n deur Yeshua en Lévinas gedeelde begrip omtrent die “ander”. Daar is natuurlik nog etlike ander Tora-leringe wat hierdie perspektief verder sal toelig maar m.i. neem die gedeelde opvatting oor die Tora se kwesbaarheidsbeginsel ons al 'n hele entjie.

'n Kantaantekening

Goldstein se lering word natuurlik deels gebaseer op die mondelinge oorlewering omtrent die kwesbaarheidsbeginsel wat in die Talmoed opgeteken staan, dus op 'n erflating waaraan die Fariseërs 'n aandeel gehad het. Sy vertolking daarvan dui egter aan dat nie alles omtrent hierdie mondelinge oorlewering problematies is nie, die punt wat Stern (2005) ook maak in reaksie op Elijor se ietwat oordrewe kritiek op hulle. Dit suggereer dat die Fariseërs se toetsing van Yeshua in baie gevalle ietwat moedswillig was juis omdat hulle besorg was oor hulle posisie as “afgesonderdes” wat hulself volgens Zeitlin (1969) as verhewe bo die gewone mense beskou het. Die gevalle wat Beckett-Fereirra en Van Eck behandel, wys duidelik uit hoe die Fariseërs (en natuurlik hulle aanhangers) op sekere neergesien het, vandaar dat Yeshua deur sy hantering van die “ander” onder meer die Tora se kwesbaarheidsbeginsel en ander relevante Tora-leringe benadruk het.

Slotsom

Ek het met hierdie bydrae probeer uitwys dat die Wat omtrent Yeshua en Lévinas se agtergrond daarvoor sorg dat hulle verstaan van die “ander” soveel ooreenkomste toon: albei het die ware oogmerk van die Tora geken en hierdie oeroue kennis korrek toegepas met betrekking tot hulle benadering tot die “ander”. Uiteindelik is albei geïnspireer deur een en dieselfde bron, die geskrewe Tora van liefde en bevryding.

BIBLIOGRAFIE

- Bouckaert, L. 1972. De uitgangspunten van de filosofie van E. Levinas. *Tijdschrift voor Filosofie*, 34(4): 680-703.
- Boyarin, D. 2004. *Border lines: the partition of Judeo-Christianity*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
- BvSA (Bybelgenootskap van Suid-Afrika). 2020. *Die Bybel: 2020 vertaling*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Elijor, R. 2004. *The three temples: on the emergence of Jewish mysticism*. (Vertaal deur David Louvish). Portland: The Littman Library of Jewish Civilization.
- Elijor, R. 2014. The Love of God in the Jewish Mystical Tradition: Mysticism of Freedom and Commemoration versus Mysticism of Hope and Redemption. In ST Hidden, *Elijor, R. 2014. The Love of God in the Jewish mystical tradition: Mysticism of freedom and Jewish, Christian, and Islamic mystical perspectives on the Love of God*. New York: Palgrave, pp. 103-104.
- Goldstein, W. 2006. *Defending the human spirit: Jewish Law's vision for a moral society*. Jerusalem: Feldheim Publishers.
- Klawans, J. 2005. Review. Rachel Elijor. *The Three Temples: On the Emergence of Jewish Mysticism*. Oxford: The Littman Library of Jewish Civilization, 2004. xiv, 301 pp. *AJS Review*, 2(2005):376-378.
- Klawansky, G. 2017, September 28. The Torah's view on human rights and constitutionalism. *Jewish Report*, 28 September 2017.

- Le Cornu, H & Shulam, J. 2005. *A commentary on the Jewish roots of Galatians*. Jerusalem: Netivyah Bible Instruction Ministry.
- Porter, SE & Pearson, BW. 2000. Why the split? Christians and Jews by the Fourth Century. *Journal of Greco-Roman Christianity and Judaism*, 82-119.
- Rabinovich, A. 2009, Mei 7. From the sun to the moon. Prof. Rachel Elior explains how the saged invented Judaism as we know it. *Jerusalem Post*, 28 September 2017.
- Shulam, J & Le Cornu, I. 2003. *A commentary on the Jewish roots of Acts. Second Edition*. Jerusalem: Netivyah Bible Instruction Ministry.
- Stern, DH. 1989. *Jewish New Testament. A translation of the New Testament that expresses its Jewishness*. Clarksville: Jewish New Testament Publications.
- Stern, DH. 1992. *Jewish New Testament Commentary. A companion volume to the Jewish New Testament*. Clarksville: Jewish New Testament Publications.
- Stern, S. 2005. Rachel Elior on ancient Jewish Calendars: a critique. *Aleph*, 5(2005):287-292.
- Vlach, MJ. 2009. *The Church as a Replacement of Israel: An Analysis of Supersessionism*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Zeitlin, S. 1969. The origin of the Pharisees reaffirmed. *The Jewish Quarterly Review*, 59(4):255-267.

Mening oor die debat wetenskap en God

CHARL-PIERRE NAUDÉ

Navorsingsgenoot

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van die Vrystaat

Suid-Afrika

E-posadres: cpnaude.writer@gmail.com

1.

Die huidige reeks polemiese artikels in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Junie 2023 en Desember 2023) oor godsdiens en die wetenskap het betrekking. Ek sou graag as filosofiese kommentator met ’n agtergrond as skrywer van fiksie ’n uitgebreide, meer akademiese artikel wou gelewer het maar moet vir eers by hierdie kursoriese inset volstaan.

Ter agtergrond: Die een kant (van Johan Dreyer en Kobus Van der Walt) betoog dat die Skeppingsverhaal in die Bybel met moderne natuurwetenskaplike observasies versoenbaar is; en die teoloog en Bybel-historikus Izak Spangenberg betoog dat dit nie die geval is nie. Hierby sluit ’n joernalis soos George Claassen as oortuigde ateïs aan in sy betoë dat die wetenskap en die geloof in ’n Skepper-God onversoenbaar is. Vir die doeleindes van my skrywe wil ek ooreenvoudig en praat van die twee “kampe”.

’n Derde blik op die vermeende botsing tussen natuurwetenskaplike beskoulikheid en die Skeppingsverhaal kan egter gedoen word vanuit ’n fenomenologies-filosofiese hoek. Dit sal laat blyk dat die kampe veel meer in gemeen het as wat hulle verskil. Dit sal ook impliseer dat die vermeende botsing tussen religie en wetenskap as verklaringsmodel vir die werklikheid op ’n gans ander veld besleg moet word.

Vir die doeleindes van hierdie inset sal ek gedeeltelik steun op sommige insigte uit my onlangse boek, *In die rede geval: Waarom die mens mites maak* (Naledi, 2023). Die boek karteer kortliks ’n geskiedenis van denke in die Europese filosofie, soos gesien vanuit die fenomenologie, met spesifieke aandag aan die denke van die 20^{ste} eeuse Duitse filosoof Hans Blumenberg. Verskillende opvattinge oor die transendensie (waaronder monoteïstiese Godsbegrippe) kom in my boek ter sprake hoewel dit nie in die eerste plek hieroor handel nie.

Ek wil daarop wys dat ek die “teologiese”, “religie/godsdiens” en “geloof” hier soms saambondel ter wille van my kursoriese fokus, hoewel dit nie sinonieme van mekaar is nie.

Die genoemde artikels in *TGW* het almal hul sterk punte en is goed geskryf. Die skrywers moet bedank word vir die tyd wat hulle hierin belê het en die verwoording van hul insigte, wat my eie inset nou moontlik maak.

Die opvallendste kenmerk wat die antagoniste met mekaar deel is ’n swyende opvatting oor die aard van kennis, naamlik dat regstreekse kennis oor die realiteit vir die mens moontlik is. Dit is ’n siening wat deur die filosofie al reeds vanaf Immanuel Kant se dae – met ’n radikale onderskeid tussen die aard van waarneming en die aard van die realiteit – weêrlê word. Slegs die realiteit soos deur waarneming bevestig, is vir die mens moontlik – nie regstreekse kennis oor die realiteit nie.

Die wetenskap sowel as die godsdiens is wyses van waarneming wat op streng gereguleerde wyse (as besinnings en teorie) al vir millennia bedryf word. Die empiriese wetenskappe se aansprake op regstreekse kennis van waargenome velde van ondersoek, in hierdie geval van die natuur, lyk filosofies gesproke meer verdedigbaar as die soortgelyke aansprake deur die godsdiens. Maar dit is in beide gevalle ewe onverdedigbaar.

In hierdie opsig is die huidige wetenskap-godsdiensdebat in sy geheel verouderd. Die sterk aandrag op versoening tussen die wetenskap en godsdiens (aan die een kant), en die afwys daarvan (aan die ander kant), dui op 'n fundamentalistiese denkfout wat op primêre vlak deur beide kampe begaan word. Dit gebeur ondanks die insigryke aard van die talle vergelykings wat op sekondêre vlak deur die artikels uitgelig word, veral deur Spangenberg se artikel.

Die godsdiens (net soos die kunste), werk weliswaar veel meer op *mitewerkende* basis as die empiriese wetenskappe, en mitewerking is vir die meeste wetenskaplikes onverkwiklik, oftewel 'n dinkmodus van agtergeblewe aard. Mitewerking funksioneer op 'n basis van bykans pre-kognitiewe *aannames* oor die natuur en die bestaan van die mens. Hierdie aannames is nie wetenskaplik-empiries van aard nie omdat empiriese kennis 'n laat formasie van teoretiese kennis is. Mitewerkende kennis berus op baie basiese kognitiewe patrone van waarneming, genoem sinrykheidspatrone, om sy stellings te vorm.

Dit is maklik om in te sien dat die teologie 'n mengsel is van mitewerking en teorie. Dit is moeiliker om in te sien dat die moderne teorie nie vry te spreek is van 'n mitewerkende basis nie. Die sinrykheidspatrone van mitewerking kom óók voor in die empiriese wetenskappe – juis omdat die sinrykheidspatrone aan die wortel van alle historiese waarnemings deur die mens lê, en die empiriese wetenskappe het vanuit die mitewerkende gees van ouds gegroei. (Mitewerking duur wel steeds voort en word ook in nuwe, moderne ontkiemings gekry maar dit is 'n afsonderlike onderwerp.) Belangriker is dat mitewerking patrone behels wat by voorbaat die vorming van die kennis der eeue omgrens het. Omdat regstreekse kennis nie moontlik is nie, kan dit deug om te praat van die *metaforologiese* aard van alle kennis (Hans Blumenberg, my formulering).

Alle kennis berus op voorafgaande patrone en aannames. Die godsdiens, soos die kunste, is geneig om meer bewus hiervan te wees as wat die empiriese wetenskappe is. In beginsel ten minste is die godsdiens en die kunste dus beter toegerus en meer gewillig om “die omringende donkerte” (my frase) wat ons kennisapparate omgewe, as sentraal tot hul projek te verreken.

2.

Die doel van my meningstuk is redelik beperk, en soos ek reeds vermeld het, is dit kursories. Ek wil hier bloot die ooreenvoering van die verhouding tussen wetenskap en godsdiens/geloof herproblematiseer soos ek glo dit hoort. Die ooreenvoering waarvan ek praat, spreek by uitstek uit die genoemde artikels in *TGW* wat geloofsaannames oor die Skepping met die natuurwetenskap wil versoen.

Verder moet dit genoem word dat die filosofie se verhouding met die wetenskap geweldig uiteenlopend en omvattend is en dit sluit Baruch Spinoza, Immanuel Kant en Hegel se sieninge van die wetenskap in. Vanuit teologiese oord sluit die verhouding met wetenskap die denke van groot denkers soos Karl Barth in – om maar slegs 'n spatsel name te noem. Laasgenoemde verhouding (van die teologie met die wetenskap) is ewe veelkantig en onreduseerbaar.

Kant se allerbelangrike punt was dat die rasionaliteit van die mens en die empiriese wetenskappe belangrik is, maar ons moet nooit ophou om God se bestaan te veronderstel nie. Deur so 'n veronderstelling hou ons juis die deure en vensters oop op daardie omringende onwetendheid waarna ek vir die doel van hierdie artikel met die woord *donkerte* verwys het.

Dit is, byvoorbeeld, nie net God wat 'n veronderstelling is nie. Die wetenskap se mees basiese kategorieë is ook *veronderstellings*. “Myth [en by implikasie metafoor] itself is a piece of high-carat ‘work of logos’”, rig Hans Blumenberg in sy groot werk *Work on Myth* 'n waarskuwing aan wetenskaplikes wat 'n absolute skeidslyn tussen hul eie praktyke en mitewerkende (soos die geloof se) praktyke wil trek. Teoretiese praktyke soos die moderne wetenskappe word juis aangewys en ontdek *vanuit* voorafgaande mitiese praktyke der eeue. Dit sluit in die aanwys van areas vir ondersoek sowel as die vraagstukke waarmee gewerk word. 'n Voorbeeld is sterrekunde wat eers sterrewiggelary was.

Metode is die primêre instrument van die moderne teorie. Daarenteen is ingevoelde verbeeldingskonstrukte die primêre instrument van die godsdiens. Dit is egter verhelderend om in gedagte te hou dat selfs metode 'n mitiese voorganger (waarin geloof sterk gefigureer het) gehad het: mitewerkings soos waarsêery het met noukeurige prosedures gewerk wat baie metodies was. En die mediese wetenskap se element van diagnose, waarin tekens vertolk word as draers van verborge inligting, is 'n reokkupasie van die toordokter se vertolking van verborge kennis.

'n Mens mag maar droom oor die magdom van moontlike sluimerende velde wat hipoteties gesproke buite om ons vroegste aannames van kennis geleë kan wees. Ons patrone van mymering het egter vroeg reeds grense gestel aan ons denke. Die soeke na simmetrie is die naam van een so 'n patroon wat die grense gestel het. Ons kennis, insluitende ons latere teoretiese kennis, berus op aanvanklike *patrone* van waarneming (waarvan simmetrie maar een is), wat 'n magdom ander moontlikhede – hipoteties gesproke – uitgesluit het. Op hierdie “skamelheid” borduur ons nog altyd voort.

Is dit nodig vir die teologiese impuls om so knaend sigself te wil insluit by 'n toevallige ligkol van sekerte, naamlik die moderne teorie, al is daardie ligkol ook hoe moeisam uit die newel van die tyd gepuur? Is dit nie eerder die eindelose omringende donkerte van eksistensie-nie-eksistensie wat die *eihtlike* roersele van die teologiese is en dit moet bly nie?

3.

My reaksie hier is om die geldigheid van alternatiewe vorme van kennis naas die empiries wetenskaplike te benadruk.

Naas die teologiese en die wetenskaplike velde, is daar ook die kennisveld van die estetiese. Dit is 'n alternatiewe kennisveld tot die moderne teorie en die wetenskap van ouds af. Soos wat 'n eng wetenskaplike houding die kennis van teologie tot bygeloof neig te wil reduseer, en sodoende te verwerp, is dit ook geneig om die estetiese tot blote vermaaklikheidsveld te wil reduseer. Die moontlike verliese, en die arrogansie, wat spreek uit so 'n reduksionistiese houding is aansienlik.

Die groot Duitse skrywer, Johann Wolfgang Goethe, het geglo die rede moenie “dit wat die rede ontsê word heimlik probeer oorneem nie” (Naudé, 2023:229). By “die rede” sluit sy waarskuwing die wetenskap by implikasie in. En tog moet die mens sigself weerbaar maak in die ervaringsterreine waarvoor die rede nie terme het nie. Dit is hier waar onder meer die kunste ter sprake kom.

Net soos die kunste help om die mens weerbaar te maak vir terreine van die gees waar die rede (dalk net tydelik) magteloos is, net so doen die teologie dit ook op ander terreine waar die rede eweneens (dalk net tydelik) magteloos staan. In die plek van 'n begrip deur die rede bied Goethe dan iets aan wat op soortgelyke wyse as die rede oor 'n ervaring kan heers maar nie die rede is nie, iets wat hy 'n *monade* noem (woord by Leibniz ontleen). Dit is 'n wyse van verstaan wat nie deur die rede verskaf word nie, maar “deur die aktiwiteit van die lewe” aangebied word en “verhard het” tot 'n beeld of soortgelyke intuïtiewe verstaanswyse. Die kunste, en veral die letterkunde, is intiem gemoeid met die skep en aanstuur van “monades”. Die monades bemiddel tussen die grense van die rede en die honger van die onrede, en laasgenoemde staan immer gereed om die rede se plek in te neem.

Die monades werk ook met basiese veronderstellings, wat soms aangepas en soms herbekragtig word.

By teorie is die aanwesigheid van veronderstellings veel meer onsigbaar as in die geval van die kunste of die teologie. Die tekortkominge van teorie kan soms baie lank neem om hulself te toon, in sommige gevalle dalk nooit nie, maar dit beteken nie die teorie berus nie ook op veronderstellings nie. Sulke veronderstellings in die teoretiese praktyk is dikwels permanent omdat die kanse van hul falings op 'n tydskaal is wat langer as die menslike geskiedenis is.

4.

Integraal tot my waarskuwende betoog hier is die begrip “metaforologie” (of metafoor-aard), wat ten grondslag van ons kennisapparate lê.

Drie belangrike teoretiese velde waarin die rol van metafoor sigself versteek, is die filosofie, die teologie en die natuurwetenskappe. Die filosoof Ludwig Wittgenstein se stelling, “die wêreld is alles wat die geval is”, wat die openingsin van sy *Tractatus* is, eindig met die vermaning om “dit waaroor nie gepraat kan word nie, met stilte te benader”. Desnieteenstaande maak sy geskrif dit duidelik dat die onsêbare wél beleef kan word.

Dit is opvallend dat die empiriese wetenskappe alles krities benader, soos dit wel moet doen, behalwe die begrip “feitelikheid”. Hierdie begrip word klakkeloos onkrities ingespan. Wat is “feitelikheid”? Feitelikheid is niks anders nie as gebou op betroubare waarnemings-kombinasies gevorm vanuit die menslike belewenis. Feitelikheid word nie vanuit die losstaande fisiese realiteit gevorm nie al is laasgenoemde die fokus van die ondersoek.

Die begrip “molekularisme” (byvoorbeeld) het ontstaan in 'n tyd toe daar geen empiriese oplossing vir die mikrostruktuur van materie in sig was nie. Daar is toe gewoon aanvaar dat die prentjie van materie se mikrostruktuur dieselfde moet wees as die prentjie van die hemelliggame in die sigbare ruimte en verderaan in die groter ruimte, die Melkweg. Die oergedagte dat die wêreld uit “'n reeks dinge” (*series rerum*) bestaan omdat die oog dit reeds so bevestig het, het voorafgegaan (ibid: 405).

Dit behoort duidelik te wees hoe die mitewerkende patroon van die herhaling van simmetrie – iets wat die blootgestelde mens 'n gevoel van betroubaarheid gee – in die *series rerum* werksaam was en so die begrip “molekularisme” help vorm het. Dit is 'n metaforiese begrip. Die wetenskap word metaforologies saamgestel.

Twee belangrike *metaforiese* bemiddelaars in die wetenskap is *formules* en *simbole* (ibid). Formules waarborg die raakpunt tussen die begin en die einde van prosesse en veronderstel dat die tussenveld aan die hand van die formule geken kan word. Die mens neem sy toevlug tot formules en simbole in 'n skuif wat Blumenberg 'n “rationalization of lack” noem. Daarmee bedoel hy: die teoretiese veld is te groot om in al sy partikuliere gevalle eerstehands geken te

word en daarom moet kennisnames wat nie eerstehands moontlik is nie deur middel van simbole en formules *veronderstel* word.

Die verdere vraag wat relevant is tot die huidige wetenskap-godsdiensdebat is: Is daar 'n wesenlike verskil tussen die wetenskap se aannames en die aannames in die mens se toevlugname tot dogma in die teologie? Daar is verskille, maar ook verrassende ooreenkomste. Soos in die teologie, word 'n werklikheidsverlies in die wetenskap ervaar oor die sigwaarde van dinge, en intensiewe maniere word dan ontwerp waardeur afstand gedoen kan word van sigwaarde as 'n maatstaf. Die ooreenkoms in die strukturele werkinge tussen die teologie en die wetenskap is veelseggend.

En hier is iets waaroor die letterlik begeesterde wetenskaplike (asook die letterlik begeesterde teoloog) oor kan nadink: “This sort of reduction to indeterminacy is certainly one of the characteristic properties of sacred texts, which endure by warding off banal literalism” (Blumenberg, 1997:94). Met ander woorde, die wetenskap se simbole en formules het kardinale strukturele ooreenkomste met hoe die heilige tekste werk! Dit verskaf sekere kritiese sleutels om groter velde van kennis *in terme van 'n metafoor* (die teenpool van letterlikheid, oftewel “banal literalism”) te veronderstel.

Die teologiese denke en die wetenskaplike denke is nie net vergelykbaar in bepaalde opsigte nie, maar werk (minstens gedeeltelik) op soortgelyke wyses.

En tog het die wetenskap en die teologie wyd uiteenlopende oogmerke. Die wetenskap wil uitvind hoe die realiteit daar uitsien sonder om die mens se geborgenheidsbehoefes in ag te neem, en die teologie wil op wisselende wyses steeds die mens se geborgenheidsbehoefes sentraal plaas. Dit beteken dat die primêre impuls van die vroegste kennisvorming, naamlik die mens se geborgenheidsoeke, meer sentraal staan in die teologie, en veral so in die geloofsdomein. Die teologie se teoretiese dimensie trek egter langamerhand ook weg van hierdie geborgenheidsoeke, terwyl die mees objektiewe wetenskap nooit heeltemal daarsonder is nie.

5.

Dit is van kritieke belang vir die mens se kennisstrewes om die metafoor-aard van kennisvorming in gedagte te hou.

Hierdie aandrag gaan weliswaar in teen die grein van mens-wees, want die mens soek sekerheid op en die vryswewendheid van metafoor kan sekerheid op die oog af nie waarborg nie. Dog, as beide gelowige/teoloog sowel as wetenskaplike die metafoor-aard van hul ondersoek verrek, kan dit 'n ander soort sekerheid bring as wat vasstaande “waarhede” belooft. Metafore is per definisie uitdyend, implikasie, en toekomstgerig – en dit bring sy eie soort “sekerheid”. Om jou vertrou in 'n metafoor te plaas, impliseer ook dat daar 'n geloofsaspek aan jou strewes verbonde is, want die belowendste deel van jou apparatuur is nie immanent aanwesig nie. Jou vertrou word *per definisie* in die nie-aanwesige deel geplaas. En dit is onder meer waarom ek glo beide wetenskappers sowel as gelowiges het veel te leer by die bedryf en belewenis van fiksie.

'n Onlangse skrywe van Alida Kok in *Beeld/Die Burger* (9 Mei 2024) kritiseer Max du Preez en andere se definisie van hulself as “kulturele Christene” (en by implikasie nie geestelik begeesterde Christene nie). Haar skrywe (en ek parafraseer nou) meen dat die Christen op 'n *ervaringsvlak* die godsdiens moet belewe om dit te kan benut, en nie net afstandelik (“kultureel”) daarvan kan sin maak nie.

Ek sou hierop meen: ja én nee. Du Preez en geselskap sien die waarde in van die instellings wat deur die Christelike geloof gelewer is, onder meer aspekte van die gereg, die kunste en die moraliteitsbelewenis, en hulle meen tereg dat hulle elke dag aan daardie waardes deelneem. Hul belewenis van Christelikheid is streng “kultureel”, sê hulle dus, want hulle sien hulleself nie as gelowiges nie. Maar hulle is tog per definisie besig om die geloof metafories te verreken, en dit is heel goed so. Kok kan egter duidelik sien dat ’n atrofie in die hand gewerk sal word as jy nie met jou persoon, wat jy op die spel moet plaas, die nie-aanwesige gedeelte van jou metafoor erken en beken nie. Dit is óók goed so. Wat nie goed kan wees nie, en wat trouens reeds onmoontlik is, is om terug te keer na ’n fundamentalistiese belewenis van God as jy eers bewus geraak het van die metaforiese ondergrond van jou ganse bestaan.

’n Trooswoordjie hieroor vir die gelowiges: Watter God sal daardie metaforiese ondergrond nie verreken nie as dit waar sou wees dat Hy met jou as gelowige wil praat?

Wat bedoel ek met “jou persoon op die spel plaas”? Ek bedoel om die belewenis van die metafoor as *werklik* te ervaar. Want metafoor is werklik en inderdaad die enigste werklikheid wat vir ons as mense beskore is. Die belewenis van die metafoor as werklik is ook wat gebeur met jou as jy ’n goeie roman lees. Die belewenis van die metafoor as werklik is wat met jou gebeur as jy behoorlik bid (vir diegene wat dit wil doen).

6.

Die ou tekste is nog altyd vanuit ’n hede hermeneuties hervertolk. Ek het egter medelye met Spangenberg, ’n kenner van die teologie, se probleme met leketeoloë se (volgens hom) onoortuigende kwasiwetenskaplike vertolkings oor die skepping. Met die gegewe van hervertolkings as ’n wyse van lewe, soos die tyd aanstap, kan mens egter nie fout vind nie. Trouens, dit is broodnodig.

Wel kan mens fout vind met die letterlike strewe om ’n vertolking te vind wat die metafoor vir ewig in arres wil plaas omdat jy nou “die ware waarheid daarvan beet het”. Die metafoor kan nooit volledig, of selfs grootliks, immanent gemaak word nie. Des te nimmer in die geval van die Groot Metafore. Dit geld alle dissiplines, die teologie en die wetenskappe ingesluit.

Dis egter nie net Christengelowiges wat met die slapriem van letterlikheid gevang word nie. Dit gebeur ook met sogenaamde ateïste. So, nou wil ek stout raak, want skrywers moet stout bly. Daar is niks wat ’n goeie ateïs groter afkeer van het as die Predestinasieleer nie, dan nie? (Ek self het ’n kritiese beskouing daarvan.) Dog, in terme van die nuutste begrippe van kousaliteit as synde ’n blote strukturele middel van Tyd – wat as Oermoeder op haar beurt iets veel meer Onbegrypbaars is as wat ons historiese opvattinge oor haar kon raai – waarom kan die Predestinasieleer nie waar wees nie? Minstens voorlopig gesproke, sou ek reken?

7.

Daar is verskeie punte in Dreyer en Van der Walt se artikels wat vanuit ’n metaforologiese oogpunt baie verouderd aandoen. Daar is by hulle wel ’n besef dat ’n metaforiese begrip oor die Bybelse Skeppingsverhaal onvermydelik is, en hulle verreken dan ook die skeppingsverhaal as ’n metaforiese relaas oor die evolusieleer. Maar hulle steek vas as dit kom daarby om die ganse bolwerk van geloof en al sy geleidinge en terme as metafories te verreken. Só ’n metaforiese verrekening plaas nie die waarheidsgehalte van die praktyk van religieuse besinning in die gedrang nie.

Die selfbewussynsopvatting van God in die begrip “Skepper” is een so ’n geval van letterlikheid. Personifikasie is metaforiese denke. So ook is die begrip van die proses van die skepping as iets fundamenteel kousaal ’n baie liniêre begrip van die “Begin en die Einde”. Die wetenskap beweeg tans verby sulke begrippe, en selfs Dreyer-hulle noem die hipotese van die sogenaamde *multiverse*. “Skepping” en “Skepper” kan meer eietyds verpak word, veral as jy in gesprek met die wetenskap wil wees. Of dan ten minste gedoen word met ’n knik in die rigting van ’n bewustelike blyke van die metaforologie waarmee jy jousef besig hou, voordat jy jou weer in jou terme verdiep (en daarmee sal niks verkeerd wees nie).

Dit kan ’n interessante spel wees om godsdienste met die wetenskap te probeer versoen, maar die religieuse ervaring sowel as religieuse besinning lyk vir my nié daarvan afhanklik nie. Die beste van die teologie lyk vir my na ’n verweefde en wonderwekkende spel van denke. Dit is die filosofie sowel as die fiksie se “dans van ons Suster” (om Eugène Marais te parafraseer).

In sy opstel “Metaphorical truth: Reflections on the theological relevance of metaphor as a contribution to the hermeneutics of narrative theology” (uit *Theological Essays*) verwoord die teoloog Eberhard Jüngel ’n siening wat ’n goeie voetnoot vorm oor metaforologie:

Intrinsic to our notion of actuality, it seems, is the fact that the actual accepts itself as only a limited measure of that which is. Actuality is not the sum total of being; it represents being only in time. More is possible. Of course, actuality is itself possible. But the possibility of an actual state of affairs is something other than its actuality. In the dimension of possibility, the being of an actual state of affairs encounters possibilities which, although they are not themselves actualised, still belong to the being of that actual state of affairs. (Jüngel, 2014:16)

Die bogenoemde is ’n siening waarmee die meeste kunstenaars en fiksieskrywers, om nie te praat van die meeste Netflix-kykers nie, swyend behoort saam te stem. Praat die teorie oor fiksie nie dan van *suspension of disbelief* nie?

8.

Die twee wêreldoorloë van Europa, die vergrype van kolonialisme wat die uitbreiding van die Judaïsties-Christelike basis van denke in die wêreld vergesel het, en die ander uitwissings van die 20^{ste} eeu het groot pessimisme in die nasate van hierdie spirituele/morele denkbasis meegebring. Een so ’n figuur wat die pessimisme verteenwoordig maar wat vandag in ’n grafkelder saam met die groot heiliges van Pole in Krakau begrawe lê, is die Poolse digter Czesław Miłosz. Die Roomse kerk van Pole het in ’n proses van kritiese teologiese hermeneutiek die kritiese Christelike belewenis van Miłosz omarm en nie weggestoot nie.

As ek die vrymoedigheid mag neem, wil ek afsluit met ’n gedig deur myself geskryf, wat deur Miłosz geïnspireer is as ’n soort antwoord op sy misnoeë. Dit kom uit my bundel *Al die lieflike dade* (2014, Tafelberg).

Die vers poog om die metaforiese aard van religieuse belewenis uit te druk. Maar in navolging van Miłosz, en ook NP van Wyk Louw, moet denke oor religie sigself ook by die hermeneuties-kritiese diskoers hou. Ek hoop my gedig sê ook hieroor iets. (Miłosz het in Pools geskryf maar ’n ander nasionaliteit gehad.)

Met dank aan die andere wat aan hierdie diskoers deelneem.

God se klippe

Miłosz –
 Pools maar nié 'n Pool nie,
 en digter van veral die teenstrydigheid –

pleit in sy oeuvre
 dat God wel bestaan.
 Maar dit doen hy nie sonder voorbehoud nie.
 In der waarheid glo hy
 in die Lewegewende Afwesigheid.

Met die vermeende algoedheid van God
 skort iets beduidends
 – reken óók Czesław oor die teodisee –
 want hoe versoen jy dié eienskap
 met sy almag?
 Die gestewelde en bonkige natuurteisterings
 wat laggend verbygestap kom
 en die beskawings soos nessies
 met stokke uit die bome slaan ...
 'n God van liefde?
 Die formule hou nie steek nie.
 Miłosz sluit só sy rede, min of meer:
 “Wee, o wee, my dierbare teoloë,
 jul lieflike betoë haal nie die paal nie.”

Uit hierdie kuip
 van die gees kon hy, en ander vraagstellers
 voor hom (reeds skroot
 en skelet onder die stekelrige kruipplant),
 om die dood nie weer wegtrek nie.

En helaas is die antwoord onbevatlik.
 Weens die kwessie van skaal (miskien):
 die teer, nadenkende opslaggruis
 van sterrewê en die planete
 se sagte minneveeg
 soos 'n veer teen die wang.

Indien komete,
 die verbyflitsende onderdeeltjies,

kon stilstaan,
 soos die oomblik in 'n foto
 wat in die donkerkamer
 uit 'n bak gelig en ontwikkel word –

of,
 die tyd sy geweefde sardienloop
 ten dele in die kil vierkant
 van 'n opgehysde hok uit die see
 laat opvang

terwyl dit van salpeter drup,

en één van die gevlerkte tintvissies
 uit sy onderwatervlegwerk
 in 'n hand val en daarin verdof
 soos 'n kleindood,

sou die mens dalk God aan 'n stertjie beetkry.

Ek meen dus die probleemstelling van Milosz
 het te doen met die aanvanklike skepping –
 wat nooit nét aanvang was nie, maar steeds duur.
 Te doen met dié verkeerde onderskeid:
 tussen aarde-en-see en die mens.
 Daar wás nooit 'n onderskeid nie –
 tussen lewe en nielewe,
 tussen chaos en ordening nie.
 Ons is steeds by die eerste dag.
 Daar is net een dag.

Derhalwe: te make met die mens
 se wolmussie, tyd.
 Ons seemsleerpantoffeltjies –
 tyd, ja,
 geknip deur onself
 uit die slaggoed van iets stromend onbegrypbaars.

God het sy klippe lief,
 o, lief het Hy hulle wel.
 Eweneens sy atome,
 poreuse wesentjies, liewe saamkoestertjies
 oomblikliker as die oomblik
 en tog nié,
 wat mekaar so innig en gevaarlik omhels.
 Myle ver soms sidder die lug.

Kyk hoe wag Hy
 vir al die klipgevreetjies om wakker te word,
 die vader wat Hy is.
 Duisend maal duisend jaar lank.
 Terwyl óns, die klipskimmel,
 selfbekommerend verbleik.

As ons wyer as die tyd
 se dwangbuis kyk –
 daar róndom
 en van buite,
 nie vanuit nie –

sien ons Een wat soos 'n standbeeld
 in beweging kom:
 'n vinger wat lig;
 dan 'n kuit wat strek.

Hy klim van sy voetstuk af
 en hurk
 langs 'n poeletjie wat weerkaats van koperbeslag.

Hy steek van bo uit die lug
 sy vinger deur die beslaande museumdak
 en roer die bewaring daar,
 tot beierende kringelinge.

Dit is tyd dat die poppe wakkerskrik,
 dat die hare rys
 onder daardie dakglas:
 die mondrooi anemone, die watergras ...

Wie sou kon dink 'n boodskap
 kom met soveel geklater deur 'n hemelkap?
 Miskien was alles tot dusver te stil?

Naderhand glimlag Hy vir alles wat so Hy
 blyk te wees, of nie van Hom nie,
 en loop slaan Hy sy houding weer in op die voetstuk:
 Daar is iets aan staande water
 wat onnodig liefdeloos lyk. (Naudé, 2014:59)

BIBLIOGRAFIE

- Blumenberg, H. 1990. *Work on Myth*. Vertaal deur RM Wallace. Cambridge, MA: The MIT Press.
 Blumenberg, H. 1997. *Shipwreck with spectator. Paradigm of a metaphor for existence*. Vertaal deur Stephen Rendall. Londen: The MIT Press.
 Naudé, C. 2014. *Al die lieflike dade*. Kaapstad: Tafelberg.
 Naudé, C. 2023. *In die rede geval: Waarom die mens mites maak*. Gansbaai: Naledi

JOHAN DREYER EN KOBUS VAN DER WALT

Kommentaar op Spangenberg, I. 2023. Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 63(4), Desember 2023.

Sakkie Spangenberg het in Jaargang 63 No. 4 van die *TGW* ’n kritiese artikel geplaas as reaksie op vier artikels deur Johan Dreyer en Kobus van der Walt oor geloof en wetenskap wat in Jaargang 63 No. 2 van die *TGW* verskyn het.

Ons (die outeurs, Johan Dreyer en Kobus van der Walt) spreek waardering uit teenoor Spangenberg vir die deeglikheid waarmee hy ons artikels gelees het en vir die gepaste wyse waarop hy geldige vrae aan ons rig. Ons reageer graag op sy belangrikste punte van kritiek:

- 1.1 Spangenberg(S) beweer dat Dreyer en Van der Walt (D&vdW) aanneem dat navorsing in die geestes- en sosiale wetenskappe verskil van natuurwetenskaplike navorsing, en dat geloofsoortuigings toegelaat word om ’n rol in die navorsingsproses van eersgenoemde dissiplines te speel. Hy stem nie saam met hierdie beweerde aanname nie en voer aan dat navorsing op alle terreine gebaseer moet word op kritiese denke en bewysgebaseerde redenasie.

Spangenberg se bewering dui daarop dat hy die strekking van die onderhawige artikelreeks (D&vdW) waarskynlik nie ten volle begryp nie. Daar word nêrens gestel dat navorsing in die natuurwetenskappe van dié van die geesteswetenskappe verskil nie – intendeel. Die sentrale teoretiese argument wat in al 4 artikels gevind kan word, is dat daar veral in die Westerse wêreld in alle dissiplines deur talle navorsers ’n normatiewe materialistiese benadering – ’n voorwaardelike ateïstiese geloofsbenadering – tot wetenskapsbeoefening as geheel voorgeskryf word. Enige teorie wat empiriese waarnemings probeer verklaar wat selfs net die moontlikheid van ’n bonatuurlike Skepper-God insluit, word by voorbaat afgewys. Dreyer en vd Walt verskil fundamenteel van hierdie benadering en het etlike natuurwetenskaplike voorbeelde weergegee om hul mening te substansieer. Hul slotsom is dat alle wetenskaplikes uit alle dissiplines onbevange, onbevooroordeeld en met ’n oop gemoed hul empiriese data moet interpreteer tot by die mees waarskynlike verklaring/teorie. Om by voorbaat te besluit dat ’n verklaring wat oorweldigend aan alle wetenskaplike navorsingsver-eistes voldoen nie waar kan wees nie bloot omdat ’n individu dit nie GLO nie, verteenwoordig nie geldige wetenskapsbeoefening nie.

- 1.2 Spangenberg stel dat Dreyer en vd Walt onbewus is van onlangse navorsingsbevin-dinge, aangesien hulle na Moses verwys as die skrywer van Genesis. Hy (S) voer aan dat navorsing in alle velde op bygewerkte inligting gebaseer moet wees en oop moet wees vir bevraagtekening en hersiening.

Ons (D&vdW) stem uit die aard van die saak ten volle saam met die standpunt dat navorsing in alle velde op bygewerkte inligting gebaseer moet wees en oop moet wees vir bevraagtekening en hersiening.

Spangenberg verwys egter in sy kritiek na die Dokumentêre Hipotese – die oorsprong van die histories-kritiese metode as moderne navorsing. In die afgelope twintig jaar of wat het daar egter ’n toenemende aantal werke verskyn wat Alter en Kermode (1990:2) die “nuwe literêre kritiek op die Bybel” noem. Kenmerke van die nuwe literêre kritiek op die Bybel is:

- (i) noukeurigheid en respek vir die styl en redaksionele rangskikking van die Hebreeuse Bybel;
- (ii) erkenning van die histories-kritiese metode se pogings om die literêre kompleksiteit van die Bybel te probeer aanspreek;
- (iii) bewus wees van die onvermoë van die histories-kritiese metode om vrae te beantwoord wat spruit uit die Bybel se multidimensionele werklikheid;
- (iv) die lees van die Bybel as harmoniese eenheid, niteenstaande die omvang van diversiteit van literêre genres binne die een kanonieke eenheid;
- (v) bestudering van Genesis as 'n eenheid, niteenstaande 'n veelheid van literêre genres van verskillende omvang en inhoud wat verduidelikings noodsaak; en
- (vi) bestudering van Genesis as 'n selfstandige eenheid as deel van die groter werklikheid van die Torah.

In die lig van bogenoemde noem Baruch J. Schwartz (2021:165) die Dokumentêre Hipotese “a relic of the past, and those who insist on bringing it up are simply ignoring the consensus of cutting-edge scholarship”. Die outeurs van die 4-tal artikels (D&vdW) het daarom, omdat daar op verskeie plekke in die Bybel na “Moses” verwys word as outeur van Genesis, besluit om die Bybelse verwysing onveranderd te gebruik in hul artikels.

- 1.3 Spangenberg voer aan dat die skrywers (D&vdW) die Bybel streng vanuit hul eie geloofsoortuigings interpreteer en aanneem dat hul geloofsoortuigings gedeel word deur alle mense wat in die ou Nabye Oosterse wêreld woon. Hy (S) voer aan dat navorsing op alle terreine gebaseer moet word op 'n begrip van die historiese en kulturele konteks waarin die navorsing gedoen word.

Die outeurs van die artikelreeks (D&vdW) erken dat Spangenberg heeltemal korrek is in sy stelling, maar dat hy weereens die sentrale teoretiese lyn van die artikelreeks misgekyk het. Hulle bely ten aanvang van hul artikelreeks openlik dat hulle vanuit 'n Christelik-reformatoriese paradigma redeneer en skryf. Hulle verduidelik egter dat alhoewel hulle die Bybel as die gesagvolle, geïnspireerde Woord van God beskou, hul paradigma die herinterpretasie en alternatiewe verstaan van die Bybel toelaat en aanmoedig.

Neurologies is die mens se bewussyn ongekend kompleks. Om 'n akkurate persepsie van die werklikheid te hê, is nie een van die brein se sterk punte nie want dit lyk asof die menslike brein sukkel om tussen fantasieë en feite te onderskei. Ons “sien” of “hoor” soms dinge wat nie daar is nie, en soms “sien” of “hoor” ons dinge wat wel daar is. Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat die brein nie funksioneel probeer om 'n volledige gedetailleerde kaart van die eksterne wêreld in die mens se bewussyn op te bou nie. Die brein neem 'n paar feite en vul die gapings daartussen met afleidings, wense en oortuigings. Hierdie neurologiese vaagheid vorm die basis van vordering, gedryf deur ons verbeelding, drome en visies eerder as wat dit 'n struikelblok tot doeltreffende funksionering is.

Wat vir ons vier artikels van belang was, is die besef dat 'n mens neurologies nooit van jou emosies, ervarings en oortuigings – hetsy bewustelik of onbewustelik – kan wegkom nie. Geen mens kan werklik objektief wees nie, want alles wat jy sien en hoor word neurologies onlosmaaklik verbind aan wie jy is. Daarom het ons dit nodig gevind om ten aanvang van die reeks artikels openlik te verklaar dat vanuit 'n

Christelik-reformatoriese paradigma geredeneer en geskryf word sodat die leser weet waarmee hy/sy te doen het.

Ons (D&vdW) spreek ons in die artikelreeks teen 'n fundamentalistiese, letterlike lees en verstaan van die skeppingsverhaal in Genesis uit. Ons beklemtoon dat dit nodig is om die skeppingsverhaal te herinterpreteer deur van resente natuurwetenskaplike data gebruik te maak. Hierdie herinterpretasie maak dit moontlik om die Bybelse skeppingsverhaal tot 'n groot mate met resente natuurwetenskaplike teorieë te versoen – iets wat uniek is as alle gelowe op aarde se ontologiese skeppingsoortuigings ondersoek word. Ons (D&vdW) interpreteer hierdie fenomeen as bevestiging van die Goddelik-geïnspireerde aard van Genesis en moedig lesers aan om juis dit te doen waarvan Spangenberg ons beskuldig, naamlik om navorsing op alle terreine te baseer op 'n noodsaaklike begrip van die kultuur-historiese konteks waarin dit gedoen word.

Ten slotte

Die doel van die artikelreeks was om die mees resente (natuur-)wetenskaplike gegewens oor 'n wye spektrum weer te gee en onbevooroordeeld te kyk tot watter gevolgtrekkings die data ons lei met betrekking tot die eeueoue debat oor wetenskap en geloof. Ons is dankbaar vir sinvolle, wetenskaplike, kritiese opmerkings waarin daar met integriteit en eerlikheid geargumenteer word, want dit is hoe die wetenskap ontwikkel.

Nuwe empiriese waarnemings wat nie deur huidige teorieë verklaar kan word nie, herinner ons almal daaraan dat ons begrip van die oorsprong van lewe en die heelal voortdurend in ontwikkeling is. Dit is nodig om 'n respekvolle debat te bly voer wat beide wetenskaplike waarhede en individuele oortuigings eerbiedig.

Ons moderne samelewing word gekonfronteer met 'n komplekse landskap van snelle wetenskaplike ontwikkeling, 'n wye verskeidenheid van filosofiese strominge en godsdienskwessies wat ongelukkig baie maklik ontaard in radikalisme en fundamentalisme. Die onderhawige artikelreeks is teen hierdie agtergrond maar net een van vele pogings om teorieë op die tafel te plaas waarmee die moderne mens poog om sin te maak van die werklikheid.

VERWYSINGS

- Alter, R & Kermode, F. eds. 1990. *The literary guide to the Bible*. Harvard University Press.
 Schwartz, B.J. 2021. The Documentary Hypothesis. *The Oxford Handbook of the Pentateuch*. Oxford university press.

DR JOHAN DREYER

E-pos: johandreyer@truenw.co.za

PROF KOBUS VD WALT

E-pos: Kobus.vanderwalt@nwu.ac.za

13 Mei 2024

(On)bevooroordeelde benaderings tot die bevindings van wetenskaplike ondersoek: 'n Reaksie op die geloof-wetenskap-diskoers

(Un)biased approaches to the results of scientific research: A reaction to the faith-science discourse

HENK STOKER

Fakulteit Teologie
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: henk.stoker@nwu.ac.za



Henk Stoker

HENK STOKER het twee baccalaureus-grade in geesteswetenskappe en teologie onderskeidelik, 'n honneursgraad in psigologie, 'n meestersgraad in filosofie en 'n doktorsgraad in teologie. Nadat hy sy studies voltooi en vir ses jaar filosofie, wetenskapsfilosofie en etiek doseer het, dien hy vir 25 jaar as predikant in die Gereformeerde kerke van Suid-Afrika. Aan die begin van 2012 word hy professor in apologetiek en etiek aan die teologiese fakulteit van die Noordwes-Universiteit.

Sedert 2012 het hy 18 doktorsgraad-studente suksesvol begelei, en amper net soveel meestersgraad-studente. Hy is bekroon met die *Rapport*-prys vir die mees inspirerende dosent in die fakulteit teologie. Hy tree internasionaal as gasdosent op en lewer verskeie wetenskaplike voordragte. Hy publiseer drie wetenskaplike boeke, is mederedakteur van twee en skryf meer as 20 artikels in wetenskaplike tydskrifte. Hy dien op die redaksies van plaaslike en internasionale wetenskaplike tydskrifte.

Op grond van sy vakgebied neem Stoker deel aan verskeie televisie-programme, waaronder 'n 13-episode televisiereeks oor kultes in 2018/19 op Via; asook 'n reeks van rondom 10 episodes op Showmax in 2024 oor nuwe godsdienstebe-

HENK STOKER holds two bachelor's degrees in humanities and in theology, an honours degree in psychology, a master's degree in philosophy, and a doctorate in theology. After completing his studies and teaching philosophy, science of philosophy and ethics for six years, he served as a full-time minister in the Reformed Churches of South Africa for 25 years. In early 2012, he became professor of apologetics and ethics in the faculty of theology at the North-West University.

Since 2012, Professor Stoker has successfully supervised 18 doctoral students and almost as many master's students and was awarded the *Rapport* prize for most inspiring lecturer in the faculty. He served as guest lecturer internationally and delivered numerous scientific presentations. To date, he has published three scientific books, acted as co-editor of two more, and written more than 20 articles in scientific journals. He is an editorial board member of local and international journals.

Based on his area of expertise, Stoker has participated in various television programmes, including a 13-episode television series in 2018-19 on Via; as well as a series of around ten episodes on Showmax about new religious movements and alternative forms of healing, marketing

wegings en alternatiewe vorme van genesing, bemarking, ens. Hy is rektor van die Teologiese skool Potchefstroom en dien as ondervoorsitter van die Teologiese Opvoedkunde Komitee van die *World Reformed Fellowship*.

and so forth in 2024. He is rector of the Theological School Potchefstroom and serves as the deputy chair of the Theological Education Committee of the World Reformed Fellowship.

ABSTRACT

(Un)biased approaches to the results of scientific research: A reaction to the faith-science discourse

In a time where approximately one-third of the world's population identify as Christian, while the percentage of individuals rejecting the idea of a divine being remains relatively low, it is striking that proponents of the latter category attempt to silence research and findings from the former group. A recent example of this is the reaction to four articles published in 2023 in the Tydskrif vir Geesteswetenskappe (Journal of Humanities). These articles discuss recent scientific research, indicating highly intelligent and precise design in both macrocosm and microcosm, leading researchers to logically conclude that there must be a designer who cannot be a part of the cosmos itself. This conclusion causes significant discomfort among atheistically inclined thinkers, as evidenced by the fierce response to these articles. It appears that there is even pressure on academic journals to employ censorship and refrain from publishing such research. This article is a reaction to such criticism.

Spangenberg (2023) takes issue with the assumption of the researchers of the four articles that humans are rational beings, by emphasising the irrationality of certain human behaviour. He has a significant problem with the researchers' suggestion that the order found in nature and humans' rational thinking abilities cannot be seen as coincidental but are ordained by God. He also attempts to create a contradiction between a merciful God and a God who punishes sin. But all these arguments can be dismissed based on basic logic.

Spangenberg accuses the authors of misinformation when discussing Genesis. Referring to Genesis 1:26, he asserts that when God says, "let us make man," it implies multiple gods. Spangenberg's idea of polytheism in Genesis is further emphasised by his reference to the garden in Genesis 2 as the garden of gods, because it was located in the east. According to him, that would have referred to the place where heaven and earth meet, allowing gods residing in heaven to enter the earth. This conclusion based on the garden's eastern location resembles a slippery slope form of reasoning. Even when considering only the Pentateuch, the introduction of the so-called assembly of gods and garden of gods in Genesis 1 and 2 by Spangenberg cannot be considered a plausible interpretation. The focus in the Pentateuch, as in the rest of the Bible, is on the fact that God must be known and acknowledged as the only God, contrary to the pagan nations' concept of multiple gods.

Spangenberg based his ideas on the documentary hypothesis – a theory that claims that the first five books of the Bible emerged over a long period of time and that they are a compilation of various and contradictory documents. He uses this to discredit the research in the four articles, despite the fact that even supporters of the documentary hypothesis admit to problems in this hypothesis. Contemporary research suggests that it is crucial to consider the truth claims of the Pentateuch itself and move away from hypothetical source documents. Arguments by people such as Spangenberg, that authors who do not accept this document hypothesis or give reference to it should be censured, cannot bear any weight. In fact, recent research returns to the idea that the Pentateuch is a single work, written according to a plan

and largely composed by one author. By accepting its unity and inspiration, as millions of Christians do, valuable insights can be gained, for instance by considering why specific names for God are used in particular contexts. Conversely, viewing it as merely different sources does not yield fruitful research.

In a further attempt to discredit the four scientific articles in the TGW, Spangenberg points to the negative way in which the church had supposedly dealt with Galileo Galilei's heliocentric research some centuries ago. Contrary to Spangenberg's assertion, the reality is that Galileo's affair did not start as a conflict between science and the church. The church had initially encouraged Galileo to continue his work. It was particularly natural scientists who, partly justifiable and partly not, raised issues concerning the results of his research. As evidenced by the authors of the four articles mentioned above, it was especially Christian thinkers who had developed scientific knowledge throughout many centuries; moreover, they had established and funded several universities where research could be done.

Upon examining the four articles opposed by Spangenberg and others, it becomes clear how crucial it is that science and its results should not be suppressed. The articles discuss research in natural sciences and cosmology that delves into the cause and fine-tuning of the universe, as well as the precision of cosmic constants that make life possible. Additionally, they explore the origins of encoded information within DNA, and its role in life itself. It is unacceptable to reject experimental observations and derived theories based on a negative view of Christian beliefs beforehand. Scientific inquiry necessitates an unbiased and open-minded approach, demonstrating the courage to interpret data honestly, in order to reach the most probable conclusion.

KEYWORDS: faith, science, documentary hypothesis, Pentateuch, Genesis, Intelligent Design, creation

TREFWOORDE: geloof, wetenskap, bronnehipotese, Pentateug, Genesis, Intelligente Ontwerp, skepping

OPSOMMING

Dit klink ongehoord om sensuur op artikels te wil toepas, wanneer dié artikels op grond van natuurwetenskaplike navorsing aandui dat die bevindinge in ooreenstemming is met dit wat 'n groot deel van die wêreldbevolking glo. Tog is 'n onlangse voorbeeld hiervan die reaksie op vier artikels wat in 2023 in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)* gepubliseer is. In hierdie artikels is die resultaat van natuurwetenskaplike en kosmologiese navorsing wat op 'n hoogs intelligente en presiese ontwerp in beide makro- en mikrokosmos dui, bespreek. Die navorsingsresultate dui daarop dat daar 'n intelligente ontwerper van die kosmos moet wees.

In sy reaksie op die vier artikels, erken Spangenberg die geldigheid van die navorsingsresultate, maar hy voer aan dat dit nie met die eerste vyf boeke van die Bybel vergelyk kan word nie, aangesien laasgenoemde nie betroubaar is nie. Gegronde op sy ewolusionistiese siening van godsdiens, beweer hy dat die Pentateug as 'n bloot menslike samestelling van verskeie en teenstrydige dokumente ontstaan het. Resente Bybelwetenskaplike navorsing dui egter heelwat probleme met hierdie bronnehipotese aan, met die gevolg dat navorsers terugkeer na die siening dat die Pentateug grootliks deur een outeur saamgestel is, 'n geheel vorm en as sodanig betroubaar is.

Anders as wat Spangenberg met sy verwysing na Galileo beweer, staan die Christendom nie in die pad van goeie navorsing nie. Christen-denkers het deur die eeue heen kosbare wetenskaplike werk gedoen en boonop verskeie universiteite gestig en befonds. Wetenskaplike

ondersoek vereis 'n onbevooroordeelde benadering, wat die geleentheid skep dat bevindinge eerlik geïnterpreteer kan word om tot die mees waarskynlike gevolgtrekkings te lei.

In 'n era waar rofweg 'n derde van die mensdom hulleself as Christene beskou (Dyvik, 2023), terwyl die persentasie mense wat ateïsties die idee van 'n goddelike wese verwerp wêreldwyd baie laag is, is dit opvallend dat voorstanders van laasgenoemde kategorie, navorsers en navorsing uit eersgenoemde groepering probeer stilmaak. 'n Resente voorbeeld hiervan is die reaksie op vier artikels wat in 2023 in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)* verskyn het. In hierdie artikels (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023; Dreyer & Van der Walt, 2023a, 2023b, 2023c) bespreek die skrywers nuwere wetenskaplike ontdekkings en hoe die ontdekkings aanduiding van hoogs-intelligente en presiese ontwerp gee.

1. Wetenskaplik of onwetenskaplik?

Wanneer beide die makrokosmos en die mikrokosmos duidelik toon dat dit briljant en deeglik ontwerp is, bring dit navorsers by die logiese gevolgtrekking dat daar 'n ontwerper hiervan moet wees – 'n ontwerper van die kosmos wat self nie deel daarvan kan wees nie. Dit is hierdie gevolgtrekking wat in 'n ateïstiese wêreld groot ongemak meebring, soos gesien kan word uit die felle reaksie op die bogenoemde artikels. Dit blyk dat daar selfs druk op akademiese tydskrifte geplaas word om sensuur toe te pas en nie navorsing hieroor te plaas nie, soos gesien kan word in die vraag wat Claassen (2024:10) stel: “Wat het die redakteurs van TGW besiel om hoegenaamd hierdie artikels vir publikasie te oorweeg, praat nie eers van te aanvaar nie?” Dit word ook gesien in die opmerking van Spangenberg (2024:12) dat die “navorsing gediskwalifiseer behoort te word”.

Die doel van hierdie artikel is om Spangenberg (2023) se reaksie-artikel op die vier artikels in die *TGW* te evalueer, om duidelikheid te kry of en in watter mate die felle kritiek werklik wetenskaplike gronde het. Bewerings wat Claassen (2024:10-11) oor veral die natuurwetenskaplikheid van die vier artikels in sy kort artikel in *Rapport* maak, is reeds netjies en punt vir punt in 'n kort artikel in die daaropvolgende uitgawe van *Rapport* deur twee natuurwetenskaplikes (Lemmer & Lemmer, 2024:5) beantwoord. Hulle wys onder andere daarop dat Claassen se onderskrywing van Popper se stelling dat “as iets nie getoets kan word om dit vals te bewys nie, is dit nie wetenskap nie”, bevraagteken is deur “vooraanstaande denkers oor wetenskap soos Thomas Kuhn en Paul Feyerabend” en dat die standpunt selfs “die werk van die fisikus Stephen Hawking diskwalifiseer”. Dit blyk boonop dat Popper se eie stelling nie aan sy kriteria vir wetenskaplikheid kan voldoen nie.

In sy artikel “Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe” kom Spangenberg (2023:967) tot die gevolgtrekking dat “navorsing” “bewys” het dat nie die Bybel of die Christelike geloof, “noodwendig in harmonie met die moderne natuurwetenskaplike teorieë” is nie. Sy slotwoorde is dat Christene hiermee moet vrede maak. Met hierdie woorde laat Spangenberg dit klink of hy die laaste woord oor hierdie eeueoue gesprek gespreek het. Dit maak dit ook duidelik waarom hy hom so sterk uitgespreek het teen die vier artikels van Dreyer *et al.* wat in 'n vorige uitgawe van *TGW* verskyn het, aangesien hierdie artikels juis navorsing bevat oor die harmonie tussen moderne natuurwetenskaplike bevindinge en die Bybel.

Wat opval in Spangenberg se sterk kritiese afwys van die vier artikels, is dat hy nie die argumente wat gevoer word ten opsigte van die harmonie tussen moderne natuurwetenskaplike bevindinge en die Bybel inhoudelik bespreek nie. Hy is ook nie krities oor die moderne natuurwetenskaplike teorieë wat in die artikels gebruik word nie (Spangenberg, 2023:950), of daaroor dat dit ooreenstem met dit wat Christen-gelowiges in die Bybel sou lees en glo nie. Om die waarheid te sê, gaan hy nie in op die materie van die saak soos dit bespreek word nie.

Die kern van Spangenberg se kritiek op die vier artikels is dat die skrywers daarvan, soos meeste Christene, die Bybel en spesifiek die Pentateug as gesaghebbend aanvaar. Sy ewolusionistiese paradigma (sien Spangenberg, 2023: 952, 956, 957, 966, 967) het tot gevolg dat hy die intelligente ontwerp van die heelal wat in die artikels aangetoon word, asook die ooreenstemming daarvan met dit wat die Bybel leer, by voorbaat verwerp.

Sy siening dat die idee van God 'n skepping van die mens is en dat die Bybel dus 'n blote menslike geskrif is, maak dat Spangenberg (2023:967) resente navorsing oor die merkwaardige ooreenstemming tussen dit wat in die Bybel staan, byvoorbeeld oor die ontstaan van alles, in vergelyking met moderne wetenskaplike bevindinge, nie as navorsingswaardig kan ag nie. Hy motiveer sy siening op sy voorveronderstelling van hoe die Bybel saamgestel sou wees, hoe geloof en wetenskap in die verlede in botsing sou wees, asook op logiese denkfoute wat gemaak sou word wanneer daar van die teendeel uitgegaan word. Hierdie bewerings van Spangenberg word vervolgens bespreek.

2. Logiese denkfoute: Argumente wat na twee kante toe sny

2.1 Redenasies moet logies en geldig wees

2.1.1 Irrelevante gevolgtrekking¹

Dat daar van wetenskaplike artikels verwag word om op 'n logiese en geldige manier te argumenteer, is 'n gegewe. Spangenberg (2023:952) wys met reg op die belangrikheid hiervan en beskuldig dan die skrywers van die vier artikels dat hulle nie hieraan voldoen nie. Hy verwys spesifiek na die eerste artikel van Dreyer, Van der Walt en Denton (2023:196-197) waar hulle stel dat hulle orde in die natuur vind en dit empiries wil bestudeer. Daarby stel hulle dat hulle van die standpunt af uitgaan dat die mens 'n rasionele denkvermoë het om dit te kan doen.

Spangenberg (2023:952-953) reageer egter op hierdie basiese vertrekpunte in die wetenskap dat hy 'n probleem daarmee het dat die navorsers daarvan uitgaan “dat mense rasionele wesens is ... Om na mense te verwys as ‘irrasionele wesens’ blyk ewe korrek te wees.” Spangenberg gee 'n rasionele argument, wat hy duidelik self as “logies en geldig” sien, om die standpunt van die skrywers oor die “rasionele denkvermoë van die mens”, wat homself dus insluit, af te wys. Dit is op sigself 'n logiese denkfout – 'n argument wat homself weerspreek. Daarby argumenteer hy teen die skrywers se vertrekpunt dat mense logies kan dink met die argument dat mense nie altyd logies dink nie. Dat 'n mens nie altyd logies dink nie, beteken egter nie dat hy nooit logies dink, of nie die vermoë het om logies te kan dink nie. Hierdie is tipies die logiese denkfout wat in Afrikaans “irrelevante gevolgtrekking” genoem word, waar die gevolgtrekking nie (noodwendig) uit die argument vloei nie (Moreland & Matlock, 2005:94).

¹ In Engels “Irrelevant conclusion fallacy” (Moreland & Matlock, 2005:94).

2.1.2 *Sirkelredenasie*²

Geen mens kan hom in sy navorsing van sy voorveronderstellings losmaak nie. Dit sluit die twee sake wat Dreyer, Van der Walt en Denton (2023:196-197) noem, naamlik dat die wêreld empiries bestudeerbaar is, asook dat dit met die mens se rasonele vermoë bestudeer kan word, in. Wat wel belangrik is, is dat navorsers bewus moet wees van hulle voorveronderstellings en van die rol wat dit in die oorweging van die navorsingsresultate kan speel.³

Omdat die skrywers van die vier artikels se fokus daarop geplaas is om te ondersoek hoe bevindinge in die natuurwetenskappe met dit wat in die Bybel staan vergelyk, stel hulle dit van die begin af duidelik dat hulle beide bronne gebruik soos die bronne hulleself aanbied. Dit is dus 'n empiriese benadering waarvan die resultate dan rationeel beoordeel word. Spangenberg (2023:952) het egter 'n wesentlike probleem daarmee dat die navorsers stel dat die orde wat hulle in die natuur vind, asook die rasonele denkvermoë van die mens wat daarmee kan handel, nie as toevallig gesien word nie (sy standpunt), maar as deur God beskik. Hy beweer dat dit die navorsers by sirkelredenasies uitbring, aangesien dit reeds die gevolgtrekking van die navorsing sou veronderstel.

Die argument van 'n sirkelredenasie gaan egter nie op as die skrywers, juis omdat hulle gelowiges is, eerlik na hulle eie voorveronderstellings kyk en dit deur die navorsing toets nie. Dit sou byvoorbeeld baie moeilik wees om beide die kosmos en die Bybel as gesaghebbende te sien⁴ as die bronne mekaar wesentlik weerspreek. Dat hulle in hulle navorsing 'n merkwaardige ooreenkoms tussen bevindinge van die moderne natuurwetenskappe en dit wat in die Bybel staan uitwys, kan nou deur lesers en ander navorsers verder inhoudelik beoordeel word.

Spangenberg se beskuldiging van sirkelredenasies sou goedsdiks op sy eie redenasie toegepas kon word. Hy gee toe dat navorsers hulle veronderstellings wel kan verklaar, maar stel dan dat hulle dit vir die duur van die navorsing opsy moet skuif, of krities moet ondersoek. Die doel van die skrywers van die vier artikels was juis 'n kritiese vergelyking van die twee wyses waarop hulle glo God Hom openbaar. Dit blyk dat Spangenberg vanuit sy eie ewolusionistiese benadering⁵ (sien Spangenberg, 2023:952, 956, 957, 966, 967) egter nie self aan sy gestelde vereiste voldoen nie. Sy artikel laat byvoorbeeld blyk dat hy sy voorveronderstelling dat God fiksie is en dat die Bybel daarom onbetroubaar moet wees as basis vir sy argumentasie gebruik, in plaas daarvan dat hy dit, in sy eie woorde, vir die duur van sy navorsing opsy skuif en op die materie van die argumente van die skrywers van die vier artikels ingaan. Sy gevolgtrekking dat gelowiges daarmee moet vrede maak dat die Bybel en die natuurwetenskappe nie in harmonie met mekaar kan wees nie (Spangenberg, 2023:967), word

² In Engels “Begging the question fallacy” (Moreland & Matlock, 2005:93).

³ Dit is na my mening duidelik dat wetenskaplike navorsing bou op dit wat ons empiries waarneem en rationeel logies deurdink. Die proses van die kenbare en menslike kenne is so besonders en presies, dat dit volgens my verstaan daarvan nie toevallig kan wees nie. Self vind ek wat die Bybelse kanon betref aansluiting by dit wat Merrill (2011:106-107) stel onder die terme kanoniese kritiek en kanoniese teologie, waar hy die onmoontlikheid uitwys om vanuit 'n moderne oogpunt denkstrome in die antieke wêreld wat tot kanonieke konsensus gelei het, waar te neem, terwyl dit nie die moderne Christelike kerk daarvan weerhou om te erken dat hierdie konsensus God-gedrewe was en dat die Ou Testamentiese skrifte wat ons besit, werklik Woord van God is, volledig en in al sy dele.

⁴ Vergelyk artikels 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

⁵ Vgl. punt 3 hier onder waar Spangenberg nie die resente kritiek op sy bronnepotese in ag neem nie, maar dit as feitlik voorhou.

reeds in sy argumentasie aan die begin van sy artikel dat hierdie “Reformatoriese verstaan van die werklikheid (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:196) ... ’n uitgediende paradigma” is (Spangenberg, 2023:951) gevind.

Spangenberg (2023:952) noem dit ’n sirkelredenasië as die skrywers van die vier artikels op die wonder wys dat die mens rasioneel is en dat sy brein so gemaak is dat dit dinge in die skepping kan ontdek, deurdink, verstaan en verwerk. Selfs ’n kragtige ontploffing soos die oerknal, bied geen sinvolle verduideliking hiervoor volgens Dreyer en Van der Walt (2023b:238-240) nie. Dit is vir hulle ’n verdere argument vir ’n intelligente ontwerper van wie die mens se rasionaliteit afkomstig is. In plaas van ’n sirkelredenasië, werk die skrywers met die vraag of die oorsprong van menslike funksionaliteit en die orde wat so ontdek word vanself kon ontwikkel, en of dit eerder daarop dui dat dit fyn beplan en briljant ontwerp is. Dat hulle logiese bevindinge hulle geloofs-apriori ondersteun (en nie dié van Spangenberg nie) is duidelik.

2.1.3 *Syspoor-denkfout*⁶

In ’n logiese diskoers moet die argument en die stellings daarin vervat, verband hou met die saak onder bespreking. ’n Mens kan byvoorbeeld nie ’n woord in ’n sin misbruik om van die punt af te wyk en oor ’n saak wat nie direk relevant is redeneer nie. Wanneer die skrywers van die vier artikels op grond van moderne wetenskaplike navorsing bevind dat die heelal en die mens so fyn en briljant beplan en saamgestel is dat hulle nie tot ’n ander gevolgtrekking kan kom as dat dit deur ’n intelligente ontwerper daargestel is nie – een wat vir hulle aan die term “God” voldoen – is dit die onderwerp wat bespreek word. Om dan, soos Spangenberg (2023:952), te vra watter God hulle bedoel, is om die gesprek op ’n syspoor te neem na ’n saak wat nie direk onder bespreking is nie.

Spangenberg (2023:952) noem die name van verskillende gode wat die intelligente ontwerper kan wees. Dat daar volgens hom verskillende gode aan die beskrywing van ’n intelligente ontwerper voldoen, maak nie die argument vir so ’n ontwerper ongeldig nie. Intendeel. Dit trek ook nie ’n streep daardeur dat dit die God van die Bybel kan wees nie. ’n Wyse waarop sekere gode “uitgekakel” kon word as moontlike ontwerper, sou wees om die verskillende geskifte wat mense glo daardie gode openbaar teen dit wat natuurwetenskaplik bevind word te weeg – iets wat die skrywers van die vier artikels juis ten opsigte van die God van die Bybel doen.

Spangenberg (2023:952) beweeg verder op ’n syspoor deur sy aanval op die Christelike belydenis van God as drie-enig. Hy argumenteer dat die leerstuk van die Drie-eenheid ’n produk van die vierde en vyfde eeu n.C. is en nie in die Bybel geleer word nie. Wanneer daar egter na dit wat die Bybel oor God openbaar gekyk word, is dit duidelik dat die Bybel herhaaldelik daarop wys dat daar net een God is. Logies maak dit sin, want daar kan nie meer as een Wese wees wat almagtig vrylik oor alles kan beskik nie. Terselfdertyd noem die Bybel drie verskillende Persone God – die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die Drie-eenheid word van die begin af in die Skrif verduidelik, sonder dat die term gebruik word.⁷ Dit is logies om te sê dat as daar net een Goddelike wese is en drie Persone, wat duidelik met mekaar in verhouding staan, as God bekendgestel word, daardie drie Persone een Goddelike wese is. Wetenskaplik gesien, behoort daar waardering te wees as dit wat bevind word oor God in die Woord in ’n enkele woord soos Drie-eenheid saamgevat kan word.

⁶ In Engels “Red herring fallacy” (Moreland & Matlock, 2005:96).

⁷ Sien ook NGB, Art. 9.

2.1.4 *Ad Hominem – Raak persoonlik*⁸

In sy artikel raak Spangenberg baie persoonlik met sy opmerkings oor die skrywers van die artikels waarteen hy dit het. So verwys hy na die skrywers se siening van die Drie-eenheid as “verbysterende insig” – iets wat moeilik as iets anders as ’n snedige opmerking gelees kan word. In die logika word sulke persoonlike aanvalle wat nie die saak dien nie, ’n *Ad Hominem*-⁹denkfout of drogredenasie genoem.

2.1.5 *Beroep op gesaghebbendes (Argumentum ad verecun)*¹⁰

’n Logiese denkfout wat dikwels voorkom – ook by Spangenberg – is *argumentum ad verecun* (beroep op ’n gesaghebbende). Die valstrik van hierdie dwaling is dat mense gesag misbruik in ’n poging om hulle argument te laat geld (Ferrer, 2019:7). ’n Voorbeeld hiervan is waar Spangenberg (2023:950) as argument aanvoer dat sy siening aanvaar moet word, omdat geleerdes meer weet as hulle studente. Hoewel dit in sekere gevalle waar kan wees, is dit beslis nie in al die gevalle waar nie. Dit word byvoorbeeld verwag dat PhD-studente in hulle navorsing by bevindinge wat selfs hulle studieleiers nie van bewus was nie, kan uitkom. Die argument hou verder nie rekening daarmee dat almal foute maak en dat selfs kenners op ’n gebied grondig met mekaar kan verskil nie.

2.1.6 *Algemeen aanvaarde*¹¹

Spangenberg (2023:966-967) beweer dat iemand wat nie sy siening deel nie, nie met dit wat algemeen onder Bybelwetenskaplikes sedert die einde van die 19de eeu aanvaar word, saamstem nie. Daar is egter genoeg bronne wat aandui dat baie Bybelwetenskaplikes nie met dit wat hy sê, saamstem nie. Buitendien bepaal wat die meerderheid glo nie die waarheid van ’n argument nie. Al wat hy eintlik bewys, is dat hy ’n ander paradigma as die skrywers van die vier artikels het.

2.1.7 *Valse dilemma-denkfout*¹²

Om sy bronneteorie te probeer bewys, wys Spangenberg (2023:955) op sogenaamde verskillende perspektiewe op Jahweh in die Bybel, byvoorbeeld dat Hy genadig en liefdevol sou wees, en daarteenoor dat God se geregtigheid straf vereis. Hy probeer ’n teenstrydige teenstelling maak tussen ’n genadige God en ’n straffende God – een wat verlos en een wat oordeel. Spangenberg maak hom hier skuldig aan die valse dilemma-denkfout, waar ’n keuse

⁸ In Engels “Attacking the person fallacy” (Moreland & Matlock, 2005:92).

⁹ ’n *Ad Hominem*- (teen die persoon) denkfout is waar ’n persoonlike aanval gemaak word op die persoon met wie verskil word (Ferrer, 2019:1). Hoewel negatiewe of afbrekende woorde klink of dit verband hou met die saak, versterk dit nie die rasionele argument inhoudelik nie en hoort dit nie in ’n akademiese diskoers nie. *Ad hominem* is dus ’n drogredenasie waar daar deur iemand iets oor die ander persoon gesê word wat irrelevant is tot die argument. Dit is meer as net ’n belediging; dit is ’n belediging wat gebruik word as ’n argument om mense van iets anders te probeer oortuig.

¹⁰ In Engels “Appeal to authorities” (Moreland & Matlock, 2005:99).

¹¹ In Engels “Appeal to people” (Moreland & Matlock, 2005:99).

¹² In Engels “False dilemma fallacy” (Moreland & Matlock, 2005:90).

tussen twee sake vereis word, terwyl albei saam geldig kan wees (Ferrer, 2019:2), of waar daar meer moontlikhede is (Moreland & Matlock, 2005:90). In Christelike teologie staan God se regverdigheid en sy genade nie teenoor mekaar nie. Dit is juis aanvullend.

2.1.8 Die oorsprong-denkfout¹³

Die oorsprong-denkfout verwerp 'n argument op grond van die oorsprong daarvan (Ferrer, 2019:7). Spangenberg (2023:953) verwys byvoorbeeld na die gereformeerde leer as basis van 'n argument, en gee dit aan as rede waarom dit nie geldig is nie. Dit word gedoen in plaas daarvan om na die argument self te kyk en sou ewe maklik met sy voorveronderstellings gedoen kon word.

2.2 Inlegkunde of uitlegkunde – 'n wesentlike vraag

Deel van eerlike navorsing is om die bronne wat gebruik word, soos wat hulle hulself voorhou, uit te lê en te beoordeel. Dit word uitlegkunde genoem. Wanneer iets in 'n bron ingelees word wat nie daar staan of bedoel word nie, dan vind inlegkunde plaas – 'n oneerlike omgang met die bron.

2.2.1 Laat ons mense maak

Spangenberg (2023:962) beskuldig die skrywers van die vier artikels van inlegkunde oor hulle siening van Genesis 1:26. In Genesis 1:26 sê God: “Laat ons mense maak na ons beeld”. In Genesis 1:27 staan daar “Hy het die mens gemaak na sy beeld”. Dit is opvallend dat die een vers meervoud en die volgende vers enkelvoud vir God gebruik wanneer Hy die mens maak. Duidelik het die skrywer van Genesis 1 dit nie as 'n weerspreking gesien nie. Boonop is die woord wat vir God as Skepper al in die eerste vers van Genesis gebruik word, Elohim, in die meervoud, terwyl die werkwoord “Hy het geskep” in die enkelvoud is. Dit kom dus ooreen met die Godsopenbaring in die res van die Bybel waar dit beklemtoon word dat daar net een God is, maar dat drie Persone God genoem word en deel is van hierdie een goddelike Wese.

Die Godsopenbaring in Genesis 1:26 sou dus op 'n logiese wyse deur die skrywers van die artikels met dit wat in die res van die Bybel staan, vergelyk kon word, en tot die gevolgtrekking gekom word dat dit God-Drie-enig is na wie daar in Genesis 1 verwys word as die een wat alles skep. Ons sien dan ook in die res van die Skrif dat God sê dat Hy alles gemaak het (vgl. Jes. 45), asook dat nie net die Vader Skepper is nie, maar ook die Seun (vgl. Joh. 1:3). Genesis 1:2 verwys na die Gees van God wat oor die waters gesweef het. Dit alles toon dat die Drie-eenheid tydens die skepping aanwesig was.

Terwyl die drie skrywers van die vier artikels dus nie van inlegkunde beskuldig kan word nie, is dit eerder Spangenberg self wat inlegkunde pleeg wanneer hy Genesis bespreek. Met verwysing na Genesis 1:26 stel hy (2023:962) dat wanneer God sê “laat ons mense maak” dit 'n voorstel aan ander gode is. Hy stel dit nie as 'n moontlikheid nie, maar as 'n feit: “Hierdie teks veronderstel duidelik meer as een god”. Hierdie bewering maak hy sonder dat die Bybel hom daartoe lei. Om die waarheid te sê, staan dit direk teenoor wat die Ou Testament (vgl. Jes.43:10, 44:6, 45:5, 18, 21, 22) en die Bybel as geheel leer.¹⁴

¹³ In Engels “Genetic fallacy” (Moreland & Matlock, 2005:97).

¹⁴ Jesaja 43 tot 45 is byvoorbeeld baie duidelik daaroor dat daar net een God is. Die gode van die volke by en rondom Israel is nie waarlik God nie, maar mens-uitgedink. Daarom dat Elia op die

Hoewel daar destyds (soos vandag) ’n geloof in ’n veelheid van gode onder aanhangers van natuurgodsdienste bestaan het (soos o.a. gesien kan word in die godsdienste van die Egiptenare en die Kanaäniete), is dit duidelik dat hierdie godsbeskouings in die Pentateug afgewys word. Selfs as net van die Pentateug uitgegaan word, kan die inbring van ’n sogenaamde “godevergadering” en “godetuin” in Genesis 1 en 2 nie as ’n moontlike verklaring van Genesis 1:26 oorweeg word nie en kom dit gevolglik neer op inlegkunde. Deurgaans val die klem juis daarop dat, teenoor die heidense volkere se idee van veelgodedom, God as die enigste God geken en bely moet word. Dit dien as basiese uitgangspunt van Israel se godsdienste. Wette en maatreëls word in plek gestel dat die kinders van Israel dit moet onthou – soos duidelik gesien kan word in die eerste gebod (Ex. 20 & Deut. 5),¹⁵ asook besonderlik in die opdragte t.o.v. die kinders van Israel in Deuteronomium 6. Terwyl Spangenberg sy idee van ’n veelgodedom in die teks indra, projekteer hy terselfdertyd sy werkswyse op die skrywers van die vier artikels, deur hulle van inlegkunde te beskuldig.

2.2.2 *Die tweede skeppingsverhaal*

Volgens Spangenberg (2023:967) is alle godsdienste, ook die Christelike, deur mense geskep: “Godsdienste (en dit sluit die Christelike godsdienste in) het in die tyd ontstaan en het oor tyd geëvolueer”. Vir hom is die Christelike godsdiensteparadigma uitgedien weens natuurwetenskaplike en Bybelwetenskaplike navorsing. Die teendeel word egter in die vier artikels bewys, waar beide die Bybel en die skepping ernstig opgeneem word, wanneer daar na die openbaring van elkeen geluister word en beide oorweeg word. Dit blyk egter nie uit sy artikel dat Spangenberg werklik ingegaan het op die materie van dit wat die skrywers stel nie.

Dit is belangrik dat ’n navorser nie sy paradigma op sy bron probeer afdruk nie, maar eerlik sal luister na wat sy bronne deurgee. Deurdat Spangenberg (2023:963) sy idee van ’n veelgodedom in Genesis wil indra, noem hy die tuin in Genesis 2 ’n godetuin. Hy gee as motivering dat daar staan dat die tuin in die ooste was. Die ooste is waar die son opkom. Volgens hom is dit ook waar die hemel en aarde mekaar ontmoet en waar gode wat in die hemel woon die aarde kon betree. Om dit alles af te lei daarvan dat die tuin in die ooste geleë was, klink al te veel na ’n “slippery slope-”vorm van inlegkunde.

Sy verdere “bewys” dat die eet van sekere bome se vrugte verbode was omdat dit net vir God bedoel was (Spangenberg, 2023:963), is ook ’n inlees in die teks wat nie daar staan of geïmpliseer word nie. Tog word die stelling as feit gestel. Gesonde navorsing moet eerder op wat die teks self sê, fokus en dit interpreteer soos dit bedoel is om verstaan te word.

Wanneer uitleg van ’n historiese teks gedoen word, word daar onder andere na die agtergrond en omstandighede van iets wat verhaal word gekyk, om te verstaan wat dit vir destydse hoorders of lesers sou kon inhou. Dit mag egter nie so gebeur dat dit die fokus van wat eintlik daar staan wegtrek na dit wat die navorser vandag daarvoor dink nie. Deur die betekenis van wat in ’n Skrifgedeelte staan te verander, is dit nie uitlegkunde nie, maar inlegkunde, en dus onjuis.

berg Karmel (1 Kon. 18:21) vir die volk sê dat die Here en Baäl nie beide God kan wees nie.

¹⁵ As God in die eerste gebod sê dat Israel nie ander gode voor sy aangesig mag hê nie, is twee verklarings moontlik. Die een is dat daar ander gode is en dat God die voorrang wil hê. Die ander is dat daar nie ander gode is nie en dat God daarom Israel wil verhoed om met die mensuitgedinkte gode iets te doen te hê. Skrif-met-Skrif-vergelyking dui duidelik daarop dat dit laasgenoemde is.

2.2.3 Adam en Eva

Vir Spangenberg is Adam en Eva fiktiewe karakters, alhoewel hulle in Genesis as histories beskryf word en in die res van die Bybel ook so gesien word. Om dit op feit-stellende, ongemotiveerde wyse as argument teen die skrywers van die vier artikels te gebruik, terwyl hulle verstaan daarvan juis met die Bybel waarmee hulle die natuurwetenskaplike bevindinge vergelyk klop, is nogeens 'n vorm van inlegkunde – juis dit waarvan hy die skrywers beskuldig met hulle siening van Adam en Eva as voorbeeld (Spangenberg, 2023:962). Dit lyk eerder of hy sy paradigma op die skeppingsverhaal wil afforseer.

In die Bybel is daar geen vraagtekens oor die historisiteit van Adam en Eva nie. Ná 'n diepgaande studie hieroor, kom Collins (2011:133) tot die gevolgtrekking dat die tradisionele verstaan van Adam en Eva as ons eerste ouers wat sonde in die menslike ervaring inbring, betroubaar is. Dit pas by 'n Bybelse storielyn met sy idee van verteenwoordiging en verbondsinlywing. Dit bied ook 'n betekenisvolle verklaring vir alledaagse ervaring. Hierdie siening word nie net in Genesis uitgedruk of veronderstel nie, maar dwarsdeur die Bybel, insluitende in die Evangelie-aanbieding van Jesus en in die briewe van Paulus. Die alternatiewe is minder bevredigend en doen onreg aan die teks. Dit sluit Spangenberg (2023:963-966) se lees daarvan as 'n etiologiese verhaal wat in 'n bepaalde konteks ontstaan het, in.

2.2.4 Ander man se vrou begeer

Deurdadig hy sy beskouing van die natuurgodsdienste in die Pentateug inlees, ignoreer Spangenberg (2023:957) die uniekheid van die Pentateug wat die veelgodedom van die natuurgodsdienste direk teengaan. Om sy siening dat dit tydgebonde geskrifte is verder te motiveer, stel hy op grond van Eksodus 20:17 “vroue was halfwasmense en mans kon met hulle handel dryf, soos met skape en bokke”. Die tiende gebod waarna hy verwys, handel egter oor begeertes na dit wat nie aan jou behoort nie – insluitende 'n ander man se vrou – en stel nie dit wat hy wil voorgee nie. 'n Paar verse vroeër word kinders in Genesis 20:12 opdrag gegee om hulle vaders én hulle moeders te eer. Van die begin af (Genesis 1:27) word daar spesifiek beklemtoon dat God beide man en vrou na sy beeld gemaak het. Die wetgewing wat in die Pentateug gegee word, is juis om vrouens te beskerm – van huweliksluiting tot verkragting – en dit staan teenoor die gebruike van daardie tyd en teenoor dit wat Spangenberg in die teks wil inlees. Dit is onwetenskaplik om van 'n werkswyse gebruik te maak waar dinge wat nie daar staan nie en waarvan die teenoorgestelde juis op grond van Skrif-met-Skrif-vergelyking blyk waar te wees, in die Skrif in te lees. Die ironie is dat dit juis Spangenberg (2023:957) is wat hom sterk teen inlegkunde uitspreek en die skrywers van die vier artikels daardeur probeer diskrediteer.

3. Geesteswetenskappe en bron-diskreditering

Onder die opskrif “Voorbeeld 2: Geesteswetenskaplike navorsing” wys Spangenberg (2023:954-956) die moontlikheid dat Moses die outeur van die Pentateug kon wees af en verkondig hy die standpunt dat die eerste vyf boeke van die Bybel oor eeue ontstaan het en 'n samevoeging van 'n verskeidenheid bronne of dokumente is – die sogenaamde bronnehipotese (of dokumente-hipotese). Hy gebruik dit om sy standpunt te motiveer: “Grondige navorsing het bewys dat die Bybel en die Christelike geloof nie noodwendig in harmonie met die moderne natuurwetenskaplike teorieë is nie – daarmee moet teoloë en gelowiges vrede maak”

(Spangenberg, 2023:967). Deur te stel dat dit nie noodwendig so is nie, sluit hy logies gesien nie die moontlikheid dat dit wel waar kan wees uit nie. Dit stry met sy laaste opmerking dat daar met sy standpunt vrede gemaak moet word.

3.1 *Die boeke van Moses*

Spangenberg (2023:955) noem die idee dat Moses die outeur van die Pentateug is 'n verouderde idee en meen dit is “verstommend dat die outeurs van die eerste artikel nog na Moses as die skrywer van die Pentateug verwys”. Dit is vir hom 'n bewys dat die skrywers nie rekening hou met “resente navorsing in die geesteswetenskappe – meer spesifiek die Bybelwetenskappe” nie (Spangenberg, 2023:950).

Die woord “verstommend” is 'n baie sterk afkeurende woord vir die verwysing na Moses as outeur van die Pentateug. Sy argument teen Moses as die enigste skrywer van die “ganse Pentateug” (Spangenberg, 2023:955) trek nie 'n streep deur al die getuienis dat Moses wel die grootste deel van die Pentateug kon geskryf het en dat enkele byvoegings wat gemaak is (bv. oor Moses se afsterwe waarmee die Pentateug afsluit – Deut. 34) tipies is van wat 'n redakteur wat na Moses se dood verantwoordelik vir die afronding van Moses se geskrifte is, sou doen nie.

Daarby was die debat oor die outeur van die Pentateug duidelik nie in die visier van die skrywers van die eerste artikel nie. Hulle kon op ander wyses ook na die Pentateug verwys het. 'n Manier van verwysing – wat veral ook in die res van die Skrif gebruik word – maak nie die artikel of die argumente daarin ongeldig nie.

In sy video oor “Who wrote the Book of Genesis” wat deur Zondervan se akademiese uitgewery uitgegee is, fokus Tremper Longman (2018) as Ou Testamentikus op die vraag wie die outeur van Genesis was. Hy wys dan daarop dat alhoewel Moses nêrens in Genesis, of selfs in die hele Pentateug, die skrywer daarvan genoem word nie,¹⁶ die res van die Bybel wel daarna verwys as van Moses. Dit begin reeds net ná Moses se dood in die volgende hoofstuk in die Bybel – Josua 1. Hierdie siening stem ooreen met die gevolgtrekking van Katz (2012:129) oor die Pentateug, naamlik dat geredelik aanvaar kan word dat Moses die voorgeskiedenis van die Israeliete geskryf het, gebaseer op ouer materiaal wat voor Sinai versamel is.

In die Pentateug kom daar ook 'n aantal verwysings na Moses wat dinge neergeskryf het voor. In Exodus 17:14 staan daar byvoorbeeld dat die Here vir Moses gesê het “Skryf hierdie woorde op in 'n boek as 'n blywende herinnering”. In Exodus 24:3-4 lees ons dat Moses “aan die volk al die woorde van die Here, en al die verordeninge vertel” het. Nadat die volk gereageer het dat hulle sal doen wat die Here sê, het Moses “al die woorde van die Here opgeskrywe.” Exodus 34:28 vertel dat Moses 40 dae op die berg by die Here was, waar hy “die woorde van die verbond” neergeskryf het. Volgens Grisanti (2011:172) kan nie ontken word dat Moses 'n beduidende skrywer van Genesis sowel as die Pentateug was nie. Dit sluit nie uit dat Moses mondelinge tradisies of bestaande geskrewe rekords kon gebruik het nie, benewens direkte openbaring vir sy samestelling van Genesis. Wat hy insluit, is deel van die geïnspireerde teks van Skrif en word as sodanig as onfeilbaar en foutloos gesien.

Moses het ook, volgens Numeri 33:2 en verder, in opdrag van die Here neergeskryf hoe die Israeliete getrek het. Deuteronomium 31:24 vertel dat Moses die wetboek wat hy “tot die laaste woord toe, in 'n boek opgeteken het” aan die Leviete toevertrou het om dit saam met

¹⁶ Vergelyk ook Rollston (2022:48) in hierdie verband.

die verbondsark te bewaar. Moses het ook die lied wat hy geskryf het, laat opteken (Deut. 31:19).

Dit is duidelik dat Moses heelwat materiaal wat deel van die Pentateug vorm, geskryf het. Daarom maak dit sin om daarna te verwys as “van Moses”. Selfs met die enkele redaksionele byvoegings wat ná die dood van Moses aan die Pentateug gemaak moes word, stel Longman (2018) dat Moses as die primêre skrywer van die Pentateug aangedui word. Hoewel Moses ook, soos skrywers maak, moontlike bronne gebruik het om Genesis te skryf (die *elleh toledot*¹⁷), vind hy geen goeie rede om die outeurskap van Moses te ontken nie. Ook in die Nuwe Testament word die Pentateug met Moses geassosieer (bv. Mat. 19:7; 22:24; Mk. 7:10; 12:18-27; Joh. 1:17; 5:46; 7:23).

3.2 Die bronnehipotese

Die bronnehipotese kan beskryf word as ’n teorie dat die Bybel, en spesifiek die Pentateug, uit verskillende en selfs teenstrydige bronne saamgestel is. Dit dien as motivering vir Spangenberg as voorstander van die hipotese dat die Bybel daarom nie as gesaghebbend gesien kan word nie.

3.2.1 Hipotese as feit voorgelou

Spangenberg (2023:955-956) bespreek die bronnehipotese as ’n feit en verwys op ’n onkritiese manier na Wellhausen (1844-1918)¹⁸ en andere wat hierdie teorie destyds onder ’n groepering van teoloë gewild gemaak het. Hoewel hy self die teorie ten opsigte van die Bybel voorstaan, erken hy dat min Christene die teorie aanvaar. Tog is dit vir hom so wesentlik belangrik en feitelik dat hy skryf dat navorsing in Bybelwetenskap wat dit nie verdiskonteer nie “gediskwalifiseer behoort te word” (Spangenberg, 2024:12).

Soos ander voorstanders van die bronnehipotese, beskou Spangenberg (2023:954-956) die Pentateug as ’n samevoeging van verskillende dokumente. Die dokumente sou oor etlike jare deur verskillende skrywers geskryf gewees het – mense wat verskillende sieninge oor God en godsdiens gehad het. As bewys van sy hipotese voer hy aan dat daar verskillende en teenstrydige perspektiewe op Jahweh in die Ou Testament sou wees. Voorstanders van die bronnehipotese snipper die Ou Testament in verskillende deeltjies op, onder andere op grond van die name wat vir God gebruik word.¹⁹ Dit word selfs nog verder verdeel met die veronderstelling dat verskillende skrywers na God as Jahweh sou verwys. Die bronne word

¹⁷ “We encounter a formula that appears eleven times in the book (2:4; 5:1; 6:9; 10:1; 11:10, 27; 25:12, 19; 36:1, 9; 37:2). This formula is introduced by the words *elleh toledot* and a person’s name, “This is the account of [name].” These sections indicate the use of oral and/or written sources for the writing of the book of Genesis” (Longman, 2018).

¹⁸ Voorstanders van die bronnehipotese gebruik verskillende kategorieë om by verskillende – ook teenstrydige – indelings van bronne waaruit die Pentateug sogenaamd saamgestel sou wees, uit te kom. Waar Westermann (1994) oorspronklik vyf kategorieë gebruik het en die verskillende name van God veral ’n belangrike rol gespeel het, gebruik Friedman (2003) sewe kategorieë en speel die naam van God en herhalings nie dieselfde prominente rol in sy indelings nie.

¹⁹ Dat hierdie artikel van my na die bronnehipotese verwys ook as bronneteorie, bronnekritiek en as bronkritiese benadering, hoef geensins daarop te dui dat dit deur verskillende skrywers geskryf is nie. Dit kan ook so verstaan word dat daar telkens ’n rede is waarom die skrywer ’n spesifieke verwysing gebruik.

dan byvoorbeeld genommer as J1, J2, J3, ensovoorts. Hierdie indelings word gedoen sonder argeologiese of ander bewyse dat hierdie bronne wat hulle in die Ou Testamentiese teks veronderstel, werklik bestaan.

Omdat daar nie ander ondersteunende bewyse vir die bronnehipotese gevind kon word nie, het diegene wat die bronnehipotese aanhang die afgelope tyd hoofsaaklik op literêre aspekte gefokus (Boyd, 2021:120). Die bronnehipotese het egter ook op literêre vlak baie mankemente – iets wat maak dat heelwat Bybelwetenskaplikes dit nie as ’n (belangrike) deel van hulle navorsing beskou nie. ’n Voorbeeld hiervan word in Katz (2021:40) se kritiek op die bronnehipotese gevind, wanneer hy die woord “na‘arah” wat sonder die laaste letter “hé” in die Bybel voorkom, bespreek. Anders as wat sekere voorstanders van die bronnekritiek dit wil hê, is dit die meer antieke vorm van die woord en dui dit op ’n vroeë neerskryf van die Pentateug.

Eerder as om die Pentateug te probeer versnipper behoort die narratiewe eenheid die klem te ontvang, soos selfs literêre kritici met behulp van standaard literêre konvensies op grond van resente navorsing hieroor uitwys (Klingbeil, 2019:21). Terwyl die bronnehipotese se rakleef tyd volgens voor- en teenstanders besig is om verby te gaan,²⁰ maak Spangenberg (2023:956) ’n groot saak daarvan dat die skrywers van die vier artikels nie van die bronnehipotese wat hy, vreemd genoeg, die nuwe navorsing in die geesteswetenskappe noem, gebruik maak nie.

Resente navorsing oor die samestelling van die Ou Testament en spesifiek die Pentateug, dwing selfs voorstanders van ’n bronnehipotese om te erken dat daar duidelike probleme met die hipotese bestaan. So stel John Savoie (2020:211) in sy artikel waar hy P- en J-bronne in die Nuwe Testament probeer vind, dat die bronnehipotese as ’n teorie van analise en verdeling in saamgestelde stukke, die naatlose samesmelting van ’n gedeelte soos Genesis 1 en 2 (waaroor Spangenberg dit spesifiek het) eerder kompliseer en verdoesel, as wat dit dit ophelder en belig. Oor die onderskeiding binne die sogenaamde J-materiaal wat Spangenberg as bewys aanvoer, stel Savoie (2020:200) dat dit lei tot “devolving into speculation, quibbles, circular reasoning, and a text as tortured as the most egregious political gerrymander”.

Dit is daarom verstaanbaar dat Baden (2012: 246-249) hom teen die klassieke weergawe van die bronnehipotese uitspreek. Volgens hom is daar min voorstanders van ’n vorm van bronnehipotese, wat nie die weergawe van Wellhausen ter syde gestel het nie.

Nadat ’n ander aanhanger van die bronnehipotese, Ariel Seri-Levi, tot die gevolgtrekking gekom het dat Numeri 25 uit drie verskillende bronne saamgestel is, erken Seri-Levi (2023:566) dat die soeke na literêre, teologiese en historiese oorspronge van verskillende stukke in die teks al te dikwels spekulatief van aard is. Dit is daarom verstaanbaar dat voorstanders van die bronnehipotese soos Najman en Schmid (2022:23) beklemtoon dat voorveronderstellings oor die samestelling en komposisie-praktyke van die Pentateug heroerweeg moet word.

In sy artikel wat oor “Die Pentateuchkrisis als krisis der literarkritik” handel, behandel Siegbert Riecker (2020:123) die huidige krisis in navorsing oor die Pentateug en verwys hy na die ondergang van die Wellhausen-paradigma – die paradigma wat Spangenberg (2023:955) as feit en moderne wetenskap konstateer. Klingbeil (2019:1) stel ook dat die Graf-Wellhausen bronnehipotese, soos oorspronklik aangebied, onhoudbaar is. Daarby verwys Riecker (2020:123) na ’n fundamentele krisis in die bronnekritiese paradigma as sodanig. Hy stel op grond van resente navorsing dat die alternatief vir die klassieke paradigma van bronnekritiek ’n literêre paradigma

²⁰ Tensy iemand ’n nuwe denkbeeldige haas uit die hoed kan ruk – of natuurlik as van hierdie teenstrydige bronne waarvoor bespiegel word, ontdek sou word.

is wat terugkeer na die beginpunt van die getuienis van die Bybelse tekste self. Dit is in dié sin dat die skrywers van die vier artikels ook hulle argumentasie voer. Terwyl literêre spanning nie geïgnoreer word nie, wys Riecker daarop dat sisteme van interpretasie om teenstrydighede te verklaar nie meer op metodes wat in die agtiende en negentiende eeu ontwikkel is, gebaseer kan word nie. Die antieke literêre konvensies van die Bybel en sy milieu moet eerder nagevors word. Duidelik weerspreek dit Spangenberg se aanspraak dat sy siening die resente geesteswetenskaplike siening is.

Riecker (2020:144) ontken nie dat die outeur van die Pentateug (of te wel die Torah soos hy daarna verwys) van bronne gebruik gemaak het nie. Hy stel egter dat die outeur as “komponis” sy materiaal geheel en al in sy “homogene kunswerk” geïntegreer het. Hy beskou die siening (wat Spangenberg volgens sy artikel ook huldig) dat bronne of redaksionele stadiums selfs by benadering betroubaar deur spekulatiewe hipoteses gerekonstrueer kan word, as heeltemal naïef volgens vandag se kennis. Dit kom van die oordrewe optimisme van die Duitse historisme in die 19de eeu.

In sy navorsing oor die Pentateug en sy samestelling, daag Klingbeil (2019:1) die bronnehipotese se vooronderstelling uit dat daar uiteenlopende bronne bestaan en vra vir ’n vars benadering tot die hermeneutiek van die Pentateug wat dit wat deur die teks self gestel word, ernstig opneem. Dit geld ook vir die waarheidsaansprake van die Pentateug en vir ’n wegbeweging van ’n hipotetiese lappieskombers van brondokumente (Klingbeil, 2019:9,20). Hierdie teorie is hoogstens ’n hipotese, maar ’n feit of ’n voorwaarde vir Bybelwetenskap is dit beslis nie.

Tog skryf Spangenberg (2024:12) in die briewekolom van die Sondagkoerant, *Rapport*, dat die outeurs van die vier artikels se “navorsing gediskwalifiseer behoort te word” en gee as motivering dat hulle nie aandag gegee het aan sy bronkritiese idees – idees wat vandag onder felle kritiek deurloop – nie.

3.2.2 Eerder eenheid as verdeeldheid

Op die agterblad van sy boek oor die bronnehipotese, stel Ford (2021),²¹ dat Moses volgens die bronnehipotese nie die eerste vyf boeke van die Bybel geskryf het nie, want as dit deur een outeur geskryf sou gewees het, sou dit volgens ’n duidelike plan geskryf gewees het. Die veronderstelde talryke teenstrydighede, verskille in styl en herhalings in die vyf boeke is volgens voorstanders van die bronnehipotese ’n bewys dat die boeke nie volgens ’n plan geskryf is nie en nie ’n enkele outeur gehad het nie, veral nie Moses nie. Ford gee dan in sy boek voorbeelde van hoe hy met hierdie kriteria wat die bronnehipotese toepas, kan “bewys” dat die boeke van voorstanders van die bronnekritiek deur verskillende skrywers en op teenstrydige en herhalende wyse geskryf is, met terme wat uit verskillende tye kom. Daarna

²¹ In sy boek *Who Really Wrote the Bible?* (2021) bespreek Ford verskeie argumente wat deur voorstanders van die bronnehipotese aangevoer word teen Moses as die outeur van die Pentateug. Hy verwys na Friedman se analogieë en toon hoe dit met die bronnehipotese vergelyk kan word, sonder om alles te noem (59-116). Hy bespreek argeologiese bevindinge wat teen die bronnehipotese stry (117-134) en ondersoek teenstrydighede in die Pentateug (137-172). Verder bespreek hy die motivering agter die bronnehipotese, naamlik stylveranderinge in die skryfwerk (173-208). Laastens fokus hy op die struktuur van die Pentateug, waar Friedman en ander beweer daar is geen duidelike beplanning nie, maar toon eerder dat dit nie sommer saamgevoeg is nie (209-252).

gaan hy voort om uit te wys dat die eerste vyf boeke van die Bybel wel 'n duidelike plan het en dat dit moontlik is om te toon dat dit deur een enkele outeur geskryf is.

Ford (2021:137-172) toon verskeie probleme met die bronne van die Pentateug, waaronder dat daar nie 'n oortuigende rede gegee kan word waarom die "verkeerde" naam van God in die sogenaamde brondokumente verskyn nie. Daarby beredeneer hy dat die profete Jeremia, Esegïel en Hosea reeds die hele Pentateug tot hulle beskikking gehad het en dat dit duidelik is dat die Pentateug bestaan het voor die ballingskap en nie eers teen die latere tydperk wat deur voorstanders van die bronne gestel word nie.

Hierby kan bygevoeg word dat die indeling van die Pentateug, en spesifiek Genesis, volgens die bronne, nie genoegsame aandag aan die outeur se bedoeling gee nie. Indien dit so saamgestel sou gewees het, moes die outeur en finale redakteur tog besef het dat twee skeppingsverhale, asook verskillende Godsnames, gebruik word. As ons die eenheid en inspirasie van die Skrif aanvaar, soos miljoene Christene wel doen, kan ons eksegese te werk gaan en oorweeg waarom spesifieke Godsnames by spesifieke geleenthede gebruik word en so tot waardevolle insigte en uitlegkunde kom. Daarenteen, as ons dit slegs as verskillende bronne beskou, eindig dit daar en lewer dit nie vrugbare navorsing op nie. Genesis en die hele Pentateug vorm 'n waardevolle eenheid wat oor eeue en steeds as sodanig bestudeer word.

4. Wetenskaplik of juis nie?

4.1 Natuurwetenskap en geloof

Spangenberg (2023:953-954) is reg dat dit etlike jare geduur het voordat die heliosentriese hipotese van Kopernikus aanvaar is. Wetenskaplike prosesse neem tyd om inslag te vind. Hy is egter nie reg as hy die geskiedenis van Galileo Galilei gebruik om die geloof-wetenskapsgesprek waaroor die skrywers van die artikels navorsing gedoen het, verdag te maak nie. Anders as wat hy beweer, was die Galileo-sage nie 'n stryd tussen wetenskap en kerk nie. Die kerk van destyds (insluitende die pous) het juis vir Galileo aangemoedig om met hierdie werk voort te gaan. Dit was die natuurwetenskaplikes van daardie tyd wat met reg en ten onregte 'n probleem met die resultate van sy navorsing gehad het.

D'Souza (2007:68-74) wy 'n hele hoofstuk aan die geskiedenis van Galileo onder die opskrif "An atheist fable: Reopening the Galileo case". Hy wys daarop dat die geosentriese heelal voor die sestiende eeu 'n algemeen aanvaarde konsep, geskoei op die denke van die Griekse sterrekundige, Ptolemaios, was. Galileo, 'n Florentynse sterrekundige, wat ook eers 'n ondersteuner van Ptolemaios se geosentriese teorie was, het later oortuig geraak dat Kopernikus reg was dat die aarde om die son draai. Kopernikus het sy teorie reeds in 1543 in 'n boek wat aan die Pous opgedra is, gepubliseer. Hy kon geen bewyse daarvoor gee nie, behalwe dat die heliosentriese hipotese beter voorspellings van planeetbane lewer. Kopernikus se idees het 'n groot debat binne die godsdiens- en wetenskap-gemeenskap wat destyds grootliks oorvleuel het, ontlok.

Nadat hy 'n kragtiger teleskoop as ander van sy tyd ontwikkel het, het Galileo belangrike nuwe waarnemings oor planete en vlekke op die son gemaak wat ooreengestem het met die Kopernikaanse teorie. Terwyl van die voorste sterrekundiges van destyds nie met Galileo saamgestem het nie, was dit die Pous wat Galileo se wetenskaplike navorsing ondersteun het. Hierdie verhouding het ná jare onder druk gekom toe Galileo in 1632 'n boek, waarin hy die pous beledig het, gepubliseer het. Ten spyte hiervan en ten spyte van heelwat foute in die boek,

is Galileo nie van kettery aangekla of gemartel nie. Nadat hy vyf maande saam met een van die aartsbiskoppe in sy paleis gebly het, is hy toegelaat om na sy huis in Florence terug te keer. Hy kon sy wetenskaplike werk voortsit tot en met sy dood in 1642.

Terwyl die wetenskaplikes en die kerk destyds baie strenger met Galileo kon gehandel het, het dit nie gebeur nie. Dit is juis in die kader van die Christendom dat natuurwetenskaplike navorsing oor eeue aangemoedig en selfs befonds is en universiteite daargestel is. Dit is ironies dat dit vandag ateïstiese denkers is wat op grond van hulle paradigma deeglike navorsing van Christen-wetenskaplikes wil onderdruk.²²

4.2 *Navorsingsensuur is nie wetenskaplik nie*

Terwyl Claassen (2024:10) in sy aanval op die vier artikels beweer dat die Christelike godsdiens “kritiese denke verlam”, bewys die geskiedenis juis die teendeel. Terwyl Christen-denkers oor eeue wetenskap uitgebou het, soos die skrywers van die vier artikels by name uitwys, is dit telkens ateïste wat beperkinge op wetenskaplike denke plaas en selfs sensuur wil toepas. Claassen spreek hom sterk teen die intelligente ontwerp wat natuurwetenskaplikes in hulle navorsing vind uit, en wil so die navorsing inbind en keer om sy logiese gang te gaan. Wanneer erken word dat alles wat tot stand gekom het (insluitende die kosmos) ’n oorsaak moet hê, bring dit logies die vraag na vore wie of wat die oorsaak is dat dit tot stand gekom het. Om dan te beweer dat dit vanself uit niks tot stand gekom het is nie logies nie. Dit is so goed as om te sien dat ’n bal deur die lug trek en in jou tuin val, maar omdat jy glo dat jy net na die werklikheid binne die geslote sisteem van jou eie erf mag kyk, besluit jy dat die bal vanself ontstaan het en op een of ander wyse eie energie opgewek het om deur die lug in jou tuin in te beweeg. Hierdie soort beperking en sensuur op navorsing verskraal vrugbare wetenskap (Stoker & Stoker, 2013:65).

Wanneer die vier artikels waarteen Spangenberg en Claassen dit het gelees word, en ook wanneer die samevatting daarvan in *Rapport Weekliks* gelees word (Van der Walt & Dreyer, 2024:4-5), besef ’n mens hoe belangrik dit is dat die wetenskap nie van hierdie voor-vrae mag wegstroom nie. Die artikels beskryf navorsing wat natuurwetenskaplik en kosmologies op die oorsaak en die fyn-ingesteldheid van die heelal ingaan, asook op die presisie van kosmiese konstante wat alles, ook lewe, moontlik maak, sowel as op die oorsprong van die gekodeerde inligting in die DNS van lewende selle. Met reg stel Van der Walt en Dreyer (2024:5) die volgende oor die teenstand wat hulle as navorsers ondervind:

Wat onaanvaarbaar is, is om eksperimentele waarnemings en die teorieë wat daaruit afgelei word by voorbaat te verwerp slegs op grond van persoonlike geloofsoortuigings. ... Wetenskaplike navorsing vereis ’n oop, onbevange en onbekrompe benadering wat die moed het om data eerlik te interpreteer tot by die mees waarskynlike gevolgtrekking.

²² As sowel die skepping as die Bybel as openbaring van God gesien word – soos meeste Christene en ook die skrywers van die vier artikels doen – dan is die vraag na die harmonie van die openbarings ’n logiese vraag wat wetenskaplike besinning regverdig.

BIBLIOGRAFIE

- Baden, JS. 2012. *The composition of the Pentateuch: Renewing the documentary hypothesis*. New Haven: Yale University Press.
- Barrick, WD. 2008. Exegetical Fallacies: Common interpretive mistakes every student must avoid. *TMSJ*, 19(1):15-27.
- Boyd, SL. 2021. Applied Ritual: The application of blood and oil on bodies in the Pentateuchal sources. *Biblical Interpretation*, 29(1):120-147.
- Claassen, G. 2024. Die oerknal het nie sommer 'toevallig' gebeur nie. *Rapport Weekliks*, (21 Jan.):10-11.
- Collins, CJ. 2011. *Did Adam and Eve really exist? Who they were and why you should care*. Wheaton: Crossway.
- Crook, LS & Dean, MC. 1999. Logical fallacies and ethical breaches. *Ethics & Behavior*, 9(1):61-68.
- D'Souza, D. 2007. *What's so great about Christianity*. Washington: Regenery Publishing.
- Dreyer, J, Van der Walt, K & Denton, R. 2023. Die oorsprong van alles: "Dit was aand en dit was oggend". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):192-210.
- Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023a. Die ontstaan van lewe: "In die begin was die Woord daar". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):211-228.
- Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023b. Die oorsprong van die mens: "Laat Ons mense maak". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):229-245.
- Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023c. Boosheid in die mens: "Tot stof sal jy terugkeer". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):246-261.
- Deyvik, EH. 2023. Share of global population affiliated with major religious groups in 2022, by religion. <https://www.statista.com/statistics/374704/share-of-global-population-by-religion/#:~:text=Share%20of%20global%20population%20affiliated%20with%20major%20religious%20groups%202022&text=In%202022%2C%20around%2031.6%20percent,of%20global%20populations%20as%20Hindu.> [18 April 2024].
- Fantino E, Stolarz-Fatino, S & Navarro, A. 2003. Logical fallacies: A behavioral approach to reasoning. *The Behavior Analyst Today*, 4(1):109-117.
- Ferrer, D. 2019. 15 logical fallacies you should know before getting into a debate. <https://www.aresearchguide.com/15-logical-fallacies-you-should-know-before-getting-into-a-debate.html> [10 April 2024].
- Ford, CH. 2021. *Who really wrote the Bible? A response to the documentary hypothesis*. Mustang: Tate Publishing & Enterprises.
- Friedman, RE. 2003. *The Bible with sources revealed*. New York: HarperCollins Publishers.
- Grisanti, MA. 2011. *The Book of Genesis, in The world and the word: an introduction to the Old Testament*. Nashville, TN: B&H Academic
- Katz, BZ. 2012. *A journey through Torah: A critique of the Documentary Hypothesis*. Jerusalem: Urim Publications.
- Klingbeil, GA. 2019. Of Pillars and Foundations: Seven Thesis Statements Concerning the Hermeneutics of the Pentateuch. *DavarLogos, Julio-Diciembre*, 18(2):1-30.
- Lemmer, TN & Lemmer, M. 2024. Wetenskap en geloof is te versoen. *Rapport Weekliks*, (28 Jan.):5.
- Longman, T. 2018. *Who Wrote the Book of Genesis?* <https://zondervanacademic.com/blog/who-wrote-genesis.> [4 April 2024].
- Merrill, EH. 2011. The Canonicity of the Old Testament, in *The world and the word: an introduction to the Old Testament*. Nashville: B&H Academic.
- Moreland, JP & Matlock, M. 2005. *Smart faith. Loving your God with all your mind*. Colorado Springs: Think.
- Najman, H & Schmid, K. 2022. Reading the Blood Plague (Exodus 7:14-25): The Hermeneutics of a Composite Text. *JBL*, 141(1):23-42.
- Riecker, S. 2020. Paradigmenwechsel – welches Paradigma? Die Pentateuchkrise als Krise der Literarkritik. *European Journal of Theology*, 29(2):123-151.
- Rollston, C. 2022. Ad Fontes: The Authorship of the Pentateuch according to the Pentateuch. *HeBAI*, 11:31-48.

- Savoie, J. 2020. "What Is Written? How Do You Read It?" Tracking P and J in the Gospels. *Journal of Theological Interpretation*, 14(2):199-212.
- Seri-Levi, A. 2023. Compilation or Redaction in the Pentateuch: Reassessing Numbers 25. *JBL*, 142(4):547-566.
- Spangenberg, I. 2023. Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):947-970.
- Spangenberg, I. 2024. Navorsers verswyg hoe naïef hulle in Bybel glo. *Rapport Weekliks*, (4 Feb.):12.
- Stoker, HG & Stoker, PH. 2013. Vrugbare wetenskappe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 49(4):47-67.
- Van der Walt, K. & Dreyer, J. 2024. Die oerknal het nie sommer 'toevallig' gebeur nie. *Rapport Weekliks*, (28 Jan.):4-5.
- Westermann, C. 1994. *Genesis 1-11: A continental commentary*. Minneapolis: Fortress Press.

Weer 'n slag die AWS (2)

In my vorige rubriek het ek 'n paar van die belangrikste “gewone” gebruike van koppeltekens genoem, naamlik dat 'n koppelteken woorddele wat bepaalde kenmerke het en bymekaar hoort, aan mekaar koppel, maar ook dat dit ook sekere letterkombinasies as 't ware al koppelende skei, soos in byvoorbeeld *asma-aanval* of *Cross-straat*.

Hierdie keer noem ek twee spesiale gebruike van dié horisontale strepie wat gewoonlik 'n koppelteken genoem word.

- 1) Die eerste van dié twee spesiale koppeltekens word 'n **weglaatteken** genoem. Dit illustreer terselfdertyd twee belangrike idiomatiese verskille tussen Afrikaans en Engels.

Die eerste van dié verskille is dat samestellings in Afrikaans feitlik konsekwent vas geskryf word, terwyl dit in Engels nie naastenby so streng geskied nie. Engels skryf byvoorbeeld *polyvinyl chloride (PVC)* en dus *polyvinyl chloride pipes* (of waarskynliker *PVC pipes*), en ook *concrete pipes*. Afrikaans, daarenteen, skryf vas *polivinielchloried*, *polivinielchloriedpype* (*PVC-pype*) en *betonpype*.

Insgelyks is dit byvoorbeeld *Vaal Dam*, *Gariep Dam* en *Steenbras Dam* in Engels, maar tradisioneel *Vaaldam*, *Gariepdam* en *Steenbrasdam* in Afrikaans (die kwessie van eienaamverbindings eers buite rekening gelaat).

As 'n mens nou 'n reeks van twee of meer sulke sake benoem, is dit meestal onnodig om die laaste element te herhaal, en vir die leser is 'n herhaling trouens dikwels steurend. Daarom word dit dikwels weggelaat, byvoorbeeld:

They used polyvinyl chloride and concrete pipes.

The minister visited the Vaal, Gariep and Steenbras Dams.

Die tweede idiomatiese verskil is dat Engels die meervoud *Dams* in die laaste voorbeeld gebruik.

Omdat Afrikaans *polivinielchloriedpype* (*PVC-pype*) en *betonpype* (vas) moet skryf, sal iets soos **“polivinielchloried en betonpype”* betekenisgewys baie verwarrend wees. Daarom voeg Afrikaans die weglaatteken by om aan te dui dat dit nie net polivinielchloried is wat ter sake is nie, maar wel polivinielchloriedpype: *“polivinielchloried- en betonpype”*. Die koppelteken, ofte wel die weglaatteken, dui dus aan dat *pype* weggelaat is; dit verteenwoordig dus *pype*.

Nog 'n voorbeeld is iets soos *bo-*, *onder-* en *byskrifte*, waarin die weglaatteken aandui dat *-skrifte* telkens weggelaat is.

In die voorbeeld van die damname is die saak miskien meer gekompliseerd, want 'n mens sê nie altyd *“-dam”* saam met die naam nie (byvoorbeeld *“Die Gariep is in 1971 in gebruik geneem”*), maar dit nou eers daar gelaat.

Die element wat in hierdie geval weggelaat word, is *-dam*, nie *-damme-* nie; daarom lyk die reeks in Afrikaans so: *die Vaal-*, *Gariep-* en *Steenbrasdam*.

Hier sien 'n mens dikwels die idiomatiese fout in Afrikaans, naamlik dat agter die Engels aan die slotelement in die meervoud staan wanneer dit eintlik in die enkelvoud moet wees: **die Vaal-*, *Gariep-* en *Steenbrasdamme* of gereeld by straatname: *op die hoek van *Kerk- en*

Pleinstrate, want uitgeskryf is dit tog nie **die Vaaldamme, Gariepdamme en Steenbrasdamme* of op die hoek van **Kerkstrate en Pleinstrate* nie ('n mens sou natuurlik wel kon sê: “Daar is talle Kerk- en Voortrekkerstrate in Suid-Afrika.”). In die ander voorbeeld is dit egter wel *polivinielchloriedpype (PVC-pype)* en *betonpype*. 'n Mens moet dus bepaal of 'n lid van so 'n reeksie op sy eie enkelvoud of meervoud is.

As 'n mens egter dink waarvoor die weglaatteken staan of wat hy verteenwoordig, word dié fout maklik vermy.

Dit is belangrik om te onthou dat die weglaatteken slegs gebruik word in die geval van samestellings wat vas geskryf moet word en nie as die betrokke kombinasies in elk geval los geskryf word nie. Daarom is dit slegs *rooi, geel en groen appels* en nie **rooi -, geel - en groen appels* nie. As die reeks vas en los geskrewe elemente bevat, lyk dit byvoorbeeld so: *staats- en private skole* maar *private en staatskole*. Kyk AWS, reël 12.37, veral opmerking (a).

Hierdie weglaatteken word soms verkeerdelik 'n afstandskoppelteken genoem.

2) Die tweede spesiale koppelteken is juis die **afstandskoppelteken**.

Ons weet dat samestellings in Afrikaans vas geskryf word, en vir die doel van hierdie bespreking beperk ek my tot tweeledige samestellings. In verreweg die meeste samestellings (twee- of meerledig) sê die laaste lid wat die woord eintlik benoem: 'n *waterglass* is wesenlik 'n glas en 'n *kleurfoto* is wesenlik 'n foto. Dié laaste lid wat die hoofbetekenis dra, word die kern genoem, terwyl die voorafgaande deel die bepaler is wat die kern presiseer.

Soos reeds gesê, geld dit samestellings waarin al die lede vas geskryf word. Soms is dit egter nodig om die kern verder te presiseer deur 'n byvoeglike naamwoord wat nie een van die vas geskrewe lede van die samestelling is nie. Die AWS gee in reël 12.24 'n klompie voorbeelde, soos die volgende:

<i>adjunkdirekteur</i>	maar	<i>adjunk- besturende direkteur</i>
<i>hoofbeampte</i>	maar	<i>hoof- uitvoerende beampte</i>
<i>toppresteerder</i>	maar	<i>top- akademiese presteerder</i>
<i>hoëvlakpersoneel</i>	maar	<i>hoëvlak- tegniese personeel</i>
<i>langtermynbeplanning</i>	maar	<i>langtermyn- tegniese personeel</i>

'n Mens kan op twee maniere na hierdie soort samestelling kyk (hulle word afstandsamestellings genoem), naamlik óf dat die afstandskoppelteken die eerste lid oor 'n afstand as 't ware bo-oor die middelste invoeging aan die laaste lid koppel (want hulle sou sonder die tussenvoeging in elk geval vas geskryf moes word), óf dat die invoegsel plus die laaste lid 'n soort meerledige kern vorm en die afstandskoppelteken die twee los geskrewe woorde gesamentlik aan die eerste lid koppel: sê maar

adjunk + (besturende direkteur) = adjunk- besturende direkteur

Twee sake moet hier genoem word:

- (i) In die drie AWS'e wat die huidige (2017-) uitgawe voorafgegaan het, was hierdie afstandskoppelteken opsioneel, behalwe as die eerste lid 'n verbindingsklank geneem het, bv. *stads- finansiële hoof*. Die 2017-AWS maak die afstandskoppelteken, m.i. tereg, weer verpligtend, soos die reël oorspronklik vereis het.
- (ii) Dit is belangrik om te onthou dat daar 'n spasie ná 'n afstandskoppelteken moet volg, want daarsonder sal die betekenis van die geheel verwarrend wees. Iets soos

**adjunkbesturende direkteur* of **hoëvlaktegniese personeel* sal verwarrend of onverstaanbaar wees. Dié noodsaaklike spasie ná die afstandskoppelteken kan egter in druk- of skryfwerk maklik wegval, en dit is miskien die rede waarom sommige uitgewers van dagblaaie en tydskrifte afstandsamestellings vermy deur die ingevoegde bepaling voorop te plaas. Ek twyfel egter of iets soos *uitvoerende hoofbeampte*, *besturende adjunkdirekteur* of *tegniese langtermynpersoneel* altyd die betekeniswaarde van die afstandsamestellings presies weergee.

Dit lyk miskien ingewikkeld, maar as 'n mens die name van die twee strepies reg verstaan en onthou, is dit eintlik heel eenvoudig. Hopelik het die verduideliking hier bo 'n bietjie gehelp.

JD (TOM) MCLACHLAN

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademieskantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur 'n **elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000 en 10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies of grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommener word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalings en verwysings

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrekk in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:** Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).